

**TAALPOLITIEK EN "ALTERNATIEWE AFRIKAANS"**

deur

**HENNING JONATHAN PIETERSE**

voorgelê luidens die vereistes  
vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**AFRIKAANS**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF P H SWANEPOEL**

**NOVEMBER 1994**

*Vir my ouers, en ter nagedagtenis aan my vrou, Marlene.*

## SAMEVATTING

Die term "Alternatiewe Afrikaans" is die afgelope dekade telkens gebruik in taalpolitiese publikasies, maar tot dusver is daar relatief min gedoen om dié begrip te analyseer, om die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" histories te kontekstualiseer, en om dié "beweging" se taalpolitiese uitgangspunte en publikasies krities te evalueer as ideologiese teenpool vir Standaardafrikaans of "Establishment Afrikaans".

Hierdie proefskrif poog om, na aanleiding van 'n analise van die politieke faktore rondom die opkoms en "kanonisering" van Standaardafrikaans, die totstandkoming van (wit) Afrikanerhegemonie en die daarmee gepaardgaande breuk in die Afrikaanse taalgemeenskap, die ontstaan van die term "Alternatiewe Afrikaans" en die taalpolitiese "agenda" van die "Alternatiewe beweging" te ondersoek.

In die eerste hoofstuk word die taalsosiologie en taalpolitiek as studieterreine ontleed en terme soos "politiek", "mag" en "ideologie" en die verskeie wyses waarop hulle met taal in verband gebring kan word, word ondersoek. Die "Kritiese Linguistiek" word onder die loep geneem en die hegemoniemodel van Gramsci word bespreek as deelteoretiese raamwerk vir hierdie studie.

In die tweede hoofstuk word die taalpolitiek van Standaardafrikaans bespreek aan die hand van die volgende temas: Afrikanernasionalisme en Afrikaans, die politisering en mitologisering van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, en die Afrikaanse taalbewegings. Telkens word "alternatiewe", ontmitologiserende beskouings teenoor "standaardbeskouings" van dié temas gestel.

Die ontsluiting van 'n alternatiewe hegemonie, verbind met die "Alternatiewe beweging" en "People's Education", word in hoofstuk 3 bespreek en die term "Alternatiewe Afrikaans" word ontleed. Daar word besin oor die "Alternatiewe beweging" as "taalbeweging".

In die vierde hoofstuk word die ideologie van "bevryding" in 'n aantal tekste wat met "Alternatiewe Afrikaans" geassosieer word, geanaliseer aan die hand van verskeie tegnieke uit die kritiese diskoversanalise. Manipulatiewe en propagandistiese diskursiewe praktyke word uitgelig.

Die "depolitisering" en "demokratisering" van Afrikaans word in die slothoofstuk bespreek. Daar word aangetoon dat "Alternatiewe Afrikaans" deur 'n duidelike polities-mobiliserende agenda onderlê word, dat die variëteit 'n verpolitiseerde "ideologiese metalek" van Afrikaans is en uiteindelik 'n etiket is vir " 'n ideologie van bevryding" ten opsigte van die heersende hegemoniese strukture.

## SUMMARY

During the past decade the term "Alternative Afrikaans" has frequently been used in publications on language politics. Until recently little has been done concerning the analysis of this term and the contextualisation of the "Alternative Afrikaans movement". The politico-linguistic premises and publications of the "Alternative movement", as an ideological opposition to Standard Afrikaans or "Establishment Afrikaans", have not yet been sufficiently and critically evaluated.

The aim of this thesis is to investigate the origin of the term "Alternative Afrikaans" and the politico-linguistic "agenda" of the "Alternative movement", with analogical reference to the political factors surrounding the rise and "canonisation" of Standard Afrikaans, the establishment of (white) Afrikaner hegemony and the concomitant division within the Afrikaans language community.

In the first chapter the sociology of language and language politics are discussed, and terms such as "politics", "power" and "ideology" and the various ways in which they may be connected with language, are examined. The field of "Critical Linguistics" and Gramsci's hegemonic model are discussed as partial theoretical frameworks for this study.

In the second chapter the language politics of Standard Afrikaans is discussed on the basis of the following themes: Afrikaner Nationalism and Afrikaans, the politicisation and mythologising of the ontogenesis of Afrikaans, and the Afrikaans language movements. "Alternative", demythologising views, contrary to the "standard" views on these themes, are discussed.

The development of an alternative hegemony, linked with the "Alternative movement" and "People's Education", is considered in chapter three and the term "Alternative Afrikaans" is analysed. The "Alternative movement" is analysed as "language movement".

In chapter four the ideology of "liberation" in a number of texts associated with "Alternative Afrikaans" is analysed on the basis of various techniques used in critical discourse analysis. Manipulative and propagandistic discursive practices are highlighted.

The "depoliticisation" and "democratisation" of Afrikaans are considered in the final chapter. It is argued that "Alternative Afrikaans" is based on a specific agenda of political mobilisation, that this variety is a politicised "ideological metalect" of Afrikaans and ultimately a "label" for an "ideology of liberation" with regard to the prevailing hegemonical structures.

**Key terms:**

Sociology of language; Language and politics, ideology and power; Critical Linguistics; Hegemony; Standard Afrikaans and language politics; Language myths; Politicisation of the Afrikaans language community; "Alternative Afrikaans"; "People's Education"; "Alternative" community press; Critical discourse analysis; "Depoliticisation" and "democratisation" of Afrikaans

## INHOUDSOPGawe

### VOORWOORD

|   |           |
|---|-----------|
| <b>INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN VOORUITSKOUING</b>                | <b>1</b>  |
| <b>HOOFTUK 1: DIE STUDIE VAN TAAL EN POLITIEK, MAG EN IDEOLOGIE</b> | <b>7</b>  |
| 1.1 Inleiding   | 7         |
| 1.2 Sosiolinguistiek en taalsosiologie                              | 10        |
| 1.3 Taalpolitiek  | 16        |
| 1.3.1 Taal en politiek  | 16        |
| 1.3.2 Die politiseerbare aspekte van taal                           | 21        |
| 1.3.3 Invalshoek tot die studie van taal en politiek                | 22        |
| 1.3.4 Taal en mag   | 24        |
| 1.3.5 Taal en ideologie   | 29        |
| 1.4 "Kritiese Linguistiek"  | 32        |
| 1.5 "It takes guts to formulate a GUT"                              | 41        |
| 1.6 Die keuse van 'n model  | 43        |
| 1.6.1 Modelle in taalpoliticke navorsing                            | 43        |
| 1.6.2 "Hegemonie"   | 44        |
| 1.7 Samevatting   | 51        |
| <b>HOOFTUK 2: TAALPOLITIEK EN STANDAARDAFRIKAANS</b>                | <b>52</b> |
| 2.1 Inleiding   | 52        |
| 2.2 Afrikaans en Afrikanernasionalisme binne 'n hegemoniemodel      | 56        |
| 2.3 Afrikanernasionalisme en Afrikaans                              | 62        |
| 2.3.1 Inleidend   | 62        |
| 2.3.2 Fases in die geskiedenis van Afrikanernasionalisme            | 63        |
| 2.4 Die eksterne geskiedenis van Afrikaans                          | 67        |
| 2.4.1 Mitevorming en standaardwerke oor Afrikaans                   | 67        |
| 2.4.2 Kritiek op die ontogenetiese mite                             | 71        |
| 2.4.3 "Alternatiewe" beskouings oor die ontstaan van Afrikaans      | 73        |
| 2.5 Die Afrikaanse taalbewegings                                    | 75        |
| 2.5.1 Tradisionele beskouings                                       | 75        |
| 2.5.2 "Alternatiewe" siening van die taalbewegings                  | 77        |
| 2.5.3 Kritiek op Du Plessis (1986)                                  | 80        |
| 2.6 Die politisering van die Afrikaanse taalgemeenskap              | 81        |
| 2.6.1 'n Historiese blik op die Afrikaanse taalgemeenskap           | 81        |
| 2.6.2 Die 1976-opstande   | 86        |
| 2.7 Samevatting   | 87        |
| <b>HOOFTUK 3: TAALPOLITIEK EN "ALTERNATIEWE AFRIKAANS"</b>          | <b>90</b> |
| 3.1 Inleiding   | 90        |
| 3.2 Kleurlingpolitiek tot 1976: 'n hegemoniese beskouing            | 91        |
| 3.3 Ideologiese groeperings om Afrikaans ná 1976                    | 96        |
| 3.3.1 Houdings jeens Afrikaans ná 1976                              | 96        |
| 3.3.2 Drie ideologiese groeperings om Afrikaans                     | 97        |
| 3.4 "People's Education" of "alternatiewe onderwys"                 | 100       |

|   |     |
|---|-----|
| 3.5 "Alternatiewe Afrikaans"  | 104 |
| 3.5.1 Die ontstaan van "Alternatiewe Afrikaans"                     | 104 |
| 3.5.2 Publikasies rondom "Alternatiewe Afrikaans"                   | 107 |
| 3.5.3 'n Tipologie van "Alternatiewe Afrikaans"                     | 112 |
| 3.5.4 Kritiek teen die term "Alternatiewe Afrikaans"                | 114 |
| 3.5.5 Die taalpolitiek van "Alternatiewe Afrikaans"                 | 116 |
| 3.5.6 'n "Alternatiewe Afrikaanse" <b>taalbeweging?</b>             | 118 |
| 3.6 "Alternatiewe Afrikaans" binne die konteks van 'n teenhegemonie | 122 |
| 3.7 Samevatting   | 125 |

**HOOFTUK 4: 'N IDEOLOGIES-KRITIESE ANALISE VAN ENKELE  
"ALTERNATIEWE AFRIKAANSE" TEKSTE** 126

|  |     |
|--|-----|
| 4.1 Inleiding  | 126 |
| 4.2 <i>Spore en Ruimland</i>   | 127 |
| 4.2.1 Inleidend  | 127 |
| 4.2.2 Motiverings vir die skryf van "alternatiewe" handboeke                           | 128 |
| 4.2.3 <i>Spore</i>   | 132 |
| 4.2.4 <i>Ruimland</i>  | 134 |
| 4.3 <i>Tree na vryheid</i>   | 138 |
| 4.3.1 Doestellings en samestelling van die bundel                                      | 138 |
| 4.3.2 Kritiek op die bundel  | 140 |
| 4.4 Die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers                                      | 144 |
| 4.4.1 Histories-politiese konteks van die gemeenskapspers                              | 144 |
| 4.4.2 Die korpus   | 150 |
| 4.4.2.1 <i>Alternatief</i>   | 150 |
| 4.4.2.2 <i>Ons leer mekaar</i>   | 155 |
| 4.4.2.3 <i>Namaquanuus</i>   | 156 |
| 4.4.3 Kritiese diskoversanalise  | 157 |
| 4.4.4 'n Ideologies-kritiese analise van die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers | 162 |
| 4.4.4.1 Opskrifte en algemene nuusdekking  | 162 |
| 4.4.4.2 Strategiese diskoversvorming   | 174 |
| 4.4.4.3 Ideologeme   | 175 |
| 4.4.4.4 Aanspreekvorme   | 178 |
| 4.4.4.5 Slotbeskouing  | 180 |
| 4.5 Samevatting  | 183 |

**HOOFTUK 5: SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN SLOTBESKOUINGS** 185

|  |     |
|--|-----|
| 5.1 Inleiding: Voorlopige samevatting  | 185 |
| 5.2 Die taalpolitiek van Standaardafrikaans vs die taalpolitiek van "Alternatiewe Afrikaans" | 186 |
| 5.3 Mites  | 190 |
| 5.4 Taalbewegings  | 191 |
| 5.5 "People's Education" en die "gemeenskapspers"  | 192 |
| 5.6 Die hegemoniemodel   | 193 |
| 5.7 Die kritiese linguistiek   | 194 |
| 5.8 Die depolitisering en demokratisering van Afrikaans?                                     | 196 |
| 5.9 Slot   | 202 |

**BIBLIOGRAFIE** 204

## **VOORWOORD**

**Ek wil graag my dank betuig aan my promotor en vriend, Piet Swanepoel, vir sy geduld, voortdurende motivering en opbouende kritiek tydens die skryf van hierdie proefskrif. Sy deeglike kommentaar was altyd waardevol.**

*Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.*

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN VOORUITSKOUING

1. Die afgelope dekade het die begrippe "Alternatiewe Afrikaans", "Bevryde Afrikaans" en "Demokratiese Afrikaans" deel geword van die gesprek oor die toekoms van Afrikaans en telkens opgedui in referate, publikasies en politieke toesprake (vgl. o.m. February 1986, Van den Heever 1987a, 1987b, 1988a en 1988b, Du Plessis 1987b, 1987c, 1988a, 1988d, en 1992, Louw 1988b, Gerwel 1988, Brink 1988 en Van Rensburg 1989a en 1992).

Tot dusver is daar egter relatief min gedoen om die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" histories te kontekstualiseer en om sy "agendas", taalpolitieke uitgangspunte en publikasies krities te evalueer en te relativeer ten opsigte van en as ideologiese "teenpool" vir Standaardafrikaans of "Establishment Afrikaans".

Die begrip "Alternatiewe Afrikaans" is en word ook verwarrend gebruik deur verskeie navorsers en daar bestaan nog nie duidelike afbakenings, definisies en taalsosiologiese tiperings van die "Alternatiewe beweging" nie. Links en Combrink (1988) kom byvoorbeeld tydens 'n gesprek oor die onderwerp nie by 'n omskrywing van die begrip uit nie en Links (in Links en Combrink 1988) gebruik die term "Alternatiewe Afrikaans" sinonimies met "Kaapse Afrikaans". Van den Heever (1987a) skryf weer baie rondom die begrip, maar gee nie 'n genoegsame definisie daarvan nie en Sonn (1990: 12) noem "Alternatiewe Afrikaans" bloot 'n "ander manier van kyk na Afrikaans". Alexander (1989: 38) skryf: "Afrikaans became stigmatised as the 'language of the oppressor', a label that is only now beginning to be shed with the rise of 'alternative Afrikaans'" en vra: "Does the emergence of 'alternative Afrikaans' in the Western Cape alter the linking potential of [Afrikaans]?" (1989: 62), maar hy omskryf ook nie die

begrip nie.

Van Aardt (1989) noem weer net enkele taalpolitiese kenmerke van "Alternatiewe Afrikaans" en Van Rensburg (1992: 186) beskryf "Alternatiewe Afrikaans" redelik vaag as " 'n Afrikaans wat in meer opsigte aan die behoeftes van die Afrikaanssprekendes van Suid-Afrika kan beantwoord as wat Standaardafrikaans dit doen." Die begrippe rondom die "Alternatiewe beweging" en die "beweging" self is dus nog nie duidelik gekontekstualiseer en geanalyseer nie.

Gerwel (1988: 8) problematiseer reeds die begrip "alternatief" wanneer hy vra: "Wat is 'n alternatiewe Afrikaans? Gaan dit oor 'n alternatiewe aanbieding van, of 'n alternatiewe metodologie in die aanbieding van Afrikaans? Of gaan dit oor die aanbieding van 'n alternatiewe Afrikaans - 'n Afrikaans wat inhoudelik alternatief is? ... Watter alternatief is dit wat u in gedagte het? Die basisvraag is eintlik: 'n alternatief waarvoor? Met ander woorde, wat is die definisie van die probleemsituasie waarvoor u 'n antwoord soek?"

Daar word gepoog om in hierdie studie by antwoorde op die bestaande vrae uit te kom.

Daar is voorts nog nie intensief na die vraag gekyk in welke mate die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" as "taalbeweging" getipeer kan word nie - aan dié aspek word ook aandag geskenk.

Hierdie studie wil dan poog om deur 'n analise van die politieke faktore rondom die opkoms van Standaardafrikaans, die totstandkoming van (wit) Afrikanerhegemonie en die daarmee gepaardgaande breuk in die Afrikaanse taalgemeenskap, die sosiaal-politiese konteks of "makroteks" van die opkoms van die konsep "Alternatiewe Afrikaans" en die "program" (eksplisiet en implisiet, talig en nietalig) van dié "beweging" te ondersoek binne die raamwerk of model van Gramsci se "hegemoniekonsep" (vgl. Williams 1960,

Sassoon 1980: 113 e.v. en Simon 1991: 30 e.v.).

Die hegemoniemodel word in hierdie studie in verband gebring met Afrikanernasionalistiese strewes na politieke dominansie en kulturele mag in siviele en politieke kontekste, waarby die kwessie van Standaardafrikaans betrek word, en met die opkoms van "Alternatiewe Afrikaans", waarby die vorming van 'n teenhegemonie sigbaar word.

Op grond van 'n basiese vooronderstelde analogie met magspolitieke faktore in die opkoms van Standaardafrikaans, word daar aangetoon hoe die polemiek rondom "Alternatiewe Afrikaans" deel is van 'n stryd om die skepping van 'n nuwe, alternatiewe hegemonie, een wat die heersende hegemonie van veral die tagtigerjare direk teenstaan en 'n reaksie daarop vorm as voorfase van 'n nuwe politieke en kulturele bedeling.

Daar word deduktief gewerk in hierdie studie: die basiese hipotese is dat taal altyd verpolitiseer is en word, dat taal altyd deel was en is van kulturele en sosio-politieke magstryde, dat politici en ander meningsvormers oënskynlik taalkwessies voorop stel, maar dat dié vooropstelling gewoonlik deur verskuilde agendas oor mag en beheer onderlê word. Voorts, dat die kwessie van Standaardafrikaans en, deels analogies daaraan, "Alternatiewe Afrikaans", geen uitsondering op die veronderstelling is nie, of altans behoort te wees nie. Alhoewel daar vanuit 'n taalkundige perspektief gewerk word in hierdie proefskrif, word daar ook by 'n aantal geesteswetenskaplike dissiplines "geleen" ter wille van kontekstuele verklarings - hierdie aspek word in hoofstuk 1 behandel.

Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans" word as determinante van sosiale gedrag ontleed (vgl. Van der Plank 1985). Die sosiale belangrikheid van taal vir groepe mense word ondersoek en die klem val op taalverwante sosiale gedrag, met ander woorde op die sosiale konteks, wat op verskeie wyses 'n invloed het op sosiaalverwante taalgedrag.

'n Aantal tekste wat verbind kan word met die "Alternatiewe beweging", veral die "Alternatiewe Afrikaanse gemeenskapspers" wat daarop roem dat hulle die draers van 'n "bevryde" Afrikaans is, word ideologies-krities ondersoek aan die hand van 'n aantal tegnieke uit die kritiese diskousanalise. 'n Aantal vrae word gestel oor die bewoording van die "vryheidsboodskap" wat in dié tekste verkondig word.

Dit sal blyk uit die studie dat die "Alternatiewe beweging" sy "hoogbloei" gehad het in die middel- en laat-tigtigerjare, en daarom word die tydperk wat ondersoek word, min of meer afgebaken tot ongeveer 1990, die jaar waarin organisasies soos die ANC, SAKP en PAC ontban is. Enkele tekste wat met die "beweging" verband hou en ná 1990 verskyn het, word wel in berekening gebring.

2. In die eerste hoofstuk word die studie binne die velde van die taalsosiologie en "Kritiese Linguistiek" gesitueer. Terme soos "mag", "ideologie", "politiek" en die verskeie wyses waarop hulle met taal in verband gebring word, word ondersoek. Die rol van die "kritiese linguistiek" in die bestudering van taalpolitiese kwessies word veral ondersoek.

Na die uiteensetting van 'n aantal aannames oor die metodologie, teorie en strukturering van navorsing binne die genoemde velde, word die moontlikheid van die gebruik van 'n model uit die politieke wetenskap om taalkwessies binne

sosio-politieke kontekste te probeer ophelder, bespreek. Gramsci se "hegemoniemodel" (vgl. Sassoon 1980 en Simon 1991 hierbo) word bespreek en daar word besin oor die gebruikswaarde daarvan vir hierdie studie.

In die tweede hoofstuk word die taalpolitiek van Standaardafrikaans onder die loep geneem binne die hegemoniese raamwerk. Daar word aandag gegee aan aspekte soos Afrikanernasionalisme en Afrikaans, die politisering van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, politiek rondom die Afrikaanse taalbewegings en die standaardisering van Afrikaans. Telkens word "alternatiewe" sienings teenoor die "standaardbeskouings" van die genoemde aspekte vermeld. Die Afrikaanse taalgemeenskap word geanaliseer en redes vir die skeuring in dié gemeenskap, veral ná 1948, word bespreek.

"Alternatiewe Afrikaans" word in die derde hoofstuk in dringend ondersoek. Na 'n hegemoniese indeling van "kleurlingpolitiek" en 'n beskouing van houdings onder "bruin" Afrikaanssprekendes jeens Afrikaans in die jare sewentig, word 'n aantal ideologiese groeperings rondom Afrikaans in dié tyd ondersoek. Die ontsluiting en opkoms van 'n alternatiewe hegemonie, verbind met die konsepte "Alternatiewe Afrikaans" en "People's Education" as teenpool tot die destydse hegemoniese bedeling, word ontleed.

In die vierde hoofstuk word 'n aantal tekste wat vanuit die dampkring van "Alternatiewe Afrikaans" ontstaan en dit stel dat hulle in 'n "bevryde" Afrikaans geskryf word, krities geanaliseer aan die hand van 'n aantal tegnieke uit die kritiese diskoersanalise. Daar word besin oor die rol van die "alternatiewe gemeenskapspers", waarbinne die opkoms van 'n teenhegemonie duidelik gesien kan word (vgl. Simon 1991: 27).

In die slothoofstuk word die taalpolitiek van Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans" en die miteskeppende aksies van beide "groeperings" met mekaar vergelyk. Die waarde van die gebruik van die hegemoniemodel, die kritiese linguistiek en kritiese diskoversanalise vir hierdie studie word onder die loep geneem en ten slotte word 'n aantal voorstelle oor die "demokratisering" en "depolitisering" van Afrikaans krities ondersoek.

## HOOFTUK 1

### DIE STUDIE VAN TAAL EN POLITIEK, MAG EN IDEOLOGIE

#### 1.1 Inleiding

Indien daar aanvaar word dat taalkwessies, -bewegings en -stryde altyd deel uitmaak van 'n breër sosiopolitieke bestel, dan kan 'n ontleding van die begrip "Alternatiewe Afrikaans" en die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" slegs geskied binne 'n omvattende en interdissiplinêre analitiese raamwerk wat vir al die relevante talige en sosiopolitieke veranderlikes en hul interaksie voorsiening maak.

Die subtitel van Michel Pêcheux se *Language, semantics and ideology* (1982) is "Stating the obvious". In 'n sekere sin is die doel van hierdie hoofstuk ook om die oënskynlik voor die hand liggende te probeer analyseer en om verbande tussen konsepte soos "taal", "mag", "politiek" en "ideologie" wat selfverklarend voorkom, te problematiseer, ontleed en saam te vat.

Daar bestaan talle studies oor die bogenoemde verhoudingsvelde en die doel van hierdie hoofstuk, en die res van die proefskrif, is nie om te poog om 'n volledige oorsig en waardering van al die bestaande studies te gee nie. Daar word wel op 'n paar ontwikkelings binne die taalsosiologie en "kritiese linguistiek" gewys wat nuwe, interdissiplinêre invalshoeke op ou probleme bied en wat 'n analitiese raamwerk vir die ondersoek na die betrokke konsepte help skep.

Die hoofstuk sien soos volg daaruit: Die studie word gekontekstualiseer binne

die velde van die taalsosiologie, taalpolitiek en kritiese linguistiek. Binne die onderskeie afdelings word aandag gegee aan 'n paar sienings oor en benaderingswyses tot die versoenbaarheid van elemente uit verskeie dissiplines - die linguistiek in verhouding tot politiek, staatsfilosofie, ensovoorts - en daar word ten slotte besin oor die kwessie van moontlike teorievorming en modelkeuse vir so 'n studie.

In die keuse van 'n analitiese raamwerk word daar direk aangesluit by sogenaamde "sosiaal-betrokke" linguistiese raamwerke.

Sedert die vroeë sewentigerjare is daar 'n duidelike stroming binne die linguistiek, spesifiek in besinnings oor die sosiolinguistiek en pragmatiek, te sien, 'n stroming wat enersyds 'n wegbeweeg van die rigied formalistiese uitgangspunte van De Saussure en Chomsky is en andersyds 'n wegbeweeg van die "tradisionele" sosiolinguistiek, soos beoefen deur veral Labov (vgl. Labov 1972).

Werke soos Fowler, Hodge, Kress en Trew se *Language and control* (1979), Kress en Hodge se *Language as ideology* (1979), O'Barr en O'Barr se *Language and politics* (1976) en Mey se *Pragmalinguistics* (1979), om maar enkele van die belangrikstes te noem, is voorbeeld van die rigting waarbinne, ten opsigte van sowel teorie as praktyk, meer klem gelê word op die verhouding tussen taal en sy sosio-politieke konteks, en op die verbande tussen taal en velde soos die politiek, sosiologie, sosialiseringsprosesse, mag en ideologie.

Kress en Hodge (1979: 2) verwoord byvoorbeeld van die kritiek op Chomsky en die doel van hulle eie navorsing soos volg:

"The 'Chomskyan Revolution' ran right through linguistics and affected the work done by every linguist. However, the very power and influence of

Chomsky's ideas and the precision of the theory had some unfortunate effects. Linguists came to assume that theoretical linguistics meant syntactic theory, and, for many, syntactic theory meant purely transformational theory. Inevitably this led to a drastic narrowing of the scope of linguistics. Recently there has been a widespread and diverse reaction against such narrowness. Over the last seven or eight years an increasing number of linguists have begun to take an interest in the study of extended discourse and the language of social interaction. Sociolinguists look closely at the relations between language and social class. There is an increased concern to study actual language used in actual contexts: speech, conversations and various kinds of written discourse."\*

Alhoewel dié stelling meer gemik is op opkomende studierigtigs soos die diskokersanalise en Kress en Hodge se sogenaamde "kritiese linguistiek", is daar duidelike aanwysers vir meer sosiaal-betrokke taalkunde-navorsing in die algemeen.

Eagleton lewer byvoorbeeld ook sterk kritiek op die "tradisionele" formalistiese en suiwer strukturalistiese benaderings tot onder meer die morfologie, sintaksis, semantiek en fonologie wanneer hy skryf:

"... language cannot be for Saussure, as it can be for Volosinov and Baxtin, a terrain of ideological struggle. Such a recognition would involve, precisely, the displacement and rearticulation of formal linguistic difference at the level of other theoretical practices. If the dictionary informs us that the opposite of capitalism is totalitarianism, we will need more than the *Course in General Linguistics* to illuminate that particular formulation" (1980: 165).

Verskeie ander navorsers kritiseer ook die "hoofstroom-linguistiek" weens sy "sosiale onbetrokkenheid", byvoorbeeld Mey (1985) en Fairclough (1989). Die kritiese linguistiek kom verder in dié hoofstuk aan die bod, maar voorlopig word daar eers stilgestaan by die taalsosiologie en die verhouding tussen dié veld en die sosiolinguistiek.

\*Chomsky (1987 en 1988) begeef hom wel later idiosinkrasies op die terrein van die taalpolitieke wetenskap, maar vergelyk Lele en Singh (1991) se kritiek op sy uitgangspunte en werkswyse.

## 1.2 Sosiolinguistiek en taalsosiologie

Hierdie studie van "Alternatiewe Afrikaans" geskied binne die breë raamwerk van die taalpolitiek, wat op sigself nie 'n suiwer taalkundige studieveld is nie, maar op verskeie geesteswetenskaplike terreine steun. Taalpolitiek word deur die meeste navorsers implisiet of eksplisiet verbind met die taalsosiologie, wat as 'n subdissipline van die sosiolinguistiek afgebaken word (vgl. Du Plessis en Du Plessis 1987, Van Zyl 1990 en Du Plessis 1991). Voordat die taalpolitiek dus van nader bekyk kan word, moet die taalsosiologie eers onder die loep geneem word.


Fishman (1972a: 5-7) se stellings oor die taalsosiologie is so vaag dat 'n duidelike onderskeid tussen die sosiolinguistiek en die taalsosiologie nie op grond daarvan getref kan word nie.\*

Verskeie outeurs het al wel duidelike afbakenings gegee van die subdissiplines waarin die breër veld van die sosiolinguistiek uiteenvall en waarin óf 'n meer linguistiese óf 'n meer sosiologiese benadering domineer.

Volgens Trudgill (vgl. 1983: 2 e.v.) kan die sosiolinguistiek soos volg ingedeel word (vgl. Van Zyl: 1990: 4):

\*Vergelyk egter Van Zyl (1990) en Du Plessis (1991) vir verhelderende oorsigte van die problematiek aangaande terreinafbakening van die twee velde.


### Sosiolinguistiek



+ linguistiek

+ sosiologie


Fishman (1980) deel die onderskeidende studies binne die sosiolinguistiek weer soos volg in:



+ linguisties

+ sosiologies

Derdens kan Heller (1984: 46 e.v.) se kategorieë vermeld word:



(Gebaseer op Van Zyl 1990: 4-7.)

Hans du Plessis (1987: 84) meen dat dit in die sosiolinguistiek steeds om die bedryf van die linguistiek gaan, terwyl daar in dié taalsosiologie meer klem gelê word op die bedryf van die sosiologie. Dié beklemtoning kan aansluit by Fishman se onderskeid tussen mikro- en makrososiolinguistiek. Vir Fishman (1980) duï die mikrososiolinguistiek op die studie van die linguistiese sisteem soos wat dit beïnvloed word deur sosiale faktore, en die makrososiolinguistiek op die studie van die sosiale verspreiding van taal en sy verhouding tot sosiale prosesse. Die taalsosiologie, indien dit beskou word as die studie van die wyses waarop taal- en sosiale gedrag ooreenkoms (vgl. Van Zyl 1990: 5), kan deel vorm van die makrososiolinguistiek sowel as van die

mikrososiolinguistiek. Indien die taalsosiologie onder die vaandel van die mikrososiolinguistiek aangepak word, sal die klem op die linguistiese syval; indien dit onder die makrososiolinguistiek ressorteer, sal die benadering meer sosiologies van aard wees.

Die volg van 'n oorwegend sosiologiese benadering is vir die meeste taalkundiges egter problematies, omdat min linguiste volledig vertroud is met die metodologie en teorieë van die sosiologie. Voorts sou daar van 'n taalsosioloog verwag kon word dat hy/sy vertroud behoort te wees met aanverwante velde van die sosiologie, soos byvoorbeeld die staatsleer, filosofie, staatsfilosofie, sosiale sielkunde, kommunikasieteorie, geskiedenis/historiografie, ensovoorts. Soos later in die hoofstuk verduidelik word, blyk 'n basiese kennis van die genoemde velde onvermydelik te wees wanneer modelle gebruik word vir analyses en interpretasies.\*

\*Verdere probleme hier is ook die oordrag van terminologie uit een veld na 'n ander - vgl. byvoorbeeld Roodt (1981) se kritiek op Steyn (1980) en Palmer (1991: 397) se kritiek op Kress (1988).

In 1976 skryf Fishman egter die volgende oor die taalsosiologie as studiereen en oor die verhouding tussen dié veld en die sosiolinguistiek:

"[The sociology of language] does not seek to capture or replace sociology as a whole or any of its specializations. Nor does it merely seek to relate communicative content or whole-code designations to social categories or social structures. Certainly it seeks whatever level of linguistic sophistication may be necessary in focusing upon micro-level or macro-level social processes and social problems. Rather than emphasize the ethnography of communication as an end in and of itself the sociology of language would hope to utilize the ethnography of communication, as it would utilize sociolinguistics and social science more generally, in order to more fully explain variation in societally patterned behaviors pertaining to language maintenance and language shift, language nationalism and language planning, etc. However, not only are supportive and adversary behaviors towards particular languages or language varieties close to the heart of the sociology of language but so are group self-identification behaviors, group formation and dissolution processes, network permeability differentials, referential membership behaviors, language attitudes and beliefs, etc. All in all then, the *sociology of language* is concerned with language varieties as targets, as obstacles and as facilitators, and with the users and uses of language varieties as aspects of *more encompassing social patterns or processes*.

"The relationship between the sociology of language and sociolinguistics is thus a part-whole relationship, with the whole not only being greater than any of the parts, but also greater than the sum of all the parts taken separately" (1976a: 9).

Fishman beklemtoon die interdissiplinêre aard van die taalsosiologie en noem twee hoofafdelings van die veld, naamlik die "deskriptiewe" sosiologie van taal en die "dinamiese" sosiologie van taal wat hy elk soos volg omskryf:

"[The] descriptive sociology of language ... seeks to answer the question 'who speaks (or writes) what language (or what language variety) to whom and when and to what end?'; "[the] dynamic sociology of language ... seeks to answer the question 'what accounts for different rates of change in the social organization of language use and behavior toward language?" (1976a: 219).

Van der Plank (1985) bring die taalsosiologie duidelik in verband met die studie van sosiale veranderlikes soos *mag* en *ideologie* (onder meer wanneer hy die taalsosiologie beskryf as "een wetenskaplike benadering van taal, die balanceert op het snijvlak van taalkunde en gedragswetenskappe", p. 8). Hy tref ook die volgende onderskeid tussen die sosiolinguistiek en die taalsosiologie:

"De sociolinguistiek is juist geïnteresseerd in de zogenaamde afwijkende vormen en in de wijze waarop zij onder invloed van sociale variabelen zijn ontstaan. Toch nemen die variabelen - kultuur, gedrag, houding, status, ongelijkheid, macht - nog steeds een onderbelichte en ondergeschikte positie in binnen de sociolinguistiek. De *sociolinguisten* richten zich vooral op de taalvariatie as sodanig. Daarbij gebruikten zij menselijk gedrag en sociale statusverschillen weliswaar als verklarende variabelen, maar zonder ze in een gedragswetenschappelijk theoretisch kader uit te werken" (1985: 9).

Van der Plank wil dan vir die taalsosiologie ten minste in die vooruitsig stel dat in dié kader *houding, gedrag, status en mag huis wel uitgewerk en met mekaar in verband gebring moet word* (1985: 9).

Uitgaande van Van der Plank se benadering, noem Du Plessis (1992: 94) dat die taalsosiologie en die sosiolinguistiek in terme van 'n soort glyskaal onderskei kan word: taalsosiologie hou verband met die bestudering van **taalverwante sosiale gedrag**, terwyl sosiolinguistiek weer verband hou met **sosiaalverwante taalgedrag**. Appel en Muysken (1987: 11-21) noem drie tipes aspekte van taalverwante sosiale gedrag: taal en identiteit, taal en etnisiteit en taalhoudings. Dié aspekte is inherent deel van taalverwante sosiale gedrag, maar is egter nie taalgedrag *per se* nie.

Soos in die inleiding gestel, wil hierdie studie poog om, in die terminologie van Van der Plank (1985), Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans" as determinante van sosiale gedrag te ontleed, om die sosiale belangrikheid van taal vir groepe mense te ondersoek. Die klem sal eerstens val op taalverwante sosiale gedrag, met ander woorde op die sosiale makroteks of konteks, wat op verskeie wyses 'n invloed het op sosiaalverwante taalgedrag. 'n Simbiotiese verhouding tussen die twee gedragstipes blyk natuurliker te wees as 'n tipe eenrigting-verkeer van die een na die ander.

Allerlei temas en die relevante veranderlikes binne die taalsosiologie is

vlugtig aangeraak in die voorafgaande gedeelte. Benewens die gemelde aspekte soos mag, status en houding, wat almal verband hou met sosiaalverwante taalgedrag, kan die taalsosiologie ook, en veral, indien politiek as 'n sosiale proses beskou word, taalpolitiese kwessies by hierdie studierein insluit. Dié aspek word in die volgende afdeling van nader bekyk.

### **1.3 Taalpolitiek**

#### **1.3.1 Taal en politiek**

Die studie van taalpolitiek en verhoudings tussen taal en politiek is, soos die taalsosiologie, een van die jonger ontwikkelings van die taalkunde. Een van die standaardvoorstellings wat dekades lank oor taal en taalstudie gehandhaaf is, is dat taal basies 'n nonhistoriese, isoleerbare fenomeen is, dat veldes soos politieke magsverhoudings en ideologieë nie tuishoort binne taalstudie nie (vgl. Simon 1983: 240).

Met die groterwordende klem op sosiaal-betrokke taalstudies en perspektiewe vanuit die "kritiese linguistiek" (sien 1.4) wat as voorvereiste vir linguistiese navorsing die beskrywing van die histories-politiese sosiale konteks van taalgegewens vereis, is daar 'n opbloei in taalpolitiese navorsing, weg van die genoemde "hoofstroom-linguistiek", te bespeur sedert die sewentigerjare.

Wat word bedoel met "taalpolitiek", hoe kan die twee veldes, taal en politiek, versoen word? Simon waarsku:

"Not only is the starting gate from the linguistics to politics road problematic, but the road itself is rather foggy. How do you get from linguistics to politics? Do we construct a deductive logical derivation from linguistic fact to political value? The best we can do is say that linguistic

data inductively supports political conclusions, although the nature of this inductive support shall have to remain a mystery" (1983: 249).

Een moontlike vertrekpunt waarvandaan begin kan word om velde wat, alhoewel verskillend, tog deel vorm van sosiale interaksie, bymekaar uit te bring, is byvoorbeeld Lyman en Scott (1989) se siening dat die samelewing 'n struktuur van verhoudings is wat essensieel linguisties van aard is. Volgens hulle is dit so omdat mense deur die medium van taal begin verstaan hoe hulle verskil of ooreenkoms ten opsigte van hulle rolle en sosiale werklikhede (vgl. o.m. 1989: vii en 31).

Die basiese raakpunt tussen taal en politiek is voorts die beskouing dat beide simboliese sosiale gedrags- en kommunikasiemedia is en dat politiek deur middel van taal geperpetueer word. Taal is nie bloot 'n kanaal waardeur informasie vloei van sender na hoorder nie, dit bevat, kommunikeer en versterk ideologieë en verskillende (politieke) magverhoudinge. Hierdie siening sal uiteraard in gewysigde vorm deur verskillende navorsers gehanteer word, afhangende van hulle beskouings oor taal as instrument van sosiale interaksie, taal as instrument van toegang tot opvoedkundige ontwikkeling en ekonomiese geleenthede, taal as sosio-kulturele instrument of simbool, en/of taal as instrument van politieke manipulasie.

Alle menslike handelinge, soos onder meer taalgebruik en die uitvoer van politieke dade, is voorts sosiale handelinge. Fishman praat van die studie van taal en politiek as "the political sociology of language" (1976b: v) en O'Barr (wat in 1976: 1 die veld "politiko-linguistiek" noem) skryf die volgende:

"Language is the mirror, the vehicle, and the means for expression of many political relations. Seldom is it the basic issue itself, and to assume that it is only diverts attention from the fundamental phenomenon described [here] - the power structure in society" (1984: 260).

Uitgaande van so 'n basiese vooronderstelling, kan 'n mens dan 'n breë omskrywing van taalpolitiek kry, byvoorbeeld dat dit " 'n studie van alle moontlike fasette van die verwantskap tussen taal en politiek" is (Du Plessis en Du Plessis 1987: x).

Die basiese terme, "taal" en "politiek", blyk ook problematies te wees. Kramarae, Schulz en O'Barr (1984b) noem byvoorbeeld dat, aangesien navorsers nie altyd saamstem oor wat taal is of hoe die funksies van taal varieer nie, daar nie bloot aangeneem kan word dat daar 'n eenparige siening oor die term "taal" kan wees nie. Waar 'n teoretiese linguis taal meer as abstrakte grammatikale sisteem bestudeer, sal die sosiolinguis (of taalsosioloog) weer konsentreer op taal in verhouding tot sosiale interaksie. Kramarae et al. noem ook dat sosiolinguistiese studies gewoonlik handel oor taal as hulpbron vir sprekers, nie as 'n probleem vir hulle nie. Linguiste het voorts in die verlede oor die algemeen baie minder aandag aan die geskrewe aspek van taal geskenk en meer op spraak gekonsentreer (1984b: 15-16).

Daar is 'n noue verwantskap tussen die begrippe *politiek* en *mag*. (Sien 1.3.4 oor die verhouding tussen taal en mag.) Die term *politiek* is afgelei van die Griekse woord *polis*, wat op "stad" dui en ook "staat" of "regering" impliseer. "Politiek" impliseer voorts "mag", "oorreding" en "invloed" (vgl. Kramarae et al. 1984b: 10-11). Volgens Crick (1962: 26) is politiek "... the art of governing, i.e. assuring survival, by resorting to persuasion, manipulation, in place of sheer arbitrary and brute force." "Politiek" hoef nie slegs op regeringshandelinge te slaan nie, maar kan ook dui op magsverhoudings op 'n mikrovlak, byvoorbeeld binne 'n huisgesin, of verhoudings tussen onderwyser en leerling, dokter en pasiënt (vgl. Foucault 1972 en 1980).

Hier word nie op taalfilosofiese en terminologiese kwessies en definisies ingegaan nie (vgl. Dallmayr 1984: 1 e.v. in hierdie verband), maar daar word eerder 'n aantal werksdefinisies aangebied. O'Barr gee die volgende definisies van "taal" en "politiek": "We use language to encompass the total verbal communication system, spoken and/or written, and aspects of it"; en: "... in politics, we include both formal governmental institutions and non-institutional power relationships" (1976: 3 en 4).

Crawhall (1993: 2) noem ook die volgende met betrekking tot taal, gedefinieer binne sosiale kontekste:

"Sociolinguists distinguish between language as socio-political category (i.e. languages with names) and actual verbal communication systems. ... What we call a language is actually an arbitrary delineation of certain speech varieties, or sets of speech codes. The term *arbitrary* is used here to imply that it does not matter where this delineation is made, yet it should be understood that this delineation is the product of specific historical circumstances. What is considered to be a language or part of a language is the result of power in our society."

Op verskeie wyses is daar verbande te lê tussen taal en politiek binne sosiale konteks. Daar moet, soos vermeld, gewaak word teen simplistiese verbandlegging. Mey skryf in hierdie verband:

"Language does not mimic society, and the two certainly cannot simply be equated. However, human societal practice is both what's actually happening in society and what's expressed in language. Therefore, the processes by which humans become owners and users of language cannot be separated from the processes by which humans become owners and users of the world surrounding them" (1985: 10).

Dit moet ook hier genoem word dat dit gevaaarlik is om bloot te praat van "taal" en "politiek" asof hulle losstaande entiteite is. Dit is tog die (politieke) sprekers van 'n taal wat verdrukkende of bevrydende uitsprake maak in/deur middel van taal (vgl. Mey 1985 oor byvoorbeeld "emansipatoriese taalgebruik"). Taal is 'n kommunikasiemedium waarmee sekere boodskappe

uitgedra word, "die taal" kan nie as sulks geblameer word vir sekere politieke gevolge nie; die sprekers van die taal en hulle distorsies behoort vir die sosiale gevolge van hulle uitsprake verantwoordelik gehou te word.

'n Belangrike konsep hier is dié van *sosialisering*, wat implisiet in die bostaande aanhaling van Mey (1985) ter sprake gekom het. Hy skryf verder hieroor: "Societalization (socialization), the historical process by which human society comes into being, cannot be divorced from the acquisition of language, the process by which humans linguistically come into their own" (1985: 9). Die laasgenoemde aspek word ook "wording" genoem - vgl. Mey (1985: 174 e.v.). Hieroor skryf Mey:

"... inasmuch human language is social, it comprises everything that has to do with people's relations to each other, be they economic, political, cultural, or whatever. Wording is *economic*, because wording is essential to people's handling of nature. It is *political*, because wording always happens in a politically structured society. And wording is *cultural*, inasmuch as it represents specific, human ways of taking care of people-world and people-people relationships. Human wording simply expresses the whole human world and all that it contains, from lifeless nature to the highest forms of life" (1985: 195).

Alvorens daar oorgegaan word tot moontlike invalshoeke tot die studie van taalpolitiek, moet 'n belangrike onderskeid eers hier getref word, naamlik die verskil tussen die **politiek van taal** en die **taal van die politiek**. Waar **taalpolitiek/die politiek van taal** ten minste gemoeid is met aspekte soos politiek en taalbesluitneming, politiek en taalkeuse en politieke mobilisering en taal (vgl. Du Plessis en Du Plessis 1987: xii), is die studie van die **taal van politiek en politici** meer gemoeid met diskourses-analitiese en pragmatische analyses van die taal wat politici gebruik. Strukture van magsdiskourses word binne dié tipe studies uitgewys. Alhoewel die veld baie raakpunte het met die taalpolitiek, word daar nie in hierdie studie soveel aandag daaraan gegee nie.

Van Zyl som die verskille tussen die twee velde soos volg op:

"Die taal van politiek kan beskou word as die kuns om die gesproke taal te hanteer en te manipuleer [asook studies om die manipulasies te ondersoek - HJP], terwyl die politiek van taal eerder te make het met die manipulasie van die geskrewe taal wat veel meer insluit as net die manipulasie van 'n geskrewe taal" (1990: 17).

In hoofstuk 4 van hierdie studie word 'n aantal tegnieke vanuit die kritiese diskokersanalise wel ingespan om 'n paar semi-politieke tekste te ontleed, maar die klem val in die eerste plek hier op aspekte soos die polities-sosiale mobilisering van taal en die politisering van taal. Navorsers soos Edelman (1971, 1977 en 1988), Januschek (1985), Dieckmann (1981), Kirchmeir (1987), Wodak (1989c), Holly (1989), Moosmüller (1989), Bolivar (1992) en Kinne (s.j.) gee deeglike voorbeelde van analyses van politieke taalgebruik.

### 1.3.2 Die politiseerbare aspekte van taal

Wanneer gepraat word van die "politisering" van taal, word bedoel die verskynsel dat taal deel is of kan word van die magstryd tussen partye en groepe om aan bewind te kom of aan bewind te bly. Daar word dus gedui op die manipulasie van taal in diens van die politiek (vgl. Steyn 1986c: 56).

Steyn onderskei tussen (a) doelbewuste en (b) onbewuste en onbedoelde politisering van taal en hy verduidelik die onderskeid soos volg:

"[Doelbewuste politisering] vind plaas wanneer die taal deur 'n politieke party van die taalgemeenskap self deel word van die politieke magstryd. Hierdie proses kan noodsaaklik of geregtig wees wanneer die party streef na 'n hoër status en dikwels ook die standaardisering van die taal ... of anders die behoud van die status. Politisering is onnoddig of ongeregverdig wanneer die taalsentimente uitgebuit word om steun vir 'n politieke beweging te kry, maar die opheffing van 'n agtergestelde taal nie doel van die beweging is nie. ... Onbedoelde politisering vind plaas wanneer die houding en optrede van 'n taalgemeenskap oor ander aangeleenthede aanleiding daartoe gee dat die vyande van die gemeenskap van die taal 'n teiken van aanvalle maak" (1986c: 54).

Steyn noem die volgende aspekte van taal wat verpolitiseer kan word: taalvariëteite en uitspraak kan gestigmatiseer raak, skryfstelsels kan verpolitiseer word (vgl. die onwenslikverklaring van die Latynse alfabet in minderheidstale in die destydse Sowjet-Unie) en die leksikon en individuele lekseme kan polities gelaaï word om sekere voorkeure implisiet of eksplisiet uit te dra (1986c: 78-80). Vergelyk ook Weinstein (1983: 9-10) oor die bewustelike verandering van algemeen gebruikte woorde wanneer 'n nuwe regering aan bewind kom of 'n nuwe ideologie aan die opkom is.

Steyn maak 'n fyner kategorisering van tipes politisering (1986a: 12): (a) doelbewus, openlik en geregverdig; (b) doelbewus, openlik of bedek en met bybedoeling; (c) onbewus, met verskillende grade van direktheid en (d) onbewus en sonder eie toedoen. Hy noem ook dat taalpolitisering vanuit die aspek van die taal wat deur politisering geraak word, beskou kan word - vgl. die variëteite, uitspraak of skryfstelsel wat hierbo genoem is.

In hoofstukke 2 en 3 word aangetoon hoe 'n "ideologiese variëteit" van 'n taal (vgl. 3.5.3) doelbewus en onbewus versterk kan word binne die konteks van politieke mobilisering.

### 1.3.3 Invalshoeke tot die studie van taal en politiek

Verskeie outeurs het al moontlike invalshoeke tot die studie van taal en politiek nader afgebaken.

O'Barr stel in 1976 die volgende basiese verhoudings (en moontlike navorsingsvelde) tussen taal en politiek voor: (a) situasies waarin regerings inmeng by die kommunikasiesisteem en probeer om die sisteem te beheer; (b)

situasies waarin taalfaktore in regerings- en politieke prosesse inmeng en dit affekteer en (c) situasies waarin taal en politiek in wederkerende interaksie is en op mekaar teer (1976: 5).

Grillo (1989) noem weer ses wyses waarop die verhouding tussen taal en politiek analities gekonstrueer kan word:

- (a) "Taal en politiek". Binne hierdie benadering word taal gekonstitueer as 'n objek van politieke of regeringshandeling. Grillo skryf hieroor: "Language is treated as an attribute of, or a property belonging to, a defined human group which becomes political when, as attribute or property, it becomes the object of policy, and hence of conflict" (1989: 7). Die studie van taal en nasionalisme en taalbeplanning sou onder dié benadering kon ressorteer.
- (b) "Die politieke ekonomiese van taal". Hier word taalpolitiek behandel as 'n funksie van regionalisme wat op sy beurt weer behandel word as 'n funksie van die ekonomiese sisteem van 'n land.
- (c) Binne die "mikropolitiek van taal" word die politieke beskou as iets wat op basiese vlak deel is van interpersoonlike verhoudings en magsverhoudings tussen persone. Grillo plaas die sosiale psigologie van taal, pragmatiek wat gemoeid is met analyses van politiek en mag en konvensionele diskorsanalise binne dié benadering.
- (d) Die "taal van politiek" kan in verband gebring word met O'Barr se tweede kategorie, naamlik 'n fokus op hoe taal politieke prosesse affekteer, taal hier beskou, in die woorde van O'Barr (1976: 7-8), as "a resource in the political process, whether in the hands of individual actors or of governments, ... which is used to control, manipulate and achieve political ends". Die klem is hier op linguis-tiese vorm, die beheer daarvan en op die boodskappe wat tekens vorm.

- (e) Grillo noem sy vyfde kategorie "politieke taal" en deel die bydraes van sosiale antropoloë tot die studie van taalpolitiek spesifiek hierby in. Hy skryf dat hierdie benadering minder in vorm as in inhoud geïnteresseerd is, en meer in die politieke mag om taal op verskillende wyses te enkodeer. Die studie van retoriek en metaforiek kan, volgens Grillo, in hierdie kategorie geplaas word.
- (f) Die sesde kategorie, nou verwant aan die vyfde wat Grillo onderskei, is "taal/diskoers as politiek". Hier word taal beskou as 'n "crucial site of struggle" en verhoudings tussen die individu of subjek en dominante ideologieë word ondersoek (1989: 7-10).

In hierdie studie sal daar merendeels op O'Barr se eerste en derde voorstelle en op Grillo se eerste en laaste kategorieë gekonsentreer word. Daar wil, soos vermeld in die inleiding, gekyk word na die wyses waarop Standaardafrikaans en, later, "Alternatiewe Afrikaans", deur magsgroepe gemanipuleer is en word vir politieke gewin.

#### 1.3.4 Taal en mag

Alhoewel dit problematies is om 'n abstrakte konsep soos mag te wil isoleer en met taal in verband te bring, is dit wel hier nodig om enkele verbandleggings tussen die twee velde in perspektief te stel. O'Barr waarsku in die verband:

"In attempting to understand the relations between language and power, it is important to keep in mind that there is no simple, single way in which the two are connected, nor is the connection limited to particular portions of the spectrum of social organization. Rather, the evidence points to the conclusion that language is both a mirror of society and a major factor influencing, affecting and even transforming social relationships" (1984: 265).

Soos in 1.3.1 vermeld, is daar 'n noue verhouding tussen die konsepte *politiek* en *mag*. Beide mag en politiek word op soortgelyke wyses verkry en uitgeoefen. Daar kan 'n onderskeid getrek word in die sin dat politiek (hoofsaaklik) gebruik kan word ten opsigte van mag wat deur die staat of regering uitgeoefen word, terwyl mag op verdere terreine, soos byvoorbeeld tussen individue, in die huisgesin, in die hof, in dokter-pasiëntverhoudings, ensovoorts uitgeoefen word. (Sien ook die verwysing na Foucault in 1.3.1.)

Die basiese aanknopingspunt is dat taal gebruik word om gesag of mag uit te voer, om te manipuleer en te oorreed. Mag is dan die gevolg van menslike, sosiale (taal)handelinge en interaksies. Mag is ook 'n oorsaak/bron van menslike taalhandelinge.

Op 'n eenvoudige vlak kan die verhouding ook effens anders gestel word: taal en mag; taal is mag. Vergelyk in dié verband Barthes se uitsprake:

"The object in which power is inscribed, for all of human eternity, is language, or to be more precise, its necessary expression: the language we speak and write" en (die taamlik radikale):

"... language - the performance of a language system - is neither reactionary nor progressive; it is quite simply fascist; for fascism does not prevent speech, it compels speech" (1977: 460 en 461). Fairclough (1989) werk ook deels met taal en magsbegrippe op dié basiese vlak.

Die bedoeling in die uitsprake van Barthes is nie werklik dat 'n taal intrinsiek mag besit op grond van sekere veronderstelde eienskappe nie (soos wat daar byvoorbeeld ten opsigte van Sanskrit beskou is); daar word eerder bedoel dat 'n taal op verskeie wyses - histories, sosiaal en funksioneel - mag deur middel van sprekers kan verwerf.

Dié breë stelling kan van toepassing gemaak word op die volgende taalverwante situasies: eenvoudige taalhandelinge waarin sekere gespreksposisies of -statusse bevestig of verander word, byvoorbeeld ten opsigte van voornaamwoorde en aanspreekvorme (vgl. o.m. Brown en Gilman 1960); wyses waarop 'n sosiale werklikheid gekonstrueer word, waarop geklassifiseer, gekategoriseer en gerepresenteer word (vgl. Javanaud 1987: 808-809); keuses van enkodering en dekodering in kommunikasie (hier meer spesifieker gemik op diskopers-analitiese studies, vgl. o.m. Blakar 1979); situasies waarin beperkte en uitgebreide kodes ter sprake kom (vgl. Bernstein 1971); multitalige situasies waarin sprekers van die amptelike taal of die voertaal per definisie 'n posisie van groter mag beklee as diegene wat nie die voertaal kan beheer nie; taalbeplanningsaksies; en die studie van mag in diskopers en mag agter diskopers\* (vgl. Fairclough 1989 en Quasthoff 1989).

\*Sien Virtanen (1990) oor die verskillende beskouings van *teks* en *diskoers* (byvoorbeeld dat *diskoers* bestaan uit *teks plus konteks* en *teks uit diskopers minus konteks*). Vir die doel van hierdie studie word *diskoers* beskou as: taal as sosiale praktyk, gedetermineer deur sosiale strukture. Diskoers word bepaal deur sosiaal-gekonstitueerde ordeninge van diskopers, stelle konvensies geassosieer met sosiale instellings. Ordening van diskopers word ideologies gevorm deur magsverhoudings binne sosiale instellings en in die samelewing as geheel. Diskursiewe strukture het effekte op sosiale strukture, en word ook deur hulle bepaal, en dra so by tot sosiale voortgang en sosiale verandering (vgl. Fairclough 1989: 17).

Kress (1985a: 7) definieer *diskoerse* as "systematically-organized sets of statements which give expression to the meanings and values of an institution. Beyond that they define, describe and delimit what it is possible to say and not possible to say (and by extension - what it is possible to do or not to do) with respect to the area of concern of that institution. ... A discourse provides a set of possible statement about a given area, and organises and gives structure to the manner in which a particular topic, object, process is to be talked about. In that it provides descriptions, rules, permissions and prohibitions of social and individual actions."

Definisies van "mag" is ongeveer so talryk as die studies wat oor die onderwerp bestaan. 'n Basiese, bekende definisie stel dit byvoorbeeld dat mag "die vermoë van sommige mense is om bedoelde en bedagte effekte op andere te bewerkstellig" (vgl. Wrong 1979). Ander verklarings lui: "... power is the ability of people and institutions to control the behavior and material lives of others" (Fowler 1985: 61), en volgens Foucault is

"[p]ower ... not a limitation of freedom, not a possession, not a control that can be stored or a system of domination exercised by an individual or group over another individual or group. Rather, power comes from below as well as above, in a shifting relationship of force and resistance. It is not merely negative or repressive, but also positive and implicit in the constitution of discourse and knowledge" (1972: 12).

Kachru (1986: 123) tref byvoorbeeld 'n onderskeid tussen "linguistiese mag" en regeringsmag:

"The study of linguistic power is not exactly of the same type as the study of the use of power by the state, in the legal system, for religious commands, and so on. Linguistic power has to be understood essentially through *symbols and manipulation of the symbols*. On the other hand, the understanding of linguistic power is concerned with both 'relations of power' and 'relations of meaning'". [My kursivering.]

Mag word, soos politiek, onder meer deur middel van taal uitgeoefen. Hierdie skakel kan soos volg verduidelik word (dit geld ook vir skakels tussen taal en politiek): Magsverhoudings is nie natuurlik en objektief nie. Magshebbers kan voorgee dat dié tipe verhoudings onvermydelik en onveranderlik is, maar hulle is deel van die sosiale konstruksie van die werklikheid. Taal is 'n belangrike meganisme in hierdie proses van sosiale konstruksie. Dit is 'n instrument om mags- en beheerkonsepte en -verhoudings te manipuleer en te beheer. Dit sluit natuurlik aan by die konsep van taal as sosiale praktyk.

Fowler skryf hieroor:

"Not only is [language] used to enforce and exploit existing positions of authority and privilege in the obvious ways (commands, regulations, etc.); the

use of language continuously constitutes the statuses and roles upon which people base their claims to exercise power, and the statuses and roles which seem to require subservience" (1985: 62-63).

Taal word dus (simbolies) gebruik om bestaande sosiale en/of politieke magsverhoudings (of wanverhoudings) uit te druk, te bevestig of te transformeer.

Daar bestaan talte studies wat magsuitoefening in en deur taal, die sielkundige en filosofiese aspekte van mag en magsuitoefening in diskouers vanuit verskeie hoeke benader. Hierdie studie konsentreer nie sodanig op dié aspekte van mag nie; die fokus val meer op die invloed wat sosiaal-politieke magshandelinge het op aspekte soos status en ideologiese basisse van 'n taal, in dié geval Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans". Navorsing wat konsentreer op definisieprobleme, op mikro- en makrostrukture van mag en op filosofiese benaderings tot mag, baie daarvan gebaseer op Michel Foucault se studies oor mag, politiek en ideologieseordes van diskouers (vgl. o.m. Foucault 1972 en 1980), is o.m. dié van Pröpper (1988), Huspek (1988), Therborn (1980), Kramarae, Schulz en O'Barr (1984), Sornig (1989) en Fairclough (1989).

Soos reeds vermeld, moet hier ook in gedagte gehou word dat die "taal" nie bloot sekere attribute kan kry nie; die sprekers voer, weer eens, sekere taalhandelinge uit wat sekere gevolge het. Kachru stel dit soos volg (veral met betrekking tot magsfaktore in taalbeplanning):

"... language does not create power for itself; the agents of linguistic power are its promoters, and its users, who develop a power base for it. This is done by assigning 'powerful' and significant roles for language, by providing an important position to it in language planning, and by creating a context in which the user of the language acquires an attitudinal status" (1986: 135).

In hoofstuk 2 word die konsep van Afrikanermag in verband gebring met die opkoms van Standaardafrikaans, en die kwessie van bemagtiging en "Alternatiewe Afrikaans" kom in hoofstukke 3 en 4 ter sprake.

### **1.3.5. Taal en ideologie**

Soos die geval was met 'n vergelyking en saamkoppeling tussen taal en politiek en taal en mag, bestaan daar ook verskeie "grys areas" met betrekking tot die studie van taal en ideologie.

Ten eerste bestaan daar talle uiteenlopende definisies en interpretasies van die begrip "ideologie". 'n Filosoof soos Ricoeur (1978) vra byvoorbeeld of dit enigsins moontlik is om 'n wetenskaplike definisie van die begrip te gee en Leatt, Kneifel en Nürnberg skryf: "For many the word evokes the devils of communism, Marxism and socialism. For others ideology is a form of false consciousness embodied in capitalism, Afrikaner nationalism and racialism" (1986: 273). Hulle noem hier 'n paar van die bekendste moderne ideologieë; so 'n lys sou min of meer die volgende kon insluit: nasionalisme, sosialisme, nasionaal-sosialisme, liberalisme, rassisme, konserwatisme en dan 'n vermenging van die vermelde denkrigtings.

Leatt et al. ondersoek die ideologiebegrip onder meer binne kritis-positivistiese, Marxistiese, neo-Marxistiese en sosiologie-van-kennis-kontekste (1986: 273-281). Strassner (1987), Coulmas (1985) en Therborn (1980) wy ook uit oor die geskiedenis van die ideologiebegrip en die verskeie kontekste waarbinne dit gebruik en geanaliseer kan word.

Daar word, weer eens, nie gepoog om te diep in 'n filosofiese diskouers betrokke raak oor die spesifieke aard van ideologieë nie, maar om by 'n werksdefinisie daarvan uit te kom wat gebruik kan word om sinvol aan te sluit by 'n gesprek oor taal, mag en politiek.

Liebenberg (1990: 14-15) noem dat 'n behoorlike definisie van ideologie rekening sal moet hou met die volgende kenmerke: (a) die ideologie sal 'n regverdigingselement vir die heersende orde of die omverwerpning daarvan bevat ('n verklarende raamwerk word dus daargestel); (b) ideologie sal per definisie oor 'n aksieprogram beskik (die programmatiese komponent) en (c) die gevolge van so 'n aksiegerigtheid met die oog op die implementering van 'n verklarende raamwerk sou die totstandbrenging van bepaalde sosio-ekonomiese en politieke instellings wees. Hy gee dan die volgende oorkoepelende definisie van *ideologie*:

"... 'n verklarende geheelsisteem met 'n logies koherente voorkoms wat 'n aksiegerigte komponent bevat en wat ook sekere geïnstitutionaliseerde uitvloeisels in die praktyk vertoon. So 'n aksiegerigte geheelsisteem sou aksiomaties streef na die behoud, verandering of vernietiging van 'n bepaalde sosio-ekonomiese en politieke sisteem in die toewysing of verkryging van skaars ekonomiese en politieke goedere met die oog op die bevrediging van die belang van 'n bepaalde groep" (1990: 17).

Hierdie definisie sal as basis gebruik word wanneer "ideologie" verder in dié studie ter sprake kom.

Schumann (1970: 168) gee die volgende belangrike aanknopingspunt tussen taal en ideologie (hier veral ten opsigte van die bewuswording en belewing van propaganda deur die individu):

"Sprache stimmt das Individuum in ideologische Vorgegebenheiten ein - die gesellschaftliche Handhabung der Sprache durch soziale Klassen oder politische Gruppen innerhalb des vorgegebenen ideologischen Rahmens soll das Bewusstsein des Individuums wiederum ideologisch verfestigen. Im Rahmen des jeweils dominierenden Bewusstseins einer Gesellschaft und mit Hilfe der ihm adäquaten ideologischen Sprachvorgebenheiten geschehen daher ständig ideologische

Eingriffe in die Sprache in der Form propagandistischer Aufwertungen, die der Starkung des dominierenden Bewusstseins dienen sollen und in seinem Sinne erneut ideologischen Einfluss auf die Sprachentwicklung nehmen."

Fowler argumenteer in dieselfde trant wanneer hy skryf: "... the major part of linguistic structure can be explained as responding to the needs of the society that uses the language - including, most importantly, ... ideological needs" (1985: 66).

Fowler vat ook 'n aantal belangrike punte met betrekking tot die linguistiese werking van ideologieë binne magsverhoudings saam in die volgende uiteensetting:

"... (T)he most massive and pervasive linguistic practice working to maintain power differentials is the imposition of ideology by official and public institutions. The French Marxist theorist Louis Althusser has identified the instruments of this process: what he calls 'ideological state apparatuses' such as the church, the law, education, which, along with 'repressive state apparatuses' (the armed forces, the police), work to reproduce the existing power structure. The ideological state apparatuses have the function of legitimating the existence and behavior of the ruling authorities. They perform this function by bathing society in official discourse: laws, reports, parliamentary debates, sermons, textbooks, lectures. In this practice the state-controlled agencies are happily joined by commercial enterprises that benefit from acquiescent public attitudes: banks, estate agents, manufacturers, and especially concerns that control the dissemination of ideas - publishers of books, magazines and newspapers, radio and television companies. All these are specialists in the production of ideological discourse, working in language, visual images, behavioral sign systems ... This discourse functions [as follows]: By constructing and reiterating certain selected signs, it insists upon a set of concepts that make up a certain reality - one that is favorable to the groups for whom the ideology is constructed" (1985: 67-68).

Van hierdie insigte sal toegepas word in hoofstuk 2, waar sekere belangrike momente in die magspolitiek van Afrikanernasionalisme bekyk word, en ook in hoofstuk 4, wanneer die diskloers van die "Alternatiewe Afrikaanse" pers ondersoek word.

#### 1.4 "Kritiese Linguistiek"

In die voorafgaande afdelings is 'n aantal temas binne die taalsosiologie en taalpolitiek genoem. Daar is vlugtig gekyk na van die kernelemente wat dikwels in navorsing binne dié velde gebruik word. Vervolgens word daar stilgestaan by 'n redelik jong ontwikkeling binne die taalkunde, 'n ontwikkeling wat veral interdissiplinêr werkzaam is, en voorts sterk steun op van die insigte oor taal en mag en taal en ideologie wat beskryf is.

Die sogenaaarde "Kritiese Linguistiek" (voortaan afgekort tot KL) of "CLS" ("Critical Language Study") het ontwikkel in die laat-sewentigerjare deels uit reaksie en kritiek teen die "hoofstroom-linguistiek" en die TGG. Daar is dieselfde uitgangspunte hier te bespeur as byvoorbeeld by die taalpolitiek: navorsers soos Fowler, Hodge, Kress en Trew (1979), Mey (1985), Fairclough (1989), Wodak (1989b) e.a., meen dat die hoofstroom-linguistiek nie genoegsame sosiale betrokkenheid toon nie en dat daar nie genoeg aandag gegee word aan veranderlikes en politieke faktore soos mag, ideologie en sosiale wanbalanse wat taalkeuse, taalhoudings en taalgebruik beïnvloed nie. Die sosiolinguistiek, veral die studie van variante en die korrelasie daarvan met sosiale strukture, kom ook onder skoot binne dié kritiese benadering.

Fowler en Kress (in Fowler et al. 1979: 185) som die basiese benadering van die kritiese linguistiek soos volg op:

"Our studies demonstrate that social groupings and relationships influence the linguistic behavior of speakers and writers, and moreover, that these socially determined patterns of language influence non-linguistic behavior including, crucially, cognitive activity. Syntax can code a world-view without any conscious choice on the part of a writer or speaker. We argue that the world-view comes to language-users from their relation to the institutions and the socio-economic structure of their society. It is facilitated and confirmed for them by a language use which has society's ideological impress. Similarly, ideology is linguistically mediated and habitual for an acquiescent, uncritical reader who has already been socialized into sensitivity to the

significance of patterns of language.

"Any text then, embodies interpretations of its subject, and evaluations based on the relationship between source and addressee. These interpretative meanings are not created uniquely for the occasion; the systematic use of these linguistic structures is connected with the text's place in the socio-economic system, and hence they exist in advance of the production of the text and our reception of it."

Die veld steun in 'n mate op die sogenaamde funksionele grammatika van Halliday (1985) en die navorsing van Bernstein (1971) oor byvoorbeeld beperkte en uitgebreide taalgebruik onder kinders vanuit verskillende sosiale klasse kom dikwels ter sprake in KL-navorsing. Insigte van filosowe vanuit die kritiese teorie, byvoorbeeld Adorno (1976, 1978 en 1981), Gadamer (1960), Horkheimer (1937: 137-191) en Habermas (1967, 1968, 1971 en 1981) word ook toenemend gebruik om die veld deurentyd self-reflektief-krities onder die vergrootglas te plaas.

Alhoewel daar vir meer as 'n dekade gepoog is en nog steeds word om die struktuur van kritiese linguistiekstudie te sistematiseer en af te baken, heers dieselfde situasie tans nog grootliks as wat daar in die sewentigerjare geheers het: die veld is (soos die taalpolitiek en toenemend die taalsosiologie) steeds 'n kombinasie van elemente uit die hoofstroom-linguistiek, gekoppel met velle soos die staatsfilosofie, sosiale sielkunde, pragmatiek en diskopersanalise en modelle daaruit. Die grootste verskil tussen die taalsosiologie, taalpolitiek en die kritiese linguistiek, is miskien die neiging binne die laasgenoemde veld om tekste deegliker te kontekstualiseer en dan krities te analyseer as byvoorbeeld binne die taalpolitiek, wat meer met makrostrukture soos taalbeplanning werk. Fowler skryf in dié verband:

"Critical Linguistics seeks, by studying the minute details of linguistic structure in the light of the historical situation of the text, to display to consciousness the patterns of belief and value which are encoded in the language - and which are below the threshold of notice for anyone who accepts the discourse as 'natural' (1991: 67; vgl. ook hoofstuk 4 oor die

uitgangspunte van "kritiese diskoversanalise").

Daar is egter nog nie 'n enkeltvoudige raamwerk of model ontwikkel waarbinne analyses gedoen word nie. Om 'n term uit die sterrekunde en fisika te gebruik: daar is nog geen oorkoepelende GUT ("Grand Unifying Theory") ontwikkel waarbinne data, analyses en voorspellings geplaas kan word nie (vgl. Hawking 1988: 74, 1.5, en, oor die soeke na "Grand Theories" in die geesteswetenskappe, Skinner 1990).

Van die kritiek wat teen die metodologie van die taalpolitiek geopper word, is ook terug te vind in Gruber se opmerking oor die kritiese linguistiek:

"Critical linguists often tend to short-circuit the analysis of power and language in society by analyzing language phenomena as directly correlated with power relationships without offering any methodological and/or convincing theoretical account for the connection between the two areas" (1993a: 372).

Fowler en Kress (1979: 185 e.v.) waarsku dat daar nie 'n voorspelbare een-tot-een-assosiasie tussen linguistiese vorm en enige spesifieke sosiale betekenis is nie. Om linguistiese vorme buite konteks te bestudeer, sal die doel van die navorsing verwring. Die klem is dus op **konteks**: sosiaal, polities, histories en ekonomies, en dit is dan ook nie verbasend nie dat al hoe meer modelle uit veral die sosiologie, filosofie, ekonomie en staatsleer in KL-navorsing gebruik word.

In 1979 het Fowler en Kress hulle nou reeds bekende matriks voorgestel (uitgebrei en aangepas deur Fowler 1985 en Menz 1989) om tekste of diskourse te ontleed: **die grammatika van oorganklikheid** (onder meer SOV-strukture, die tipe handelingswerkwoord, ens.); **die grammatika van modaliteit** (die pragmatiese aspek: gebruik van voornaamwoorde, handelinge wat uitgevoer word: bevele, beskuldigings, ens.); **transformasies** (veral nominalisering en die

gebruik van die passief); **klassifisering** - veral herleksikalisering (bv. neologismes) en oorleksikalisering (sinonieme, eufemismes) en laastens **koherensie** - die orde en eenheid van die teks of stuk diskouers (in Fowler et al. 1979: 198 e.v.). Met hierdie tegnieke word tekste (veral koeranttekste) geanalyseer en sekere gevolgtrekkings gemaak oor byvoorbeeld groepstigmatisering, verskuilde politieke agendas, ensovoorts.

Dié poging bied handige werktuie vir analyse, maar die matriks kan ook nie bloot as geldig en onveranderlik beskou word nie - vgl. byvoorbeeld Maske (1986) se kritiek op die werkswyse. Thompson kritiseer ook die bogemelde voorstelle (dalk te fel) wanneer hy skryf:

"... their analyses frequently presuppose a specific account of relations between, for example, different races, classes or sexes, but they provide no systematic discussion of these relations and no sustained justification of this account. Instead they tend to assume that by attending to linguistic processes, one can discern, through the deceptive veil of surface forms, the underlying social reality" (1984: 124).

Thompson se kritiek mag wel geldig wees ten opsigte van die sistematiek van Kress en Fowler se analyses, maar sy besware word grootliks ondervang deur hulle vermelde klem op die plasing en analyses van tekste **binne sosiale konteks**.

Deur die tagtigerjare het dié veld geweldig uitgebrei en ook inslag in Suid-Afrika gekry - vgl. Maartens (1994), Anthonissen (1994) en Clarence (1994) oor die implementering van **KL** en "kritiese taalbewustheid" ("Critical Language Awareness") in taalonderrig en sien hoofstukke 3 en 4. Webb se voorwaarde ten opsigte van 'n "sosiale taalwetenskap" sou ook vir **KL**-analyses kon geld:

"... die linguistiek [moet] hom nie uitsluitlik besig hou met die studie van die gedekontekstualiseerde en gedehumaniseerde (super-)standaard nie" (1983: 239). Hy skryf verder:

"Gemeet aan hierdie [voorafgaande] streefe is Labov se opvatting oor die verhouding tussen taal en die sosiale orde dalk te oppervlakkig. Moontlik moet daar na dieperliggende sosiale kragte gekyk word as sosio-ekonomiese klas, etnisiteit, ouderdom, ens. Kragte soos 'n gemeenskap se politieke aspirasies, hul historiese bewussyn en die sin wat hulle in hulle bestaan sien, speel dalk ook 'n rol" (1983: 246).

Soms word kritiese studies onderneem onder die noemer van die sosiolinguistiek, soms onder dié van die taalsosiologie of taalpolitiek, tekslinguistiek, pragmatiek, pragmalinguistiek (vgl. bv. Mey 1979), sosiale linguistiek, stilistiek (vgl. bv. Wybenga 1987) of kritiese diskoursesanalise (sien hoofstuk 4). Die verskeie navorsers se metodes mag verskil, maar die basiese saambindende faktor is die kritiese blik op sosiale ongelykheid en die weerspieëeling daarvan in taal - die alledaagse gesprek, die pers, die taal van die hof, taal van wetgewing en politici, dokter-pasiënt-verhoudings, ensovoorts.

Van die belangriker onlangse studies in die verband is dié van Wodak (1989a, 1989b en 1989c), Mey (1985) en Fairclough (1989). Van Dijk (1985a), Grillo (1989), Fowler (1991) en Wilson (1990) kan ook hier vermeld word.

Jacob Mey (1985) analyseer byvoorbeeld die ekonomiese sisteem van Denemarke in die sewentiger- en tagtigerjare en ontleed dan verskeie koeranttekste, radioberigte en veral geletterdheidsprogramme krities teen die agtergrond van 'n veronderstelde regverdige, demokratiese, laat-kapitalistiese ekonomiese sisteem. Hy dui byvoorbeeld aan hoe wanbalanse in die arbeidsmark neerslag vind in bevooroordelde mediaberiggewing oor stakings en lig subtiele diskriminasie in geletterdheidsprogramme uit. Hy bepleit die bevordering van 'n "kritiese sosiolinguistiek" en skryf hieroor:

*"A critical sociolinguistics ... seeks to recognize the political and economic distortions that our society imposes upon us. It attempts to explain the differences between oppressed and oppressor language by pointing out that the*

different classes have unequal access to societal power. For instance, the linguistic manipulation that employers can get away with *vis-a-vis* wage earners ... only makes sense in the context of societal oppression: it is *socially oppressive* language use (to be exact, it's also *repressive*).

"Critical sociolinguists doubt the traditionalists' assertions that social science research (including linguistics) should be 'objective', i.e. stay free of all political, economic, and social controversy. A science that deals with humans as social beings, they feel, cannot afford to neglect the very agents that determine people's social activities; nor should it try to. A truly *social* science has to consider people's societal activities as a whole, rather than assign them to rigidly separated political, economic, social, cultural, religious, linguistic, and other spheres" (1985: 342-343).

Vir Mey moet 'n "kritiese sosiolinguistiek" hoofsaaklik fokus op "kapitalistiese uitbuiting" (via taalgebruik); hierdie redelik eensydige siening word later weer ter sprake gebring wanneer die politieke korrektheid van KL-studies aan die bod kom.

Fairclough (1989) analyseer weer die diskouers van "Thatcherisme". Hy brei die matriks van Fowler en Kress (1979) aansienlik uit en stel die volgende vrae voor wat oor 'n teks gevra kan word:

- (a) Watter ervaringswaarde het woorde? (Is daar her- of oorleksikalisering, watter ideologies-betekenisvolle verhoudings is daar tussen woorde?)
  - (b) Watter relasionele waardes het woorde? (Word eufemismes byvoorbeeld gebruik, en op watter wyses?)
  - (c) Watter ekspressiewe waardes het woorde?
  - (d) Watter metafore word gebruik?
  - (e) Word nominaliserings, aktief of passief, positiewe of negatiewe sinne gebruik?
  - (f) Watter modi word gebruik? (Deklaratiewe, bevele, vrae, ensovoorts.)
- Word die voornaamwoorde *ons* en *julle* gebruik, en hoe?
- (g) Watter ekspressiewe waardes het grammatakale aspekte?

- (h) Hoe word eenvoudige sinne aanmekaar gevoeg (logies, deur middel van koördinasie of subordinasie), hoe word verwys?
- (i) Watter interaksionele konvensies word gebruik?
- (j) Watter makrostrukture het die teks? (1989: 110 e.v.).

Wodak (1989b: xiv) som die doel van die kritiese linguistiek soos volg op: "... we want to uncover and de-mystify certain social processes in ... societies, to make mechanisms of manipulation, discrimination, demagoggy and propaganda explicit and transparent." Sy noem die belangrikste eienskappe en doelwitte van kritiese navorsing:

- (a) Om ongelykheid en onreg te bestudeer.
- (b) Om taalgedrag in situasies van sosiale relevansie (byvoorbeeld die taalgebruik van die pers, diskourse rondom minderheidsprobleme en binne institusies, ensovoorts) te ondersoek. Alle situasies wat bedreigend is of 'n mag spel tussen individue behels, is volgens haar van belang.
- (c) Sy lê klem op die volgende metodologiese kenmerke van dié tipe navorsing: interdissiplinêre navorsing,
- (d) empiriese navorsing en
- (e) die insluiting van 'n historiese perspektief. Klem word gelê op die historiese en sosiale inhoud en konteks van diskouers.
- (f) Die *Leitmotiv* van kritiese navorsing is, volgens Wodak, om eers die stof (teks/diskoers) te "diagnoseer", dan te interpreteer en "terapeuties" te behandel.

Wodak skryf voorts dat navorsers gedwing word om kant te kies, want "the 'subjects under investigation' cannot be treated as objects any longer" (1989b: xvi). In navolging van Habermas (1971) noem sy dat 'n kritiese analyse nie bloot deskriptief en neutraal kan wees nie; daar moet oplossings gevind

en voorstelle gemaak word, en die navorser moet sosiaal-polities standpunt inneem.

Wodak beklemtoon die nodigheid vir nuwe begrippe met betrekking tot "taalgedrag" en "betekenis" en noem dat sosiale verskynsels baie kompleks, irrasioneel en ook rasioneel is. Ambivalente, bewuste en onbewuste motiewe is relevant, daarom is 'n verskeidenheid metodes en kognitiewe en affektiewe aspekte belangrik in kritiese navorsing (1989b: xv-xvi).

Die onderliggende motief vir sodanige navorsing is, volgens Wodak, om ongeregtigheid en ongelykheid uit te wys en om kant te kies met die magtelose en onderdrukte (1989b: xiv). Dit beteken nie dat die navorsing noodwendig eensydig en nie wetenskaplik is nie, maar die wete is daar (op grond van onder meer Adorno se stellings oor subjektiwiteit en objektiwiteit - vgl. Adorno 1978: 151-168 en 1981: 151-157) dat geen navorsing heeltemal objektief is nie, omdat die belangstellings, waardes en besluite van die navorser altyd die analise stuur.

Wodak se standpunte (wat geëggo word deur onder meer Van Dijk 1989, Sauer 1989 en Fairclough 1989) klink lofwaardig en die "terapeutiese" motief kan ondersteun word. Wanneer daar egter na van die navorsing wat binne dié veld gedoen word, gekyk word, kom 'n ander, eensydige prentjie na vore: die kritiese navorsing is oor die algemeen **polities baie korrek**. Sosiale wanbalanse wat op 'n verskeidenheid wyses in taalgedrag gereflekteer word, word uitgewys, maar slegs geselekteerde bestaande en historiese wanbalanse kry aandag. Min aandag word gegee aan **opkomende of alternatiewe hegemonieë** en hulle jargon, propaganda of diskloers wat dalk in die proses is om ouoritêr of verdrukkend te word, of baie duidelik die moontlikheid het om verdrukkend

te wees.

Orwell se bekende dictum dat die samelewing dalk tot op dievlak gedaal het waar die herformulering ("restatement") van die voor die handliggende die plig van intelligente mense is, blyk dikwels die geval te wees in die hedendaagse kritiese navorsing. Daar word gesê wat behoort gesê te word, solank daar nie op die verkeerde tone getrap word nie. Alhoewel Mey (1985), Van Dijk (1985a), Fairclough (1989) en Wodak (1989a) se navorsing ideologieë in diskourse blootlê, is daar 'n sterk mate van eensydigheid te bespeur; die skaal swaai gewoonlik in die guns van groepe of instansies wat volgens die populêre mening "verdruk" word.

Dié tipe houding mag dalk wel sosiaal strategies wees op die kort termyn, maar werklike kritiese perspektiewe bly dikwels in die slag. Die ideaal hier is tog 'n wetenskapsbeskouing wat, sonder om noodwendig "volkome objektiwiteit" na te streef, wel krities behoort te staan teenoor enige ideologie en sy gevolge. Soos vermeld, word daar dikwels selektief gekritiseer volgens wat op die oomblik "polities korrek" is.

Analises en verklarings sal onvermydelik gekleur word deur persoonlike politieke oorwegings, maar 'n omvattende kritiese perspektief behoort krities te staan teenoor enige magstruktuur en sy diskouers, heersend of opkomend. Die analyses van diskourse behoort sonder vrese vir korttermyn politieke gevolge gedoen te word.

In navolging van onder meer Wodak (1989b), Mey (1985) en Fairclough (1989), wat 'n sekere politieke standpuntinname vereis, stel hierdie navorser dan dat hy, veral met betrekking tot die huidige studie, ten gunste van sogenaamde

liberaal-demokratiese waardes is, hier so wyd en vaag as moontlik gestel. Op 'n ideële, ideale (of idealistiese) vlak staan dié perspektief krities teenoor die invloed van politieke magsgroepe in die "burgerlike" of "siviele samelewing" ("civil society") - dié "samelewing" wat teenoor die "politieke samelewing" ("political society") geplaas word deur Antonio Gramsci (vgl. Femia 1981, Sassoon 1980 en Simon 1991; sien ook 1.6 en vgl. Caldwell 1992: 15 e.v.). Die "siviele samelewing" bestaan onder meer uit die onderwysstelsel, kerke, vakunies, klubs, koöperatiewe en die pers. Gramsci het ook die "siviele samelewing" geïdentifiseer met die ideologiese superstrukture van die samelewing - die institusies wat heersende denke skep en versprei - vgl. Femia (1981: 26).

Die minste wat so 'n standpunt kan impliseer, is dat enige propagandistiese, autoritaire diskfers met agterdog en uiters krities bejeën behoort te word, diskfers vanuit énige politieke hoek. Hierdie kritiese instelling word in hoofstuk 4 verder gemotiveer en uitgebrei.

### **1.5 "It takes guts to formulate a GUT"**

In die voorafgaande gedeeltes van hierdie hoofstuk is 'n samenvatting en (her)bevestiging gegee van 'n aantal wyses waarop taal, mag, politiek en ideologie bymekaar uitgebring kan word. Met nuwe insigte vanuit die kognitiewe linguistiek en sielkunde kan problematiese taalpolitiese verskynsels binne 'n omvattende analitiese raamwerk geanalyseer word. Merendeels word 'n model uit die filosofie, sielkunde of staatsleer geneem en krities toegepas op 'n situasie waarbinne linguistiese veranderlikes ter sprake is. In die volgende afdelings word daar verder oor die keuse en gebruikswaarde van 'n teoretiese model vir hierdie proefskrif besin.

Van die belangrikste onlangse bydraes tot die skepping van 'n omvattende model oor taal en taalgebruik en die formulering van teorieë en reëls in die verband, is sekerlik die TGG van Noam Chomsky. Soos reeds vermeld, is daar sedert die sewentigerjare al hoe meer kritiek teen dié model geopper, veral vanweë die feit dat Chomsky se opvatting hoofsaaklik geld vir 'n ideale spreker in 'n ideale konteks, sonder genoegsame klem op die pragmatiese komponent en sosiale invloede soos politiek en magstrukture.

Die soeke na omvattende teorieë binne die geesteswetenskappe - soos ook binne die natuurwetenskappe - is uiteraard 'n voortdurende proses. Hierdie studie wil nie voorgee om 'n wetenskapsfilosofiese bydrae te wees nie, maar daar moet 'n oomblik stilgestaan word by die kwessie van teorievorming binne die geesteswetenskappe, en, veral dan, binne die taalkunde (hier natuurlik die taalsosiologie, taalpolitiek en kritiese linguistiek).

Die soeke na "Grand Theories" of "GUTS" ("Grand Unifying Theories"), is die afgelope twee dekades 'n kenmerk van die navorsing van verskeie filosowe en wetenskapsfilosowe. Een van die kontekste waarbinne hierdie soeke na teorieë gevoer word, is die skeptisisme van navorsers soos C. Wright Mills en L. Namier oor die moontlikheid dat daar binne die "sosiale wetenskappe" 'n sistematiese teorie oor die aard van die mens en sy omgewing geskep kán word (vgl. Skinner 1990b: 3).

In Skinner (1990a) word daar 'n oorsig gegee van die mees onlangse ontwikkelings tot teorievorming binne velde soos onder meer die filosofie, die antropologie, die historiografie en die regswetenskap. Opvallend vanweë die afwesigheid daarvan is 'n poging om 'n oorkoeplende teorie vir die taalkunde te vind.

'n Konsep soos "sosiale verandering" (waarby dan ingesluit kan word politieke verandering en taalverandering) word wel aangespreek deur byvoorbeeld Cooper (1989), maar hy probeer slegs die verskynsel verklaar deur middel van modelle (sosiale verandering geplaas binne evolusionêre teorieë, sikliese teorieë, funksionalisme, konflikteorie en afhanglikheidsteorie) en hy kom tot die gevolgtrekking dat daar nog nie 'n bevredigende teorie van sosiale verandering is nie, en dat daar ook nie binnekort een verwag kan word nie (1989: 169-181 en 182).

'n Voorlopige oplossing skyn te wees om nie te poog om hier 'n omvattende teorie oor taalpolitiek, magsverhoudinge en taalhoudings te probeer saamflans nie, maar om eerder te konsentreer op 'n model wat bestaande insigte verder kan opklaar vanuit 'n nuwe invalshoek.

Nie al die temas wat in byvoorbeeld 1.3.4 en 1.3.5 aan die bod gekom het, gaan uitvoerig ter sprake kom in die volgende hoofstukke nie. Hierdie temas word grootliks ondervang deur die hegemoniemodel wat as analitiese raamwerk vir hierdie proefskrif gebruik word (veral ten opsigte van hoofstukke 2 en 3) en in 1.6.2 bespreek word.

## **1.6 Die keuse van 'n model**

### **1.6.1 Modelle in taalpolitiske navorsing**

'n Model kan natuurlik baie handig te pas kom wanneer taalpolitiske gegewens geanalyseer word. Die basiese uitgangspunt hier is nie bloot dat 'n model as kapstok gebruik word om deurgetrapte beginsels en begrippe onder 'n nuwe noemer te herklassifiseer nie, maar dat 'n nuwe invalshoek dalk kan bydra tot

'n omvattender verklaring en verstaan van gegewens.

Modelle in taalpolitieke studies is volop. Nichols (1984: 35-42) gee byvoorbeeld 'n oorsig van die gebruik van die strukturalistiese of funksionele model, die konflikmodel en die simboliese interaksionisme-model in die analise van taal en mag. Van der Plank (1985) maak ook gebruik van die konflikmodel in sy analyses. Kachru (1986: 125-126) beskryf weer die korrelatiewe model, die domeinmodel, die konflikmodel, die funksionele model en die verbale repertoriummodel wat gebruik kan word om taalpolitieke kwessies te benader. Cooper se beskrywende raamwerke om sosiale verandering af te baken is in 1.5 vermeld.

Al die gemelde modelle, of ten minste 'n paar, sou gebruik kan word om die onderhawige tema mee toe te lig. Die keuse van 'n model in hierdie studie - veral ten opsigte van hoofstukke 2 en 3 - val egter op Gramsci se konsep van "hegemonie". Dié konsep word in die volgende afdeling onder die loep geneem.

Een motivering vir die gebruik van hierdie raamwerk, is die feit dat verskeie segspersone uit die "Alternatiewe Afrikaanse" sfeer die term "hegemonie" ten opsigte van taalpolitiek, Standaardafrikaans en "bevryde" Afrikaans gebruik - vgl. February (1976: 14 en 15) en Willemse (1987: 239). "Alternatiewe Afrikaans" word voorts in hoofstuk 3 ontleed binne die konteks van 'n alternatiewe hegemonie.

### **1.6.2 "Hegemonie"**

Die hegemonie-begrip het die afgelope twee dekades 'n taamlike modewoord geword in politieke, letterkundige, kulturele en taalkundige studies, ook in

Suid-Afrika. Die term is en word dikwels rondgeslinger sonder dat duidelikheid gegee word oor wat daar mee bedoel word.

Die "vader" van die konsep "hegemonie" is Antonio Gramsci, een van die mees oorspronklike en innoverende Marxistiese denkers van hierdie eeu. Aanvanklik is sy insigte merendeels vanuit historiese invalshoeke beskou, en dit is eers in die afgelope paar jaar na waarde begin skat binne die konteks van politieke teorie. Daar bestaan talle publikasies oor Gramsci en sy politieke geskrifte (vgl. onder meer Althusser 1979, Buci-Glucksmann 1980, Sassoon 1980, Femia 1981 en Simon 1991, om maar enkeles te noem).

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word daar gekonsentreer op twee kernpunte van Gramsci se werk, naamlik a) sy (reeds vermelde) onderskeid tussen "politieke" en "siviele samelewing", eersgenoemde eenvoudig gestel as "the apparatus of state coercion which legally assures the discipline of those groups which do not consent" (Femia 1981: 28) en laasgenoemde as die groep institusies wat as "privaat" bekendstaan (Sassoon: 1980: 113; sien ook 1.5) en b) sy "hegemonie"-begrip, wat die kern vorm van sy konseptuele sisteem en sy teoretiese vertrekpunt is vir sy analises van die samelewing.

Een van Gramsci se belangrikste observasies was dat die regering van een klas of groep oor die res van die samelewing nie slegs op materiële mag berus nie - die dominante klas moet ook sy eie morele, politieke en kulturele waardes as konvensionele norme vir praktiese gedrag vaslê. Dit is die onderliggende motief vir die hegemonie-begrip (vgl. Femia 1981: 3).

Williams (1960: 587) verduidelik die begrip (of, soos Gramsci dit wou hê, doktrine) soos volg:

"By 'hegemony' Gramsci seems to mean a socio-political situation, ... a 'moment', in which the philosophy and practice of a society fuse or are in equilibrium; an order in which a certain way of life and thought is dominant, in which one concept of reality is diffused throughout society in all its institutional and private manifestations, informing with its spirit all taste, morality, customs, religious and political principles, and all social relations, particularly in their intellectual and moral connotation."

Die fokus val dus op die morele en kulturele legitimering van politieke heerskappy en dit is nie moeilik om taal en taalkwessies dan in te sluit by 'n analise van 'n opkomende of heersende hegemonie nie. Dié vermoede word bevestig deur o.m. Salamini (1981: 35) se formulering (na aanleiding van Gramsci):

"Every time the question of language surfaces in one way or another, it means that a series of other problems are beginning to emerge: the formation and expansion of the ruling class, the necessity of establishing closer and firmer ties between the leading groups and national-popular masses, that is of reorganizing cultural hegemony."

Die "question of language" sou dan onder meer kon insluit aspekte soos taalstatus, politisering van taal, taalhoudings, taallojaliteit en die gevolge wat sosiale wanbalanse op dié aspekte het.

Gramsci het klem gelê op die beginsel dat hegemonie veral deur die "siviele samelewing" geskep word en dat dit eerder deur konsensus as deur dominansie verkry word: "Hegemony is attained through the myriad ways in which the institutions of civil society operate to shape, directly or indirectly, the cognitive and affective structures whereby men perceive and evaluate problematic social reality" (Femia 1981: 24). Die stelling dat hegemonie veral met die "siviele samelewing" geassosieer word, sal natuurlik afhang van hoe breed of eng die verskil tussen "siviele samelewing" en "politieke samelewing" gedefinieer word, wat dikwels bloot 'n metodologiese kwessie is. 'n Aanhaling van Gramsci illustreer die simbiotiese rol wat hy tussen politieke en siviele

samelewing gesien het:

"In Russia the State was everything, civil society was primordial and gelatinous; in the West, there was a proper relation between State and civil society, and when the State trembled a sturdy structure of civil society was at once revealed. The State was only an outer ditch, behind which there stood a powerful system of fortresses and earthworks" (aangehaal in Sassoon 1980: 114).

Die verkryging van staatsmag kan slegs plaasvind ná die totstandbringing van 'n sekere hegemonie in die samelewing. Dit beteken dat enige klas wat sy hoogste vlak van historiese ontwikkeling, soos verteenwoordig deur die skepping van sy eie staat/regering, wil bereik, reeds verby 'n ekonomies-korporatiewe fase ontwikkel moet wees, tot op 'n politieke vlak wat gedefinieer word deur die vermoë van die klas om sy hegemonie deur die samelewing as geheel te kan vestig. Gramsci onderskei drie fases of momente in die ontwikkeling van politieke klasbewussyn en noem dat die politieke ontwikkeling van 'n klas slegs kan plaasvind wanneer die klas sy rol sien in terme daarvan om hegemonie in die samelewing te bewerkstellig (vgl. Sassoon 1980: 117). Die eerste twee fases is "ekonomies-korporatief" en die derde dié van "hegemonie".

'n Ondergeskikte klas (vir die doeleindes van hierdie proefskrif eerstens "wit" Afrikaanssprekendes en dan die "kleurlinge") kan slegs 'n hegemoniese klas word deur ander klasse en sosiale kragte se steun te verkry. Die klas moet leer om verby sekционе or korporatiewe aktiwiteite te beweeg en kan die hegemoniese fase bereik wanneer die belang van ander klasse of groepe in ag geneem word deur met hulle saam te werk, of, natuurlik, deur hulle te domineer onder die sluier van "samewerking" (vgl. Simon 1991: 30).

Gramsci het die opkoms van kapitalisme gebruik om die vorming van 'n hegemonie te verduidelik en sy ideaal was uiteindelik sosialisties van aard, naamlik dat

die kapitalistiese hegemonie vervang word deur dié van die werkersklas.

Die drie fases van die vorming van 'n hegemonie, volgens Gramsci (vgl. Simon 1991: 31) kan soos volg uiteengesit word:

Fase 1: Hierdie is die mees elementêre fase, waartydens 'n werker hom verplig voel om saam met 'n ander werker te staan, of 'n vervaardiger 'n ander vervaardiger wil bystaan, maar die werker voel nog nie solidariteit met die vervaardiger nie. Die lede van 'n professionele groep (of klas) is bewus van hulle gedeelde belangstellings en van die behoefte daaraan om te organiseer, maar hulle is nog nie bewus van die behoefte om met ander groepe in dieselfde klas te assosieer nie.

Fase 2: Tydens hierdie fase is daar 'n bewuswording van die gedeelde belang van al die lede van die opkomende klas ter sprake (volgens Gramsci slegs ten opsigte van ekonomiese sake). Die probleem van staatsvorming kom ter sprake, maar slegs ten opsigte van die verkryging van wetlike en politieke gelykheid met die heersende groep, binne bestaande politieke strukture.

Fase 3: Hierdie fase is volgens Gramsci dié van **hegemonie**, waartydens die groep besef dat sy belang verder behoort te strek as die ekonomiese sfeer en dat dit die belang van ondergeskikte groepe ook in ag moet neem (soos vermeld, kan dit ook dominansie insluit). Simon skryf oor hierdie fase:

"This is the most purely political phase. It is the phase in which previously germinated ideologies come into conflict until only one of them, or a combination of them, tends to prevail, bringing about a unity of economic, political, intellectual and moral aims, and posing all the questions around which the struggle rages not on a corporate but on a 'universal' plane, and thus creating the hegemony of a fundamental social group over a series of subordinate groups" (1991: 31).

Die derde fase kan dan ook deels beskou word as 'n "dominansiefase", of as 'n fase wat kan oorgaan in 'n vierde, naamlik die behoud van dominansie. Die klas of groep wat die "hoofhegemoniese" groep uitmaak, sal uiteraard poog om so lank as moontlik die verskillende magsfasette wat deel uitmaak van die hegemonie, te behou.

Deur te konsentreer op die hegemonie-konsep as 'n instrument om sekere historiese data in perspektief te plaas, word daar nie voorgegee dat dit 'n allesomvattende en -verklarende model is nie. Dit word as deelteoretiese model ten opsigte van die politisering van taal gebruik (vgl. Salamini 1981 se stelling hierbo), in samehang met die aksiomatiese uitgangspunt dat taal gewoonlik verpolitiseer is en word in situasies van sosiaal-politieke verandering. Dit word voorts gebruik in kombinasie met die vermelde sienings uit die dinamiese taalsosiologie (sien 1.2), taalpolitiek en kritiese linguistiek, en moet nie as geïsoleerde superteorie beskou word nie. Voorts moet dit beklemtoon word dat Gramsci in die eerste instansie 'n politieke filosoof was en dat sy werk merendeels deur navorsers in die staatsleer, internasionale politiek, staatsfilosofie en ekonomie gebruik word. 'n Volledige verstaan van sy insigte sal berus op analyses van historiese en huidige ekonomiese en politieke sisteme.

Hier kan vermeld word, veral ten opsigte van hoofstukke 2 en 3, dat daar in die vestiging van 'n hegemonie (in elke fase daarvan) ook duidelik sprake of tekens sal wees van die vestiging of manifestasie van 'n **teenhegemonie**, veral waar die opkomende hegemonie nie gevestig word deur **breeë konsensus** van die **hele bevolking** nie en in die besonder waar die vestiging van die hegemonie tot sosio-politieke en kulturele onderdrukking van groot dele van 'n bevolking of taalgemeenskap lei.

Synde nóg 'n sosioloog, filosoof, ekonoom of 'n staatsleerdeskundige, maar 'n aspirant-taalkundige, word hier dan kernpunte van Gramsci se sienings as raamwerk of "instrument" vir taalpolitiese analise gebruik, in die wete dat dit altyd die gevaar loop om reduksionisties en simplisties toegepas te word. Dit blyk maar een van die slaggate te wees waarin die taalpolitiese navorsing maklik kan val. Een van die gevare waarop gelet kan word, is byvoorbeeld om simplistiese historiese veralgemenings van 'n samelewing of tydvak op 'n ander oor te dra in die naam van 'n "teorie".

Hierdie proefskrif steun dan op twee teoretiese raamwerke of modelle: dié van die hegemoniemodel en dié van die kritiese linguistiek en kritiese diskousanalise (met al die uitgangspunte wat daarin betrek word uit die ander genoemde analitiese raamwerke). Die twee raamwerke sluit mekaar nie uit nie, maar skakel duidelik by mekaar in. In die volgende twee hoofstukke sal die hegemonie-konsep in verband gebring word met Afrikanernasionalistiese strewes na politieke dominansie en kulturele mag in siviele en politieke kontekste, waarby die kwessie van Standaardafrikaans betrek word, en met die opkoms van "Alternatiewe Afrikaans", waarby die vorming van 'n alternatiewe hegemonie sigbaar word. In die vierde hoofstuk word 'n aantal tekste met behulp van sekere tegnieke uit die kritiese diskousanalise ontleed.

Die wyse waarop die twee teoretiese raamwerke bymekaar aansluit, kan voorts in terme van groter en kleiner siklusse verduidelik word: In die uiteensetting van 'n siklus of stuk geskiedenis van taalpolitiek, word die hegemoniemodel gebruik en bied dit as't ware 'n diachroniese perspektief op die situering van gebeure en plasing van sekere tekste. Die kritiese diskousanalise bied weer 'n sinchroniese perspektief op 'n moment in die siklus - veral, natuurlik, ten opsigte van die kontekstualisering en ontleiding van tekste wat in verband

gebring kan word met die politisering van die variëteit van die taal ter sprake. Daar word gesoek na 'n model wat alternatiewe taalpolitieseordes, relatief tot mekaar, kan ophelder en die hegemoniemodel behoort 'n sinvolle interpretasieraamwerk te wees. Hoe sinvol dit is, word weer in die laaste hoofstuk bespreek.

### **1.7 Samevatting**

In hierdie hoofstuk word daar 'n oorsig gegee van die belangrikste konsepte met betrekking tot die veldes van die taalsosiologie, taalpolitiek en kritiese linguistiek, waarbinne verhoudings tussen taal en politiek, mag en ideologie geanalyseer kan word. In hoofstukke 2 en 3 word daar hoofsaaklik binne die raamwerke van die taalpolitiek en die dinamiese taalsosiologie gewerk en deels vanuit insigte met betrekking tot die hegemoniemodel, om sekere taalpolitiese kwessies rondom Afrikaans te verduidelik. In hoofstuk 4 word van die beginsels en insigte van die kritiese linguistiek en kritiese diskoursesanalise wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word, verder gedefinieer en gebruik in die analise van tekste vanuit die "Alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers.

## HOOFTUK 2

### TAALPOLITIEK EN STANDAARDAFRIKAANS

#### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar 'n kursoriese blik gegee op die vestiging van die hegemonie van (Standaard)afrikaans.

Daar bestaan verskeie gedetailleerde studies oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans en oor die samehang tussen Afrikanernasionalisme en die stryd vir en uitbou van Standaardafrikaans. Die geskiedenis van Afrikaans se ampstaalwording en die daarmee gepaardgaande status- en korpusbeplanningsaksies vir die taal is ook reeds uitvoerig gedokumenteer, vgl. o.m. Bosman (1923), Steyn (1980, 1986a, 1986c, 1987a en 1987b), Conradie (1986), Van der Merwe (1970), Scholtz (1980), Raidt (1976) en Morris (1985).

Die afgelope twee dekades het daar verskeie kritiese studies verskyn oor taalpolitiek en Afrikaans, politiseringsfases van Afrikaans en ideologiese groeperings rondom verskillende variëteite van Afrikaans (vgl. o.m. February 1976, Steyn 1980, Dunjwa-Blajberg 1980, Prinsloo en Van Rensburg 1984, Du Plessis 1986, 1987a en 1987b, Belcher 1987, Davids 1987, Van Rensburg 1989a en 1992, en Cluver 1990).

In verskeie studies word aannames rondom die "uniekheid" en "wonder" van die opkoms en groei van Afrikaans en die Afrikaanse taalbewegings ook krities hergekontekstualiseer en deels ontmitologiseer. Daar word op verskeie wyses aangetoon hoe die bevordering, standaardisering en "kanonisering" van

Afrikaans deurentyd deel was van 'n groter sosiaal-politiese mag- en kultuurstryd van die wit Afrikaanssprekende. Navorsers soos Du Plessis (1986, 1987a, 1987b, 1987c en 1988c), Van Rensburg (1989a, 1989b en 1992), Cluver (1990), Willemse (1987), Gerwel (1988), Sonn (1988 en 1990), Van den Heever (1987a, 1987b en 1988a) en Roberge (1992) gee aandag aan die bogemelde aspekte en toon aan op watter wyses politieke en magskwesties verswyg is in onder meer die geskiedskrywing van Afrikaans, die standaardisering van Afrikaans en die omskrywing van die "Afrikaanse taalbewegings".

Verskeie navorsers gee ook aandag aan spesifieke historiese fases in die politiseringsgeskiedenis van Afrikaans, soos Du Plessis (1986), Steyn (1986a, 1987a en 1987b) en Zietsman (1992).

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word "Standaardafrikaans" beskou as: "'n twintigste-eeuse ontwikkeling, gebaseer op die noordelike variëteit van Oosgrens-Afrikaans, ontwikkel na die model van Nederlands, met etlike toegewings aan Kaapse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans" (Du Plessis 1986: 13).

Afrikaans en Afrikanernasionalisme word in hierdie hoofstuk eerstens binne 'n hegemoniemodel, soos uiteengesit in hoofstuk 1, ontleed. Vervolgens word temas wat kursories in dié raamwerk ter sprake kom, uitvoeriger behandel in die res van die hoofstuk.

Die temas wat behandel word - telkens vanuit 'n "standaard-" en dan 'n "alternatiewe" perspektief - kan breedweg in drie afdelings verdeel word, naamlik 1) die samehang tussen Afrikanernasionalisme en die uitbouing - ten opsigte van korpus- en statusbeplanning en simboliese mag - van

Standaardafrikaans en die wit Afrikaanse taalgemeenskap, 2) die ontogenetiese beskrywing van Afrikaans en die mitologiseringsaksies wat daarmee gepaard gaan, en 3) die taalbewegings en hulle bydraes tot die opkoms van Afrikaans se standaardisering en uiteindelike ampstaalwording in 1925. Dié indeling is hoegenaamd nie waterdig nie - van die temas oorvleuel mekaar dikwels in die studies wat in dié hoofstuk aan die bod sal kom.

Roberge (1992: 33) noem in hierdie verband vier uitstaande kenmerke wat byvoorbeeld die eksterne geskiedenis van Afrikaans tipeer - kenmerke wat ten opsigte van die drie gemelde temas afsonderlik of in samehang toegepas sou kon word:

"(1) [S]ome very pronounced linguistic attitudes presented themselves during the elaboration of a minority vernacular in a multiracial, multi-ethnic, and multilingual society; (2) the Afrikaner nationalist movement has both cultivated and exploited these attitudes for political ends; (3) Afrikaners have periodically celebrated their linguistic patrimony in the form of civil ritual; and (4) Afrikaans has acquired a decidedly negative image among the disenfranchised, who have converted it into a symbol of their oppression."

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om 'n volledige oorsig te gee van al die studies wat oor die gemelde temas gedoen is nie. Daar word ook nie gepoog om 'n deeglik gedokumenteerde stuk geskiedenis te herskryf of grootliks te herhaal of om nuwe teorieë oor byvoorbeeld die ontstaan, vorming en standaardisering van Afrikaans te postuleer nie. Binne die raamwerk en uitgangspunte van die taalpolitiek en die fases van hegemonievorming, soos omskryf in hoofstuk 1, word daar op grond van die drie aangeduide temas 'n basiese samenvatting van 'n aantal belangrike sosio-politieke "momente" in die opkoms van Afrikaans gegee. Wanvoorstellings of "mites" rondom Afrikaans word aangetoon en sekere wanbalanse in die tradisionele beskouings word uitgewys.

Afrikaans en Afrikanernasionalisme word as eerste tema behandel, aangesien Afrikanernasionalisme beskou kan word as een van die sterkste - indien nie die sterkste nie - "dryfveer" agter die opkoms, standaardisering en uitbouing van Afrikaans, vgl. o.m. Steyn (1980: 182-186, 218-224 en 428-437, 1986a en 1987b) en Gerwel (1985: 41). Moodie (1975: 239) argumenteer byvoorbeeld dat taal (hier, natuurlik, Afrikaans) die belangrikste grondslag was vir "volkseenheid" tussen die Anglo-Boereoorlog en die oorwinning van die Nasionale Party in 1948.

Ten opsigte van die ander twee temas - die geskiedskrywing van Afrikaans en die taalbewegings - word daar eerstens 'n vlugtige oorsig gegee van die belangrikste standaardwerke oor hierdie temas. Voorts word daar aandag geskenk aan leemtes in van dié studies en kritiek op van die werke word vermeld, veral kritiek en "alternatiewe" sienings wat sedert die sestiger- en sewentigerjare al hoe luider opgeklink het teen die gevestigde beskouings oor Afrikaans.

Die konsep van 'n "Afrikaanse taalgemeenskap" word vlugtig ondersoek en die geleidelike skeuring in dié taalgemeenskap, veral ná 1948 word beskryf, spesifiek met betrekking tot die 1976-opstande as 'n voorfase van "Alternatiewe Afrikaans".

Van die historiese "momente" wat uitgelig word in die hegemoniese beskrywing, word telkens in verband gebring met die opkoms van (wit) Afrikanerhegemonie, en 'n aantal sosiopolitieke faktore wat tot die politisering van Afrikaans bygedra het, word omskryf.

Die geskiedskrywing as middel om sekere mites te skep en te bevestig kom deurentyd ter sprake in hierdie hoofstuk - die rede hiervoor is om 'n argument

te postuleer dat daar altyd mitologisering ter sprake is wanneer taal betrek word by sosiopolitieke stryde of bewegings, soos wat die geskiedenis ook dikwels vermitologiseer word deur heersende groepe om hul "prestasies" te bevestig en te herbevestig. Dié argument word in die volgende hoofstukke verder gevoer ten opsigte van die "Alternatiewe Afrikaanse" beweging. Daar sal verwys word na prosesse van mitologisering en ontmitologisering. Dit moet egter onmiddellik beklemtoon word dat die klem in hierdie hoofstuk, soos ook in die studie as geheel, nie sodanig val op geskiedskrywing *per se* nie, maar eerder op onderliggende polities-ideologiese "agendas" wat aanleiding gegee het en steeds gee tot sekere beskouings rondom Afrikaans.

## 2.2 Afrikaans en Afrikanernasionalisme binne 'n hegemoniemodel

In hoofstuk 1 word geargumenteer dat die hegemoniemodel slegs as deelteoretiese model gebruik gaan word in hierdie studie om bestaande sienings vanuit 'n ander hoek te interpreteer, kategoriseer en deels te relativeer.

'n Aantal navorsers noem in die verbygaan die konsep *hegemonie* in verband met Afrikaans as "instrument van Afrikanisering" (vgl. February 1976) of ten opsigte van die "verdrukkende" rol van die taal. February skryf byvoorbeeld: "In essence, the role of Afrikaans as a political instrument in securing for the Afrikaner total *hegemony*, is traceable to the very First Language Movement" (1976: 14) en: "One of the stalwarts of the [second] movement was Dr. Malan, who became the first Afrikaner Prime Minister in 1948, thus heralding the new era of cultural, political and economic *hegemony* of Afrikanerdom" (1976: 15). Willemse skryf weer: "Afrikaans has been usurped and used as a prominent ideological vehicle in the Afrikaner's ensuing battle for political *hegemony* (c. 1890-1948)" (1987: 239). [My kursivering.]

Willemse baken hier 'n tydperk af waartydens Afrikanerhegemonie gevorm en tot volledigheid gekom het. Dié afbakening kan uitgebrei én fyner verdeel word om die drie fases van hegemonievorming (met die dominansie-fase as vierde fase) te illustreer. Hier word dit weer eens beklemtoon dat Gramsci dié model op die opkoms van die kapitalisme van toepassing gemaak het, met die implisiete vooronderstelling dat die "werkernasie" dié hegemonie met 'n teenhegemonie sal omverwerp. Die model word dus uiteengesit, met die klem op die rol van taal daarin, maar met die wete dat dit altyd die gevaar sal loop om veralgemenend en gebreklig te wees, en dat die grense tussen die fases altyd debatteerbaar is.

#### Fase 1

Tydens hierdie elementêre fase is die lede van 'n groep of klas bewus van gedeelde belang en die nodigheid om te organiseer, maar hulle is nog nie werklik bewus van die nodigheid om met ander groepe in dieselfde klas te assosieer nie.

Hierdie fase kan in verband gebring word met die roeringe van nasionalisme onder "Afrikaners" in die sewentigerjare van die vorige eeu tot en met ongeveer die begin van die "tradisionele" Tweede Taalbeweging (sien 2.5.1). Dié tydperk toon wel die eerste tekens van politieke kohesie, maar daar is reeds duidelike saambindende faktore in die siviele samelewing, soos byvoorbeeld die taalkundige en letterkundige bedrywighede van die Eerste Taalbeweging.

Alhoewel daar geredeneer kan word dat dié fase tot die tydperk van die Groot Trek uitgebrei kan word, dui historiese gegewens aan dat die tydperk voor die 1870's gekenmerk word deur klein groepies wat basies nog nie so 'n mate van

solidariteit of groepskohesie gehad het dat hulle aksies as die werklike begin van 'n Afrikanerhegemonie beskou kan word nie (vgl. Van Jaarsveld 1964: 34-36).

Roberge ondersteun hierdie siening wanneer hy skryf:

"Afrikaner group consciousness and solidarity find their origin in the 1870s. Prior to that, Afrikaners merely existed as a community with their own areas of residence and vernacular. Afrikaners in the Boer republics, whose forebears had participated in the Great Trek ... had some sense of solidarity and common cause. But such sentiments were demonstrably republican rather than nationally minded. Afrikaans speaking whites in the Cape Colony were isolated in the rural districts and had virtually no sense of identity. Binding elements were lacking; there was a discernable drift toward Anglicization and assimilation with the English stream" (1992: 46).

Roberge skryf voorts die volgende oor die ontwaking van 'n groepsgevoel onder Afrikaners:

"British pressure on the Orange Free State (1868) and the annexation of the Transvaal (1877), as also the war of independence in the Transvaal (1880-81), aroused sympathy among Cape Afrikaners for their brethren in the north. Awareness of a *common language*, homeland, history, and origin fostered not only group solidarity against British imperialism but an inchoate sense of ethnic identity" (1992: 32, my kursivering).

Tydens die "Eerste Taalbeweging" is daar verskeie voorbeeldte sien van bewusmaking, veral ten opsigte van taal en geskiedenis (sien 2.5.1), maar dié beweging was geografies geïsoleer, en die destydse Afrikaanse taalgemeenskap (hier beskou as "klas") was beslis nog nie as eenheid saamgesnoer nie.

## Fase 2

Tydens hierdie meer gevorderde fase is die bewuswording van die gemeenskaplike belang van al die lede van die opkomende klas ter sprake, alhoewel dié bewuswording, volgens Gramsci (vgl. Simon 1991: 31) hoofsaaklik op ekonomiese gebied is. Die kwessie van staatvorming kom tydens hierdie fase ter sprake, maar meer ten opsigte van die verkryging van wetlike en politieke gelykheid

met die heersende groep.

In die tydperk vanaf 1902 tot 1948 - tydens die Tweede Taalbeweging, ná die Tweede Vryheidsoorlog en veral ná Uniewording in 1910 - was politieke bemagtiging 'n besliste moontlikheid vir die Afrikaner. Verskeie aksies ten opsigte van Afrikaans en Afrikanernasionalisme is vanuit die siviele samelewing (en, dikwels ook vanuit die politieke samelewing) geloods om bemagtiging te bewerk: die standaardisering van Afrikaans, die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1909), die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreeëls* (1917), die ampstaalwording van Afrikaans (1925) en die korpus- en statusbeplanningsaksies vir die taal (vgl. o.m. Morris 1985 hieroor). Op ekonomiese gebied word Afrikanerhegemonie versterk deur die stigting van onder meer Nasionale Pers in 1915, Sanlam en Santam in 1918, Volkskas in 1931 en Federale Volksbeleggings Beperk in 1939 (vgl. Steyn 1980: 200 e.v.).

Op kulturele gebied groei talle taal- en kultuurorganisasies onder die vaandel van die ATKV en FAK (vgl. Steyn 1980: 217 e.v.).

In 1924 behaal die Nasionale Party (in 'n pakt met die Arbeidersparty) 'n oorwinning. Die NP smelt wel in 1933 saam met die SAP, wat tot 'n politieke skeuring in die wit Afrikaanse taalgemeenskap lei, maar simbolies word die Afrikaner tydens gebeurtenisse soos die Ossewatrek van 1938 tot 'n kulturele eenheid saamgesnoer. Steyn se fases van Afrikanernasionalisme word gelys in 2.3.2 en meer besonderhede oor die tweede fase van Afrikanerhegemonie sal in Steyn (1980 en 1986a) gevind word; hier word slegs enkele aspekte vermeld.

Die tweede fase kan dus afgebaken word as strekkende tot voor die oorwinning van die Nasionale Party in 1948.

### Fase 3

Die derde fase is, volgens Gramsci (vgl. Simon 1991: 31) dié van **hegemonie** en dus die "suiwerste politieke fase", waartydens ideologieë in konflik staan totdat een, of 'n kombinasie van 'n paar, die oorhand kry. Eenheid word verkry ten opsigte van ekonomiese, politieke, intellektuele en morele doelwitte en verskeie groepe word ondergeskik gestel aan dié doelwitte (Simon 1991: 31).

Die ideologie waarop die NP-oorwinning van 1948 gebou is, was natuurlik apartheid. Dit was nie 'n eksplisietgestelde **taalapartheid** nie, maar met die deurvoering van apartheidswetgewing deur die ideologiese staatsapparatuur (vgl. Fowler 1985: 67-68) in veral die vyftiger- en sestigerjare, het apartheid wel al hoe meer en meer deurgesuur na taal- en kultuurbeskouings oor Afrikaans, soos later aangetoon word in hierdie hoofstuk. (Vgl. o.m. Du Buisson 1959 oor die "Wonder van Afrikaans" en Esterhuyse 1986 en 1987 vir meer besonderhede oor "taalapartheid".)

Veralgemenend kan dit gestel word dat die tydperk vanaf 1948 tot 1976 die derde en vierde fases (die bereiking van kultureel-politieke eenheid - vir sover dit moontlik was - en die uitbreidende dominansie oor ander groepe) van Afrikanerhegemonie verteenwoordig. Kleiner politieke en taalgroepe is ondergeskik gestel aan Afrikanernasionalistiese belang\* en die wit Afrikaanse taalgemeenskap, alhoewel polities verdeel in die NP, SAP en later die HNP, het sy "hegemoniese hoogtepunt" bereik.

\*Vergelyk in hierdie verband Beukes (1993: 67 e.v.) oor "linguisisme" ('n selfverheerliking van die dominante groep in die samelewing en 'n idealisering

Soos later in die hoofstuk bespreek word, was die 1976-opstande teen Afrikaans een van die grootste bevraagtekenings van Afrikanerhegemonie. In die tagtigerjare het die opkoms van 'n alternatiewe of **teenhegemonie** al hoe duideliker geword; hierdie aspek word in hoofstukke 3 en 4 behandel.

Vervolgens word 'n aantal temas, naamlik Afrikaans en Afrikanernasionalisme, die geskiedskrywing van Afrikaans en die Afrikaanse taalbewegings, temas wat terloops in die bestaande indeling ter sprake gekom het, uitvoeriger behandel. Deurentyd word sekere "momente" geknoop aan die vermelde hegemoniese fases.

Dit sal duidelik word dat daar telkens twee strominge te sien is in die omskrywing van die verskillende temas: een (merendeels etnosentriese en albosentriese) siening wat klem lê op byvoorbeeld die "ontstaanswonder" van Afrikaans en die rol van "taalhelde" in die vorming van Afrikaans. Dié siening word dikwels beïnvloed deur die politieke oortuigings van die navorsers of is impressionisties ten opsigte van die werkswyse wat gevolg word. Daarteenoor is daar 'n breër, omvatter en "alternatiewe" perspektief of stroming, 'n perspektief wat egter ook met nuwe mites werk en opvallend beïnvloed word deur politieke agendas, soos later duidelik sal word.

van dié groep se (vermeende) superieure taal en waardes wat gedomineerde groepe se taal en kultuur noodwendig stigmatiseer) as 'n integrerende deel van die hegemoniese struktuur. Vergelyk ook Beukes oor die "hegemonie van die amptelike tale" en die ontmachtiging van die Afrikataalsprekers (1993: 132-146).

## 2.3 Afrikanernasionalisme en Afrikaans

### 2.3.1 Inleidend

Navorsers soos onder meer Dunjwa-Blajberg (1980), Steyn (1980, 1986a, 1986b, 1987a en 1987b) en Du Plessis (1986, 1987b en 1987c) het reeds uitvoerige verbande aangetoon tussen Afrikanernasionalisme en die opkoms van (Standaard)afrikaans.

Steyn (1987a: 13-24) definieer byvoorbeeld *etniese nasionalisme*, die bronne en doelstellings van *Afrikanernasionalisme* en variante van Afrikanernasionalisme. Hy gee 'n oorsig van die wyses waarop Afrikaans in die politiek "beland" het en behandel dan 'n aantal fases in die "politiseringsgeskiedenis" van Afrikaans, 'n tema wat hy ook in Steyn (1986a) behandel, met die klem op die dertigerjare van hierdie eeu.

Die vraag wat dadelik hier opduik, is: Wat is die konseptuele inhoud van hierdie Afrikanernasionalisme en watter soort aksieprogram onderlê dit?

Steyn se definisie van etniese nasionalisme lui soos volg:

"Etniese nasionalisme is 'n geestestoestand waarvan die vernaamste kenmerke die volgende is: (1) getrouheid aan die volk, geloof aan 'n gemeenskaplike verlede en hoop op nasionale voortbestaan, (2) bewustheid van sommige identiteitskenmerke, veral dié wat bedreig word, en (3) 'n bewustheid van die belang van die volk en die bedreigings daarvan. Hierdie getrouheid en bewustheid kan so sterk word dat dit lei tot (1) die formulering van 'n ideologie ... en (2) georganiseerde optrede of 'n 'beweging'. So 'n beweging het die volgende oogmerke: (1) die stoflike en geestelike opheffing van die volk; (2) die behoud en beskerming van die identiteit; (3) die ontplooiing van 'n kultuur met behoud van die volkseie; en (4) soms ook die verkryging van selfregering, onafhanklikheid of 'n eie staat" (1987a: 13).

Steyn lys die volgende spesifieke doelstellings van Afrikanernasionalisme:

- (a) (i) die erkenning van Afrikaans, aanvanklik Nederlands, as ampstaal en (ii) die toepassing van die erkende regte;
- (b) die ekonomiese en sosiale opheffing van minderbevoordele; en, in samehang hiermee,
- (c) die bevordering van die ekonomiese selfstandigheid van Suid-Afrika;
- (d) die bevordering van groter staatkundige onafhanklikheid van Brittanje;
- (e) die strewe na 'n republikeinse staatsvorm;
- (f) die vervanging van Britse deur Suid-Afrikaanse simbole (1987a: 16).

### **2.3.2 Fases in die geskiedenis van Afrikanernasionalisme**

Die bereiking van die bovenoemde doelstellings, veral dié wat met Afrikaans gemoeid is, soos (a) en (f), sluit direk aan by die tweede en derde fases van Afrikanerhegemonievorming en word derhalwe volledig vermeld.

Steyn (1986a: 14) noem dat die politisering van Afrikaans reeds in die negentiende eeu begin het met onder meer die anti-Afrikanerpropaganda wat by bruin en swart kiesers gemaak is om hul stemme te werf, by die posisie van Nederlands in die Zuid-Afrikaansche Republiek, en met die Tweede Vryheidsoorlog. Hy onderskei voorts vyf fases in die twintigste-eeuse politiseringsproses (met die implisiete aanname deurentyd dat Afrikanernasionalisme die sterkste stu- en drakrag van Afrikaans is):

- (1) 1902-1924 (die einde van die Tweede Vryheidsoorlog en die bewindsoorname van die Paktregering; (2) 1924-1933; (3) 1933-1939 (die sluiting van 'n koalisie tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party en die bewindsoorname deur Smuts); (4) 1939-1948; en (5) 1948 en daarna

(bewindsoorname deur die NP-regering van D.F. Malan).

Hierdie kategorisering brei Steyn (1987b: 78-96) soos volg uit met meer spesifieke omskrywings van die talige neerslag in sommige van hierdie fases (die subtitels word ook aangehaal):

- a) "Voor 1870: Op pad na ondergang?"
- b) "Omstreeks 1870-1899: Die redding van Afrikaans". Hier lys Steyn die aksies van die GRA en die Afrikanerbond en die sterk opkoms van taalbewustheid onder Afrikaanssprekendes (vgl. in dié verband 2.5.2 en Du Plessis 1986: 15 se omskrywing van die "Oosgrensbeweging" as 'n taalpolitieke beweging).
- c) "1899-1907: In die laaste loopgraaf". Hier word reaksies teen die verengelsingsbeleid en die opkoms van CNO-skole behandel.
- d) "Omstreeks 1907-1924: Versoening en stryd". Steyn behandel hier Botha se konsiliariebeleid, die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, die verhoogde nasionalisme rondom die stigting van die NP en die Rebellie.
- e) "1924-1933: Vooruitgang en verwydering". Hier word die ampstaalerkenning van Afrikaans, die opbloei in Afrikanernasionalisme en die groei van die sg. "Derde Beweging" (wat literêr van aard was) behandel.
- f) "1933-1939: Nuwe teenkragte". Hier kom onder meer die koalisie tussen Hertzog en Smuts, die simboliese ossewatrek van 1938 en die komende botsing tussen Afrikaner- en swart nasionalisme ter sprake.
- g) "1939-1948: Anti-nasionaal en anti-Afrikaans". In hierdie afdeling behandel Steyn die stryd om die behoud van enkelmedium-moedertaalskole en weerstand van die NP en die Afrikaanse kerke teen die "denasionaliseringspoging" van die Smuts-regering.
- h) "1948 - tagtigerjare: Die NP-bewind". Hier word positiewe en negatiewe aspekte van die NP-regering behandel. Positiewe aspekte, volgens Steyn, sluit in moedertaalonderwys vir die Afrikatale en die ampstaalerkenning van sekere

Afrikatale in die "onafhanklike state". Hy lys wel van die apartheidswette wat ingestel is, en skryf:

"Die oogmerke van Afrikanernasionalisme was dié van 'n verdedigende nasionalisme - in dié geval teen 'n dreigende verlies van vryheid en rasse-, asook moontlik taalidentiteit indien rasse-integrasie sou voortduur. Die middele wat gebruik is, het egter aan dié van 'n verowerende *nasionalisme* gegrens" [my kursivering] en, n.a.v. die 1976-opstande:

"Afrikaans moes ... ly onder 'n identiteitstrewe wat ander eise gestel het as die verlange na taalbehoud. Om die taal te versterk, was dit nodig om 'n aantrekkingskrag vir ander groepe te ontwikkel, maar die maatreëls wat vir die behoud van rasse-identiteit nodig geag is, en eintlik die hele Afrikaanse opvatting oor rasse-integrasie wat dit ten grondslag gelê het, het hierdie aantrekkingskrag verswak. Vir die strewe om blank te bly, moes die Afrikaner 'n prys betaal" (1987b: 93). (Oor hierdie aspek word daar breedvoeriger ingegaan in 2.6 en hoofstuk 3.)

i) "Sedert begin tagtigerjare: 'n Krisis vir Afrikanernasionalisme". Steyn noem onder hierdie afdeling die geleidelike aftakeling van apartheid en die verwatering van Afrikanernasionalisme. Hy beskou dit as 'n fase van geleidelike verswakking van die posisie van Afrikaans.

Hier is doelbewus 'n kursoriële oorsig en indeling van historiese momente ten opsigte van Afrikanernasionalisme en Afrikaans gegee, om veral die tweede, derde en dominansiefases van die hegemoniemodel, soos uiteengesit in 2.2, in te klee.

Daar bestaan uitvoerige (historiese) bronne oor elk van die gemelde fases. Zietsman (1992) gaan byvoorbeeld met fyn historiese noukeurigheid in op aspekte soos die taalstryd in die naoorlogse Kaapkolonie, verskeie organisasies se rolle in dié stryd, die taalstryd binne onderwysverband en die onderlinge spanning tussen Nederlands en Afrikaans aan die begin van die eeu. Van die uitbouingsaksies - soos korpusbeplanning en die totstandkoming van verskeie woordeboeke - wat terloops vermeld is, word uitvoeriger behandel deur byvoorbeeld Morris (1985).

Die uitbouingsaksies is ook beïnvloed deur Afrikanernasionalistiese belang. Esterhuyse (1986) ondersoek byvoorbeeld die lemmas *Kleurling* en *Boer/boer* in die *HAT* en meer dat, wat die inskrywings onder dié twee woorde betref, dit duidelik is dat die woordeboekmakers volkome binne die apartheidsparadigma (d.w.s. binne die derde en vierde fases van Afrikanerhegemonie en binne die konteks van Afrikanernasionalisme) werk. Hy skryf voorts dat Afrikaans gemanipuleer word om 'n gewenste werklikheid linguisties te vergestalt en (sekere) sosiopolitieke strukture te bestendig en uit te bou (1986: 40).

Beukes (1993: 67) se reeds vermelde kommentaar oor linguisisme en haar koppeling van vertaling met Afrikanernasionalisme kan ook in hierdie konteks vermeld word. Sy behandel byvoorbeeld vertaling as "agent van Afrikanernasionalisme" (1993: 170-173) en beskryf die verheerlike siening van staatsdiensvertalers en die Bybelvertalers as "taalhelde" (1993: 184-186).

Die bysleep van partypolitieke agendas deur Afrikaanse kultuurliggame om "anderskleurige" Afrikaanssprekendes uit te sluit (vgl. afdelings 2.4 en 2.5), is 'n verdere voorbeeld van die doelbewuste politisering van Afrikaans.

Daarby dui verskeie uitsprake van Afrikanerpolitici en kulturele leiers, veral in hierdie eeu (vgl. o.m. Postma 1912, Haarhoff en Van den Heever 1934, Venter 1959, die uitsprake oor die "wonder" van Afrikaans in 2.4.1 en die rubriekskrywer "Gawie" in *Die Afrikaner* 1986) op bewuste, dikwels partypolitieke pogings om Afrikaans polities te verbind met die wit Afrikaanssprekende taalgemeenskap. Ná 1948, met die deurvoering van 'n verskeidenheid apartheidswette, word Afrikaans verder verpolitiseer en as verdelende instrument gebruik in die dominerende fase van Afrikanerhegemonie. Tydens hierdie fase word Afrikaans veral deur "anderskleuriges" ervaar as die

taal van die wet, van die polisie, van die apartheidstaat (vgl. Willemse 1987).

In hoofstuk 1 is Steyn se tipes taalpolitisering vermeld (vgl. 1.3.2). Steyn (1986a: 13) skryf voorts:

"Een van die moeilikste probleme in 'n studie van taalpolitisering in Suid-Afrika is om die grens te bepaal tussen taal en politiek, of beter gesê, taalpolitiek en partypolitiek met implikasies vir taal. Wat in een situasie bloot 'n uiting van taalgetrouwheid is, is in ander historiese omstandighede miskien politiek."

Steyn se stelling blyk steeds baie geldig te wees. Dit sal relatief van navorser tot navorser (en sy/haar politieke standpuntinname) afhang watter fases in die samehang tussen Afrikaans en Afrikanernasionalisme as doelbewuste, openlike en geregverdigte of onbewuste politisering van Afrikaans beskou gaan word.

## **2.4 Die eksterne geskiedenis van Afrikaans**

### **2.4.1 Mitevorming en standaardwerke oor Afrikaans**

Een van die werktuie van die vestiging van 'n hegemonie is miteskepping. In sy artikel "Afrikaans and the ontogenetic myth" (1992) skryf Roberge die volgende:

"... Afrikaner society - like any society - has a stock of mythic political theses that are appealed to in order to explain or justify practical affairs and .. these theses can significantly influence political discourse" en:

"... linguistically naïve Afrikaners have held a mythic view of the origin and elaboration of their language - a view that politicians over the decades have sought to evoke and reinforce" (1992: 31).

Roberge gee 'n bondige oorsig van sienings oor die eksterne geskiedenis van Afrikaans, beskou teen die agtergrond van die streve van Afrikaners na politieke selfbeskikking. Voorts definieer hy 'n "taalmite" as "a narrative account told about the history of a language" (1992: 37) en beskryf die taalmite wat met Afrikaans geassosieer word as 'n "ontogenetiese mite", "a creation story that equates language genesis with ethnogenesis" (1992: 38).

Die mite van die simbiose van Afrikaans en die wit Afrikaner is verder versterk deur die stigmatisering van die Afrikaans van ander (spesifiek "nieblanke") Afrikaanse taalgemeenskappe en/of hulle bydrae tot die wording van Afrikaans - vergelyk onder meer Cluver (1990: 14) hieroor.

Esterhuyse (1986: 29) noem in hierdie verband voorbeeld van stigmatisering van "gekleurdes" se taal in vroeë geskrifte oor die Afrikaanse ontstaansgeskiedenis en skryf:

"Daarmee gepaardgaande is die mite gevestig dat Afrikaans die somtotaal is van 'n *suiwer* taalevolusie, gebaseer op die karakteristieke spraakpatrone van Hollandse koloniste en geïnisieer deur dié groep."

Roberge bring ook 'n "taalmite" in verband met 'n "politieke mite", laasgenoemde definieerbaar as

"... [a myth] that tells a story about how a political society existed or was created in the past and must now be restored or preserved. In other cases it concerns a political society destined to be created in the future" (1992: 37; vgl. ook Edelman 1971: 15-16 oor politieke mites).

Roberge meld:

"A language myth is explanatory to the extent that it offers simple answers to such fundamental questions as 'Who are we?' and 'Where did we come from?' In so doing it helps explain a group's present experience and reinforces its sense of historicity. A language myth may serve more narrowly pragmatic purposes, such as the legitimization of a language's position in the social order or provision of arguments for its promotion, restoration, or maintenance in public life ... In essential respects a language myth is similar to a

political myth, and the difference is arguably analytical. Both reaffirm a group's place in the present political society or validate its vision of the future" (1992: 46).

Roberge se kritiek en argumente teen die "albosentriese" en "etnosentriese" sienings oor die ontstaan en "wonder" van Afrikaans is maar een van vele soortgelykes wat die afgelope twee dekades verskyn het. Al hierdie standpunte moet gespieël word teen dié van ouer navorsers oor die herkoms van Afrikaans.

Van die vroegste teoretiese werke oor die geskiedenis van Afrikaans, is Hesseling se *Het Afrikaans* (1923), waarin die sogenaamde "Maleis-Portugeesteorie" (binne die konteks van 'n talebotsingsteorie) uitgebou word. Bosman verkondig weer die "Vreemdelinge-Nederlandsteorie" in *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923), waarin hy Hesseling direk teenstaan. Hy skryf die ontstaan van Afrikaans veral toe aan die spontane ontwikkeling van Nederlands en die invloed van die "geadapteerde Nederlands van vreemdelinge" (1923: 40). Nienaber ondersteun Bosman in 'n mate in *Oor die Afrikaanse taal* (1934).

Louw argumenteer in *Dialekvermenging en taalontwikkeling* (1948) onder meer dat indien dialekvermenging 'n belangrike rol gespeel het in die ontstaan van Afrikaans, moes Afrikaans, wat sy wesenskenmerke betref, ontstaan het in 'n beperkte gebied rondom Kaapstad. Kloekie probeer om die stamland van Afrikaans vas te stel en gaan Hoogduitse en Nederduitse invloed op Afrikaans na in *Herkomst en groei van het Afrikaans* (1950). Verdere belangrike dialektologiese bydraes tot sienings oor die ontstaan van Afrikaans is Scholtz se *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* (1972) en *Wording en ontwikkeling van Afrikaans* (1980) en Raidt se *Afrikaans en sy Europese verlede* (1976) en *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans* (1983). Ponelis (1993) gee ook 'n omvattende oorsig oor die ontstaan van Afrikaans.

Terwyl die bogenoemde navorsers meestal streng histories en met 'n dialektologiese onderbou hulle onderskeie standpunte motiveer, (met min of geen klem op sosio-politieke faktore nie), het daar, veral op die buite-linguistiese en kultuurpolitiese gebied, verskeie mitologiseringsaksies plaasgevind wat Afrikaans gaandeweg simbolies verbind het met wit Afrikanermag. Dié aksies was daarop gemik om "wit volkseenheid" hegter te bewerkstellig deur middel van Afrikaans. In dié proses is mites rondom Afrikaans gebou, byvoorbeeld dat dit 'n "witmanstaal" is en dat die Afrikaners in Afrika geplaas is met Afrikaans om "beskawing" in Afrika te versprei. Afrikanergeskiedenis, vroeë Afrikaans en Calvinisme is saamgesmelt om hierdie mites te vorm en te versterk (vgl. Roberge 1992: 38).

Langenhoven se bekende stelling dat Afrikaans die enigste "witmenstaal" is wat nie van oorsee af ingevoer is nie, maar hier ontstaan het (vgl. Steyn 1980: 276), die vieringe van "Afrikaans se prestasies" deur instansies soos die FAK en ATKV (vgl. veral Van Zyl 1990 oor die taalpolitiek van 'n aantal Afrikaanse kultuurliggange), die beroep op "taalhelde" (vgl. Nienaber 1964), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se "Wonder van Afrikaans"-feesvieringe van 1959 (vgl. Roberge 1992: 32), die taalfeeste van 1975 en die daarmee gepaardgaande publikasies (vgl. o.m. Kok et al. 1974), is maar enkele voorbeeld van verheerlikende miteskeppingsaksies wat rondom die "wonder" van Afrikaans aan die gang was.

Nienaber (1959: 3-4) sonder byvoorbeeld drie "wonders" uit: die ontstaanswonder, die opgang van Afrikaans van "kombuistaal" tot medium van onderrig en kultuur en die opbloei van die Afrikaanse letterkunde ná die Tweede Vryheidsoorlog.

Die hiperpuristiese taalhandhawingsaksies van die sestigerjare en verskeie uitsprake van Afrikanerpolitici oor die status van Afrikaans (vgl. Steyn 1980: 243-247) kan ook hier vermeld word as voorbeeld van oormatige taalnasionalistiese uitings om (taal)politieke dominansie simbolies te bevestig. Dié aksies en stellings vorm duidelik deel van die derde hegemoniese fase van Afrikanernasionalisme.

#### **2.4.2 Kritiek op die ontogenetiese mite**

Voorlopige kritiek teen die bogemelde sienings (vgl. ook die kommentaar van Franken 1953, Scholtz 1959 en Le Roux 1959 in 2.4.3) is byvoorbeeld dié van Steyn (vgl. 1980: hoofstuk 3) wat daarop wys dat daar nie sprake van "wonders" ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaans was nie - sy ontwikkeling is soortgelyk aan die ontwikkeling van baie ander tale.

In 1966 verskyn Valkhoff, 'n volgeling van Hesseling, se *Studies in Portuguese and Creole*, waarin aandag geskenk word aan die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en waarin onder meer die volgende stelling gemaak word: "... Cape Dutch is most likely to have undergone a process of partial creolization in the mouths of both the Coloureds and the Whites ..." (1966: x). Die beweging na 'n kreoolse en deels sosiolinguistiese beskouing is belangrik in dié werk.

Van der Merwe (1967a en 1967b) se reeds bekende heftige reaksie teen Valkhoff (1966 en 1967) was deels taalkundig, maar meer polities geïnspireer; implisiet was "kreools" vir hom sinonimies met "anderskleurig". Hy skryf onder meer die volgende oor die ontstaan van Afrikaans:

"My slotsom is dus: Afrikaans het nie eensklaps aan die Kaap ontstaan nie, maar die ontstaan moet gesien word as 'n voortsetting van 'n taalneiging van die 16de en 17de eeu - die ontstaan is voorafgegaan deur 'n baie lang aanloop. Afrikaans het dus reeds in die 16de eeu sy begin gehad, maar sy eintlike

beslag wat die huidige vorm betref, het tussen 1656 en 1658 plaasgevind, dus lank voordat vreemde nie-Nederlandse invloed daarop kon inwerk. In oorsprong en ontwikkeling is Afrikaans dus net so suiwer as Nederlands en dit gaan terug op dieselfde stam" (1970: 65-66, my kursivering).

Nuwe perspektiewe wat deur die ontwikkeling van die sosiolinguistiek, taalsosiologie en taalkontakstudie moontlik gemaak is, het nuwe besinnings oor die ontstaan van Afrikaans gebring - vgl. Van Rensburg se stelling, wat elemente bevat van sowel 'n voortsettingsteorie as 'n spontane-ontwikkelingsteorie:

"Nederlands het nl. nie verander tot Afrikaans nie. Die nie-standaardvorme van Nederlands wat saam met die 'standaardvorm' van Nederlands al op Van Riebeeck se skippies gebruik is, het die standaardvorm in Suid-Afrika met die verloop van tyd vervang ... Getuienis uit die Afrikaanse taalgeskiedenis dui daarop dat *taalvervanging (en reëluitbreiding)* die sentrale proses was waardeur Afrikaans Nederlands as standaardtaalvorm in Suid-Afrika vervang het, eerder as wat 'n gekompliseerde proses van taalinterne reëlveranderings hier aan die werk was" (1983: 138-139).

Markey (1982) toon weer aan dat Afrikaans sekere kreoolse kenmerke het, maar dat die taal nie as kreoolse taal getipeer kan word nie, maar eerder as 'n "kreolied". Afrikaans vertoon twee kreoolse merkers, naamlik die afwesigheid van genus en die afwesigheid van naamvalle. Verder vertoon Afrikaans slegs die kreoolse merker ten dele: die onderskeid tussen swak en sterk werkwoorde met die daarmee gepaardgaande vokaalwisseling by die sterk werkwoord het grootliks verval en ten opsigte van die vergelykingskonstruksie toon Afrikaans 'n konstruksie wat byvoorbeeld nie in Nederlands voorkom nie. Vergelyk ook Makhudu (1985) oor hierdie tema.

Alhoewel daar 'n geleidelike klemverskuiwing te sien is in die verskeie studies - van dikwels emosionele redenasies tot sosiolinguisties-gefundeerde beskouings - was die grootste leemte nog altyd die weglatting van "anderskleurige" Afrikaanssprekendes se bydraes tot die ontstaan en

ontwikkeling van Afrikaans. Eers in die sewentiger- en tagtigerjare het dié aspek werklik begin aandag kry en deel begin vorm van 'n alternatiewe hegemonie - ook op talige gebied. Daar word in die volgende afdeling daarop ingegaan.

#### **2.4.3 "Alternatiewe" beskouings oor die ontstaan van Afrikaans**

Die gemelde mitologiseringsaksies van politici en kultuurleiers, wat 'n aspek soos ras - iets wat streng gesproke deel vorm van die sfeer van die "politieke samelewing" - ingesleep het in 'n "siviele samelewingsarena" soos kultuur en die taalkunde, het nie onkrities by bekende taalkundiges verbygegaan nie. Hier moet dit beklemtoon word dat van die uitsprake wat deur politieke en kulturele leiers gemaak is en word, nie noodwendig die mening van die meerderheid - of dit nou die taalgemeenskap, die "volk" of die "nasie" is - verteenwoordig het of steeds verteenwoordig nie.

Franken (1953: 202) gaan byvoorbeeld van die standpunt uit dat prototipiese Afrikaans dié vorm is wat geëvolueer het as die gesproke taal van die kleurlinge. Scholtz (1959: 3) sien geen "wonders" in die strukturele veranderinge wat Afrikaans van Nederlands onderskei nie en Le Roux (1959: 1-4) verwerp ook die siening dat die Afrikaanse letterkunde 'n "wonderwerk" is.

Die felste kritiek teen hierdie taalmites verskyn eers, soos vermeld, in die sewentiger- en tagtigerjare. Navorsers soos February (1976), Dunjwa-Blajberg (1980) en Steyn (1980) belig verskeie skeeftrekkings en gapings in die standaardgeskiedskrywing.

Terwyl February en Dunjwa-Blajberg se argumentasies oor die algemeen baie emosioneel gekleur is - Dunjwa-Blajberg verwys byvoorbeeld deurentyd pejoratief na Afrikaans as die "Burensprache" in haar studie - gaan Steyn baie meer histories-metodologies te werk. Sy sienings oor veral die toekoms van Afrikaans in 'n meertalige bestel is egter beslis nie vry te spreek van kritiek nie; politieke sienings oorheers dikwels sy argumente - vgl. Coetzee (1980) en Roodt (1981) se kritiek op sy werk.

Die felste kritici van die mites rondom dié aspek van Afrikaans is Du Plessis (1987a; vgl. ook 2.5.2 hierna), Van Rensburg (1989b), Alexander (1989) en Davids (1990).

Du Plessis (1986) bevraagteken die tradisionele raamwerk waarbinne die eksterne geskiedenis van Standaardafrikaans beskryf word en stel in 1987 'n "alternatiewe" siening voor, wat hy soos volg verwoord:

"Die algemene doelstelling van 'n alternatiewe siening van die geskiedenis van Afrikaans is om 'n oorsigtelike, maar volledige en sover as moontlik onbevooroordelde perspektief te gee op die totale taalgeskiedenis ... Dit behels dus 'n nie te nasionalistiese en 'n nie te rassistiese benadering; dit behels verder 'n taalkundig gebalanseerde benadering waarin daar kennis geneem word van die Germaanse én Afrikageskiedenis van Afrikaans, en waarin daar onderskei word tussen die geskiedenis van nie-standaard Afrikaans en die geskiedenis van standaard-Afrikaans. Uiteraard sal die geskiedenis van Afrikaans behandel word en nie die geskiedenis van die Afrikaner nie" (1987a: 39-40).

Hierdie stelling van Du Plessis klink uiters idealisties. Die vraag kan gevra word of dit hoegenaamd moontlik is om 'n "onbevooroordelde perspektief" (veral vanuit die konteks van die kritiese linguistiek, waarbinne "objektiwiteit" bevraagteken word) te gee. Wat Du Plessis hier voorstel, blyk uiteindelik slegs 'n raam te wees waardeur hy na die geskiedenis gaan kyk. Dit is weliswaar 'n "alternatiewe" raam wat wel sekere mites oor onder meer die doelwitte van die "taalbewegings" krities bevraagteken (sien ook 2.5.2).

Alexander (1989) gee 'n bondige en kritiese oorsig van taalkontak en taalbeplanning in Suid-Afrika vanuit 'n kolonialistiese en neokolonialistiese perspektief. Hy gee 'n redelik eensydige perspektief op die historiese rol van Afrikaans (wat verstaan kan word binne die konteks van 'n teenhegemonie, vgl. hoofstukke 3 en 4), en maak onder meer die volgende stelling, waarin hy navorsing oor die ontstaan van Afrikaans basies wil negeer:

"There is no need to delve into the complex and irrelevant issue of how Afrikaans arose. Suffice it to say that by the end of the 17th century, most inhabitants of the Cape colony spoke as a *lingua franca* an early form of what came to be Afrikaans. For the children of some slaves, it was probably tending to become the home language. The 'miracle of Afrikaans', about which some Afrikaner nationalist writers waxed so lyrical, was the flower of the lips of the East Indian and African slaves as well as of European free burghers and indigenous Khoisan (i.e., African) people" (1989: 15).

## 2.5 Die Afrikaanse taalbewegings

### 2.5.1 Tradisionele beskouings

Sedert S.J. du Toit se *Geskidenis fan di Afrikaanse Taalbeweging* (1909) het daar verskeie werke verskyn waarin daar van die standpunt af uitgegaan word dat daar basies twee taalbewegings in Afrikaans was, vgl. o.m. P.J. Nienaber (1950), G.S. Nienaber et al. (1962) en Kannemeyer (1974 en 1978). Tradisioneel word die tydperk van die "Eerste Beweging" afgebaken as vanaf 1875 tot ongeveer ná die Anglo-Boereoorlog (1902) en dié van die "Tweede Beweging" as vanaf 1900 tot ongeveer 1925.

Volgens die tradisionele beskouing was die eerste beweging gebou rondom die Genootskap van Regte Afrikaners, met *De Zuid-Afrikaan* en later *Die Afrikaanse Patriot* as hul mondstuk. *Ons Klyntji* verskyn vanaf 1896 en verskeie literêre werke van o.m. F.W. Reitz, C.P. Hoogenhout, J. Lion-Cachet en G.R. von Wielligh word gepubliseer. Taalkundige werke vanuit die beweging is onder meer

*Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* (1876) en die bekende *Patriotwoordeboek* (1906) (vgl. Kannemeyer 1978: 48 e.v.).

Du Plessis (1986: 38) som die standaardsienings rondom die Eerste Beweging soos volg op:

" 'n Tipiese beskrywing van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging akkommodeer die feit dat dié sg. taalbeweging begin as 'n 'godsdiestige beweging', toe ontwikkel in 'n 'suiwer' taalbeweging en uiteindelik politieke dimensies begin aanneem en 'n 'nasionale beweging' word."

Kannemeyer noem egter reeds pertinent dat

"[d]ie Genootskap van Regte Afrikaners tot stand gekom [het] as gevolg van die Afrikaanse nasionale ontwaking in die sewentigerjare. Daarom was dit dan ook nie net 'n suiwer taalgenootskap nie, maar het dit as doel gehad om die Afrikaner se nasionale belange in die algemeen te bevorder" (1978: 51, my kursivering).

Die Tweede Beweging word oor die algemeen verbind met reaksie teen die verengelsingsbeleid van Milner ná die Tweede Vryheidsoorlog, die geskrifte van Preller in *De Volkstem*, die stigting en werksaamhede van die Afrikaanse Taalgenootskap (1905), die Afrikaanse Taalvereniging (1906) en die digters en skrywers van die sogenaamde "eerste geslag". Kannemeyer skryf oor dié beweging:

" ... die Tweede Beweging [was] 'n landsbeweging wat verskillende hooffigure in die onderskeie provinsies gehad het, met verskillende blaasie en verenigings. Ná die Anglo-Boereoorlog is die Afrikaner nie alleen gestel voor die enorme taak om sy land weer materieel op te bou nie, maar om homself ook geestelik weerbaarder te maak. In vergelyking met die Eerste Beweging was dit dus nie slegs die strewe om leesbare rympies te skryf of om die volk op te voed nie, maar om uiting te gee aan die grootste behoeftes en diepste wese van die Afrikanervolk" (1978: 83-84).

Hierdie stelling toon 'n redelike (volkere)psigologistiese en metonimiese benadering tot taal (Afrikaans = die (Afrikaner)volk) en die vraag kan gevra word of die literêre produksie van 'n tyd byvoorbeeld gesien kan word as die

resultaat van een of ander "volkswil".

Ná 1905 word daar deur veral die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG) en die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) om erkenning vir Afrikaans gewerk. Die taal word in 1914 as voertaal vir laerskole erken, van 1917 af al hoe meer in skole gebruik, in 1918 tot universiteitsvak verhef en in 1925 as mede-amptstaal erken (vgl. Kannemeyer 1978: 88-89). In 1909 word die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gestig en die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verskyn in 1917.

Hierdie gebeure kan in verband gebring word met die eerste twee fases van Afrikanerhegemonie, soos uiteengesit in 2.2.

### **2.5.2 "Alternatiewe" siening van die taalbewegings**

Steyn (1980) stel die Afrikaanse taalbewegings teen die agtergrond van taalbewegings oor die hele wêreld en ondermyn hiermee gedeeltelik die mite dat die Afrikaanse taalbewegings uniek was. Hy gee ook die kenmerke en fases van taalstryde en taalbewegings. Webb (in Carstens en Waher 1988: 69) noem ook dat die sosio-kulturele geskiedenis van Afrikaans baie meer en breër is as die geskiedenis van die taalbewegings.

Weer eens is dit egter Du Plessis (1986 en in Carstens en Waher 1988) wat sekere beginsels van Steyn neem en hulle gebruik om gevestigde sienings te ontmitologiseer. Hy noem dat 'n taalbeweging ontstaan onder omstandighede van politieke en/of godsdienstige "onrus", waar 'n bepaalde faksie in 'n gemeenskap bewus raak van die feit dat: (a) die groep waarvan hulle deel is, bepaalde voorregte in die gemeenskap ontsê word, (b) dit moontlik is om

hierdie groep tot daadkragtige optrede aan te spoor, en (c) dat die taal van die gemeenskap, hoewel moontlik nie eenvormig nie, duidelik verskil van die aanvaarde taal van die establishment, en gemanipuleer kan word om hulle tot 'n nasionale of politieke eenheid saam te snoer (1986: 7-8).

Hy gee 'n paar definisies van 'n taalbeweging: " 'n Taalbeweging kan ... (veralgemeenend) omskryf word as 'n beweging ter bevordering van 'n politieke (en/of godsdienstige) ideaal waarby taal baie pertinent as die manipulerende middel gebruik word" (1986: 8) en: " 'n Taalbeweging is 'n politiek- en/of godsdiensgespireerde beweging waar taal baie pertinent as middel tot 'n doel gebruik word" (1986: 14). In 1988 herformuleer hy sy definisie soos volg:

" 'n Taalbeweging is die taalproduk van 'n etnies-nasionale beweging - waar taal gebruik word as instrument tot mobilisering - wat kan manifesteer as en/of 'n literêre en/of 'n taalbeplannings- en/of 'n taalbevorderingsbeweging" (in Carstens en Waher 1988: 14).

Du Plessis argumenteer dan dat daar vyf taalbewegings onderskei kan word:

- 1) Die **Oosgrenstaalbeweging**, wat hy beskou as "die eerste (politiekgespireerde) Afrikaanse taalbeweging" (1986: 15), 'n beweging wat in die 1860's ontstaan het rondom die politieke Afskeidingsbeweging aan die Oosgrens.
- 2) Die **Maleier-Afrikaanse Taalbeweging**, wat Steyn (1980: 136) identifiseer as "[D]ie vroegste poging van godsdienstige aard om Afrikaans as kultuurtaal te gebruik". Dié beweging, rondom 1862 aan die Kaap, het buite 'n politieke dimensie gestaan en het Afrikaans gebruik as middel tot 'n godsdienstige doel, naamlik die bevordering van Islam (vgl. Du Plessis 1986: 34-35).
- 3) Die **Bybelvertalingsbeweging** wat sentreer rondom die gebeure wat te make het met pogings tussen 1872 en 1878 om 'n Afrikaanse Bybel daar te stel. Du Plessis noem hierdie beweging die tweede godsdiensgespireerde Afrikaanse taalbeweging (1986: 39) en merk die volgende op oor die afloop van dié

beweging: "Die middel tot die doel het nou die doel opsigself geword: die Bybelvertalingsbeweging het nou ontwikkel in 'n taalgesentreerde beweging. Propaganda is gerig op Afrikaans self" (1986: 47).

4) Die **Afrikanerbondbeweging**, rondom 1880 (die tweede politiekgeïnspireerde Afrikaanse taalbeweging), wat tradisioneel beskou is as die "politieke fase" van die GRA (Du Plessis 1986: 51). Oor dié beweging skryf Du Plessis: "Dit is dié vooroorlogse taalbeweging waar die 'resep': **taal as middel tot 'n politieke doel**, sekerlik die beste gewerk het, en beslis die skouspelagtigste resultate gelewer het. Afrikaans (weer eens Kaapse Afrikaans) is doelbewus aangewend as die middel tot Afrikanerbondpolitiek" (1986: 52).

5) Die **Naoorlogse Taalbeweging**. Du Plessis kategoriseer dié beweging as gedeeltelike plaasvervanger vir die "tradisionele" Tweede Beweging. Op grond van Kannemeyer (1978: 87-88) se kommentaar oor die verskynsel dat die stryd om die erkenning van Afrikaans meer doelgerig geword het namate die Afrikaner al hoe meer aktief aan die politiek deelgeneem het en Steyn (1980: 226 e.v.) se siening dat die sukses van die tweede beweging nie aan Afrikaans nie, maar aan die sterk nasionale bewussyn wat onder die Afrikaner posgevat het, toegeskryf behoort te word, noem Du Plessis die volgende:

"... die Naoorlogse Taalbeweging, wat tradisioneel die Tweede Afrikaanse Taalbeweging genoem is, [was] nie 'n 'suiwer taalbeweging' nie, maar 'n politiesgeïnspireerde taalbeweging, die derde sodanige Afrikaanse beweging. Hierdie taalbeweging het nie begin by die oprigting van taalorganisasies soos die ATG en ATV nie, maar by die oprigting van die Nasionale Party in 1914" (1986: 72, my kursivering).

Dié taalbeweging lei, volgens Du Plessis (1986: 75) tot die standaardisering van Afrikaans en duur lank na 1925 voort in 'n tydperk waarin onder meer leksikale modernisasie, taalhandhawing, taalpurisme en taalverspreiding plaasvind (1986: 78-79).

Die vyf taalbewegings wat Du Plessis identifiseer val binne die kader van die eerste twee fases van Afrikanerhegemonie; die "Naoorlogse Taalbeweging" - veral indien dit beskou word as durende tot ná 1948 - vorm deel van die derde fase, dié van "suiwer hegemonie".

### **2.5.3 Kritiek op Du Plessis (1986)**

Uit verskeie oorde is kritiek teen Du Plessis se herindeling gelewer - vgl. Du Plessis (1986: 95-102), Steyn (in Carstens en Waher 1988), Raidt (in Carstens en Waher 1988) en Zietsman (1992). Die kritiek wissel van implisiële verontwaardiging oor "versteuring" van aanvaarde geskiedkundige momente, tot letterlike haarklowery oor definisies van "bewegings", tot feitelike besware, veral deur Zietsman (vgl. Zietsman 1992).

Zietsman kritiseer byvoorbeeld Du Plessis se siening van die ATV en ATG as taalorganisasies wat propagandisties opgetree het en bevraagteken die kategorisering van die "Naoorlogse Taalbeweging" soos volg:

"Die Nasionale Party het in 1914 as die politieke gestalte en politieke tuiste van [woelinge oor die Afrikaner se toekoms] verskyn. Die taalfaktor as politieke vraagstuk was toe nie meer so sentraal as in die jare vanaf die Anglo-Boereoorlog tot voor en onmiddellik na Uniewording nie. Daarmee het dit waarskynlik ook deel van sy mobiliserende of manipulerende krag verloor, al is dit nog doelbewus en doeltreffend gebruik. Om egter die oprigting van die Nasionale Party die beginpunt van die 'Naoorlogse/Tweede Taalbeweging' te maak, is slegs moontlik met 'n tonnelvisie wat die geheelkonteks en groot werkingsamehange uit die oog verloor. Of is dit 'n kapstok waaraan 'n gedefinieerde taalbeweging opgehang word?" (1992: 109).

Raidt (in Carstens en Waher 1988: 49) noem ook dat Du Plessis met sy sienings oor die taalbewegings geen primêre navorsing gedoen het en ook eintlik geen nuwe gegewens bring nie. Sy beskryf sy werkswyse as " 'n atomistiese uitlig van die taalbeweging uit die hele organiese proses van taalgeskiedenis" (in Carstens en Waher 1988: 50).

Kritiek sou uiteraard weer op Raidt en Zietsman se vertolkings gelewer kan word en nuwe definisies van taal(politieke) bewegings sou geformuleer kon word, maar dit is nie die doel hier nie. In hoofstuk 3 word die vraag wel gestel in hoeverre "Alternatiewe Afrikaans" as "beweging" of as "taalbeweging" gedefinieer en gekategoriseer kan word, en daar word op van die gemelde argumente en definisies gesteun.

Soos vroeër in die hoofstuk vermeld, wil daar bloot aangetoon word hoe "historiese feite" deurentyd gerelativeer, dikwels ontmitologiseer en geherinterpreteer word, hier natuurlik met betrekking tot Afrikaans en sy taalpolitieke bagasie.

## **2.6 Die politisering van die Afrikaanse taalgemeenskap**

### **2.6.1 'n Historiese blik op die Afrikaanse taalgemeenskap**

Ponelis (1987: 3) gee die volgende bondige definisie van 'n *taalgemeenskap*:

" 'n Taalgemeenskap kan omskryf word as die versameling gebruikers van 'n taal. Onder gebruikers moet verstaan word sowel dié mense wat die taal as eerste taal het as dié wat hom as tweede taal of verkeerstaal gebruik. Die eerstetaalgebruikers vorm die *primêre* en die verkeerstaalgebruikers die *sekondêre taalgemeenskap*."

In die 1980-sensus is die volgende etnies-politiese verdeling van mense met Afrikaans as huistaal gemaak (vgl. Ponelis 1987: 10):

| Blankes   | Bruin mense | Swart mense | Asiërs |
|-----------|-------------|-------------|--------|
| 2 581 080 | 2 251 860   | 77 320      | 15 500 |

Die 50/50-verdeling tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes is opvallend; volgens Schuring (1990) se statistiek is Afrikaans voorts die huistaal van ongeveer 85% van alle kleurlinge.\* Vergelyk ook Webb, Dirven en Kock (1992) oor onder meer die geografiese, demografiese en funksionele verspreiding van Afrikaans.

Dit is te betwyfel of daar ooit sprake was of is van 'n verenigde Afrikaanse taalgemeenskap. Talle voorbeeld sou genoem kon word van politieke handelinge wat 'n wig ingedryf het tussen "wit" en "anderskleurige" Afrikaanssprekendes oor die afgelope twee eeuë.

Tydens die "nedersettings"-fase van Afrikaans (waartydens, volgens Valkhoff 1966 en Belcher 1987 'n vroeë vorm van Afrikaans as lingua franca gebruik sou gewees het) was daar 'n baas-kneg-verhouding tussen blanke koloniste en slawe. Tydens die sewentigerjare van die vorige eeu was daar 'n duidelike opkoms in Afrikanernasionalisme te bespeur - rondom die Afskeidingsbeweging (vgl. Du Plessis 1986) en die Britse anneksasie van Transvaal (vgl. o.m. Steyn 1980: 135 en 139). Hierdie nasionalisme het, soos reeds aangedui, anderskleuriges uitgesluit en "wit" Afrikaanssprekendes tot 'n mate saamgesnoer, ook met behulp en deur middel van 'n taalnasionalisme.

\*Alhoewel die berugte Bevolkingsregistrasiewet reeds ten tyde van die skryf van hierdie proefskrif geskrap is, word daar gebruik gemaak van die ou "kleurkategorieë" ter wille van historiese duidelikheid en omdat, soos in die volgende hoofstukke aangetoon word, die konsep "Alternatiewe Afrikaans" veral vanuit die bruin gemeenskap gekom het.

Die gemelde tradisionele sienings oor die eksterne geskiedenis van Afrikaans en die twee taalbewegings is verdere voorbeeld van 'n eksklusivistiese siening van die Afrikaanse taalgemeenskap - die bydraes van anderskleuriges is byna deur die bank geignoreer en veral bruin Afrikaanssprekendes is voortdurend uit Afrikaanse kultuurorganisasies en hul "rituele" geweer (vgl. Roberge 1992: 33).

Onder die opskrif " 'n Tragiese proses" gee Steyn (1980: 264-283) 'n deeglike uiteenstelling van die geleidelike skeuring in die Afrikaanse taalgemeenskap, veral tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes.

Steyn toon aan hoe daar reeds in die vorige eeu kommer uitgespreek is oor die verwydering tussen wit en bruin gemeenskappe. Hy noem faktore soos die onderwys, die Tweede Vryheidsoorlog en partypolitiek wat as verdelende meganismes tussen wit en bruin gewerk het. Steyn sonder die "kleurvooroordel" uit, wat natuurlik herbevestig en uitgebrei is ná 1948, as die vernaamste verdelende faktor. Ponelis eggo hierdie siening wanneer hy skryf:

"Die politieke begrip kleur is verantwoordelik vir die skerpste nie-talige skeidslyn binne die Afrikaanse taalgemeenskap, naamlik tussen blankes (Afrikaners) en gekleurdes (hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, bruin mense). In die afgelope aantal dekades van apartheidshoogkonjunktuur is hierdie politieke grens sterk gefortifiseer, maar hy het bestaan van die vroegste begin van die Afrikaanse taalgemeenskap" (1987: 4).

Steyn (1980) en Davids (1987) noem wel verskeie pogings wat deur politici aangewend is om 'n mate van eenheid tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes te skep. Van die bekendste voorbeelde is genl. Hertzog en dr. D.F. Malan se toenaderings tot kleurlinggemeenskappe in die twintigerjare, pogings wat tot 'n groot mate sekerlik as partypolitieke winste beskou sal kan word, (vgl. Steyn 1980: 272-273 en Du Pré 1994: 129), en Arshud Gamiet van die Kaaps-Maleise Vereniging se toenaderings tot wit Afrikaanssprekende politici, (vgl.

Davids 1987: 56-57).

Die standaardiseringsproses van Afrikaans, veral ná 1910, kan ook as voorbeeld genoem word van uitsluitingstaalpolitiek. Drie simboliese doelwitte van taalstandaardisering kan oor die algemeen onderskei word; hierdie doelwitte word vermeld en in verband gebring met die wit Afrikaanssprekende taalgemeenskap:

- a) die vereniging van lede van 'n verdeelde taalgemeenskap (Afrikaners is - vir 'n sekere tydperk altans - binne 'n politieke eenheid verenig deur Standaardafrikaans);
- b) die differensiëring van hierdie lede van lede van ander gemeenskappe (Standaardafrikaans het aanvanklik Afrikaners van die kleurlinge en Griekwas onderskei wat ander variëteite van Afrikaans gepraat het en steeds praat);
- c) die toekenning van prestige aan die gemeenskap en die individu wat die standaardvariëteit gebruik (Afrikaners het hulself op gelyke voet met Engels- en Nederlandssprekendes begin beskou); dit vorm deel van die tweede fase van Afrikanerhegemonie (vgl. Cluver 1990: 14).

Cluver skryf ook die volgende met betrekking tot Standaardafrikaans:

"In die geval van die totstandkoming van Standaardafrikaans, was daar 'n duidelike wisselwerking tussen die saamtrek rondom die standaardisering van Afrikaans en faktore soos die skep van 'n politieke magsbasis, die ekonomiese en kulturele opheffing van die Afrikaner en die vestiging van Afrikaans as kerktaal. Die taal het gehelp om groepskohesie te skep, die politiek het weer die taal gedwing om uit te brei om as amptelike taal gebruik te word. Die nuwe amptelike taal het nuwe werkgeleenthede in Afrikaans geskep wat meegehelp het tot die ekonomiese opheffing van die Afrikaner" (1990: 6-7).

Die bruin Afrikaanssprekende is natuurlik oor die algemeen van dié bevoordeling uitgesluit.

Mey (1985: 226) skryf in hierdie verband:

"In general, the use of the elaborated code connotes power and influence (such as is inherent in official environments: public gatherings, the media, and so on): it expresses the 'public' consciousness, as codified by the powerful. The score for this code thus contains yet another manipulative variation on the 'common language' theme, this time executed as the language of the ruling classes ... The 'common language' is supposed to establish an equal footing for all within society. However, in order to be on an equal footing, you have to have a common ground; and that includes, first of all, a truly common language. This is why the elaborated code, either in the sense of a 'complement' or as a 'super-code', is easily unveiled as a fraud when it tries to pose as the 'common language'."

Een van die bekendste gevolge van die standaardisering van Afrikaans is die stigmatisering wat gevvolg het vir sprekers van niestandaardvariëteite, in dié geval veral die kleurlinge (vgl. die reeds vermelde stelling van Esterhuyse 1986: 29 in dié verband).

Ponelis brei soos volg uit oor hierdie stigmatisering:

"In die Afrikaanse taalgemeenskap is die stigmatisering vanuit die standaardtaal gekompliseer deur politieke faktore. Nòg oostelike nòg suidwestelike Afrikaans is die eksklusieve besit van 'n bepaalde bevolkingsgroep: albei dialektes word deur groot getalle sowel blankes as gekleurdes gesproek. Nogtans het die volle laag stigmatisering waardeur suidwestelike Afrikaans getref is ongelukkig die uitwerking gehad dat dié mense wat Kaapse Afrikaans die langste en die konsekwentste bly praat het, naamlik bruin mense, die ergste daardeur getref word: 'n doodnatuurlike reaksie op hierdie stigmatisering is om eerder Engels as gebrandmerkte Afrikaans te gebruik" (1987: 10).

Alhoewel die beweging na verengeling onder bruin Afrikaanssprekendes deur verskeie navorsers ondersoek is - vgl. o.m. Steyn (1980), Scheffer (1983) en Webb et al. (1992) - is dit nie 'n kernpunt van hierdie studie nie. Daar sal in die volgende hoofstukke aangetoon word hoe Afrikaans eerder deur dié gemeenskap gebruik is en word met nuwe politieke doelwitte en 'n ander ideologiese onderbou.

Die deurvoering van 'n verskeidenheid apartheidswette ná 1948 - veral die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet en die skrapping van die kleurlinge van die kieserslys (vgl. Van der Ross 1986 en Du Pré 1994 oor die effekte van dié wette op kleurlinggemeenskappe) - is, soos vermeld, die belangrikste redes vir die vervreemdingsproses tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes. Halfhartige pogings is wel aangewend om die kleurlinge 'n mate van politieke seggenskap te gee deur middel van die "Verteenwoordigende Kleurlingraad" (gestig in 1969) en die sogenaamde "Driekamerparlement" van 1984, maar dié pogings se deursigtigheid het geblyk uit onder meer die lae stempersentasies wat vanuit die bruin gemeenskap vir die organisasies gekom het - vgl. Van der Ross (1986: 356-357).

### **2.6.2 Die 1976-opstande**

In hoofstuk 3 word aandag geskenk aan uiteenlopende houdings van bruin Afrikaanssprekendes jeens "Standaardafrikaans". Die grootste weerstand teen die gebruik van Afrikaans tot op datum het egter uit swart geledere gekom tydens die nou reeds uitvoerig gedokumenteerde Soweto-onluste.

Steyn (1980), Dunjwa-Blajberg (1980), Hirson (1979 en 1981), Van der Ross (1986), Du Pré (1994) en verskeie ander navorsers gee oorsigte van redes vir en beskrywings van dié opstande, wat gemik was teen die regering se besluit dat Afrikaans as onderrigmedium vir sekere vakke in swart hoërskole gebruik moet word.

Hier word weer eens nie gepoog om dokumentasie te herhaal nie. Die omstandighede van die opstande, wat wyer uitgekrag en ook in bruin skole in die Kaap 'n uitwerking gehad het (vgl. Willemse 1987: 237), is bekend. Dit kan

wel hier gestel word dat, soos die geval was met van die taalbewegings waar nie taal nie, maar politiek of godsdiens die dryfveer vir mobilisasie was, dieselfde grotendeels ten opsigte van die Soweto-opstande opgemerk kan word. Die taal - in dié geval Afrikaans - was 'n simbool of metafoor van wit onderdrukking en dié simbool is aangeval uit frustrasie spruitende uit onderliggende sosiopolitieke faktore.

Hieroor skryf Mey (1985: 352):

"In the final perspective, what we're dealing with, strictly speaking, is not linguistic oppression as such, but rather *societal* oppression that manifests itself linguistically. Where the power is, there will oppression be, as well as the language that goes with the oppression."

Willemse skryf ook soos volg oor die destydse siening van Afrikaans deur "anderskleuriges":

"Afrikaans is the language of the riot policeman *sjambokking* students. It is the language of the ill-mannered shop attendant. Afrikaans is the language in which a former minister of police, Jimmy Kruger, said on the death of Black Consciousness activist, Steve Biko: 'Dit laat my koud.' Given this proven legacy of callousness, inhumanity and brutality, *and then certainly not only at the level of language*, is it any wonder that black people demonstrated so forcefully their rejection of apartheid and Afrikaans?" (1987: 240, my kursivering; vgl. ook oor die reaksie teen Afrikaans as reaksie teen die "politiek van die taalmaker, die Afrikaner", Du Plessis 1986: 85).

In hoofstuk 3 word verdeelde houdings van veral bruin Afrikaanssprekendes ná 1976 ondersoek en daar word aangetoon dat die gemelde opstande 'n waterskeiding in verskeie opsigte was vir dié segment van die Afrikaanse taalgemeenskap.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk word daar eerstens 'n tentatiewe hegemoniese raamwerk voorgestel waarbinne die opkoms van Afrikaans geanalyseer kan word. Die

kontakteks of sosiaal-politieke makroteks van die opkoms van Afrikaans en dan, spesifiek, Standaardafrikaans, word beskryf. Daar word vanuit 'n taalsosiologiese perspektief, soos in 1.2 omskryf, te werk gegaan om aspekte soos nasionalisme, magspolitiek en ideologie in verband te bring met die rol van Afrikanernasionalisme, die geskiedskrywing van Afrikaans en die rol van die taalbewegings, stukragte wat Standaardafrikaans en sekere beskouings daaroor help vorm én polities verwring het.

'n Aantal mites wat rondom Afrikaans ontstaan het en beklemtoon is deur kulturele en politieke instansies, word vermeld. Telkens word daar aangedui hoe veral die geskiedskrywing deur groeps-politieke belang beïnvloed is en "alternatiewe" sienings teenoor die standaardopvattingen word gestel.

*Hierdie "alternatiewe" beskouings - ten opsigte van die rol van Afrikanernasionalisme en Afrikaans, die geskiedenis van Afrikaans en die taalbewegings - vorm, soos vermeld, 'n duidelike onderafdeling van 'n groter, oorkoepelende alternatiewe of teenhegemonie wat op politieke gebied al hoe sterker word in die tagtigerjare. Die groei in hierdie hegemonie word in die volgende hoofstuk bespreek.*

Die politisering van die Afrikaanse taalgemeenskap en sy geleidelike skeuring word voorts kursories uiteengesit. Soos in die eerste hoofstuk in die vooruitsig gestel, word daar dus klem gelê op taalverwante sosiale gedrag, wat sekere gevolge vir sosiaalverwante taalgedrag, hier natuurlik met betrekking tot Afrikaans, gehad het.

In die volgende hoofstuk word 'n hegemoniemodel vir die opkoms van "kleurlingpolitiek" voorgestel. Die sosiaal-politieke konteks van

"Alternatiewe Afrikaans" en die politiseringsprosesse en mitologiseringsaksies wat met so 'n "beweging" gepaard behoort te gaan, word ook ontleed.

## HOOFSTUK 3

### TAALPOLITIEK EN "ALTERNATIEWE AFRIKAANS"

#### 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is 'n oorsig gegee van die geleidelike en groterwordende skeuring tussen wit en bruin sprekers in die Afrikaanse taalgemeenskap. Die redes vir dié skeuring, veral ná 1948, toe die ideologie van apartheid en wit Afrikanerhegemonie die dominansie-fases bereik het, is ook behandel. Daar is aangetoon hoe die kleurling-bydrae tot Afrikaans merendeels oor die hoof gesien is deur taal- en kultuurhistorici ten opsigte van die ontstaangeskiedenis van Afrikaans en met betrekking tot die Afrikaanse taalbewegings en die uitbouing van Afrikaans.

In hierdie hoofstuk word die sogenoamde "Alternatiewe Afrikaanse beweging" behandel, 'n "beweging" wat hoofsaaklik gesentreer is in die Wes-Kaap en Kaapse platteland met leiers of segspersone uit die bruin Afrikaanssprekende akademiese, skrywers- en onderwyserskorps. Dié beweging of ideologiese groepering se tydvak kan min of meer afgebaken word vanaf die laat-sewentigerjare, met sy "bloeitydperk" in die middel- en laat-tigtigerjare.

Dit sal in hierdie hoofstuk duidelik word dat "Alternatiewe Afrikaans" sy belangrikste impetus vanuit politieke, godsdienstige, kulturele en opvoedkundige kleurlingorganisasies in die Wes-Kaap kry. Soos reeds vermeld, word die begrip *kleurling* om bepaalde histories-kontekstuele redes gebruik, al verwerp navorsers soos Van de Rhee (1983) en Du Pré (1994: vii) dié benaming.

In die onderstaande word daar eerstens 'n kort hegemoniese indeling van kleurlingpolitiek gemaak. Vervolgens word 'n aantal ideologiese groeperings rondom Afrikaans in die laat-sewentiger- en vroeë tagtigerjare behandel en daar word aangetoon hoe die konsep "Alternatiewe Afrikaans" ontstaan vanuit die sogenaamde "progressiewe groepering". Die politieke konteks van die tagtigerjare word kursories bespreek, veral die totstandkoming van die "driekamerparlement", die stigting van die United Democratic Front en die opkoms van "People's Education", 'n ontwikkeling wat nou gemoeid is met "Alternatiewe Afrikaans".

Die konsep "Alternatiewe Afrikaans" word dan ontleed. Daar word gekyk na definisies, "agendas" en die taalpolitiek van die "beweging", en die bydraes van 'n aantal (merendeels bruin) Afrikaanse akademici en skrywers tot hierdie beweging word kortliks behandel.

Die vraag word ten slotte gestel of "Alternatiewe Afrikaans" as "taalbeweging" beskou kan word al dan nie en hierdie "beweging" word ontleed binne die groei van 'n alternatiewe of "teenhegemonie".

### **3.2 Kleurlingpolitiek tot 1976: 'n hegemoniese beskouing**

Van der Ross (1986) en Du Pré (1994) gee in hulle onderskeie werke deeglike uiteenstellings van die geskiedenis van die kleurlinge, hul onderdrukking deur verskeie regerings - hoe hulle stelselmatig van hulle regte gestroop is, veral in die twintigste eeu - en hul rol in en deelname aan verskeie politieke organisasies, parlementêr en buiteparlementêr. Nie een van die twee outeurs gaan in besonderhede in op die kwessie van Afrikaans binne kleurling-gemeenskappe nie. Die 1976-opstande word wel kortliks behandel deur beide.

Van der Ross (1986) se uiteensettings is objektief, met min emosionele retoriek. Hy werk sistematies en dui deur middel van verskeie statistiese gegewens aan hoe die kleurlinge benadeel is deur die ideologie van apartheid. Du Pré (1994) se toonaard is, daarteenoor, redelik emosioneel gekleurde. Sy uitvoerige beskrywings van die effek van elk van die apartheidswette op kleurlinggemeenskappe kan sekerlik nie betwissel word nie, maar sy uitsprake, byvoorbeeld oor die toekoms van die kleurlinge, toon dikwels 'n siniese ondertoon met melodramatiese effekte.

Small (1994: B3) skryf waarderend oor Du Pré se werk, maar beskuldig hom wel van wilde veralgemenings en 'n mate van naïwiteit in die omgaan met sy stof en oor sy siening dat die kleurlinge basies niks aan hulle eie ekonomies-politieke situasie gedoen het tydens die tydperk van apartheid nie. Nieteenstaande Small se kritiek, bied Du Pré se werk wel waardevolle insigte oor die gevolge van apartheidswetgewing ten opsigte van die kleurlinge, veral wanneer hy die mite weerlê dat die kleurlinge nie so erg onder dié wetgewing gely het as die swart mense nie.

Du Pré (1994: vii-viii) gee die volgende bondige samevatting van die onderdrukking van die kleurlinge:

"The history of race relations in this country reveals that successive governments hounded and segregated 'people of colour' and systematically deprived them of their rights as citizens of this country. Coloured people have been on the receiving end of Afrikaner racism, English hypocrisy, National Party immorality and government brutality for as long as anyone can remember. During the 20th century, they were stripped of their political rights, formed into a nation against their will, deprived of their privileges in violation of the constitution and legislated into oblivion simply because they were 'different'. Yet, during all of this, hardly a word of complaint or protest came from them. There were isolated protests in the 1940s and the odd complaint when they lost the vote in the 1950s. However, the overwhelming majority remained silent as humiliating and degrading apartheid laws rained down upon them after 1948. Since 1976, but more especially in the 1980s, their children have risen up and cried out against the iniquities of apartheid."

Sowel Du Pré as Van der Ross behandel die verskeie politieke bewegings wat probeer het om die kleurlinge hegter saam te snoer, met onder meer die swart bevrydingsbewegings. Enkele hoofmomente uit hierdie geskiedenis word vervolgens binne die hegemoniese fases geplaas (vgl. 1.6.2 en 2.2).

### Fase 1

Van der Ross (1986: 1-21) gee 'n oorsig van kleurlingbetrokkenheid by politiek in die negentiende eeu. Ná die vrystelling van die slawe (tussen 1834 en 1838) kan daar 'n tydperk onderskei word wat as "voorfase" van die eerste stap tot hegemonievorming beskou kan word. Die kleurlinge was wel tot 'n mate polities bewus (vgl. Van der Ross 1986: 10-11 vir enkele voorbeeld van politieke betrokkenheid), maar die eerste kleurlingorganisasie, die "Afrikander League", kom eers in 1883 tot stand. Van der Ross noem dat die kleurlinge hul stemreg in die Kaapprovincie uitgeoefen het regdeur die negentiende eeu. In 1890 word die "Coloured Men's Protectorate and Political Association of the Colony of the Cape of Good Hope" gestig deur F.Z.S. Peregrino; uit die grondwet van dié vereniging kan daar afgelei word dat die kleurlinggemeenskap, as klas, begin bewus raak van die feit dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat dié diskriminasie onregverdig is (vgl. Van der Ross 1986: 16-17). Die eerste fase van 'n kleurlinghegemonie kan dan min of meer afgebaken word as strekkende vanaf die middel van die negentiende eeu tot voor die Anglo-Boereoorlog.

### Fase 2

Ná die oorlog is daar aanduidings van 'n sterkerwordende besef van 'n "kleurlingidentiteit", veral rondom die stigting van die "African People's Organization" (APO) in 1902, maar Du Pré skryf soos volg hieroor:

"Even the evidence that a 'Coloured' identity developed in the early 1900s must not be constructed as tacit or willing acceptance by coloured people of a distinct 'Coloured' identity. At the turn of the century, colour prejudice intensified and non-Europeans came under economic and social attack, much of

which was directed at Africans. Coloured people resented this racial prejudice and felt unhappy that they were lumped together with the 'barbarous native'. Because of their claim on 'European blood' and their skills and leadership abilities, many began to assert a distinct 'Coloured' identity as a means of mobilising a defence against the erosion of their franchise, trade-union and residential rights. Skilled and intellectual coloureds saw in the assertion of a 'Coloured' identity a possible escape from the attacks being directed at non-Europeans in general. Thus, a 'Coloured' identity provided an escape from rising racial and economic discrimination, but this did not mean that coloured people accepted that they were a distinct 'nation' or separate population group" (1994: 17-18).

Van der Ross (1986: 56) som die politieke geskiedenis van die kleurlinge in hierdie eeu soos volg op:

- a) 1900-1910: politieke ontwaking, met die APO as sentrale organisasie;
- b) 1910-1920: 'n dekade van organisatoriese uitbreiding, met die APO steeds as leidende organisasie;
- c) die twintigerjare: arbeidsonrus en samewerking met ander bevolkingsgroepes (vgl. die vermelde toenaderingspogings van Hertzog en Malan in 2.6.2) en met die APO, die Afrikaanse Nasionale Bond, die Kommunisteparty, ens.;
- d) die dertigerjare: 'n dekade van reaksie teen konserwatisme, met die "National Liberation League" wat die APO teenstaan;
- e) die veertigerjare: teenstand teen diskriminerende wette, vanuit onder meer die "Non-European Unity Movement" (NEUM) en die "Coloured People's National Union";
- f) die vyftigerjare: die stemregkwessie staan voorop ná die skrapping van die kleurlinge van die kieserslys in 1951; organisasies soos die "South African Coloured People's Organization" (SACPO) fokus aandag op die stemregkwessie. Oor hierdie tydperk skryf Du Pré: "The only glue which held the coloured people together after 1950 was the law which classified them as such" (1994: 17);
- g) die sestigerjare: politieke partye word gestig, soos die Arbeidersparty (1966) wat vir meer as twee dekades minderheidsteun onder die

kleurlinggemeenskap het; die Verteenwoordigende Kleurlingraad word in 1969 gestig (die liggaam word in 1980 ontbind);

- h) Van der Ross beskryf die sewentigerjare as die dekade van die groot politieke dilemma, met die Verteenwoordigende Kleurlingraad in die brandpunt: " ... being at once the creature of apartheid and regarding itself as the means of destroying apartheid, and with the government's inability to get the CRC [Verteenwoordigende Kleurlingraad] to work being an important aspect of the failure of apartheid" (1986: 56);
- i) die tagtigerjare: die dekade van grondwetlike eksperimente, met die kleurlinge "verteenwoordig" in 'n hergestruktureerde driekamerparlement. Daar is massiewe buiteparlementêre reaksie teen dié parlementêre stelsel en verdere soeke na nuwe politieke alliansies met ander bevolkingsgroepe.

Die tweede fase van kleurlinghegemonie, waartydens 'n bewussyn ontwikkel word tussen al die lede van die klas ter sprake, kan dan afgebaken word vanaf 1902 tot ongeveer 1983.

Die tekens van 'n derde fase (met spesifieke betrekking tot die "Alternatiewe Afrikaanse" groepering), dié van "suiwer hegemonie" (vgl. Simon 1991: 31) is reeds daar, maar kom eers tot gedeeltelike voltrekking in 1994, met die verkiesingsoorwinning van die ANC. Die derde fase kan wel ruweg teruggevoer word tot 1983, met die stigting van die United Democratic Front wat die driekamerparlement boikot en die meerderheid populêre steun het (vgl. die lae stempersentasies van die kleurlinge vir dié parlement in Van der Ross 1986: 356-357 en sien 3.5.4 en 3.6 oor die UDF).

Die "hegemoniefase" van kleurlingpolitiek (wat binne hierdie fase al hoe meer verbind word met die breër anti-apartheidspolitiek van die "Mass Democratic

Movement") van die tagtigerjare word aan die einde van hierdie hoofstuk in meer besonderhede behandel as 'n "alternatiewe" of "teenhegemonie" tot dié van die regerende partye en klasse.

### **3.3 Ideologiese groeperings om Afrikaans ná 1976**

#### **3.3.1 Houdings jeens Afrikaans ná 1976**

Navorsers soos Hirson (1979 en 1981), Van der Ross (1986), Du Pré (1994) en Van den Heever (1987a en 1987b) beskryf die woede en chaos wat in swart en bruin gemeenskappe - veral in skole en universiteite - geheers het ná 1976, uitvoerig.

In 2.6.2 is geredeneer dat, by nabetragting, die 1976-opstande beskou kan word as 'n opstand teen 'n verdrukkende sisteem, eerder as teen 'n taal, Afrikaans. Afrikaans was simbolies die taal van die verdrukker, en dit is byna logies dat dié simbool as teiken van frustrasie gekies is. Gerwel eggo hierdie siening wanneer hy skryf:

"Afrikaans is nie rassisties nie ... Ons kan nie die arme, blerrie taal gaan blameer vir wat ons as mense doen nie. Dis sy sprekers wat dit doen. Dis die omgewing waarin hy hom bevind. Hy gaan hom net so aanpas by 'n nie-rassige, verenigde, demokratiese Suid-Afrika as wat hy hom gaan aanpas het by 'n apartheid Suid-Afrika" (1988: 16-17).

Soos vermeld, het die opstande van 1976 na die Kaapprovinsie uitgebrei en lank in bruin en swart skole voortgewoed - vgl. o.m. Du Pré (1994: 172).

Die vraag wat hier na vore kom, is natuurlik wat die houding van kleurlinge jeens Afrikaans was ná 1976. Daar is tot dusver relatief min houdingstudies onder "nie-blankes" jeens Afrikaans ná 1976 gedoen. Scheffer (1983) en Kotzé

(1987) se navorsing kan wel hier vermeld word. Kotzé (1987: 176) se een bevinding waarom swart studente 'n negatiewe houding jeens Afrikaans het, is die 1976-opstande; dit is egter slegs één rede wat deur 10% van die respondenten aangevoer is. Tydens die 1980-sensus dui meer as tagtig persent van die kleurling-respondente Afrikaans steeds as hulle moeder- en huistaal aan (vgl. Schuring 1990). Scheffer (1983) se navorsing bevestig egter 'n toenemend negatiewe taalhouding onder veral intellektuele bruin Afrikaanssprekendes in die Kaapprovincie teenoor Afrikaans. (Vergelyk ook Webb et al. 1992 in dié verband.)

'n Paar jaar na die Soweto-opstande begin daar 'n besef posvat - onder wit en bruin leiers en akademici - dat daar iets omtrent die politisering van Afrikaans gedoen moet word. Joubert (1985: 90-91) skryf byvoorbeeld die volgende (uit 'n voordrag van 1979):

"Die opsetlike insleep van taalhandhawing by die regverdiging van die blankes se politieke bevoorregting moet end kry. Taal moet die enigste identiteit word wat as identiteit verdedig word. Daar moet ook en veral in Afrikaans beweg word na 'n voortbestaan in geregtigheid. Afrikaans moet die taal van bevryding, van mondighed in 'n volwasse samelewing word."

"Die Afrikaanse taal kan en moet in die proses van politieke verandering 'n strategiese instrument wees; dit kan geen politieke prioriteit wees nie ... Ons het 'n derde taalbeweging nodiger as ooit." [My kursivering.]

### 3.3.2 Drie ideologiese groeperings om Afrikaans

Teen die laat-sewintigerjare en vroeë tagtigerjare kan daar geleidelik die ontvouing van drie ideologiese groeperings rondom Afrikaans waargeneem word. Du Plessis (1987b: 103-119) identifiseer die "hervormingsbeweging", die "regse beweging" en die "Kaapse beweging". Oor die laasgenoemde beweging skryf hy onder meer:

"... die Kaapse Beweging is in die eerste plek 'n politieke beweging. 'n Spesifieke variëteit van Afrikaans, naamlik Kaapse Afrikaans, word gesien as

'n belangrike middel tot die bereiking van 'n primêre doelstelling van die beweging: (sosiale, politieke en ekonomiese) bevryding van die verdrukte uit die magsgreep van die verdrukker" (p.103).

Oor die kwessie van die verset teen "Standaardafrikaans" en die gebruik van 'n "Kaapse variëteit" word later in meer kritiese besonderhede ingegaan.

Du Plessis beklemtoon die feit dat Afrikaans vir die "Kaapse beweging" 'n bron tot politieke mobilisering is (1987b: 104), maar dat bruin politieke sentimente nie vooropstaan in die beweging nie, eerder sentimente verdeel tussen dié uit die Swart Bewussynsbeweging en, tot 'n mate, uit 'n beweging soos die UDF wat Suid-Afrika as 'n veelrassige land, bevry van apartheid, beskou (p. 104-105).

Opvallend van die "Kaapse beweging" is dat Afrikaans gekies word as bron en medium van mobilisering, terwyl die swart bevrydingsbewegings eerder Engels gekies het (vgl. oor die laasgenoemde aspek o.m. Heugh 1987). Twee redes kan vir hierdie keuse gegee word: 1) 'n praktiese oorweging: baie bruin mense in die Kaap is slegs Afrikaans magtig; en 2) 'n Afrikaans vir 'n Afrikaanse taalgemeenskap, vry van "sosiopolitieke doodsvreese", kan 'n medium wees waardeur die onderdrukte gemeenskap toegang kan kry tot Suid-Afrika as geheel (Du Plessis 1987b: 106).

Du Plessis (1987c: 7 e.v.) hernoem hierdie groeperings (wat hy "taalpolitieke strominge rondom standaard-Afrikaans" noem) as a) 'n "hoofstroom"-politiek (oopstellingspolitiek) en twee syvertakkinge, naamlik b) 'n bevrydingspolitiek en c) 'n segregasiepolitiek.

Kenmerkend van die oopstellingspolitiek is, volgens Du Plessis, uitsprake deur Afrikaanse meningsvormers dat Afrikaans nie die eksklusieve besit is van wit Afrikaanssprekendes nie, maar van "almal wat die taal deel en lief het" (1987c: 7). Hier betrek hy dan o.m. uitsprake van lede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat om oopstelling pleit, en 'n liggaam soos die Afrikaanse Taalfonds wat sy lidmaatskap oopgestel het vir alle rassegroepe.

Die segregasietaalpolitiek rondom Afrikaans kan waargeneem word in uitsprake vanuit byvoorbeeld KP- en HNP-kringe om Standaardafrikaans te verhef tot simbool van "witmanskap" in Suid-Afrika (vgl. Du Plessis 1987c: 11).

Die "bevrydingsbeweging" omskryf Du Plessis (1987c: 10) soos volg:

"Daar is twee strominge waarneembaar in die bevrydingspolitiek. Enersyds 'n stroming wat verwant is aan die oopstellingspolitiek. Ofskoon hierdie taalpolitiek ook fokus op die de-eksklusivering van Afrikaans, is dit nie soos in die eersgenoemde geval meer taalnasionalisties nie ... Andersyds kan die bevrydingspolitiek waargeneem word in die uitsprake van die voorstanders van die *Kaapse beweging*; 'n bevrydingsbeweging onder Kaapse Afrikaanssprekendes. Eintlik is dit 'n anti-standaard Afrikaans [sic] beweging. Kaapse Afrikaans word gesien as die simbool waarin bevryding van die verdrukker bewerkstellig kan word, terwyl standaard-Afrikaans juis verwerp word."

Du Plessis se laaste stelling word verderaan krities bevraagteken en gerelativeer.

In 1992 herformuleer Du Plessis (vgl. 1992: 101 e.v.) weer die drieledige tipologie soos volg: 1) die progressiewe denkkraamwerk (waarbinne hy die "Kaapse beweging" en uitsprake vanuit dié denkkraamwerk plaas); 2) die hervormingsgesinde denkkraamwerk en 3) die regse denkkraamwerk.

Hier is 'n aantal "denkraamwerke" of "bewegings" kortliks genoem en byna 'n dekade se taalpolitieke ontwikkelings is slegs kortliks en achronologies vermeld. In die volgende afdelings word die gemelde "progressiewe" denkraamwerk of "Kaapse beweging", waaruit, soos aangetoon sal word, die konsep van 'n "alternatiewe" Afrikaans spruit, binne die sosio-politieke konteks van die vroeë en middel-tagtigerjare geanalyseer.

### **3.4 "People's Education" of "alternatiewe onderwys"**

In 1979 is die Wet op Bantoeonderwys herroep, maar onderwys het, volgens die riglyne van die nuwe 1983-grondwet, 'n "eie saak" gebly. Die verskillende etniese onderwysdepartemente is nie geïntegreer nie, ondanks die aanbevelings van die De Lange-kommissie (1981) na die onderwysprobleme wat onderliggend aan die ooproer van 1976 was. Nuwe swart studenteorganisasies soos COSAS (Congress of South African Students) en AZASM (Azanian Students Movement) het tot stand gekom om "alternatiewe onderwys" te bevorder en grootskaalse skoolboikotte het tussen 1984 en 1987 voorgekom (vgl. Davenport 1991: 318).

In 1984 vind daar verkiesings plaas vir die nuwe driekamerparlement; soos vermeld, is die stempersentasies onder die kleurlinge uiters laag, selfs al wend die Nasionale Party Afrikaans wéér as mobiliseringsinstrument aan in 'n poging om die nuwe parlement aanvaarbaar te maak vir die kleurlinggemeenskap (vgl. Van Aardt 1989: 11). Die grootste teenstand teen die nuwe parlement word gekoördineer deur die United Democratic Front wat in Augustus 1983 gestig is en uit ongeveer 600 organisasies, van sportklubs tot vakbondes, bestaan. Die UDF word oor die algemeen beskou as die "binnelandse vleuel" van die destyds verbanne ANC en sy sterkste vakbondgenoot is COSATU (Congress of South African Trade Unions) wat in 1978 gestig is. Boikotte, stakings en ander

buiteparlementêre aksies - geloods deur veral die UDF en later die "Mass Democratic Movement" - word al hoe hewiger en die regering stel in Julie 1985 die eerste noodtoestand in; dit word eers in 1990 opgehef.

Binne dié konteks van boikotte en 'n noodtoestand begin die konsep "People's Education" of "alternatiewe onderwys" (beide terme word sinonimies deur Sonn 1987 en Van den Heever 1987b gebruik) sy beslag kry. Die NECC (National Education Crisis Committee) word in 1985 gestig en neem aanvanklik leiding in besinnings rondom "alternatiewe onderwys".

Sonn som die doelstellings van hierdie rigting soos volg op:

"In South Africa ... Alternative Education in the main signifies an urge for relevancy of the learning material. It represents both an attempt to dismiss the negative image of Blacks projected by History and Afrikaans literature in particular and to present positively the place of Black people in the subject material used in schools. It rejects the notion of the Black as the permanent villain and the White as the innocent and noble victim. It puts the legacy of Africa in a strongly positive light and is critical of White or Western values. Since the inception of the NECC in 1985 the term People's Education was introduced to denote this attempt at reshaping education in South Africa" (1987: ii).

Sonn noem ook:

"It is important for it to be understood that Alternative Education, or as it is known in our situation, People's Education, has no sinister intentions. It is a positive notion. It can indeed be likened to the urge of Afrikaners in the nineteen-thirties to take hold of their own education in order to rid the soul of the Afrikaner from the crippling inferiority imposed on him by British imperialism through the arrogant British educational system. Afrikaners will do well to be reminded how deeply they resented efforts by Milner and others to suppress this urge" (1987: iii).

Sonn skryf hierdie as president van UTASA (Union of Teachers Associations of South Africa), die nasionale federasie van kleurlingonderwys-organisasies. Die Kaapse tak van hierdie federasie is die KPO (Kaapse Professionele Onderwysersunie) wat een van die leidende rolle speel in die denke rondom

"alternatiewe onderwys".

Van den Heever, adjunkpresident van die KPO, gee 'n oorsig van die beginsels van "alternatiewe onderwys" (vgl. Van den Heever 1987b). Hy noem dat hierdie strategie gebaseer is op die beginsels van die "pedagogie van bevryding" van Paolo Freire (p. 5), en skryf voorts:

"... an alternative education programme in South Africa is inevitably tied to the vision the educators have of an alternative South Africa. Alternative Education is therefore the education process by which people are socialised for an alternative society, a society in this case of freedom and human interconnectedness irrespective of colour, class, gender or religion ... It is clear that the spirit and tone behind ... Alternative Education ... consist of a dedication towards bringing about a liberated educational system in a democratic society" (1987b: 4).

Freire, die "vader" van die konsepte "pedagogie van die verdruktes" en "pedagogie van bevryding" (vgl. veral Freire 1972 en 1985) se sienings kan kortliksoos volg saamgevat word: Alle taalgebruik is gebaseer op die onskeibare eenheid van aksie/handeling en refleksie. Taalgebruik wat handeling nie ontsluit nie of dit wil verhinder, is van min belang vir leerlinge wie se behoeftreis is om deel te hê in hulle eie belang, sake en toekoms. Min word dus bereik deur taalonderrig wat slegs met taal in die abstrakte werk (vgl. Freire 1972: 38). Hy stel voor dat die verdruktes die "wêreld van verdrukking" ontmasker en hulle daarvan wy om dit te verander. Wanneer die verdrukking getransformeer is, word die "pedagogie van die verdruktes" 'n "pedagogie vir alle mense in die proses van totale bevryding" (vgl. Van den Heever 1987b: 5). Freire beklemtoon 'n voortdurende kritiese bewusmaking en kritiese bewussyn by leerlinge ("conscientisation", vgl. Freire 1985: 107) ten opsigte van leerplanne, kennis en die sosiale werklikheid. Voorts word dialoog tussen onderwyser en leerling aangemoedig sodat beide partye "ko-leerders" word, of, in sy woorde, "teacher-students and student-teachers" (1985: 140). Argumente wat gebaseer is op die konsep "ouoriteit" is nie meer geldig binne hierdie

konteks nie; autoriteit moet aan die kant van vryheid wees, nie daarteen nie (vgl. Van den Heever 1987b: 6).

Hierdie beginsels van Freire (wat aanvanklik voorgestel is ten opsigte van die onderwysstelsel in Brasilië), word op redelik idealistiese wyse nagevolg deur Van den Heever, veral ten opsigte van die "demokratisering" van die onderwys, en toegespits op die leerplanne van **Geskiedenis** en **Afrikaans**. Van den Heever (1987b: 13-23) lys voorbeeld van die eensydige historiese perspektief ten opsigte van swart mense in skoolkurrikula en stel verskeie balanse en teenwigte voor wat ingevoer behoort te word, vanaf kleuterskoolvlak tot hoërskoolvlak. Hy skets ook die opkoms en ideale van 'n "Alternatiewe Afrikaans" in skoolkurrikula en in die algemeen (1987b: 24 e.v.).

Dit is duidelik dat die konsep "alternatiewe onderwys", met sy klem op 'n "demokratiese" geskiedenisbeskouing en "bevryde" of "alternatiewe" Afrikaans, binne die kader val van wat Du Plessis die "progressiewe", "Kaapse" of "bevrydingsbeweging" noem, soos hierbo bespreek. Die "alternatief" dui op 'n nuwe inhoudgewing aan leerplanne, teenoor dié van byvoorbeeld die Kaaplandse Onderwysdepartement wat deel vorm van die destydse hoofhegemoniese, witbeheerde basis.

Van belang in dié verband is ook Esterhuyse (1986: 48 e.v.) se kritiek teen bestaande taalhandboeke, wat hy binne "kategorieë van onaanvaarbaarheid" (bv. "die geïsoleerde rassistiese woord", "ongunstige kleurassosiasies", "stereotiperende gedigte", ens.) ontleed. Hy bespreek onder meer die onversoenbaarheid van Afrikanernasionalisme en spraakgemeenskaplike eenheid, die Afrikanersentriese aard van voorgeskrewe werke en die apartheidsideologie ten opsigte van die "strukturering van semantiese ruimtes" (1986: 35).

Die wyse waarop daar aan "nuwe inhoudgewing" van taalhandboeke gestalte gegee word, word in hoofstuk 4 bespreek.

Die klem deur die instansies en segspersone hierbo op bewusmakingsaksies op skoolvlak vra om kommentaar. Dit is duidelik dat daar vanaf 'n "voetsoolvlaak" gewerk word om 'n nuwe kritiese bewussyn - ten opsigte van taal, politiek en geskiedenis - onder leerlinge en studente te kweek. Dié kritiese bewussyn vorm deel van 'n groter golf van kritiek teen die destydse regering. Vergelyk in dié verband McKay en Romm (1992: 1) se stelling: "The concept of 'people's education' usually denotes the need for both a new system of education and *socio-political change*. People's education is a precursor of, or catalyst to, *liberation*." [My kursivering.]

Die konsep "Alternatiewe Afrikaans" word in die volgende afdeling bespreek en geanalyseer en daar word onder meer aangetoon waarom die benaming, "alternatief", problematies is wanneer dit ten opsigte van 'n taal gebruik word.

### **3.5 "Alternatiewe Afrikaans"**

#### **3.5.1 Die ontstaan van "Alternatiewe Afrikaans"**

In die inleiding tot hierdie studie is vermeld dat daar uiteenlopende menings oor die begrip "alternatiewe Afrikaans" bestaan. Links (in Links en Combrink 1988: 3) gebruik dit sinonimies met "Kaapse Afrikaans" en Van den Heever (1987a, 1987b, 1988a en 1988b) skryf baie rondom die begrip, maar kom nie by 'n definisie uit nie. Voordat 'n werksdefinisie van hierdie vae term gestel word, word "Alternatiewe Afrikaans" eers binne die konteks van "alternatiewe

onderwys" en die konflik by bruin Afrikaanssprekendes oor Afrikaans ondersoek.

Dit is duidelik dat die idees rondom "Alternatiewe Afrikaans" vanuit die KPO-dampkringe ontstaan. Veral Van den Heever maak voorbrand vir dié tipe Afrikaans en beklemtoon die konsep van demokratiese onderwys deur middel van en deur medium van die onderrig van Afrikaans.

"Alternatief" duï duidelik op 'n probleemsituasie waarvoor 'n "ander" antwoord gevind moet word. Daar kan geredeneer word dat daar 'n "alternatief" vir "Standaardafrikaans" gesoek word (soos wat Du Plessis 1987c suggereer), maar dit bring die navorser nog nie by die kern van die saak uit nie. Wanneer verskeie uitsprake van KPO-leiers en segspersone uit die kleurlinggemeenskap bekyk word, word dit duidelik dat dit eerder gaan om 'n ander **ideologiese agenda** wat deur medium van Afrikaans uitgedra moet word, of dit nou "Kaapse Afrikaans" of "Standaardafrikaans" is. Die sleutelwoord is "mobilisering", nie noodwendig vir die taal nie, maar deur die taal, en die ideologie en kultuur waarna gestreef word, is op die oog af een van inklusiwiteit, demokrasie en bevryding.

Die oorsprong van "Alternatiewe Afrikaans" kan gevind word in die konflik waarin die bruin Afrikaanssprekende hom bevind ná 1976. Van den Heever skryf hieroor:

"Alternatiewe Afrikaans is van wesenlike belang in die demokratiese beweging omdat die konflik tussen sy Afrikaanse moedertaal en sy visie van bevryding van Afrikaner-dominasie 'n intense ambivalensie in die gemoed van die Afrikaanssprekende verdrukte ontketen."

"Veral die bruin Afrikaanssprekende wat hom midde 'n intens geopolitiseerde gemeenskap bevind het wat dikwels op Afrikaans as die verdrukkerstaal van die boer neergesien het, het 'n sielsverskeurende identiteitskrisis ten opsigte van sy moedertaal ontwikkel. In die sewentigerjare veral is 'n spreker onmiddellik uitgejou wanneer hy sy saak in Afrikaans by 'n politieke vergadering probeer stel het ... Hierdie tendens het egter geleidelik oor die jare verander sodat daar vandag 'n groter oopheid ten opsigte van die

ontwikkeling van 'n Alternatiewe Afrikaans aan die ontwikkel is" en:

"In die breë swart gemeenskap het die aanvaarding van Afrikaans veral gepaard gegaan met die populêre leierskap wat van 'n ontwikkelende groep Afrikaanssprekende gemeenskapsleiers soos Allan Boesak, Adam Small, Jakes Gerwel en Franklin Sonn uitgegaan het. Ook die totale identifisering met die stryd teen Apartheid vanaf sulke welbekende Afrikaners soos Breyten Breytenbach, Beyers Naude, Van Zyl Slabbert en André Brink het 'n groter aanvaarding van Afrikaans onder veral die geopolitiseerde massas Afrikaanssprekendes in ons land meegebring" (1987a: 4-5).

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat, alhoewel Van den Heever nie poog om "Alternatiewe Afrikaans" te definieer nie, dit in die eerste plek om politieke mobilisering teen die apartheidstaat gaan. Hy noem ook: "There is an urgent need for Afrikaans students to break loose from captivity of a formalised Afrikaans language which is cloistered in the conservative past" (1987b: 27). Dit is verder duidelik dat dit vir hom gaan om die herinkleding van ideologiese waardes en vervanging van simbole. Hy identifiseer die herstrukturering van die bestaande skoolsyllabusse in Afrikaans, soos hierbo vermeld, en bepleit verder 'n ommeswaai in die simboolwaarde van Afrikaans, van onderdrukkerstaal na 'n toekomstaal met dinamiese groeikrag (1987a: 4-5).

Reeds in 1983 skryf Van de Rheede ook onder meer die volgende in 'n artikel waarin hy hom negatief uitlaat oor die konsep "Kleurling-Afrikaans":

"Die Afrikaans van die statutêr geklassifiseerde Kleurling het die Afrikaans geword waarin hewig protes aangeteken word teen die apartheidstrukture; dit het die Afrikaans geword waarin uiting gegee word aan die lyding a.g.v. rassediskriminasie; dit het die Afrikaans geword waarin politieke krisisse georganiseer is. Ja, die Afrikaans van die 'Kleurling' het 'n nuwe semantiese inhoud gekry. Dit het 'n bevrydingsafrikaans geword. Nie 'n Afrikaans wat handhawer is van eksklusiewe kulturele en politieke instellings nie. Dit het werklik Afrikataal geword. Die Afrikaans van Afrika het die Afrikaner wat bewaarder is van heilige koeie soos die F.A.K., Groepsgebiedewet, Wet op Gemengde Huwelike, en eksklusiewe kerklike instellings ontgroei. Dít is die Afrikaans wat 'n stryd het om oorlewing, die Afrikaans sonder toekomsvisie" (1983: 33).\*

\*Vergelyk ook Gerwel (1985) en February (1986) oor die konsep "bevryde Afrikaans".

Vanuit die KPO verskyn daar drie publikasies oor die "bevryding" van Afrikaans (Van den Heever 1987a, Van den Heever 1987b en Van den Heever 1988a). Die twee Afrikaanse werke (*Tree na vryheid en Afrikaans en bevryding*), is geskryf in **Standaardafrikaans** en nie in 'n ander variëteit nie. In hoofstuk 4 word veral *Tree na vryheid* (subtitel: '*n Studie in Alternatiewe Afrikaans*) krities ontleed saam met 'n aantal ander publikasies wat hulself as "alternatief" uitgee.

Daar kan wel, ter wille van 'n chronologiese beskrywing van die ontwikkeling van beskouings rondom "Alternatiewe Afrikaans", 'n kort opsomming gegee word van die KPO-publikasies en die stellings van 'n aantal bruin meningsvormers. Die klem val op hoe hierdie publikasies en uitsprake gedeeltelike manifestasies is van die begrip "Alternatiewe Afrikaans", soos in die vorige afdeling gedefinieer.

### **3.5.2 Publikasies rondom "Alternatiewe Afrikaans"**

a) *Tree na vryheid* (Van den Heever 1987a) is die eerste selferkende publikasie in "Alternatiewe Afrikaans". Die doel van die publikasie is om 'n bevrydingskultuur deur medium van Afrikaans onder die bruin en swart gemeenskap te stimuleer, maar dit is ook aan blanke Afrikaanssprekendes gerig. Die werk bestaan uit tekste en begripstoetse oor die bevrydingstryd in Suid-Afrika en oor prominente figure in dié stryd. Die werk kan as werkboek tydens Afrikaanse lesperiodes op skool gebruik word. Gemeenskapsvraagstukke, in Suid-Afrika en elders, en die identiteitskrisis van bruin mense word behandel en lesers (leerlinge) word aangemoedig om hulle eie opinies oor sekere vrae te lug.

Soos vermeld, skryf Van den Heever hier baie rondom die temas "Alternatiewe Afrikaans" en "bevryding", maar hy definieer nie "Alternatiewe Afrikaans" werklik nie.

b) *Afrikaans en bevryding* (Van den Heever 1988a) is 'n bundel referate wat gelewer is tydens 'n KPO-seminaar oor "Alternatiewe Afrikaans" wat in Februarie 1988 aan die Skiereilandse Technikon aangebied is.

Sonn stel die doelstellinge en besprekingspunte van dié seminaar soos volg:

- a) Die aansien, aanneemlikheid en gebruikspotensiaal van Afrikaans as taal te midde van die stryd om bevryding in Suid-Afrika.
- b) Die redes waarom Afrikaanssprekende professionele mense en akademici in groot (indien nie oorheersende) getalle Engels as huistaal verkies.
- c) Die moontlikheid van die ontkoppeling van die taal van die apartheidsethos;
- d) Die herdefinisie van die filosofie van Afrikaans.
- e) Die vraag of "Alternatiewe Afrikaans" die blote teenhanger van die "Hertzog-weergawe van Afrikaner-Afrikaans" gaan wees; besinning oor Afrikaans as medium in die bevrydingstryd.
- f) Die skep van 'n nuwe stel simbole wat 'n groter identifikasie met die taal in die klaskamer sal verseker.
- g) Die inhoud en vorm van die letterkunde en die bronnmateriaal wat in die skole aangewend word.
- h) Die voortbestaanmoontlikhede van Afrikaans in 'n bevryde post-apartheid Suid-Afrika (vgl. Sonn 1988:4).

Hierdie diskloers (en ook dié van Gerwel 1988 en Van den Heever 1988b verder) is veral interessant ten opsigte van die wyse waarop daar metonimies en metafories ten opsigte van die taal en die sprekersgroep gewerk word.

Attribute van die twee "entiteite" (taal/sprekers) wat eintlik apart gehou moet word, word vermeng en ten opsigte van elke entiteit van toepassing gemaak. Dit kan beskou word as deel van 'n tipe "mobiliseringsretoriek", op dieselfde wyse waarop wit Afrikanerpolitici en kultuurleiers "taal" en "volk" met mekaar verbind het - vgl. hoofstuk 2.

Gerwel stel weer onder meer die volgende uitgangspunte vir 'n "Alternatiewe Afrikaans" voor:

- Alternatiewe Afrikaans moet nie poog om bruinsentries te wees nie - alle Afrikaanssprekendes moet in berekening gebring word. Hieroor sê Gerwel:

"As ons dus praat oor alternatiewe Afrikaans, moet hierdie gesprek geskied binne die parameter van ons bevrydingsoeke na 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika. Die geskiedenis van die bruin-wit saamgroepering rondom Afrikaans moet ons teen daardie agtergrond in ag neem. *Ons moet egter waak teen n t 'n bruin inhoudgewing aan dieselfde vormlike strukture.* Ons sal moet waak dat binne die geskiedenis van die worsteling tussen bruiner en witter Afrikaanssprekendes die soeke na alternatiewe Afrikaans nie net gaan beteken dat ons nou 'bruin' Afrikaans binne dieselfde vorm aanbied nie. Dit sou wesenlik 'n nie-progressiewe alternatiewe Afrikaans wees" (1988:11, my kursivering).

- Die onderwyskundige proses wat deur middel van Alternatiewe Afrikaans gemobiliseer word, moet uiteindelik manifesteer in die skep van 'n nie-rassige en demokratiese samelewing:

"Die ontwikkeling van 'n alternatiewe Afrikaans sal hom moet vergewis van die wyses en vorme waarop taal bestaande magsverhoudings reproducere. Die vernuwing sal daarom ook 'n vormlike en strukturele vernuwing moet wees. As daar werklikwaar alternatiewe modelle op skool gaan wees, dan is die uitdaging aan onderwyskundiges om vas te stel wat is die vorme waarop magsverhoudinge in taal en in taalonderwys uitgedruk word, en dat vormlike, strukturele alternatiewe dan daarvoor gesoek word" (Gerwel 1988: 11).

Hierdie redelik abstrakte formulering van Gerwel maak meer sin wanneer dit verbind word met Foucault (1972 en 1980) se sienings oor diskursiewe formasies en hoe mag daardeur vergestalt en geperpetueer word - vgl. ook hoofstuk 1.

Gerwel beklemtoon dit dat bestaande handboeke nie bloot ander inhoud gegee kan word nie, maar dat onderwysers begrip moet kan oordra van die vormlike en metodologiese weerspieëling van apartheid. (Oor die kwessie van vormlike of strukturele alternatiewe en nuwe skoolhandboeke, byvoorbeeld die *Ruimland*-reeks, wat hierdie voorstelle probeer implementeer, word daar in hoofstuk 4 kritiese kommentaar gelewer.)

Brink (1988: 23-38) dui onder meer aan dat een van die belangrikste gevolge van die implementering van "Alternatiewe Afrikaans" kan wees dat dit die negatiewe houding van veral bruin moedertaalsprekers van Afrikaans kan verbeter. Volgens hom is die hoofdoelstelling van "Alternatiewe Afrikaans" om identiteit te verleen aan Afrikaanse moedertaalsprekers wat streef na bevryding.

c) Van den Heever lewer in April 1988 'n referaat op 'n mini-kongres van die KPO op Beaufort-Wes. Die onderwerp van die kongres is ook "Afrikaans en bevryding". In sy referaat (1988b: 84) identifiseer hy sewe beginsels ten grondslag van 'n "Alternatiewe Afrikaans":

1. Omdat Afrikaans 'n taal van Afrika is en in Afrika geanker is, moet dit 'n progressiewe ontwikkeling ondergaan en met die Afrika-werklikheid rekening hou.
2. Alternatiewe Afrikaans moet as dinamiese voertuig dien vir die vestiging van 'n demokratiese en nie-rassige Suid-Afrika.
3. Alternatiewe Afrikaans het nie 'n alternatiewe taalstrukturering in die oog nie, maar 'n alternatiewe benadering, inhoudgewing en aanbieding van Afrikaans. (Hierdie stelling sluit aan by Sonn 1988, maar wyk effens af van Gerwel 1988: 8 wat van mening is dat dit juis nie net om 'n alternatiewe inkleding van Afrikaans gaan nie.)

4. Daar moet gewaak word teen 'n bruin inhoudgewing binne dieselfde vormlike strukture van Afrikaans. (Hier stem Van den Heever weer met Gerwel 1988 ooreen.)
5. Alternatiewe Afrikaans moet beskou word as deel van die proses van ontwikkeling na 'n meer aanvaarbare Afrikaans en dit mag nie as die finale produk daarvan gesien word nie.
6. Alternatiewe Afrikaans moet hom daarvoor beywer om Afrikaans te bevry van die bande van Afrikanernasionalisme.
7. Alternatiewe Afrikaans beywer hom vir 'n geslag Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners uit die geledere van die wit, bruin en swart gemeenskappe.

Uit die verskillende stellings hierbo is dit moeilik om *taal*, *spreker* en *politieke raamwerk* uiteen te hou. Die terme en velde word oordragtelik en metonimies gebruik, weer eens op dieselfde wyse as waarop Afrikanernasionalistiese leiers dit ten opsigte van Standaardafrikaans gedoen het.

Sonn, Gerwel en Van den Heever maak hier wel duidelike voorstelle oor die rigting wat die "Alternatiewe Afrikaanse" beweging moet inslaan. Waterdigte werkswyses of definisies word egter steeds nie gegee nie.

Sonn (1990: 12) stel dit weer duidelik dat die alternatief in "Alternatiewe Afrikaans" nie op 'n ander soort Afrikaans dui nie, maar op " 'n ander manier van kyk na Afrikaans" (1990: 12).

Die bydraes van bruin Afrikaanse skrywers soos Peter Snyders, Hein Willemse, Patrick Petersen, Melvin Whitebooi en Vincent Oliphant moet ook hier vermeld word. Hulle spreek hulle almal uit ten gunste van 'n nuwe "oopheid" ten

opsigte van literêre benaderings en die gebruik van Afrikaans as protestaal in die verskillende literêre genres. Op hierdie letterkundige sy van die beweging rondom 'n "Alternatiewe" of "bevryde" Afrikaans word daar nie in besonderhede in hierdie proefskrif ingegaan nie - vgl. Smith, Van Gensen en Willemse (1985) vir besprekings oor "Swart Afrikaanse skrywers", waarin die skrywers hierbo vermeld aan die woord gestel word. Vergelyk ook Smith (1987) oor gemeenskapstoneel op die Kaapse vlakte en De Jong (1989) oor Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattingen in Afrikaans.

### **3.5.3 'n Tipologie van "Alternatiewe Afrikaans"**

Uit die voorafgaande stellings en voorstelle kom verskeie uiteenlopende sienings oor die konsep "Alternatiewe Afrikaans" na vore. Waar Sonn (1990) dit sien as 'n ander blik op Afrikaans en Du Plessis (1987b en 1987c) klem lê op "Kaapse Afrikaans" binne die bevrydingstryd, beklemtoon Gerwel (1988) weer "vormlike" en "strukturele" veranderings wat aan Afrikaans gemaak moet word. Sy voorstelle ten opsigte van hierdie veranderings is, soos vermeld, redelik verwarrend en vaag.

Nie een van die bogemelde navorsers stel egter byvoorbeeld eksplisiet leksikale "suiwering" of veranderings aan die grammatiske sisteem van Afrikaans voor nie. (Vergelyk in dié verband hoofstuk 5, waar voorstelle oor die strukturele "demokratisering" van Afrikaans bespreek word.) Esterhuyse (1986 en 1987) maak wel vanuit 'n pedagogiese en leksikografiese perspektief sekere "suiweringsvoorstelle", maar binne die hoofvoedingsbron van "Alternatiewe Afrikaans" word daar nie spesifieke grammatis-strukturele wysigingsvoorstelle aangetref nie.

Die saambindende faktor tussen al die sienings is wel die taalpolitiese siening van die rol en funksie van Afrikaans, naamlik dat 'n "Alternatiewe Afrikaans" sprekers van alle rassegroepe moet mobiliseer vir 'n bevryde, demokratiese Suid-Afrika.

Op grond van die bogemelde stellings kan "Alternatiewe Afrikaans" dan sosiolinguisties gedefinieer word as 'n "ideologiese variëteit" van Afrikaans/Standaardafrikaans. Die tekste wat tot dusver onder die vaandel van Alternatiewe Afrikaans verskyn het, is almal geskryf in Standaardafrikaans, maar die ideologiese agenda daarvan verteenwoordig 'n "alternatief" op die staatsbestel, skoolleerplanne en ideologie van apartheid van die tagtigerjare.

Dié "variëteit" kan ook verder gedefinieer word as 'n "ideologiese metalek", 'n term wat Mackey (1990: 111) gebruik ten opsigte van "... a language theory [with an] ideological social focus".

Omdat die uitsprake rondom "Alternatiewe Afrikaans" telkens 'n siening voorhou wat teen die ideologie en hegemonie van die tagtigerjare ingaan, sal sommige navorsers dié variëteit dalk wil beskou as 'n "anti-taal" vir sover as wat 'n ander vorm as Standaardafrikaans ter sake is, vgl. die volgende stelling van Fairclough:

"Anti-languages are set up and used as conscious alternatives to the dominant or established discourse types. Examples would be the language of the criminal underworld, or a social dialect which comes to be a consciously oppositional language as may happen with the 'nonstandard' social dialect of a minority ethnic grouping, for example, or of a working-class community in one of the large cities" (1989: 91).

Die term "anti-taal" is egter nie werklik van toepassing op "Alternatiewe Afrikaans" nie, aangesien hierdie "variëteit" nie soseer 'n "nonstandaard sosiolek" van 'n minderheidsgroep is nie - die uitsprake oor "Alternatiewe

Afrikaans" wil huis die "bevryding" van Afrikaans vir die hele taalgemeenskap beklemtoon en "Alternatiewe Afrikaans" word uiteindelik 'n etiket vir 'n politieke ideologie.

### 3.5.4 Kritiek teen die term "Alternatiewe Afrikaans"

In die Inleiding is vermeld dat Gerwel (1988: 8) reeds die begrip "alternatief" problematiseer wanneer hy vra:

"Wat is 'n alternatiewe Afrikaans? Gaan dit oor 'n alternatiewe benadering tot, of 'n alternatiewe aanbieding van, of 'n alternatiewe metodologie in die aanbieding van Afrikaans? Of gaan dit oor die aanbieding van 'n alternatiewe Afrikaans - 'n Afrikaans wat inhoudelik alternatief is? ... Watter alternatief is dit wat u in gedagte het? Die basisvraag is eintlik: 'n alternatief waarvoor? Met ander woorde, wat is die definisie van die probleemsituasie waarvoor u 'n antwoord soek?"

Dit is bo duidelik gestel dat die "alternatief" waarvoor gesoek word, 'n teenpool is tot die onderdrukkende, rassistiese gevolge van die apartheidbestel - ook en veral op taalpolitiese gebied. Verder gaan dit ook oor 'n nuwe metodologie in die aanbieding van Afrikaans, 'n nuwe kyk na die taal en nuwe inhoudgewing aan handboeke, aspekte wat in hoofstuk 4 aan die bod kom.

Van den Heever (1988a: 53) noem dat, terwyl die tema van die seminaar ("Afrikaans en bevryding") onder die titel van "Alternatiewe Afrikaans" gevall het, daar nie eenstemmigheid oor hierdie benaming is nie. Hy wys daarop dat die term gebruik is (en word) as 'n "afstammeling" van die "Alternatiewe Onderwysbegrip", maar dat daar (tydens die werkinkelsessies van die seminaar) sterk opinies was vir die volgende terme: "Oop Afrikaans, Relevante Afrikaans, Nuwe Afrikaans, Vrye Afrikaans, Betrokke Afrikaans". 'n Kenmerk van die "alternatiewe" is dat dit 'n reaksie op die bestaande (tradisionele) situasie

is en die volgende digotomie-paradigma word voorgestel:

|                     |    |                       |
|---------------------|----|-----------------------|
| Oop Afrikaans       | vs | Geslot Afrikaans      |
| Nuwe Afrikaans      | vs | Ou Afrikaans          |
| Relevante Afrikaans | vs | Irrelevante Afrikaans |
| Vrye Afrikaans      | vs | Verknegte Afrikaans   |

(Van den Heever 1988a: 53).

Die terminologiekessie word nooit werklik opgelos nie, maar wat die bogenoemde wel illustreer, is dat "Alternatiewe Afrikaans" hier 'n sambrelterm word vir 'n omvattende nuwe bestel wat alle fasette van Afrikaans en die Afrikaanse samelewing raak. "Alternatiewe Afrikaans" kan ten slotte dus beskou word as 'n etiket vir 'n sosiaal-politieke (en selfs pedagogiese) bevrydingsideologie wat ook inhoudelik deur Afrikaans as taal gestalte moet kry.

Die gesprek rondom "Alternatiewe Afrikaans" kom in 'n sekere sin tot 'n einde in 1990 wanneer die politieke konteks sodanig verander dat daar meer op taalbeplanningsaksies vir en die "demokratisering" en "depolitisering" van Afrikaans gekonsentreer word. Die laasgenoemde twee temas kom in die laaste hoofstuk van hierdie proefskrif kursories aan die bod.

Die implisiële aanname sedert 1990 onder die leidende figure van die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" is dat Afrikaans in die toekoms in elk geval nie meer soos in die verlede deur politieke grense of wette verdeel gaan word ten opsigte van sy taalgemeenskap nie, en dat 'n nuwe (taal)politieke en sosiale bestel vir hulle in die vooruitsig gestel word.

Van den Heever som die gesprek rondom die politiek van "ApartheidAfrikaans" en "Alternatiewe Afrikaans" goed op wanneer hy skryf:

"Die faktore wat die negatiewe siening van Afrikaans die sterkste ten grondslag lê, is die pyn en vernedering wat Afrikaans as Apartheidstaal aan swart Afrikaanssprekende landsburgers opgelê het." (Vgl. ook Willemse 1987 se uitspraak in 2.6.2.) "... In die soek na 'n alternatiewe staanplek vir Afrikaans, gaan dit ... nie noodwendig om die vestiging van 'n bruin Afrikaans wat in konflik staan met wit Afrikaans nie. 'n Progressiewe taalbeweging behoort te konsentreer op die uiteindelike vestiging van 'n taalgebied wat so demokraties in sy wese is dat alle Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika daarmee kan identifiseer" (1988a: 53-54).

### 3.5.5 Die taalpolitiek van "Alternatiewe Afrikaans"

In 3.5.3 is die taalpolitiek van "Alternatiewe Afrikaans" kortliks omskryf as 'n inklusieve, bevrydende, demokratiese ideologie wat standpunt inneem teen die politiek wat simbolies met Standaardafrikaans of "establishment Afrikaans" (vgl. Du Plessis 1987b: 107) geassosieer is.

Gerwel (1985: 193) noem dat daar onder gekleurdes "nie dieselfde toe-eiening [as by blanke Afrikaanssprekendes] van die kommunikasiemedium [Afrikaans] vir ideologiese doeleindes [is] nie". Die taalpolitieke stellings van Van den Heever hierbo klink baie gunstig, liberaal en "bevrydend", veral beskou binne die verdrukkende konteks van die tagtigerjare, maar watter ideologie kom in werklikheid na vore in tekste wat geassosieer word met die "Alternatiewe" beweging? Dié vraag word in hoofstuk 4 ondersoek. Soos vroeër genoem, word daar in hierdie studie van die standpunt uitgegaan dat taal altyd in 'n mindere of meerdere mate verpolitisier word binne politieke aktiwiteite of "bewegings".

Voorlopig kan die taalpolitiek van die "alternatiewe" groepering gestel word teenoor die Afrikanernasionalistiese taalpolitiek wat dekades lank met Standaardafrikaans geassosieer is.

Die volgende vergelykings tussen "Alternatiewe Afrikaans" en "Establishment Afrikaans" in die middel-tagtigerjare kan dan gelys word (Van Aardt 1989 gebruik die term "Establishment Afrikaans" om die Afrikaans van die wit regerende partye en die simboliese konnotasies daarvan te omskryf):

- a) Beide "variëteite" het as basis Standaardafrikaans. "Alternatiewe Afrikaans" het nie "Kaapse Afrikaans" as basis, soos wat Du Plessis (1987c: 10) beweer nie. Die verskil tussen hulle is vervat in die **ideologiese inhoud** wat die voorstanders van elk aan die standaardvorm gee. "Establishment Afrikaans" s'n is dié van Afrikanernasionalisme en dié van "Alternatiewe Afrikaans" is 'n breër Suid-Afrikaanse nasionalisme (vgl. in dié verband ook Du Plessis 1988e en 1989). Daar is sprake van twee tipes nasionalismes en die waarde wat deur medium van elke variëteit geheg word aan die rol en plek van taal binne die breër ideologiese opset, verskil: Afrikaans is 'n belangrike fokuspunt vir Afrikanernasionalisme en dit is 'n belangrike objek waarmee gemobiliseer word. Eers sedert die begin van die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe in die laat-sewentigerjare word Afrikaans gebruik as mobiliseringsinstrument onder die breër bevolking. "Alternatiewe Afrikaans" word uit die staanspoor gebruik as mobiliseringsinstrument, maar is nie so 'n sterk fokuspunt vir 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme nie.
- b) Beide groepe en denkrigtings wat met die twee variëteite geassosieer word, wil Afrikaans meer "relevant" maak binne verskillende politieke perspektiewe, en deur middel van die taal mense tot ondersteuning en optrede mobiliseer: Afrikanernasionalisme ten einde voortgesette hervorming aanvaarbaar te maak

en die bevrydingsbeweging of "Alternatiewe Afrikaanse beweging" ten einde 'n sterk politieke bewussyn te kweek.

c) Waardebeskerming speel by beide vorme 'n groot rol. "Establishment Afrikaans" val binne die kader van die parlementêre tradisie met sy eie stel politieke waardes en "Alternatiewe Afrikaans" is tuis in die buiteparlementêre kamp wat veg vir 'n stel eie en andersoortige politieke waardes.

d) Binne skoolopset word "Establishment Afrikaans" deur die verskillende staatsbeheerde onderwysdepartemente gedra om politieke manipulasie in die opvoedingsproses te bewerkstellig. Aan die ander kant het "People's Education" dieselfde oogmerke en span die reeds vermelde beginsels van "Alternatiewe Afrikaans" in daarvoor. (Vgl. Van Aardt 1989: 13-14).

### 3.5.6 'n "Alternatiewe Afrikaanse" *taalbeweging*?

Die konsep "taalbeweging" het reeds in die vorige hoofstuk aan die bod gekom en daar is aangetoon dat daar uiteenlopende sienings oor en definisies van die verskynsel bestaan. Die doel van hierdie afdeling is nie om hare te kloof oor definisies nie\*, maar om tog te besin oor die kwessie van "Alternatiewe Afrikaans" as taalbeweging of as taalpolitieke beweging.

\*Du Plessis (1987b: 120) skryf hieroor onder meer:

"... 'n mens moet jou afvra of die verfyning van [ 'n definisie van 'n taalbeweging] werklik 'n prioriteit behoort te wees. 'n Mens sou byvoorbeeld kon redeneer dat die term taalbeweging in die Suid-Afrikaanse konteks gepolitiseer is. Na my mening behoort die aksent dus te verskuif na *taalmanipulasie* as sodanig." [My kursivering.]

Steyn (1980: 75-78) identifiseer onder die voorwaardes vir 'n "geslaagde taalbeweging" die volgende: 'n volk moet sy taal behou, daar moet taalgetroue leiers wees en daar moet 'n prikkel wees wat die intellektuele, en uiteindelik die massa, tot optrede beweeg. Hy noem die volgende drie fases van 'n taalbeweging: 'n bewusmakingsfase, 'n strydfase en 'n handhaaffase (1980: 78-90).

Du Plessis (1986) skenk meer aandag aan die dryfvere agter 'n taalbeweging en die rol wat taal in so 'n beweging speel, en kom by sy reeds vermelde definisie van 'n "taalbeweging" uit: "'n Taalbeweging is 'n politiek- en/of godsdiensgeïnspireerde beweging waar taal baie pertinent as middel tot 'n doel gebruik word" (1986: 14). Steyn wysig weer hierdie definisie tot:

"'n Taalbeweging is 'n politiek- en/of godsdiensgeïnspireerde beweging waarby taal gebruik word as een van die middele tot 'n politieke doel waarby die bevordering van 'n agtergestelde taal inbegrepe is" (1986d: 151, my kursivering).

Indien die stellings van leidende figure in die "Alternatiewe beweging" binne hierdie konteks betrek word, kan daar lank gedebatteer word in welke mate "Alternatiewe Afrikaans" as "taalbeweging" beskou kan word. So 'n debat sou ook natuurlik moet rekening hou met hoeveel taalbewegings daar in Afrikaans was en is. Volgens Du Plessis (1986) was daar vyf (waarvan drie, volgens hom, politiek-geïnspireerd was), volgens die "standaardbeskouing" was daar slegs twee. Sommige navorsers sou dan "Alternatiewe Afrikaans" wil sien as 'n "derde taalbeweging", as 'n laat voortsetting of onderafdeling van Du Plessis se "Naoorlogse taalbeweging" of selfs as "sesde taalbeweging". Die indelings is nie werklik relevant nie, wel die vraag of hier sprake is van 'n taalbeweging.

Dit is duidelik uit die taalpolitiese uitsprake van onder meer Van den Heever (1987a, 1987b, 1988a en 1988b) en Gerwel (1988), dat dit nie in die eerste instansie soseer om die bevordering van die taal, Afrikaans, gaan in die polemiese rondom "Alternatiewe Afrikaans" nie. Die klem val telkens sterk op die **mobiliseringsfunksie** van die taal, om veral bruin Afrikaanssprekendes deur medium van Afrikaans te bemagtig, te organiseer en te mobiliseer vir magpolitiese handelinge. Dit pas goed in by Paulston (1985: 50) se (instrumentele) siening van 'n taal as "... a resource which is available to ethnic groups in their competition for access to the goods and services of a nation."

Du Plessis (in Carstens en Waher 1988: 10) noem ook (op grond van veral Paulston 1985) dat

"... die verskynsel 'taalbeweging' eintlik in terme van die prosesse van sosiale mobilisering beskryf kan word. Waar die taalnasionalistiese benadering taalbevordering byvoorbeeld sien as 'n primêre doelwit, sien 'n instrumentalistiese benadering taalbevordering as 'n produk van 'n besondere vorm van sosiale mobilisering."

Steyn (in Carstens en Waher 1988: 24) definieer voorts 'n "taalbeweging" in 'n ruimer en enger sin:

"In 'n ruimer sin is 'n taalbeweging enige beweging waarby die taal as medium of as mobilisasiemiddel betrokke is, of as medium of as mobilisasiemiddel diens gedoen het en waardeur die taal op die ou end bevorder is in dié opsig dat sy status verhoog is, dat sy funksie uitgebrei is of dat dit byvoorbeeld standaardtaal geword het. Maar in 'n enger sin is 'n taalbeweging dan 'n etnies-nasionale beweging wat die behoud van 'n taal teen 'n dreigende taalassimilasie wil beskerm en waardeur die taal ook bevorder word."

Du Plessis (1987b) skryf oor die "Kaapse beweging", wat hy, soos reeds vermeld (1987c) die "bevrydingsbeweging" noem, maar later (1992) onder die noemer van 'n "progressiewe denkraamwerk" plaas. Hy noem ook pertinent (1987b: 103) dat die "Kaapse beweging" in die eerste plek 'n politieke beweging is.

Op grond van die voorafgaande sou 'n mens die "Alternatiewe beweging" in die eerste instansie as politieke beweging kan klassifiseer - 'n beweging wat Afrikaans gebruik ter wille van politieke mobilisering. In die tweede instansie sou die "beweging" wel tot 'n mate binne die bogenoemde "ruimer" definisie van 'n taalbeweging gekategoriseer kan word. Dit is beslis nie 'n "etnies-nasionale beweging" nie; die onderskeie leiers van die "beweging" stel dit telkens uitdruklik dat daar inklusief gewerk behoort te word, niteenstaande die aanvanklike oorleun na die filosofie van 'n swart bewussyn. Die doel van die "Alternatiewe beweging" is natuurlik nie om Afrikaans te verhef tot standaardtaal of noodwendig om die taal te verhef nie, soos die "ruimer" definisie van Steyn dit stel. Afrikaans word wel uitgebreid gebruik, maar met duidelike politieke oogmerke, soos wat dit ook deur van die vroeëre "taalbewegings" gebruik is om sekere politieke winste te bereik. Waar die uitvloeisels van die vroeëre taalbewegings onder meer standaardiseringspogings - die opstel van spelreëls en basiese grammatikas - en status- en korpusbeplanningsaksies vir Afrikaans was, val die klem by die "Alternatiewe" beweging meer op die taalsosiologiese en taalpolitieke gevolge wat uit bewusmakingsaksies kan spruit.

Wat baie pertinent na vore kom, is die feit dat Afrikaans weer gemanipuleer word ter wille van magspolitieke gewin. Ter "versagting" kan dit hier gestel word dat die leidende figure rondom "Alternatiewe Afrikaans" nie doekies omdraai omtrent dié feit nie: daar word prontuit gesê en geskryf dat Afrikaans ter wille van politieke mobilisering gebruik word. Hierdie eksplisiële (en, soms, implisiële) erkenning is nie so pertinent by die vroeëre taalbewegings te vind nie.

Die "Alternatiewe Afrikaanse" beweging kan dan slegs tot 'n mate as "taalbeweging" beskryf word. Soos vermeld, sal dit van navorser tot navorser afhang hoe "ruim" of "eng" 'n "taalbeweging" gedefinieer word.

In hoofstuk 4 word die "produkte" van "Alternatiewe Afrikaans" - of dit nou as suiwer politieke of as taalbeweging beskou word - ondersoek. Pheiffer (in Carstens en Waher 1988: 32) maak in hierdie verband die volgende opmerking (met betrekking tot 'n suksesvolle taalbeweging):

"... die aard van so 'n taalbeweging [sal] tog gemeet ... word aan die produkte daarvan. In die eerste plek, volgens my, tা়lprodukte. Nie net die funksies van die taal wat gebruik word of wat bevorder kan word nie, nie net die rol van die taal is belangrik nie, maar juis die produkte waarin taal gebruik word (skeppende werk, teoretiese werk), dit wat daardie taalbeweging voortbring ..."

Soos reeds vermeld en verder aangetoon sal word, verskyn daar verskeie "taalprodukte" vanuit die "Alternatiewe" beweging of denkraamwerk. Dié "produkte" is nog nie na behore krities ondersoek nie en dit word in die volgende hoofstuk onderneem.

### **3.6 "Alternatiewe Afrikaans" binne die konteks van 'n teenhegemonie**

In hoofstuk 2 is aangetoon hoe wit Afrikanerhegemonie sy derde en dominante fase bereik het ná die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die deurvoering van apartheidswetgewing, waardeur verskeie groepe polities en ekonomies ondergeskik gestel is aan die heersende hegemonie.

Die eerste twee fases van 'n opkomende kleurlinghegemonie is in 3.2 behandel. Die derde fase, dié van "suiwer hegemonie" kan, soos vermeld, teruggevoer word na die stigting van die UDF en die uitbreiding van buiteparlementêre politieke aktiwiteite wat die heersende hegemonie al hoe meer begin bedreig.

Kleurlinghegemonie is, veral aan die begin van sy derde fase in die tagtigerjare, onlosmaaklik verbind met die opkoms van 'n swart hegemonie, 'n aspek waarop daar nie in hierdie studie ingegaan word nie. Daar is ook bydraes vanuit wit geledere tot dié teenhegemonie, byvoorbeeld deur organisasies soos die Black Sash, IDASA en die End Conscription Campaign. Die UDF bestaan uit verskeie bruin en swart organisasies en is later, onder die vaandel van die "Mass Democratic Movement", die draer van 'n alternatiewe of teenhegemonie, wat as die begin van 'n derde fase van swart en kleurlinghegemonie beskou kan word.

Hierdie fase is reeds in die vorige hoofstukke getypeer as

"the phase in which previously germinated ideologies become 'party', come into confrontation and conflict, until only one of them, or at least a single combination of them, tends to prevail, to gain the upper hand, to propagate itself throughout society - bringing about not only a union of economic and political aims, but also intellectual and moral unity, posing all the questions around which the struggle rages not on a corporate but on a 'universal' plane, and thus creating the hegemony of a fundamental social group over a series of subordinate groups" (Gramsci, aangehaal in Sassoon 1980: 118).

Verskeie leiers en groepe binne die "Alternatiewe beweging" dra duidelik die konsep van 'n alternatiewe hegemonie uit. Die KPO is reeds geïdentifiseer as een van die leidende rolspelers binne die sfere van "People's Education" en "Alternatiewe Afrikaans". In 1988 word voorbereidings getref om die *Freedom Charter* (die beleidstuk van die UDF) as beleidstuk van die KPO aanvaar te kry en die KPO beweeg baie duidelik binne die konteks van die "Mass Democratic Movement" (vgl. Louw 1988a: 14-16).

Willemse (1987: 238) praat weer namens "swart Afrikaanse skrywers" wanneer hy sê:

"The task now is to continue writing in Afrikaans and to be constantly aware of this dichotomy: the oppressed writing in the language of the oppressor. One

also has to accept as fact that Afrikaans is at once the language of the conqueror and the language of the oppressed. This, furthermore, implies that the black Afrikaans writer must constantly be in pursuit of a literary commitment in Afrikaans which is overtly *counter-hegemonic*." [My kursivering.]

Kleurlingpolitiek in die tagtigerjare (en vandag) kan beslis nie as eenheid gesien word nie. Alhoewel verskeie kleurlingorganisasies by die UDF geaffilieer word, staan baie kleurlinge steeds by die "establishment" Arbeidersparty of by die Nasionale Party (vgl. Du Pré 1994: 196 e.v.) - 'n verskynsel wat waargeneem word tydens die 1994-verkiesings waar die ANC nie 'n meerderheid in die Wes-Kaap kon verkry nie.

Op 'n breër, nasionale vlak word die teenhegemonie wel sigbaar: deur die onophoudelike boikotte, stakings, opmarse, ontwrigting van skole en die lamle van die ekonomie ter wille van die omverwerping van 'n ondemokratiese bestel en die verkryging van 'n demokratiese staat (vgl. Du Pré 1994: 195). In 1990 word verskeie organisasies soos die ANC, PAC en die SAKP uiteindelik ontban en vrye politieke aktiwiteite vind vir die eerste maal in Suid-Afrika plaas. Vir die "Alternatiewe beweging" kan hierdie tydvak as die begin van die volwaardige hegemoniefase beskou word. Die "party" of kerngroepering waarmee die beweging duidelik geassosieer word, is aanvanklik die UDF en dan die ANC wat die teenhegemonie deurvoer. Of dié hegemonie lank genoeg sal duur om 'n dominansiefase te bereik, sal slegs deur die toekoms gewys word.

"Alternatiewe" of "bevryde" Afrikaans pas dan binne hierdie skema in as gevolg van sy herhaaldelik beklemtoonde mobiliseringsfunksie. Deur dié ideologiese variëteit van Afrikaans word massas mense, veral arbeiders op die platteland, bereik en polities bewus gemaak. Dié bewusmakingsproses vind veral plaas deur middel van die sogenaamde "alternatiewe gemeenskapspers". Hierdie medium en die ideologie en politieke "agendas" wat daarin gevind word, word in die

volgende hoofstuk in besonderhede geanaliseer.

### 3.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk word die politieke geskiedenis van die kleurlinge oorsigtelik behandel en binne hegemoniese konteks bespreek. Daar word gewys op die stelselmatige verdrukking van die kleurlinggemeenskap deur verskeie regerings en negatiewe en verdeelde sentimente teenoor Afrikaans word genoem. 'n Aantal ideologiese groeperings rondom Afrikaans ná 1976 word behandel en daar word aangetoon hoe die konsep "Alternatiewe Afrikaans" spruit uit die sogenaamde "progressiewe denkraamwerk" en "People's Education" in die vroeë tagtigerjare.

Die "Alternatiewe beweging" se taalpolitiek word bespreek en daar word deurentyd klem gelê op die gebruik van Afrikaans deur dié beweging ter wille van politieke mobilisering. Die term "Alternatiewe Afrikaans" word ontleed en sosiolinguisties getypeer. Voorts word dié beweging as "taalbeweging" ontleed en daar word ten slotte gekyk na die plek van dié "beweging" binne die derde hegemoniese fase van kleurlingpolitiek, wat deel vorm van 'n alternatiewe hegemonie.

In die volgende hoofstuk word 'n aantal tekste wat direk of indirek met die "Kaapse beweging", "People's Education" of die "Alternatiewe denkraamwerk" verband hou, met behulp van sekere tegnieke uit die kritiese linguistiek geanaliseer en vrae word gestel oor die "ideologie van bevryding", wat oënskynlik die basis van die meeste van hierdie tekste vorm.

## HOOFTUK 4

### 'N IDEOLOGIES-KRITIESE ANALISE VAN ENKELE "ALTERNATIEWE AFRIKAANSE" TEKSTE

#### 4.1 Inleiding

In 3.5.2 word 'n aantal publikasies van lede van die KPO kursories bespreek en die stelling gemaak dat die aard en inslag van die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" by navorsers "gemeet" sal kan word aan sy "produkte" - tekste waarin die ideologiese beginsels en sosiaal-politieke agendas van die beweging vergestalt word.

In hierdie hoofstuk word van dié tekste ondersoek binne die raamwerk van die kritiese linguistiek (KL). Die hoofdoel met hierdie analyses is om die inhoud van die "ideologiese beginsels en sosiaal-politieke agendas" bloot te lê. Hierdie blootlegging geld veral ten opsigte van die "alternatiewe gemeenskapspers" en die analitiese metodes wat toegepas word, word uit die kritiese diskoersanalise geneem.

Die keuse vir analise val in die eerste plek op tekste wat eksplisiet deur redakteurs en outeurs as "alternatief" getypeer word, naamlik *Tree na vryheid* (Van den Heever 1987a) en 'n aantal publikasies van die "alternatiewe Afrikaanse gemeenskapspers". Die keuse van dié tekste en die paar analitiese metodes wat uit die KL gebruik word vir teksontleding - spesifiek met betrekking tot die gemeenskapspers - word later deeglik gemotiveer.

Daar word eerstens egter kursoriiese aandag geskenk aan twee skoolhandboekgriekse, *Spore* en *Ruimland*, wat in verband gebring kan word met

die denkraamwerk rondom "alternatiewe onderwys". Dié twee reekse kan nie bloot as produkte van die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" beskou word nie, maar hulle verteenwoordig wel 'n Afrikaanse *alternatief* op bestaande handboeke, en word daarom behandel. Wat hulle ideologiese onderbou betref, sluit hierdie handboeke op verskeie wyses aan by van die ideologiese uitgangspunte van die "Alternatiewe beweging".

#### **4.2 Spore en Ruimland**

##### **4.2.1 Inleidend**

Die denkraamwerk waaruit die konsepte "People's Education" en "Alternatiewe Afrikaans" ontstaan het in die tagtigerjare en die sterk band tussen die twee konsepte, is in hoofstuk 3 ondersoek. Daar is aangetoon dat "alternatiewe onderwys" dikwels sinonimies met "people's education" gebruik word en dat die "alternatief", volgens Van den Heever (1987b), dui op 'n nuwe inhoudgewing aan leerplanne en skoolhandboeke. Esterhuyse (1986) se ontleding van die Afrikanersentriese inhoud van skoolhandboeke, met die daarmee gepaardgaande vermyding van "anderskleurige bydraes" tot Afrikaans, is behandel. Daar is ook aangetoon dat daar nie eenstemmigheid bestaan tussen byvoorbeeld Gerwel (1988), Sonn (1988) en Van den Heever (1988a en 1988b) oor die vormlike en inhoudelike veranderings wat aan skoolleerplanne aangebring behoort te word nie.

Dit sal duidelik word dat die "alternatiewe" handboekreekse daarop gemik is om die hele Afrikaanse (skool)taalgemeenskap te bereik en te "bemagtig", maar dat hulle nie 'n eksplisiete polities-ideologiese mobiliserende onderbou het soos byvoorbeeld die "alternatiewe gemeenskapspers" nie.

'n Deeglike kritiese ontleding van die handboeke en hulle moontlike gebruik binne skool- of universiteitskurrikula val buite die bestek van hierdie proefskrif. Hierdie sake kry uitgebreid aandag in onder meer McGregor en McGregor (1992). In hierdie werk word die onderwysstelsel en -krisis in Suid-Afrika byvoorbeeld vanuit verskillende invalshoeke benader en 'n integrasieperspektief, die rol van besighede, die posisie van plaasskole, private en "alternatiewe" skole, taalbeleid in skole en 'n herevaluasie van die De Langeverslag (vgl. 3.4) word bespreek. McKay en Romm (1992) analyseer weer "people's education" (oor die algemeen en in Suid-Afrika) vanuit 'n aantal sosiologies-gefundeerde teoretiese beskouings.

In hierdie afdeling word daar slegs op enkele vormlike ideologiese perspektiefverskuiwings in die vermelde handboeke ingegaan. Daar word in die besonder gelet op die verskuiwing in simbole, persoonsname en die breër perspektief op die Afrikaanse taalgemeenskap.

#### **4.2.2 Motiverings vir die skryf van "alternatiewe" handboeke**

In 3.4 is Van den Heever (1987b: 13-23) se voorbeeld van die eensydige historiese perspektief ten opsigte van swart mense in skoolhandboeke (veral Afrikaanse en geskiedenis-handboeke) genoem en sy balanse en teenwigte wat ingevoer behoort te word, vanaf kleuterskoolvlak tot hoërskoolvlak, is vermeld. Hy wys byvoorbeeld uit dat slegs (wit) Afrikaanse name en lewenstyle ter sprake kom in handboeke wat deur swart skoolkinders gebruik word en hy noem die volgende probleme wat vanuit dié aanbieding spruit:

- "1. Clear White-Westernised norms serve as the point of departure in these books. There are no situations with which black children can identify.
- 2. An identity crisis is created in the minds of black children who are forced to internalise the perceptions set out in these books.
- 3. The place of the black people is devastatingly emphasised in books of this nature - in the kitchen as servant" (1987b: 32).

Hy vergelyk dan van die bestaande handboeke met byvoorbeeld handboeke wat in Swaziland gebruik word en waarin leefruimtes voorgestel word waarmee swart kinders kan identifiseer (1987b: 33). Ten slotte skryf Van den Heever die volgende oor "alternatiewe onderwys":

"The challenge of the democratic movement towards a people's based system of education requires the dynamic commitment of all sensitive teachers, parents, educators and political analysts. There has already been a decisive break with the racist and reactionary past of a system of education striving to uphold the unacceptable ideology of Apartheid. Now there must be a clear and constructive movement towards the realisation of the educational content and method required in education for a democratic alternative" (1987b: 39).

Hierdie "demokratiese alternatiewe" met betrekking tot skoolhandboeke word grootliks gevind in die gemelde *Spore-* en *Ruimlandreekse*, reekse wat veral vanuit die Universiteit van Wes-Kaapland geloods is deur akademici wat nou gemoeid is met die "Alternatiewe Afrikaanse" en "people's education"-denksfeer.

Keriesa Botha, een van die hoofsamestellers van die *Spore-* en *Ruimlandreekse*, vra ook, in dieselfde trant as Van den Heever, wat met kinders se "taalwerklikheid op skool" gebeur en noem:

"Baie gou moet hulle uitvind dat om te survive jy jou taalwerklikheid vir 'n onnatuurlike taalhandboekwerklikheid moet verruil. En geleidelik word die kind se taalwerklikheid misken en selfs verworp omdat taalonderrig op skool essensieel handboekgerig is" (1990: 5).

Sy behandel 'n vraelysondersoek oor Afrikaans Eerstetaal-handboeke wat in 1987/8 deur die Skool van Opvoedkunde van die Universiteit van Kaapstad geloods is, waaruit dit blyk dat "taalhandboek-Afrikaans vir 'n groot deel van die spraakgemeenskap 'n doringdraad-Afrikaans is en met empowerment min te make het" (1990: 5). Sy skryf voorts: "Die ondersoek het uitgegaan van die hipotese dat Afrikaans Eerstetaal-handboeke 'n Afrikanersentriese karakter weerspieël en daarom vanweë hul eksklusivistiese aard 'n groot deel van die

Afrikaanse spraakgemeenskap vervreem" (1990: 5).

Aspekte van die taalhandboeke wat geëvalueer is in die ondersoek, met "verteenwoordiging" as oorkoepelende maatstaf, was die volgende:

- \* die gebruik van name en vanne van mense;
- \* die benutting van grafiese afbeeldings van mense;
- \* die sosiale opset by stelwerkopdragte;
- \* die implisiële parameters by die gebruik van die konsep "volk";
- \* die seleksie van leesstukke, idiome en afkortings.

Sy noem dan dat die meerderheid respondentie aangedui het dat bogenoemde komponente 'n (wit) Afrikanersentriese wêreld weerspieël en dat hulle 'n ruimer spraakgemeenskaplike werklikheid sou verkies. Voorts vra sy:

"[W]atter soort taalhandboekwerklikheid sal kinders en onderwysers empower? 'n Ideale post-apartheid werklikheid? 'n Kritiese kyk na 'n gesegregeerde samelewing? Of missien 'n kritiese kyk na die moontlikhede en eise van 'n post-apartheid werklikheid?" (1990: 6).

Vrae is in die gemelde vraelys gestel oor die aanbieding van taalgeskiedenis en die hantering van variante van Afrikaans in handboeke. Reaksies van respondentie hierop was onder meer die volgende:

- \* dat handboekskrywers 'n gebalanseerde en wetenskaplik gefundeerde weergawe van die aandeel van al die mense in die oerspraakgemeenskap moet bied ten einde bestaande persepsies omtrent die ontwikkeling van Afrikaans na behore te verskuif;
- \* dat groter erkenning van die nie-Europese bevolking nie op 'n seksonale wyse moet geskied nie, maar dat die organiese eenheid van die 17de-, 18de- en 19de-eeuse spraakgemeenskap op regmatige wyse hanteer sal word (Botha 1990: 6-7; vgl. in dié verband ook Du Plessis 1987a se stellings oor 'n "alternatiewe" geskiedskrywing van Afrikaans en Esterhuyse 1986 se kritiek oor

die aanbieding van die geskiedenis van Afrikaans in handboeke).

Botha skryf, met betrekking tot die kwessie van die opneem van variante in handboeke, dat verskeie respondenten genoem het dat die leerling positief beïnvloed sal word (d.w.s "bemagtig" sal word) as taalvariante "burgerreg" kry (1990: 7). (Esterhuyse 1986: 92 e.v. dui deeglik aan hoe variante van Afrikaans, byvoorbeeld Kaapse Afrikaans, gestigmatiseer en gestereotipeer word in handboeke soos *Afrikaans my taal. Standerds 9 en 10* (De Klerk et al. 1981) en *Ons Moedertaal. Afrikaans eerste taal* (Meyer et al. 1979).)

Botha som die sienings rondom die skryf van 'n nuwe stel Afrikaanse skoolhandboeke soos volg op:

"Dit is duidelik dat dit immoreel sal wees om voort te gaan om taalhandboeke te skryf en goed te keur wat nie spraakgemeenskaplike is nie ... 'n Spraakgemeenskaplike handboek kan 'n belangrike sleutel tot empowerment wees. 'n Handboek waarin die hele spraakgemeenskap sigbaarheid het, moet egter ook ondersteun word deur 'n metodologie wat kindgesentreerd is en wat 'n demokratiese klaskamerpraktyk fasiliteer" (1990: 9).

Botha gebruik basies dieselfde motiverings in haar verdediging van en aanbevelings oor die gebruik van *Spore* en *Ruimland* in 1992 (vgl. Botha 1992: 25-30). Sy beklemtoon 'n "teken + teks"-benadering, bepleit nie-rassistiese en nie-seksistiese handboeke en beklemtoon die siening dat 'n handboek deel vorm van die stryd teen die mite dat die skoolkurrikulum bloot 'n neutrale vorm van kennis is. (Vgl. in dié verband die sienings van Freire oor onderwys in 3.4.)

Die kernpunt van Botha se betoog is dus a) inhoudgewing aan handboeke wat die hele taalgemeenskap weergee of verteenwoordig en waarmee hulle kan identifiseer, met die doel b) dat hulle "empower" kan word c) binne 'n kindgesentreerde metodologiese raamwerk.

"Empowerment" of "bemagtiging" kan hier vertolk word as die doelstelling dat die kind met sy moedertaal(variant) hom in sy taalwêreld moet kan handhaaf. Dit is 'n faset van die omvattender sosiale, politieke en ekonomiese "bevryding" wat deur "People's Education" en "Alternatiewe Afrikaans" nagestreef word en waardeur die begrip "Alternatiewe Afrikaans" self "empowerment" kry - vgl. hoofstuk 3.

Die volgende beskouings oor *Spore* en *Ruimland* moet teen die agtergrond van Esterhuyse (1986) en Botha (1990 en 1992) se stellings gesien word.

#### **4.2.3 Spore**

Botha, Pokpas, Links en Barnard (1991) beskryf die *Spore*-reeks (1991, 1992 en 1993a) in hulle inleidings tot die onderskeie handboeke as 'n nuwe Afrikaans Eerste Taal-reeks vir die Senior Primêre fase. Hulle noem SPORE 'n "taalboek, leesboek, pretboek en praatboek" (1991) omdat dit taal in sy geheel benader. Daar word nie net op die woord as die enigste taalteken gefokus nie, maar lyftaal, stemtoon, emosie en visuele taal word deurlopend ontsluit om die kind die taal te gee waarmee hy die wêreld om hom kan lees, begryp en bemeester. Die laaste uitgangspunt sluit direk aan by die konsep "bemagtiging", soos hierbo omskryf.

In die "Onderwysersgids" tot *Spore 4* (1993b) omskryf Botha et al. die doelstellings met hul reeks verder. Hulle wil alle taalaktiwiteite integreer en binne konteks aanbied, daarom bestaan die tekste uit strokies, koerantberigte, gedigte, verhale, advertensies, ensovoorts. Voorts wil hulle kinders daarvan bewus maak dat die hele wêreld om hulle eintlik "tekste" is, en dat hulle, die kinders, voortdurend besig is om betekenis daaraan te heg.

Getrou aan dié doelstellings, word basiese grammatika, spelling, woordsoorte, lees- en luistertegnieke en basiese semantiese begrippe aan die hand van talle kleurvol geïllustreerde leesstukke verduidelik en getoets. Bloot op gesigswaarde vertoon die reeks baie meer kleurvol en aantreklik as die "standaard" Afrikaanse skoolhandboek. Die grammatika en stelwerk word sistematies aangepak en kinders word deurentyd aangemoedig om self verdere voorbeelde of teenvoorbeelde van argumente of sienings te gee.

Die tekste wat aangebied word, is ook baie meer sosiaal-betrokke en "verteenwoordigend" as dié waaraan die leser of student van 'n "tradisionele" handboek gewoond geraak het deur die jare: die temas handel merendeels oor mense uit verskillende "klasse" van die samelewing, nie slegs oor die wit, bevoorregte klas soos wat in die standaard-handboek aangetref word nie. Implisiet word temas soos hantering van emosies, hantering van gevaaarlike situasies en kinderregte aangespreek, sonder dat dit as indoktrinerend oorkom. Ekologiese kwessies soos globale verwarming, besoedeling en natuurbewaring, stereotipering van geslagsrolle en velkleur en die analise van advertensies en koeranttekste kom ook aan die bod.

Benewens die sterk visuele ingesteldheid en relevante temas in die *Spore*-reeks, val die figure wat in die strokiesprente of leesstukke gebruik word, die leser dadelik op: hier is nie sprake van 'n wit Afrikanersentriese benadering nie; die name is afwisselend van Afrikaanse, Moslem, of swart afkoms: "Leon, meneer Abrahams, mevrou Keshev, Nosiphoo", ensovoorts. Die sketse en foto's is ook verteenwoordigend van die verskeie bevolkingsgroepes en aandag word geskenk aan die variante van Afrikaans wat deur verskeie groepe gepraat word. Dit word alles gedoen sonder om 'n "utopiese beeld" te wil voorstel (vgl. Botha 1990: 6 se vrae oor watter "taalhandboekwerklikheid" die

doel moet wees).

Die algemene indruk wat die leesstukke in die *Spore*-reeks skep, is een van sterk sosiale betrokkenheid by die leefwêreld van vandag, sonder om stereotipes te wil versterk of bestaande werklikhede te wil ontken. Die kleurryke voorkoms van die handboeke verdoesel nie die feit dat die taalkundige gegewens wel deeglik en sistematies aangebied word nie.

Samevattend kan dié reeks as 'n uitstekende manifestasie van die ideale van die voorstanders van "People's Education" en "Critical Language Awareness" (vgl. Anthonissen 1994 en Clarence 1994 in dié verband) beskou word. 'n Kritiese houding word by leerlinge aangemoedig en verskillende perspektiewe op sosiale en taalverwante probleme word gebied, nie slegs 'n eensydige blik nie.

Vir verskeie opvoedkundiges aan beide kante van die politieke spektrum sal die reeks uiteraard óf te "liberaal" óf te "konserwatief" in sy aanslag wees, maar vir hierdie navorsers is dit 'n welkomme toevoeging tot en alternatief op bestaande Afrikaanse skoolhandboeke, veral vanweë die kritiese ingesteldheid wat by leerlinge aangemoedig word.

#### **4.2.4 *Ruimland***

Die eerste deel van die *Ruimland*-reeks (nr. 6), 'n reeks nuwe handboeke vir Afrikaans eerstetaalonderrig op hoërskoolvlak, verskyn in 1989. *Ruimland 9 & 10* verskyn in 1990.

Botha, Esterhuyse, Gouws, Links, Pienaar en Weideman, die samestellers van *Ruimland 6*, noem in die *Gids tot Ruimland 6* (1989) dat die motivering vir die skryf van hierdie reeks was omdat:

- \* taalaspekte jaar na jaar in opeenvolgende boeke herhaal word, sonder om erkenning te gee aan die reeds verworwe kennis in vorige standerds;
- \* taal buite 'n sosiale konteks in 'n gefragmenteerde vorm aangebied word. Dié soort aanbieding word gekenmerk deur lang lyste woordeskat, uitdrukings, idiome, afkortings, voorsetsels en algemene taalvoorbeeld wat buite verband aangebied word;
- \* die taalaanbod dekade na dekade wesenlik dieselfde bly, asof Afrikaans in 'n gefossileerde staat verkeer;
- \* leesstukke nie rekening hou met die wêreld en die behoeftes van die moderne kind nie en neig om didakties/pedanties te wees en
- \* die metodiek op die onderwyser i.p.v. die kind gerig is.

Botha *et al.* (1989: 2-10) gaan dan in besonderhede in op aspekte soos 'n geïntegreerde benadering tot taal, die sg. "ontdek-dit-self-ervaring", die "sinvolle benutting van die fisiese ruimte", die benutting van visuele teks en hulle plaas klem op 'n "spraakgemeenskaplike" benadering. Oor die laasgenoemde aspek skryf hulle: "'n Boek met spraakgemeenskaplike kwaliteite is een waarmee nie slegs alle Afrikaanssprekendes kan identifiseer nie, maar wat leerlinge terselfdertyd stimuleer om psigo-sosiaal te ontwikkel" (1989: 4).

Dieselde metodologie word in die *Ruimland*-reeks aangetref as in die *Spore*-reeks: stelwerk en taalkunde word binne dieselde konteks behandel; die inhoud is kindgesentreer; vrae wat gestel word, is daarop gemik om nie slegs kennis of insig te toets nie, maar ook om menings uit te lok en diskussies te

stimuleer. Leesvaardighede word bevorder, maar leestegnieke neig na 'n kognitief-linguistiese model, waarbinne die klem val op die verkenning van betekenis en die beoefening van denkvaardighede.

Die temas van leesstukke spreek weer eens van sosiale betrokkenheid: magstanbalanse, stereotipering van geslagsrolle en velkleur, omgewingsbewustheid, wanvoorstellings oor die geskiedenis van Afrikaans en sy variante, loopbane, die rolle van verskillende nuusblaas en persgroepe, om maar enkeles te noem, kom aan die bod. Via die leesstukke word taalkundige en letterkundige temas dan verduidelik volgens die voorgeskrewe sillabus.

Kritiek is teen dié reeks geopper, as sou dit deel vorm van die sogenaamde "New Age"-beweging, met sy klem op 'n holistiese lewensbeskouing (wat veral ter sprake kom in *Ruimland 9 & 10*), die ekosisteem en die fyn balans tussen mens en natuur. Daar is ook gepoog om die reeks uit skole te verwijder en 'n polemiek het gevolg in onder meer kerklike kringe oor die reeks (vgl. *Gazette*, 27 Julie 1993, Pienaar 1993 en Nel 1993). Tans is die reeks egter wel op die voorgeskrewe lys van onderwysdepartemente van verskeie provinsies en van Namibië.

Die reeks, met sy kleurvolle en stimulerende aanslag, is, soos die Spore-reeks, 'n welkome alternatief tot bestaande handboeke, vgl. o.m. Compton (1990) se gunstige resensie. Die geheelindruk, veral met betrekking tot die aanbieding en analyse van tekste, sluit ook nou aan by die voorstelle wat Fairclough (1989: 233 e.v.), Anthonissen (1994), Clarence (1994) en Maartens (1994) maak ten opsigte van kritiese taalstudie en sosiale bevryding in die aanbieding van taalstudie in skole.

*Ruimland 9 & 10* word ook gebruik as handboek vir die kursus "Afrikaans" ('n eenjarige "dienskursus") aan die Universiteit van die Witwatersrand. Fred Pheiffer skryf in 'n resensie-artikel (1992) onder meer die volgende oor die handboek, nadat hy noem dat daar in die vermelde kursus gepoog word om aan te sluit by die "Alternatiewe Afrikaanse beweging":

"Although each chapter ... deals with a particular sub-discipline of Afrikaans linguistics or language usage, these are not presented directly or explicitly as such. Rather, each chapter has a theme pertaining to some of the more burning issues of our modern society, e.g. ecology, sexism, propaganda and the choices a young person on the verge of adulthood must make. This is certainly a novel way of introducing linguistics and language use, a subject to which most students seemingly have a natural aversion.

"Furthermore, while *Ruimland 9 & 10* is not overtly political, it would certainly seem to form part of the 'Alternatiewe Afrikaans' movement. ... [T]he standard Afrikaans textbook was referred to as drab and boring. Unfortunately, through the use of particular texts, examples and terminology, there has also often been an entrenchment of racial stereotypes in particular and Nationalist ideology in general. In this regard *Ruimland 9 & 10* offers an encouraging alternative and as such would complement the teaching approach ... in an optimal fashion. ...

"As a Department of Afrikaans & Nederlands we are impressed by the way in which *Ruimland 9 & 10* presents a new face to Afrikaans: new in terms of being free from and independent of an underlying Nationalist ideology, new too in terms of its innovative teaching methods. We are convinced that the two main needs of the students concerned, namely to speak and write better Afrikaans for professional purposes, will adequately be addressed by the wide variety of stimulating and challenging exercises contained in this book" (1992: 85 en 87, my kursivering).

Van die kritiekpunte wat wel teen *Ruimland* geopper kan word, is dat die reeks ongetwyfeld "polities korrek" probeer wees. Hierdie tema kom later in dié hoofstuk weer ter sprake.

## 4.3 Tree na vryheid

### 4.3.1 Doelstellings en samestelling van die bundel

*Tree na vryheid* (Van den Heever 1987a) is, soos in 3.5.2 vermeld, die eerste selferkende publikasie in "Alternatiewe Afrikaans". Die subtitel van die boek is " 'n Studie in Alternatiewe Afrikaans". In die "Voorwoord" gee Van den Heever 'n kort historiese oorsig van die identiteitskrisis waarin die bruin Afrikaanssprekende hom bevind het ná die 1976-opstande en hy bespreek die konsepte "People's Education" en "Alternatiewe Afrikaans" (sonder, soos vroeër vermeld, om werklik by 'n definisie van laasgenoemde uit te kom). Hy stel dit dat (Standaard)Afrikaans heropgeëis (kan) word vir 'n nuwe ideologie. Die aanvaarding van Afrikaans in die breë swart gemeenskap gaan, volgens hom, veral gepaard met die populêre leierskap van Afrikaanssprekende gemeenskapsleiers soos Boesak, Small, Gerwel en Sonn en die totale identifisering met die stryd teen apartheid deur Afrikaners soos Breyten Breytenbach, Beyers Naudé en Van Zyl Slabbert (vgl. Van den Heever 1987a: 4).

Van den Heever stel dan die doelwit van die boek soos volg:

" 'Tree na Vryheid' is nie slegs geskryf met die doel om 'n bevrydingskultuur onder die verdrukte swart gemeenskap in die medium van Afrikaans te stimuleer nie. Dit is inderdaad ook op die Afrikaner gerig wie se bevryding van die boeie van 'n rassistiese denkpatroon ewe belangrik is.

" 'Tree na Vryheid' word opgedra aan onderwysers en leerlinge om hulle van 'n Afrikaanse studiebundel te voorsien waaruit hulle tot 'n diepe besinning oor Alternatiewe Afrikaans kan kom. Die boek beslaan 'n reeks outentieke standpunte in die strewe na 'n demokratiese toekoms vir alle Suid-Afrikaners met reekse oefeninge vir hoërskoolleerlinge of universiteit studente [sic] om hulle vanaf dievlak van emosionele retoriek tot dievlak van konstruktiewe aktiwiteit te lei. Dit bevat verwysings na gemeenskapsleiers en organisasies in die bevrydingstryd wat vir die eerste keer op dié wyse in die Afrikaanse taalmedium vergestalt is. Die bundel kan gebruik word as leesboek, as studiegids vir literêre verdieping, as begripstoets, as aktiwiteitsgids by alternatiewe programme of as blote naslaanbron vir toesprake en artikels" (1987a: 5).

Al definieer Van den Heever nie "Alternatiewe Afrikaans" nie, is dit duidelik dat dit vir hom gaan om die aanbieding van politiek-relevante temas en die ideologie van "bevryding" deur medium van Afrikaans.

Die bundel word verdeel in drie afdelings: "(a) Alternatiewe Afrikaans, (b) Stryders om geregtigheid en (c) Gemeenskapsvraagstukke". In die eerste afdeling vind die leser gedigte van onder meer Breyten Breytenbach en Fanie Olivier, 'n geleentheidsartikel deur Van den Heever oor "Afrikaans: Medewerker tot demokrasie", Theo du Plessis se reeds vermelde artikel oor 'n alternatiewe siening van die ontstaan van Afrikaans en artikels deur André P. Brink en Jakes Gerwel oor die toekoms en oorlewing van Afrikaans. By elke gedig of artikel word daar nie slegs inhoudelike begripstoetsvrae gestel nie, maar die leser/leerling word aangemoedig om sekere uitdrukkings te verklaar of om self navorsing in sy woongebied te gaan doen oor byvoorbeeld houdings jeens Afrikaans. Stelwerktemas soos "Waarom ek Afrikaans praat", "Het Afrikaans 'n toekoms?" en "Wat is my beskouing oor 'suiwer' Afrikaans?" (p. 21) word aangetref en leerlinge word aangemoedig om debatte te voer oor die kwessie of Afrikaans as verdrukkers- of bevryderstaal gesien behoort te word.

Die tweede afdeling bestaan uit artikels oor Nelson Mandela, Steve Biko, Allan Boesak, Martin Luther King, Gandhi, Kenneth Kaunda en Abraham Esau (laasgenoemde 'n organiseerdeerder van 'n bruin versetbeweging teen die Boere in die Noordwese tydens die Anglo-Boereoorlog). Hier word ook inhoudelike vrae gestel oor die leesstukke, maar leerlinge word veral deur middel van opsteltemas of debatspunte aangemoedig om hul eie menings te lug oor aspekte soos vreedsame protes, die rol van swart bewussyn, rassisme en menseregte.

Onder "Gemeenskapsvraagstukke" word leesstukke en artikels oor "Die belastering van die Zoeloe-Konings", die identiteitskrisis van die kleurling, "brûe en klowe in die onderwys", die "Congress of the People te Kliptown" en 'n Afrikaanse vertaling van die "Freedom Charter" gevind. Weer word prikkelende en aktuele vrae, voortspruitend uit die stukke, gestel, en nie slegs feitelike kennis getoets nie.

#### **4.3.2 Kritiek op die bundel**

Die uitgangspunte van Van den Heever met die saamstel van *Tree na vryheid* pas netjies in by die raamwerk wat uitgespel is ten opsigte van "People's Education" en "bevryde Afrikaans" in hoofstuk 3: diskussie en kritiese denke word deurentyd aangemoedig, nie slegs 'n tipe "eenrigtingverkeer" van onderwyser na skolier/student nie.

Du Plessis (1988b) spreek aanvanklik waardering oor die boek uit en beskou die werk as 'n "taalpolitiese 'statement' oor Afrikaans" (1988d: 24). Hy noem dat, teen die agtergrond van die polemiek oor die "bevryding van Afrikaans", *Tree na vryheid*

"... as 'n belangrike strategie in die bevrydingspolitiek beskou [kan] word. Die boek verklaar dat Afrikaans 'n plek in die demokratiese beweging en ook in 'n nuwe Suid-Afrika gegun kan word. Die bevordering van Engels as bevrydingsmiddel kan inderwaarheid die bevryding van Afrikaanssprekendes blokkeer" (1988d: 24).

By 'n nadere lees van dié werk ontstaan daar wel 'n aantal punte van kritiek, kritiek wat Du Plessis (1988d) ook ondervang. Soos vermeld, hanteer Van den Heever die begrip "Alternatiewe Afrikaans" sonder om dit self duidelik te omskryf. Du Plessis skryf dat die gebrek aan 'n duidelike omskrywing van dié sentrale begrip die inhoudgewing van die boek skaad en vra dan, na aanleiding

van Van den Heever se opkoppeling van "Alternatiewe Afrikaans" met "People's Education", die volgende:

"Indien met "alternatiewe Afrikaans" bedoel word 'n Afrikaans wat leef in die dampkring van People's Education ... wil 'n mens onmiddellik vra hoekom die stem van die *people* nie in *Tree na Vryheid* gehoor word nie. Die stem wat oorwegend in die byeengebragte tekste gehoor word, is dié van die intellektueel. Die keuse van sprekers, die temas, die moeilikhedsgraad en die taalvorm waarin dit gegiet is - deurgaans standaard-Afrikaans - duï daarop.

" 'n Mens kry die indruk die samesteller het 'n elitistiese keuse van leesstof gemaak. Hoekom is daar geen tekste in werkers-Afrikaans opgeneem nie? People's Education behels nie net die grondige hersiening van leerplaninhoud nie, maar ook van die onderwysmetode. Die metodologie van *Tree na Vryheid* val nog binne 'n heel tradisionele raamwerk, wat laat blyk dat *Tree na Vryheid* nie die resultaat van 'n gedemokratiseerde beplanningsproses is nie" (1988d: 24-25).

Soos vermeld ten opsigte van die twee skoolhandboekreekse, sal daar altyd kritiek van beide kante van die politieke spektrum wees jeens die tekste. Du Plessis se bostaande kritiek kan dalk 'n mate van geldigheid hê met betrekking tot die genoemde definisies, maar die metodologie van *Tree na vryheid* is 'n stap in die regte rigting, veral met betrekking tot die aktuele temas en vrae en debatsvoorstelle wat oor die leesstukke gestel word, temas soos die stigmatisering van Afrikaans, die toekoms van die taal en die Afrikaanse taalgemeenskap. Hierdie temas sluit natuurlik nou aan by die beginsels van die "Alternatiewe beweging".

Van Du Plessis se verdere kritiek op die boek het dalk meer meriete en geldigheid. Hy skryf dat Van den Heever "Alternatiewe Afrikaans" in verband bring met die "demokratiese beweging in Suid-Afrika", 'n beweging "wat hom onder meer beywer vir 'n nie-rassige bestel, waar taal/etnisiteit onderbeklemtoon word" (1988d: 25). Vir Du Plessis beteken dit dat Afrikaans in die toekoms 'n nuwe rol sal speel - 'n minder prominente rol - en hy is van mening dat *Tree na vryheid* juis die weg tot so 'n rol wil voorberei. Hy vra dan egter van watter Afrikaans daar gepraat word:

"Van die totale Afrikaanse taal? Of net van 'verdrukte Afrikaans'? As gevolg van die oorwig strydgeoriënteerde stof in *Tree na Vryheid* word die indruk geskep dat slegs *Afrikaans-in-stryd* 'n kans en reg op oorlewing het" (1988d: 25, my kursivering).

Met verwysing na die vraag of die tradisionele Afrikaanse skoolhandboek verteenwoordigend is van die Afrikaanse spraakgemeenskap (vgl. ook Esterhuyse 1986), vra Du Plessis dieselfde vraag oor *Tree na vryheid* en skryf:

"In ons poging om te ontkom aan die wanstaltigheid van *skoolafrikaans* weens taalapartheid, moet ons daarteen waak om nie teenoorgestelde taalapartheid toe te pas nie. Indien erns gemaak word met die ideaal van 'n nie-rassige samelewing, moet na 'n nie-rassige *Afrikaans* gestreef word" (1988d: 25). (Hierdie stelling word ook geopper deur Gerwel, vgl. Gerwel 1988:11.)

Van Du Plessis se gekursiveerde terme hierbo doen vaag aan en daar is nie duidelikheid wat hy self daarmee bedoel nie.

Voorts skryf Du Plessis dat Van den Heever "Alternatiewe Afrikaans" in verband bring met "dissidente" Afrikaanse skrywers, maar noem dan dat sy keuse baie beperk is en dat daar op "hoe profielfigure" [sic] gekonsentreer word. Hy vra waarom die gewone gemeenskapsleier nie aan die woord gestel word nie.

Die seleksie van Afrikaanse skrywers is ook volgens Du Plessis beperk in *Tree na vryheid*. Hy skryf dat net "dissidente Afrikanerskrywers" genoem word en vra waarom die stem van die swart Afrikaanse skrywer, die "stem van die Kaapse Vlakte, van die Weskus" en gemeenskapsteater wat na aan die kind se leefwêreld is, nie gehoor word nie (1988d: 25).

Hy sluit sy kritiek soos volg af:

"Buiten die kritiek hierbo genoem, gee die boek voor dat hy 'n radikale standpunt in Afrikaans is. Is 'n artikel oor Nelson Mandela uit die establishment-tydskrif *Fair Lady* radikaal? En wat maak 'n mens met die feit dat die oorgrote meerderheid van die opgenome stukke tog vrylik beskikbaar is? Indien hierdie soort stof nie voorheen aan leerlinge beskikbaar gestel is nie,

lê die fout beslis nie net by die onderwyssisteem nie! By noukeuriger lees val dit op dat die boek verwagtinge skep waaraan dit nie voldoen nie" (1988d: 25).

Du Plessis se kritiek oor die moontlikheid van 'n "teenoorgestelde taalapartheid" klink geldig, maar die toon van sy diskloers is verder vreemd: het hy, binne die konteks van die onderdrukking van die tagtigerjare, 'n bruikbare handboek verwag wat só radikaal is dat dit in elk geval ingevolge noodtoestandregulasies verbied sou word? Die mate van eensydigheid betreffende ideologie en uitsprake van leiersfigure wat ter sprake kom in *Tree na vryheid* is wel te verstane binne die konteks van die tagtigerjare - as alternatief op die bestaande ideologie en hegemonie.

Sy sienings is uiteindelik dalk te kritis teen 'n boek wat, nieteenstaande sekere (verstaanbare) eensydighede, 'n sprong vorentoe verteenwoordig in vergelyking met bestaande Afrikaanse handboeke soos *Afrikaans my taal* (De Klerk et al. 1981) en *Ons moedertaal. Afrikaans eerste taal* (Meyer et al. 1979). *Tree na vryheid* kan beslis nie as radikaal beskou word nie, maar dit val duidelik buite die konteks van die "hoofstroom" Afrikaanse handboek - vgl. weer Esterhuyse (1986) en Botha (1990) se vermelde kritiek op dié handboeke.

*Tree na vryheid* en die Spore- en Ruimlandreeks sluit dan aan by die breë ideologiese onderstroom van die "Alternatiewe beweging" en "People's Education", met die klem op "bevryding" en "empowerment" soos in 4.2.1 bespreek. Dit sluit ook deels aan by die ideologiese onderbou van die "alternatiewe gemeenskapspers" - vgl. byvoorbeeld punte 3-6 van die "Riglyne van die alternatiewe pers" in 4.4.2.1.

In die volgende afdeling word 'n "onderafdeling" van die "Alternatiewe Afrikaanse beweging", die sogenaamde "gemeenskapspers", ondersoek wat wel

dikwels radikaal in aanslag is.

#### **4.4 Die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers**

##### **4.4.1 Histories-politiese konteks van die gemeenskapspers**

Daar is tot dusver (dalk uit vrees om polities onsensitief te wees?) redelik min kritiese navorsing gedoen oor die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers, wat implisiet bruin of swart Afrikaanssprekende lezers as teikenmark het. Van Dijk (1994: 163) skryf byvoorbeeld in hierdie konteks dat kritiese navorsing dikwels onvoldoende insig in die sosiale dimensies, agtergronde of begrensings en beperkings van diskourse bied en noem:

"Traditional disciplinary divisions in academic teaching and research are the main cause of such one-sided expertise. Scholars with a specialization in grammar, or in the study of narrative, argumentation, rhetoric, style or other properties of language and discourse, are seldom educated or interested in social, political or cultural analysis."

Hierdie stelling sluit direk aan by die KL se kritiek op die "tradisionele" pragmatiek, diskoversanalise en sosiolinguistiek, soos in hoofstuk 1 bespreek.

Die keuse vir die analise van gemeenskapsblaie in hierdie afdeling kan soos volg gemotiveer word: Die "alternatiewe" gemeenskapspers van die Kaapprovincie, uitgegee deur merendeels bruin Afrikaanssprekendes wat hulle blaie self tipeer as "alternatief", verteenwoordig, soos hulle dit stel (vgl. die volgstuk oor dié perssegment later), die stem van die verdruktes, die stemlose massa. Voorts kan die gemeenskapspers gesien word as 'n barometer in die groei van 'n alternatiewe of teenhegemonie wat in hoofstuk drie behandel is en 'n ontleding van die diskwers wat in die blaie gevoer word, sal 'n aanduiding wees van die tipe diskwers van dié hegemonie wat, volgens die

model, binnekort die heersende behoort te wees.

Hier kan 'n oomblik stilgestaan word by die implikasies van die "voorspellings" van die hegemoniemodel en die rol van taal daarin. (In die laaste hoofstuk word daar verder oor die waarde van dié model besin.) In die vorige hoofstukke en in die voorafgaande afdelings van hierdie hoofstuk is aangetoon dat verskeie variëteite van Afrikaans ingespan is (en word) in die stryd om politieke bevryding van verskeie groepe of klasse - aanvanklik vir die "bevryding" van die wit Afrikaanssprekende, en later vir dié van die bruin Afrikaanssprekende. Twee moontlike "taalscenario's" (daar kan uiteraard meer wees) kan hieruit geponeer word:

- a) Groter prestigewaarde word aan die niestandaardvariëteite gegee en dit lei tot hulle funksie-uitbreidings;
- b) die elite uit hierdie taalgemeenskappe wend hulle tot Engels vir hoëvlakfunksies en niestandaardvariëteite bly tot laevlakfunksies beperk (en met minder prestige).

Soos aangevoer in hoofstuk 3, het die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" na 1990 begin taan, 'n opbloei gehad tydens die 1994-verkiesing, maar dit is tans weer stil. Met 'n volgende verkiesing kan daar dalk weer 'n opbloei, ook veral ten opsigte van taalsentimente, verwag word - vgl. ook hoofstuk 5.

Die opbloei ten opsigte van Afrikaans is veral waar te neem in die "alternatiewe gemeenskapspers" en dit is 'n verdere motivering waarom dié perssegment en sy mobiliseringstegnieke in hierdie afdeling ondersoek word.

Daar word, soos vermeld, klem gelê op die omskrywing van die sosio-politieke konteks van die gemeenskapspers - konteksmeskrywing is, soos in hoofstuk 1

bespreek, belangrik vanuit 'n KL-perspektief. Vergelyk in hierdie verband die volgende stelling van Du Toit (met betrekking tot onder meer tekste van die GRA):

"Ons moet ... weer eens tot die slotsom kom dat ons verder as die tekste self sal moet gaan en hulle eers in terme van 'n omvattende diskouers sal moet plaas om die tekste histories te kan verstaan en hul intellektuele geskiedenis te kan rekonstrueer. Wat ons te doen staan, is om die onderliggende stel van gemeenskaplike vrae te identifiseer waarop hierdie tekste poog om te antwoord in 'n bepaalde veranderende historiese konteks" (1987: 65).

Deur te konsentreer op die gemeenskapspers word daar nie gesuggereer dat nuusblaaie 'n eenvoudige weerspieëling van 'n gemeenskap se politieke gevoelens en aspirasies is nie. Hulle is wel belangrike meningsvormers (of -misvormers) in enige gemeenskap en hulle bied 'n mate van insig in die aard van die gemeenskappe waaruit en waarvoor hulle verskyn. Hulle (dikwels) propagandistiese uitwerking behoort deurentyd ondersoek te word. 'n Verdere motivering vir die ontleding van koeranttekste is Gadamer (1960) - 'n filosoof waarop sterk gesteun word in die KL - se uitgangspunt dat die een toepaslike model wat gebruik kan word om 'n sosiale handeling (hier: taalverwante sosiaal-politieke gedrag) te verstaan, **teksinterpretasie** is.

Fowler (1985: 66) noem ook dat die pers deel kan vorm van die "ideologiese staatsapparatuur" wat spesialiseer in die produksie van ideologiese diskouers. Die gemeenskapspers wat in hierdie afdeling ter sprake kom, is natuurlik nie deel van die "staatsapparatuur" nie, maar produseer wel 'n sekere tipe ideologiese diskouers, wat later ontleed word.

Jackson (1993: 5) sien die rol van koerante soos volg:

"...[N]ewspapers are assumed to play [an enormously influential role] in the political life of modern societies. Although media scholars struggle to assess with any precision the political impact of newspapers in modern societies, none question that they have *some* impact. Neither, for that matter, do politicians and government leaders have any doubts about that."

Pokpas (1985: 40-51) ondersoek 'n aantal Afrikaanse gemeenskapspublikasies (nuusblaie en pamflette) van die tagtigerjare kursories en noem dat dié publikasies vir baie mense meer as slegs 'n kommunikasiemiddel is: "Dis 'n middel waardeur hulle hul lot met ander kan deel, terwyl die blote deelname in die skepping daarvan aan andere genoeg vreugde verskaf" (1985: 41). Hy ondersoek onder meer die gebruik van die bepaalde lidwoord, Engelse sintaktiese konstruksies, hibridiese vorme en linguistiese taboe in van die publikasies.

Die "alternatiewe gemeenskapspers" staan duidelik opgestel teenoor die "hoofstroompers". Daar bestaan verskeie studies oor die "hoofstroompers" in Suid-Afrika. Oosthuizen (1989) en Roelofse (1994) maak byvoorbeeld deeglike analyses van onder meer die politieke agendas en etiek van die "hoofstroompers". Jackson (1993) behandel weer die Afrikaanse en Engelse persmonopolieë, beperkinge wat tussen 1976 en 1990 (veral die noodtoestandmaatreëls) op die pers geplaas is, skenk aandag aan die "alternatiewe pers" en verskaf sirkulasiesyfers van die verskillende koerante.

Kritiek en kommentaar op die pers, "hoofstroom" of "alternatief", is uiteraard geregtig: enige nuusblad of tydskrif moet weet dat, as selektiewe en dikwels bevooroordeelde samesteller en herskepper van 'n werklikheid, sy keuses altyd oop is vir kritiek. (Hier word uitgegaan van die standpunt dat daar nie noodwendig 'n onderliggende werklikheid is wat getransformeer word om by ons behoeftes aan te pas nie. Daar is dalk eerder kompeterende werklikhede wat gereflekteer word in die verskeie strukture wat gebruik word wanneer oor die wêreld gepraat word - vgl. Gruber 1993a: 372.)

Jackson (1993: xv) stel dit duidelik dat sy werk voortvloeи uit die sogenaamde "liberale tradisie", 'n tradisie wat deur hierdie studie onderskryf word en wat, soos herhaaldelik gestel is, altyd agterdogtig staan jeens die invloed van politici op die burgerlike samelewing, in hierdie geval, die pers. Jackson behandel koerante soos *Grassroots*, *Saamstaan*, *New Nation*, *Weekly Mail* en *Vrye Weekblad* onder die sambrelterm "alternative press" en onderskei twee "hoofvorme" van die "teenhegemoniese pers", naamlik 'n "progressiewe alternatiewe pers" (soos byvoorbeeld *Grassroots* en *Saamstaan*) en 'n "sosiaal-demokratiese onafhanklike pers" (waaronder *Vrye Weekblad* en *Weekly Mail* ressorteer). Die onderskeid tussen dié twee vorme word soos volg omskryf: Die "sosiaal-demokratiese onafhanklike pers" is 'n hibridiese vorm van beide progressief-alternatiewe en "konvensionele" vryheidsgesinde mediapraktyke. Daarteenoor is die "progressief-alternatiewe" pers meer partydig, retories van aard en meer "organies verbind" aan gemeenskaps- of werkergrhoepe - vgl. Jackson (1993: 57-58).

Hy gaan egter nie in besonderhede op die alternatiewe Afrikaanse gemeenskapspers, soos *Alternatief*, *Ons leer mekaar* en *Namaquanuus*, die blaaie wat die fokus van onderzoek in 4.4.2. e.v. vorm, in nie. Van sy kommentaar oor die "alternatiewe pers" as geheel geld wel ook vir die gemelde blaaie en kom later weer ter sprake.

Jackson skets die konteks van die opkoms van die "alternatiewe pers" soos volg (vgl. ook die bespreking van die politieke konteks in Suid-Afrika in die tagtigerjare in 2.6.3, 3.4 en 3.6):

"Another major media-specific change in the 1980s stemmed from the rise of the Mass Democratic Movement (MDM), a coalescing of a wide range of antigovernment forces within the society. An increasing politicization of huge numbers of South Africans, coupled with political unrest throughout the decade, led to a hunger for information among many allied to the MDM. For a variety of reasons, critics of existing newspapers increasingly saw them as unable or

unwilling to provide authoritative and pertinent information sympathetic to the groups forming the MDM. The mainstream press, the argument went, was too pro-establishment, too concerned with the interests of monopoly capital and too concerned to please its white readers to cover issues like extraparliamentary politics, labor, and life in the townships with any credibility. This discontent spawned one new alternative publication after the other, each focusing specifically on the areas largely untended by the mainstream press.

"These alternative publications, though eating only minimally into the circulation or advertising base of the mainstream papers, nevertheless had an important impact. The very presence of a new press perspective more in tune with the views of MDM supporters reinforced their conviction that the mainstream press was out of touch with South African reality" (1993: 8-9; vgl. ook Pokpas 1985 se kritiek hierbo).

Die agtergrond van die ontstaan van die "alternatiewe pers" was een van geweldige repressie (Jackson 1993: 130 e.v. lys die verskeie wette en regulasies wat daarop gemik was om die pers te muilband.) Die enigste koerante wat in dié tyd tot 'n mate dekking gee van buiteparlementêre organisasies soos die UDF en die ANC, is die "alternatiewe" pers, nuusblaaie soos *New Nation*, *Weekly Mail* en *Vrye Weekblad*. Die koerant wat die geredelikste beskikbaar is vir die histories agtergeblewe Afrikaanssprekende gemeenskappe in die Kaap, is *Die Burger*, of sy plattelandse uitgawe. Pokpas noem egter: "Verwrongs, subjektiewe beriggewing is van die redes waarom soveel persone uit die onderdrukte gemeenskappe 'n wantroue jeens die pers het" en: "In die onderhawige gemeenskappe word ekstra-koerante soos *The Herald*, *Sowetan* en die *Metro-Burger*, ook bekend as 'ghetto-press', verwerp en as rassistiese aanhangsels vertolk" (1985: 42).

Die "alternatiewe" gemeenskapspers kom dan tot stand om, veral op die platteland, lezers in te lig, te politiseer en te mobiliseer. Vergelyk byvoorbeeld *Ons Leer mekaar* (Desember 1992/Januarie 1993: 21 e.v.) oor die "Western Cape Media Trainers Forum" en sy rol in die opleiding en koördinering van plattelandse mediawerkers.

In die volgende afdeling word drie Afrikaanse gemeenskapsblaale se ontstaan en samestelling ondersoek en in 4.4.4 word die nuusdekking wat daarin aangetref word, ideologies-krities geanalyseer.

#### **4.4.2 Die korpus**

'n Aantal uitgawes van *Alternatief* (1987-1990), *Namaquarus* (1991-1993) en *Ons leer mekaar* (1991-1993) is versamel en bestudeer. Hierdie drie nuusblaale verteenwoordig die belangrikste "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspublikasies wat sterk bande met die "alternatiewe beweging" in die Kaapprovinsie het en hulle totstandkoming en redaksionele doelstellings word vervolgens bespreek.\*

##### **4.4.2.1 *Alternatief***

*Alternatief* (met 'n subtitel " 'n Ekumeniese blad in diens van geregtigheid") verskyn vir die eerste keer in Maart 1987. Dit word uitgegee deur 'n redaksieraad van die Weskus Raad van Kerke en sy nuusdekking strek oor die Weskus, vanaf Atlantis in die Suide tot ongeveer Koekenaap in die Noorde.

\**Grassroots* verskyn reeds sedert 1980 in Kaapstad om "alternatiewe nuus" aan mense in en om Kaapstad te bied. Dié blad bevat wel stukke in Afrikaans, maar is oorwegend Engels en word daarom hier buite rekening gelaat. *Vrye Weekblad* is nie soseer 'n "gemeenskapsblad" nie en word gevvolglik ook nie hier betrek nie. Daar is gepoog om *Saanstaan*, wat in Afrikaans en Xhosa verskyn het vanaf 1984 (eers as *Suid-Kaap Nuus* in 1983), en beskou kan word as die eerste "alternatiewe" nuusblad in Afrikaans, te betrek by hierdie studie, maar die "kamerade" op Oudtshoorn het nie gereageer op verskeie versoek vir kopieë van dié blad nie. Gutuza (1988: 22-23) bespreek wel die totstandkoming en doelstellings van hierdie nuusblad, naamlik om veral mobilisering en kanalisering vir die UDF in die Suid-Kaap te doen.

Lizette Appies, koördineerder van die Weskus Raad van Kerke, skryf onder meer die volgende oor die blad:

"*Alternatief* wou 'n alternatief wees tot die huidige kommersiële pers, om alternatiewe waardes en norme te skep, alternatiewe beriggewing te plaas, gemik op die ware storiemakers in die gemeenskap" (Appies 1992).

Die beleidstuk van *Alternatief* en "Riglyne van die Alternatiewe pers (People's press)" (Appies 1992) word vervolgens ***verbatim*** weergegee. Veral die "Riglyne" is van belang, aangesien dié dokument, alhoewel dit spesifiek vir *Alternatief* geld, noue ooreenkoms toon met beleidstukke van ander "alternatiewe" koerante soos *Grassroots* en *South* (vgl. Jackson 1993: 51 en 54) en ook insiggewend is ten opsigte van die styl en aanslag van *Namaquanus* en veral *Ons leer mekaar*.

In die beleidstuk word dit onder meer gestel dat die stuk self as "meetsnoer" dien by die lees van *Alternatief* en as "maatstaf" waaraan die inhoud gemeet kan word. Die dokument bied sodoende wel 'n **mate** van "kontekstuele beskerming" en "vrywaring" van kritiek teen die koerant, maar indien die opset van die blad "demokraties" is, behoort dit deursigtig en oop te wees vir kritiese perspektiewe van "buite" die gemeenskap. Wanneer die blad geanalyseer word, word die beleidstuk uiteraard in gedagte gehou en daar word gekyk in hoeverre daar aan die riglyne daarin gestand gedoen word.

#### **"BELEIDSTUK VIR ALTERNATIEF**

##### Agtergrond

Alternatief, nuusblad van die Weskus Raad van Kerke, bestaan om uitvoering te gee aan sommige doelstellings van die WRK, soos vervat in die konstitusie van die Raad.

**Punt 3.6 Om die eenheid, wat beide God se wil en Sy gawe aan die kerk is, te bevorder, d.m.v. besprekings ... en enige sodanige wyse soos van tyd tot tyd doelmatig blyk te wees.**

*en*

**Punt 3.5 Om alles te doen en aan te moedig, om verdelende faktore binne die Christelike kerke te verminder, hetsy dogmaties of andersins.**

*asook*

**Punt 3.6 Om in sodanige aktiwiteite, as 'n integrale deel van sy aanbidding en diens aan die Drie-enige God, betrokke te raak en uitvoering te gee ... deur verantwoordelikheid te neem vir die geestelike, fisiese, intellektuele en emosionele sorg van Sy mense en deur uitbouing van dialoog met mense van ander gelowe en ideologieë.**

Verder bestaan Alternatief ook as instrument tot bereiking en teken van die verklaarde visie van die Weskus Raad van Kerke, nl.:

*Die WRK is 'n demokraties georganiseerde gemeenskap van Kerke wat deur die maksimale deelname van mense, met hul gesamentlike getuienis, in woord en daad, getrou aan die Woord van God en in vertroue jeens mekaar, werk tot die eenheid van die kerk van Christus en vernuwing van die samelewing as instrument van vrede en geregtigheid.*

Met hierdie beleidstuk wil die Raad duideliker sê hoe dit d.m.v die nuusblad hierdie doelstellings en visie probeer waar maak.

Hierdie beleidstuk moet ook gesien word teen die toenemende mate van onderdrukking wat o.a. die pers in Suid-Afrika ervaar. Wetgewing maak dit tans byna onmoontlik vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap om 'n gebalanseerde prentjie vanuit die media oor die situasie in die land te kry."

#### **"Riglyne van die Alternatiewe pers (People's press)**

Die inhoud van die Alternatiewe pers verteenwoordig die belang van die onderdrukte en bied 'n alternatiewe manier van kommunikasie in die stryd om bevryding.

Die hoofdoel van die people's press is om die groep of gemeenskap in te lig. Dit beteken om die dinge bekend te maak, wat volgens die mense belangrik is vir die bevrydingsproses.

'n Tweede funksie is om dialoog te herstel. Deur die Alternatiewe pers kan die belang, behoeftes van groepe en gemeenskappe bekend word, idees kan gedeel word en bespreking kan plaasvind.

Die alternatiewe pers probeer om ware oorsake van probleme uit te wys en mense daaroor te laat dink. Op hierdie manier word die kritiese bewussyn van mense verhoog.

'n Belangrike aspek van die rol van die pers is om te organiseer en te mobiliseer. Nadat die probleme geïdentifiseer is, is dit noodsaaklik om die beste manier van optrede vas te stel. Wanneer dit gedoen is, speel die alternatiewe pers sy rol deur dit aan mense bekend te maak.

'n 'Grassroots' publikasie is slegs 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel in sigself nie en sy bestaan is altyd onder geskik [sic] aan die konkrete behoeftes om kollektief (gesamentlik) in te lig (to inform).

Dit beteken dat perfeksionisme en voorkoms ondergeskik bly aan bereiking van die tydskrif se doel.

'n Blad van die mense is 'n produk van die gemeenskap.

Nie elkeen in die gemeenskap kan prakties help met die redaksie en produksie van 'n blad nie, maar diegene verantwoordelik moet waarlik die groep verteenwoordig en die groep se gevoelens uitdruk.

'n Publikasie van die mense is 'n middel van gemeenskapswerk. Vanuit die temas, besprekings en aansporing van so 'n publikasie kom belangrike reaksies wat tot voordeel van die gemeenskap en sy ontwikkeling is.

So word lesers 'n integrale deel van hul gemeenskapslewe en aktiewe deelnemers in hul eie welsyn.

Wanneer die publikasie saamgestel word moet elke stuk deur die span as groep bespreek word sodat daar geen arbitrière besluite kan wees nie, en sodat elkeen mag leer.

Nadat die publikasie geproduseer is moet dit versprei word.

Maar die proses hou nie op by die verkoop of gee van 'n kopie aan 'n leser nie. Die inhoud daarvan moet bespreek word in klein groepies sodat enige respons teruggevoer kan word aan die redaksionele span, sodat hul ervaring verbreed kan word.

In die gewone pers, spreek skrywers selde indien ooit die lesers op 'n persoonlike manier aan.

In die 'people's press' spreek skrywers lesers as gelykes aan en op hierdievlak is die taalgebruik baie anders.

Dit is nie 'n geval van tot ander spreek nie, maar van tussen mense praat, omdat beide skrywers en lesers dieselfde realiteit deel, dieselfde probleme en dieselfde hoop.

Die onderskeidende eienskappe in die styl van die publikasie van die mense is kort sinne en paragrawe, wat lees vergemaklik, 'n eenvoudige nie-literêre styl wat soortgelyk is aan die gesproke taal en konkrete woorde wat maklik is om te visualiseer.

Oor die algemeen vind beriggewing in kommersiële koerante baie eensydig plaas en oor die lot van die onderdrukte menigte word meestal geswyg.

In die laaste instansie dien die beleidstuk ook as meetsnoer by die lees van Alternatief, 'n maatstaf waaraan die inhoud gemeet kan word.

1. Die koerant is bedoel vir die ekumeniese gemeenskap binne die grense van die Weskus Raad van Kerke asook die breër gemeenskap binne hierdie grense.
2. Die koerant lig die mense in oor dinge wat volgens die mense belangrik is vir die bevrydingsproses.
3. Die koerant bevorder dialoog tussen kerkgemeenskappe, mense van verskillende gelowe en ideologieë.
4. Die koerant maak 'n kritiese bewussyn by mense wakker, sodat hulle vrae begin vra oor hulle omstandighede, hul regte, die toekoms, ens.
5. Die koerant is in diens van gemeenskapswerk om mense in staat te stel om verantwoordelik te wees vir hul eie toekoms.
6. Die koerant verbreed mense se kennis, oor bepaalde sake, probleemsituasies, ens.
7. Die koerant maak die standpunte van organisasies van die mense wat vir verandering en vernuwing werk, bekend.
8. Die koerant bring wat plaaslik gebeur in verband met wat op streeks- en nasionalevlak gebeur.
9. Die koerant stel die feite vanuit die mense se oogpunt.
10. Die koerant is 'n protes teen die media van die status quo (kommersieel en staatsbeheer) wat vir eie gewin en ten koste van die onderdrukte bedryf word.
11. Aktiewe deelname van die gemeenskap is 'n strewe.
12. Verantwoordelikheid teenoor die gemeenskappe, segspersone, nuusbronnes is belangrik.
13. Die koerant hou christelike waardes voor en beweeg weg van rassisme, seksisme, ens.
14. Verspreiding is 'n middel tot 'n doel
  - (a) bevorder bewustheid en betrokkenheid d.m.v. gespreksgroepe
  - (b) en verseker terugvoering.
15. Alternatief se hele opset is demokraties gerig."

Hierdie dokument vra om analise en enkele temas word vervolgens kursories uitgelig:

- a) Daar is duidelike aanknopingspunte by die sogenaamde "bevrydingsteologie" (vgl. in die verband die Kairos-dokument van 1985) vir sover die polities-sosiale alternatief wat dié blad voorhou, binne die kader van die

godsdiestige oogmerke en uitgangspunte van die blad geplaas word.

- b) Daar is voorts skakeling met die "Alternatiewe beweging" deur middel van die deurlopende tema van "bevryding", onder meer deur
  - (i) relevante inligting te wil verskaf vanuit die perspektief van "die mense";
  - (ii) 'n kritiese bewussyn te kweek en
  - (iii) dialoog te stimuleer (d.w.s. groepsmobilisasie te bevorder).
- c) Verskeie **ideologeme**, soos "die mense" en "die gemeenskap" (sien 4.4.4.3) val dadelik op.
- d) Die tema van 'n kritiese bewussyn sluit by die inhoud van die bespreekte handboeke in 4.2. en 4.3 aan.
- e) Die konsep "empowerment" kan hier geïnterpreteer word as "bemagtig deur in te lig".
- f) Die "alternatief" sluit duidelik by die omskrywing van Jackson (1993) se uitgangspunte van die "alternative press" aan, naamlik om buite die hoofkommunikasiemiddelle om en vanuit die perspektief van die gemeenskap, nuus wat vir die gemeenskap op "grassroots"-vlak belangrik is en nie deur die hoofstroompers gedek word nie, te bring.

Soos vermeld, sal hierdie redelik idealistiese uitgangspunte in berekening gebring word wanneer teksanalises gemaak word.

#### **4.4.2.2 Ons leer mekaar**

Hierdie blad, grotendeels geskoei op die lees van *Learn and teach*, word in 1987 op die been gebring deur die Samewerkingsgroep vir Afrikaanse Geletterdheid (SAG) en verskyn sedert 1990 as onafhanklike blad. Dit word uitgegee deur die "Ons leer mekaar Redaksionele Kollektief". Sy nuusdekking is eerstens toegespits op die Boland, en dan op die Kaap as geheel en dit

verskyn tweemaandeliks.

#### **4.4.2.3 *Namaquanuus***

*Namaquanuus* (met 'n subtitel "Die stem van Namakwaland") verskyn vanaf 1989 en word uitgegee deur die "Namaquanuus Uitvoerende Bestuur" op Springbok. Sy nuusdekking is uiteraard eerstens toegespits op die Namakwaland-streek en die koerant verskyn min of meer maandeliks.

Odendaal (1993) beskryf die totstandkoming en doel van die koerant onder meer soos volg:

"Namaquanuus is 'n gemeenskapskoerant en is in Augustus 1989 op die been gebring as 'n opleidingsprojek vir joernaliste in Namakwaland. Ons het huidiglik drie verslaggewers wat opgelei is, 'n fotograaf en tans twee kwekelinge wat by die Skiereilandse technikon studeer en hul indiensopleiding volgende jaar by ons sal waarneem."

"Ek is die redakteur van die koerant en neem verdere opleiding waar. Dit is 'n lae-profiel posisie wat meer gesteld is op indiens-opleiding, maar ek neem redaksionele verantwoordelikheid vir die inhoud van die koerant."

"Namaquanuus word bedryf deur 'n uitvoerende bestuur, almal mense uit die gemeenskap en verteenwoordigend van verskeie organisasies in Namakwaland (kerke, skole, sport- en burgerverenigings)."

"Die koerant kom maandeliks uit en ons druk en versprei 20 000 kopieë oor die hele Namakwalandse gebied."

Al drie die vermelde blaaie verskyn vir die eerste maal voor 1990, d.w.s. tydens die noodtoestand en voor die ontbanning van die ANC, SAKP en PAC. Die konteks van hulle eerste verskyning was een van geweldige repressie, soos beskryf in 4.4.1 en dié konteks sal ook uiteraard in gedagte gehou moet word by 'n beoordeling en analyse van die blaaie.

Voordat die drie blaaie krities ondersoek word, word daar in die volgende afdeling eers stilgestaan by aspekte van teksanalise en ideologie en die

tegnieke wat uit die kritiese diskoversanalise gebruik gaan word in die analyses self.

#### **4.4.3 Kritiese diskoversanalise**

Die klem van **KL**-analyses, soos aangetoon in hoofstuk 1, val deurentyd op **konteks** (sien 4.4.1) en die blootlegging van **ideologieë** in tekste en daarom word 'n paar sienings oor teks en ideologie (in aansluiting by die bespreking in 1.3.5) eers onder die loep geneem. Vervolgens word spesifieke analitiese metodes uit die **KL** vermeld. Hierdie metodes en analyses vorm, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, die sinchroniese "fase" binne die breër diachroniese perspektief op magsverskuiwings wat die hegemoniemodel verskaf.

Die volgende paar sienings oor die ideologie van en in tekste geld vir die "gemeenskapspers", maar natuurlik ook vir die reeds bespreekte *Spore-* en *Ruimland*-reekse en *Tree na Vryheid*.

Schjerve (1989: 58) skryf in haar beskouing oor die totstandkoming en kontekstualisering van tekste onder meer dat die skepping van 'n teks 'n kommunikatiewe handeling is wat bepaal word deur sosio-historiese faktore. Sy beskou tekste as oordraers van interaksies, gerig op spesifieke doelwitte. Die taalkundige skepping van tekste en die sosiale konteks waarin hulle ontstaan, is in 'n noue verhouding tot mekaar. Voorts skryf sy:

"Assuming that ideology is a system of ideas based on value judgements and attitudes, which aids certain forces within a society to further their interests or to stabilize their power, a descriptive approach which elucidates the origin and activity of such structures of ideas serving political power, by analyzing the means and patterns by which the ideology is linguistically realized, is of necessity critical ideology" (1989: 59).

Kress (1985b: 31) skryf weer dat "ideologiese inhoud" in linguistiese vorme op twee wyses uitgedruk word. Eerstens, as die teken van ideologies bepaalde seleksies wat deur die spreker of skrywer gemaak word, met ander woorde as 'n indeks van "ideologiese aktiwiteit". Tweedens, as die uitdrukking van ideologiese inhoud, verwoord deur 'n linguistiese vorm binne die konteks van ander vorme in 'n teks. Hierdie inhoud word spesifiek waarneembaar as gevolg van die medeteenwoordigheid van die ander vorme in 'n teks wat die betekenis van enige linguistiese vorm afbaken en bepaal. (Hierdie stellings van Kress sluit aan by die latere bespreking van "ideologeme".)

Wat die ideologie van 'n nuusblad betref, stel Hodge (1979: 158) drie wyses voor waarop daar by die "onderliggende struktuur" of ideologie van 'n koerant uitgekom kan word:

"One would be to ask the editor what he thought it [the ideology] was, and hope that he told the truth and nothing but the truth; or look at the instructions or guidelines that maintain the editorial policy in practice. Another would be to start from the world of events, and trace the process of transmutation stage by stage to its final form in the paper. The third starting point for analysis would be with the finished product, the newspaper itself, attempting to work back to the underlying categories."

In die analyses wat later volg word daar merendeels vanuit die finale produk, die nuusblad, gewerk, maar die riglyne deur redaksionele komitees neergelê, word ook in berekening gebring. Die lezersgroep waarvoor die nuusblad skryf, moet natuurlik ook in gedagte gehou word by ideologies-kritiese analyses. In die geval van hierdie studie is die teikenmark van die "alternatiewe" pers, soos vermeld, merendeels armoedige landelike gemeenskappe.

In 1.4 is dit gestel dat navorsing binne die KL en die sogenaamde "kritiese diskoersanalise" veral daarop gemik is om ideologieë en (verskuilde) agendas in tekste - koerantberigte, televisie-onderhoude, politieke toesprake,

ensovoorts - bloot te lê ; vergelyk daarom die bostaande aanhaling van Hodge. Menz verwoord die klemverskuiwing wat plaasvind wanneer die "tradisionele (taal)wetenskap 'n "kritiese wetenskap" word, soos volg: die "kritiese wetenskap" "... becomes ... a science which is *critical of ideology*" (1989: 229). Van Dijk (1985b: 6-7) skryf ook onder meer oor "relevante" of "kritiese diskokersanalise": "... detailed discourse analysis can be brought to bear in the wider context of the challenge of authority and power and as a basis of political action."

Navorsing onder die vaandel van die "kritiese diskokersanalise" word gedoen deur onder meer tegnieke vanuit die "hoofstroom"- diskokersanalise te gebruik (vgl. byvoorbeeld Levinson 1983: 284-370 en veral Stubbs 1983), met die verdere klem op ideologies-gelaaide lekseme of stukke. Die veld sluit dus aan by die pragmatiek, stilistiek, diskokersanalise en gespreksanalise. Soms word analyses op mikrovlak gedoen deur byvoorbeeld sprekersbeurte, vraagstelling, fonologiese variante, ensovoorts te analyseer, maar die grootste verskil tussen die analyses van Levinson (1983) en Stubbs (1983) en dié van navorsers binne die paradigma van die KL, soos Van Dijk (1985a), Mey (1985), Fairclough (1989) en Wodak (1989a), is die vermelde klem op sosio-politieke kontekstualisering van tekste, klem op die belangrikheid van die konteks van breër diskursiewe praktyke wanneer teksanalises gedoen word, en die blootlegging van ideologiese magstrukture. Soos vermeld in hoofstuk 1, is van dié analyses oor die algemeen polities baie korrek en word daar slegs aandag gegee aan bestaande of historiese wanbalanse (soos rassisme en seksisme), terwyl opkomende ouoritêre diskoserse dikwels oor die hoof gesien word.

Hodge (1979) en Trew (1979) analyseer beide koerantberigte oor byvoorbeeld stakings, optogte en terrorisme met behulp van onder meer die matriks wat

Fowler en Kress (1979) voorgestel het (sien 1.4). Trew (1979: 117 e.v.) stel vrae oor die gebruik van naamwoordelike kategorieë (byvoorbeeld "terrorist" teenoor "freedom fighter") en transformasies van werkwoorde en Hodge (1979: 157 e.v.) bestudeer onder meer die gebruik van sintaktiese vorme waardeur 'n stad of dorp byvoorbeeld die voorwerp word van 'n werkwoord met sekere positiewe of negatiewe konnotasies. Trew (1979) en Hodge (1979) se analises wys dan hoe die "werklikheid" op verskillende wyses deur verskillende koerante weergegee word deur subtiele linguistiese transformasies. Vergelyk ook in dié verband Fowler (1991).

In die volgende afdeling word die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers ondersoek aan die hand van sekere tegnieke uit die kritiese diskoversanalise. Daar word hoofsaaklik op sekere semantiese makrostrukture gekonsentreer,strukture wat die ideologieë in dié tekste na vore bring. Die sosio-politieke konteks van die nuusblaale is in 4.4.1 behandel en die volgende aspekte van die korpus word vervolgens ondersoek: 1) opskrifte en algemene nuusdekking, 2) strategiese diskoversvorming ("swart-en-wit-voorstellings", die "sondebok"-strategie, die strategie van "verleiding" en die beroep op mitiese verwysingsgroepe, die skep van "triviale mites" en stereotipering), 3) ideologeme en 4) aanspreekvorme. Alhoewel hier 'n paar kategorieë onderskei word, sal dit duidelik word dat hulle nie waterdig is nie, maar bymekaar aansluit in 'n netwerk om die ideologie en politieke agendas van die tekste te vorm.

Uiteraard is die analises nie volledig nie en verskeie ander tegnieke (byvoorbeeld die matriks van Fowler en Kress 1979, dié van Fairclough 1989 of dié van Van Dijk 1985a en 1989) kan ingespan word om die "gemeenskapspers" mee te ontleed. Die paar tegnieke wat aan die bod kom, word gekies omdat hulle

duidelike politieke agendas en ideologieë blootlê - wat die kern van hierdie studie vorm. 'n Gedetailleerde kritiese analise van die tekste is 'n studie op sigself waardig en die analise wat hier gedoen word, maak beslis nie aanspraak op volledigheid nie.

Van Dijk (1985b: 8) se waarskuwing kan hier in gedagte gehou word:

"Language programs conceived within sociolinguistic endeavors to eliminate linguistic 'deficiencies' are well known for their weak sociolinguistic theory and for their wrong social perspective on the problems involved. Without a sound discourse analysis, which takes all the relevant discursive and contextual parameters into account, and without an adequate and critical social analysis of the power structures and group or ethnic differences and conflicts involved, we will of course yield the wrong assessment and hence misguided advice." (Vgl. ook hoofstuk 1 oor die soeke na oorkoepelende strukture binne die KL.)

Die analyses wat gedoen word, is voorts uiteraard subjektief gekleur en onvermydelik selektief-krities - dit is duidelik gestel in 1.4 dat die konsep "objektiwiteit" binne die KL bevraagteken word en dat analyses volgens die politieke standpunte van die navorser gestuur sal word. Die politieke hoek waaruit die tekste benader word, is, soos gemotiveer in hoofstuk 1, 'n sogenaaide "liberaal-demokratiese" perspektief, ook en veral ten opsigte van die heersende en opkomende hegemonieë van die tagtigerjare. 'n Volgende navorser sal uiteraard weer 'n ander tipe analise kan maak, relatief tot dié wat in hierdie afdeling gedoen word.

#### 4.4.4 'n Ideologies-kritiese analyse van die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers

##### 4.4.4.1 Opskrifte en algemene nuusdekking

In al drie die nuusblaarie word, getrou aan hulle doelstellings, nuus gevind oor onder meer stakings, uitsettings, werksaamhede van vakbonde, behuisingstekorte, kerk- en skoolaktiwiteite en sport.

Die eerste uitgawe van *Alternatief* bestaan hoofsaaklik uit plaaslike kerknuus en brokkies oor werksaamhede van die Weskus Raad van Kerke. Van die tweede jaargang af verander die beriggewing redelik drasties. Vergelyk die volgende opskrifte: "Viva Swapo" [2(3)], "Weskus-optogte" [2(3)], "Riglyne van die ANC" [2(3)], "Viva ANC" (laasgenoemde *ad infinitum*), "Dit gebeur in Namibië SWAPO" [2(2)] "Gaan u stem" [2(2)], om maar enkeles te noem. Opvallend is die voorkoms van die woord "werkers" in talle opskrifte: "Weskus-kerke beweeg nader aan werkers" [1(1)], "Werkers staak vir beter tone en werkstoestande" [3(1)], ensovoorts.

Twee voorblaarie van *Alternatief* [2(2) en 2(3)] word hier as voorbeeld gegee van die tipe nuusdekking wat aangetref word:



## Dit gebeur in Namibië

# SWAPO

Wat is werklik besig om in Namibië (SWA) te gebeur? Die kommersiële pers en die SAUK berig feitlik elke dag oor gebeure in Namibië. Maar hoeveel waarheid steek in die nuusdekking?

Die antwoord op bovenoemde vrae is eenvoudig. Die mense van Namibië is besig om hulle vir onafhanklikheid voor te berei. Die vorige meerderheid van die mense ondersteun SWAPO. Die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte is aan die anderkant besig om die proses van die vredesooreenkoms te skend en om steun vir die Demokratiese Turnhale Alliansie (DTA) en ander pro-SA organisasies in Namibië teen SWAPO te werf.

### PRIVATISERING

"Die Suid-Afrikaanse regering is besig om die belangrikste bestuurdele in Namibië te privatiseer. Botswana heeft die suksesvolle privatisering van die mense van Namibië in stand gehou. Daar is ook baie weekkinders."

Naas van die mense het alle kontak met hul familië verloor. Ben Uenga se daar hanteerde konklusie is dat elkeen gaan woon by as gevolg van die oorlog. Daar is ook baie weekkinders.



**Ben Uenga, algemene sekretaris van NUM in Namibië**

die voorvoerders, belegte, water en elektrisiteit, ons word aan nasakoppye en vriende van Suid-Afrika verloof. Hierdie rakakte van privatisering maak die mense vir enige toekomstige regering wat onafhanklikheid in heilige grond kom, versit in SWAPO", het kamerad Uenga vertel.

### PRO-SA ORGANISASIES BEWAAR

Hy het ook gevind dat pro-Suid-Afrikaanse organisasies soos die DTA tot die kande nie gewapen word. Die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte is nog eraan in Namibië. Hulle gee voor dat hulle SWAPO-vergelyke opvoedende, is hulle besig om Swapo-vergelyke uit te my en altermiddag dade van rooiheid teen die mense van Namibië te pleeg.

### UNIKAAT-MAGTE

Oor die Unikaatmagte het kamerad Uenga gesê dat die mense van Namibië nie verlengte is nie in hulle is. UNIKAAT was veronderstel om die SA Veiligheidsmagte Battalions 101, Knevel, ens. te vervang. Dit is egter nie so nie. Hulle is in heilige van die SA Veiligheidsmagte.

Ben Uenga het gesê dat die mense van Namibië nie die Veiligheidsmagte vertrou nie. "Nei nie kan dieselfde mense wat studeel vir SWAPO wil huis, nog help my die vorgangs-periode vir Namibië nie te waarnemkies nie?" was Uenga weer.

Die mense van Namibië het hul hulp nodig. Die vredelose mense van Suid-Afrika moet die gebore in Namibië goed doen. Ben Uenga het ook gesê dat die leiers van kontraheue nie genoeg is nie, want die internasionale poys doen hulwe en verdunde beweging,

### S.W.A.P.O. ONDERSTEUNING

SWAPO geniet die steun van die ware demokratiese organisasies in Namibië. Die Namibian National Students Organisation (NANSO), die Council of Churches in Namibia (CCN), Swapo Youth League (SYL) en NUM en die ander nie-vrasse vaktuinde werk hand aan hand met Swapo.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

"Die militêre vleet van die ANC, Moron, Wo Sizwe (MS) en Swapo militêre vleet, People's Liberation Army of Namibia (PLAN), veg skielik saam skielik saam

die mense van Namibië het die hele hulp nodig. Die vredelose mense van Suid-Afrika moet die gebore in Namibië goed doen. Ben Uenga het ook gesê dat die leiers van kontraheue nie genoeg is nie, want die internasionale poys doen hulwe en verdunde beweging,

"Vleit nie ag jaar was Namibië deur S.A. as 'n kolonie besoek", het Ben Uenga vertel. "Die hier toe op ons nie bestaan om wagens op te neem. Ons het besef dat ons vryheid in ons eie hande is. Oor in Namibië, in die straat, skool, fabriek, ons is Swapo besig om vir die mense van Namibië se vryheid te reg.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

Ben Uenga het gesê dat die mense van Namibië nie die Veiligheidsmagte vertrou nie. "Nei nie kan dieselfde mense wat studeel vir SWAPO wil huis, nog help my die vorgangs-periode vir Namibië nie te waarnemkies nie?" was Uenga weer.



**Die sprekers tydens die Swapo vergadering by UWN lew-Jnr-HD word EEC, Ben Uenga, studenteleiter van Namibië, Juy-Natal van Cope, Mandisa van Fusa en Cheryl Carrolle van United Women Congress.**

# 16 JUNIE

Vanjaar het Suid-Afrika se diens weer die dag van 16 Junie herontdek. Ons het gedink aan die duisende mense wat onzuidig hul lewens verloor het in vredelose protest teen apartheid en die ongedelike regering.

Die 16 Junie was tot in 1975 net nog 'n gewone dag op die kalender van Suid-Afrika. Vanaf 1976 het dit egter die belangrikste dag vir vredelose示威者 en die jong en al Suid-Afrika se inwoners geword. Die dag is dan ook in 1980 tot South African Youth Day verklaar. Tot selfs hul Suid-Afrika's as gedenkdag die dag al hoe meer betreklike buite die Suid-Afrikaans beweeg gekry.

In Vraag wat nou onmiddellik opkom is wat het op 16 Junie 1976 gebeur? Op hierdie dag is byna 'n honderd leerlinge van Swartkop doodgeskiet. Met die dae wat gevola het, het die Suid-Afrikaanse politie en soldate moet so 500 studente en vredelose mense oor in Suid-Afrika doodgeskiet.

Hierdie vredelose mense moordende is op vredelose en onvredelike maniere uitgevoer. Die leerlinge het by 'n station in Swartkop bygekom en vredelos met plakkaat teen Afrikaans as enige medium van opvoeding en ten huur-education geproteseer. Die studente was almal in skooldrag gekleed, oos en hulle self-interasseerd erkende burgerlike mette.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

Die werkiers seg ook hard dat hierdie dag as 'n betreklike vakansiedag geken word. Duisende werkiers bly jammer op hierdie dag weg van hul werkplekke. Sommige werkgevers goei gesond elke jaar hul werkiers af.

Op hierdie dag, die progressiewe organisasies neem ook aan veldtoe deel op hierdie dag. Baie kerke neem ook kerkgemeente sou hierdie dag te herdenk. Die nie-rassige sportorganisasies wat by Sasol geslaag het is benevel ook geen sport op hierdie dag of die nuweek die maats van Nasubi verbindig. Dit was egter nie gehelp,

Aan die ander kant is die polisie en die soldate altyd op 'n gereeld grondslag om one vredelike mense as hendertalle van die dag, met geweld te omwrig en die mense in die tronkoveg om daardie te skep. Mens word ook by sulke gebeurtenisse deur die veldmagte ongelukkig en geslachtoffer. In plaas dat hulle wet en vrede handhaaf, moet hulle self-interesseerd erkende burgerlike mette.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

die ontsluitings van die sentrale Jane Wessels ons styl van breyvlarding ic belemmer en dit te hat herleef het. Die 16-jarige Heester Petersen, jong alkoholiek van Soweto, word hierdie enkele jong mense van heel in Suid-Afrika se onskuldiger hond sal naby daar die mense van Suid-Afrika onthou word.

Op 16 Junie 1986 is met die 'n honderd mense van ons stuk, in Atlantic, Vredenburg, Pieterberg, Sandton, Venda en Johannesburg vrygestel die hoofmeestand in aanvalle onder Vryhoof, genehou. Die aansluiting wat in Junie 1976 was nie 'n dag Studente, werkers, gemeenskaplike, leuse, kook predikante, is vrygestel die hoofmeestand in hegogenese genehou. Duisende mense, in die hele Suid-Afrika was sonder vrouhuuzaa geplaas.

Vanjaar is 16 Junie weer herdenk. As Christene en regenkande mense het ons aangeslaan dat die vredelike regering. Ons het die regentes gebied soos in die Bybel voorgeskryf word. Daar is met hulle gepraai was wat ons geloof ons geleef het. Van ons is nie 'n dag Studente, werkers, gemeenskaplike, leuse, kook predikante, is vrygestel die hoofmeestand in hegogenese genehou. Duisende mense, in die hele Suid-Afrika was sonder vrouhuuzaa geplaas.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

Die volgende ja, sal die drie jaar gelede besig met voorbereiding vir die stigting van 'n Federasie, al Namibian Workers Bepaalde probleme met organisasie word nog ondervind, maar die werkers word politiek opgevoed. Al die organisasies gaan hulle gewig agter Swapo en verskeie veldslinge word tens geloof.

### LEES BINNE:

- bl. 2 WCKO werkiers ontevreden met organisasie
- bl. 2 W.R.K. groei
- bl. 3 Boer rand vroue van
- b) 3 Gaan u stem?
- bl. 4 Internasionale kinderdeugdag
- bl. 4 Kleurterskool dalkloos?



Die opskrifte in *Ons leer mekaar* skep ook 'n redelik eensydige perspektief: daar is talle afdrukke van gebalde vuiste en opskrifte en berigte is deurspek met stukke soos "die werkers", "die plaaswerkers" [Augustus/September 1992], "polisiegeweld" [April/Mei 1992], "Arbeidersparty veg om oorlewing" [April/Mei 1992], "tydskrif vir werkers van die wêreld", "Optog teen hongerlone" [Oktober/November 1992], "Werkers veg teen werkloosheid" [Desember 1992/Januarie 1993], ensovoorts.

In die eerste uitgawes van *Ons leer mekaar* word daar redelik min gesien van die geletterdheidsbevordering waarop die blad aanspraak maak. Daar word wel baie beriggewing gevind oor geletterdheidsprojekte wat op verskeie plattelandse dorpe aangebied word en vanaf 1994, ná die verkiesing, kry die geletterdheidsaspek heelwat meer aandag. Hier en daar word sekere begrippe verduidelik en samestellings word oor die algemeen los geskryf of deur middel van koppeltekens verbind (om dit dalk makliker leesbaar te maak?). *Ons leer mekaar* is van meet af egter 'n forum vir politieke mobilisering om één ongenuanseerde werklikheidsiensing, onverbloemd dié van die ANC en die "civics", weer te gee.

Vanuit 'n liberale perspektief op "vryheid van spraak" behoort die lesers natuurlik nie probleme met dié werklikheidsiensing te hê nie, maar hier word die siensings **deurentyd** as dié van "die mense" gegee. (Later word daar in meer besonderhede op hierdie aspek ingegaan.)

Pluspunte van die blad is die feit dat daar op 'n basiesevlak inligting oor gesondheid, menseregte, arbeidswetgewing en die voorkoming van onder meer VIGS (laasgenoemde kom in bykans elke uitgawe ter sprake) gegee word - hier lewer die blad 'n daadwerklike diens aan sy lesersgemeenskap. Verskeie plakkate oor

die liggaam, siektes en werkerregte word saam met die tydskrif versprei. Daar is ook vervolgverhale en plek vir lezers om hulle standpunte te stel. Lesersbriewe en onderhoude word oor die algemeen *verbatim* weergegee - volgens die ou beginsel van "ons skryf soos ons praat". Vergelyk die volgende drie artikels:

### *Lewens-verhaal*



## *Die verhaal van Andries Klein*



Foto en teks uit: Vir 'n stukkie brood, Sandra Kriel

## *'n skaapwagter*

**S**oggens dan jaag ek ma net vir hulle uit en kyk na hulle in die veld. En saans nou weer: sôre lat hulle almal in die kraal is. Ek kyk so lat hulle nou nie moet kwaad doen of so nie.

Dis nie eintlik 'n swaar job nie, ma party dae gaan dit ma swaar. Dan's hulle moeilik, daars nie kos nie. Nou's hulle moeilik. Nou vat dit my heeldag so keer-keer. Ek het nou nie baie groot kennis in skape nie. Hy's ma geduldig. Hy gee jou partyslae moeite, maar nie baie nie. As hulle nou siek is, missien as een nou siek is, word hy gedogter. Jy kan sien hy's siek as hy afval. Nou hoekka is die oë seer. Baas al gedogter, gedogter. Hulle kom swaar reg. Hier's heelwat wat dit het. En die lammertjies ook. En groot skape. Hulle kom reg, ma hulle kom swaar reg. Vat lank. Kry ook bloutong, daai siekte, ma hy maak nou dood. Gaan dood as hy bloutong kry. Hulle word altyd mirresyne ingegee.

Ek dink oor my werkie, wat ek moet doen. Ek kan mos nou nie annerste dink nie. Al wat ek ma nou dink is werk regkom, reg is. Da nie foute kom of so nie. Soos mens se oë nou is, hy kyk, wat jy nou raaksien en dingetjies wat jy nou raaksien. Kan nou nie sê wat ek nou raaksien nie. Die werk is nie vir my eintlik swaar wat ek het nie. Ek hou daarvan.

**Lees  
volgende  
keer in**

## **ONS LEER MEKAAR**

stories van  
die Boland

hoe om jou  
eie skoon-  
maak-middels  
te maak

'n onderhoud  
met 'n  
aktivis van  
Worcester

wat gaan van  
Afrikaans  
word?

voor-laaste  
episode van  
verhaal



# Plaas-praatjies

Deur **LIONEL BEERWINKEL**,  
van die Sentrum vir Landelike Reg-studies,  
vertel van sy besoek aan 'n plaas.

**D**ie ander dag besluit ek om my vriend Jan te gaan besoek. Jan bly en werk op 'n plaas.

Daar by sy huis aangekom vind ek hom besig met sy middag-ete. Ons groet mekaar soos gewoonlik en begin praat soos altyd.

Maar net om julle 'n bietjie oor Jan te vertel. Dié Jan is 'n vriend wat ek ontmoet het toe ek by my

ouers op 'n naburige plaas gewoon het. Hy is baie ouer as ek maar wil nie oom genoem wees nie. Hy werk en bly vir die afgelope nege jaar op hierdie plaas en werk as waterboy. Hy sê 'n waterboy is nou iemand wat heeldag rondloep en die water op die landerye en boorde tjek.

## Wie is die eienaar?

Maar om by die storie te kom. Ek is bly om Jan te

sien en ook geïnteresseerd in wat op die plaas aangaan. Dis seker te verstante, want toe ek so op pad na hom toe is, sien ek dat hier aan die voorkant staan vier mooi facebrick huise en nog twee wat in aanbou is. Dit beteken seker dat dinge nou heelwat beter gaan hier op die plaas en dat die boer goed na sy werkers kyk.

Net daar vra ek hom hoe dit gaan met die werk en so



Sestertuumsekades vir kinders

meer. "Jy sien ou vriend, die plaas behoort nou aan Enterprise Holdings. Nou, ek kan nie sê wie die eienaar is nie, maar ek weet dat meneer Graaf hier by ons die jobs vir ons ouens gee.

"Jy sien seker die huise en die ander mense wat hier bly. Nou jy sien, hier gaan 'n ding aan op die plaas waarmee ek nie tevreden is nie. Vandat die boer hier op die plaas is moes al die jong manne wat in die dorp gewerk het op die plaas kom werk. Nie so nie, kon hulle nie hier bly nie. Dis hoekom my klong oek nou hier werk.

"Maar kom ons los daai eers. Laas jaar November toe roep die boer al die manne plaas toe vir 'n meeting.

### Weet nie waaroor

"Nou jy moet verstaan ons weet nie waaroor nie, maar ons kan mos nou nie anners nie want dis sy plaas. Daar gekom sê hy ons gaan nou 'n komitee kies vir die plaas. Oraait, die komitee word gekies en alles is fine.

"Februarie van die jaar moet ons toe weer meeting toe. Daar gekom vra die boer of ons gehoor het van die nuwe wette vir ons ouens. Maar ek weet toe hier kom moeilikheid.

"Ons sê maar ja baas en nee baas soos altyd. Die boer verduidelik nou toe die wette. Agterna sê hy die wette gaan vir ons niks beteken nie want dit kan nie op die plaas gebruik word nie.

"Maar hy weet nie dat jy klaar met ons gesels het laas jaar nie. Dis daar dat die manne kwaad raak. Ek lag nou nog as ek dink wat toe gebeur het. Nou die tyd van die jaar is mos parstyd en die son skyn warm.

### Het genoeg gehad

"Net daar sê die manne hulle het nou genoeg van die boere stront gehad. Ou buurman staan toe op: 'Hoorie baas Graaf, baas is net so 'n mens soos ek en

ek weet dis jou plaas. Maar antwoord net gou my vraag: Kan jy 'n plaas het sonder werkers wat jou vuil werk doen sodat jy kan geld maak? Hoekom kan julle boere regte het maar ons moet tevrede wees met wat ons kry?"

"Toe moes jy daai boer se gesig sien, man hy's vir jou bloedrooi soos 'n warm kool. Die manne staan onmiddelik op en loop uit. Buite gekom maak die manne 'n besluit dat ou



Foto: The Argus

Graaf kan vergeet van werk vedag. Die volgende dag gaan ons toe eers werk.

"Ons het nik van die boer gehoor nie. By Vrydag gekom, betaal hy ons net vier dae se geld. Ons was baie ontevrede oor ons halwe dag se geld wat ons verloor het maar het besluit om nie daarvoor te vra nie. Maar ons het vir Graaf in 'n hoek. Jy sien al die boere hier rond pars daai tyd en hy het ons nodig om sy druiwe gepars te kry."

### Gesels oor nuwe wette

"Onthou jy nog daai blaaise wat jy vir ons gegee het. Nou ja, ons vat dit toe na die bestuur toe. Ek praat toe self. Jy het mos gesê dat jy nog die boer wil vra of jy saam met ons kan gesels oor die wette.

"Net daar besluit ek om sommer self te vra. Maar hy is so 'n piemper dat ek besluit om 'n paar manne bymekaar te kry en self na die boer te gaan.

"Ons vra toe vir Graaf. Graaf sê vir ons jy moet self met hom daaroor praat. Ons het toe maar daar gelos en gehoop ons hoor weer van jou.

"Maar een ding kan ek vir jou sê, hy het nie geweet die manne sal hulle stemme dik maak nie. Behalwe ons regte is daar 'n klomp anner probleme op

die plaas. Maar ons wil eers weet wat aangaan met die regte wat ons nou gaan kry.

"Al wat jy moet doen is om die boer te vra vir die saal. Ek sal solank die manne bymekaar kry."

Ek was verras deur wat Jan vertel het.

Die werkers het baie moed gehad om op te staan in 'n vergadering en om vir die boer te sê hoe hulle voel.

Maar hulle het ook in 'n mate onverantwoordelik opgetree deur nie verder te gaan werk nie. Hulle het die risiko geloop om hulle werk te verloor.

Tog het hulle het geweet dat die boer onder druk is want dit was parstyd. Dit was seker die werkers se sterkste wapen teen die boer. Hulle kon dit effektief gebruik.

Ek moes aan Jan verduidelik dat dit 'n risiko is om uit die werk te loop sonder toestemming van die boer en dat hy sy huis kon verloor.

### Wys opgetree

My gevoel was dat hulle onder die spesifieke omstandighede strategies wys opgetree het, maar in ander gevalle kon dit tot hul nadeel gewees het.

Wat egter opmerklik is, is die feit dat die werkers

besef dat hulle basiese regte gaan kry en dit graag wil gebruik. Hulle kon nie aanvaar dat dit van hulle ontnem word nie.

Dit laat die vraag ontstaan: Sal die nuwe wette prakties toegepas kan word op plase? Op 'n plaas soos hierdie sal dit toegepas kan word met die steun van organisasies wat plaaswerkers bystaan.

### Prakties toepasbaar

Daar is egter ander plase waar werkers nie weet wat aangaan nie. Die boer mag baie streng wees en nie toelaat dat organisasies van buite met die werkers praat nie.

Dit is belangrik dat werkers ondersteun moet word om hulself sterk te maak sodat hulle hul regte kan kry.

Om regte te hê is om 'n stem te hê, wat al die jare van plaaswerkers ontnem is.

Werkers kan begin na-vraag doen oor hul regte by hul naaste Advies-kantoor of organisasie in hulle omgewing.

Werkers kan ook die Sentrum vir Landelike Reg-studies kontak vir meer inligting.

Die nommer is (02231) 98032 of rig brieve aan Posbus 1169, Stellenbosch, 7599.





**Mense**

# Jan Lodewyk



*Jan Lodewyk is 'n alwyn-tapper. Hy woon op Buisplaas, in 'n huisie wat uitkyk oor die berge en die Gouritsrivier. Vir veertig jaar al, vandat hy 'n jong seun was, tap Jan die sap uit die blare van die alwyn boom, wat gebruik word vir die maak van medisyne. Ons Leer Mekaar het hom uitgevra oor sy lewe en die toekoms van die alwyn.*



Foto: Christoff Oosthuysen

# 'nalwyn-tapper



**Ons Leer Mekaar: Hoe tap 'n mens 'n alwyn?**

**Jan Lodewyk:** Jy moet die alwyn verstaan. Dit is nie moeilik nie, maar jy moet weet hoe. Die vet alwyn loop, maar die maar alwyn loop nie. As die droog bergwind waai, dan loop hy glad nie.

Jy sny die blaar af. Dan pak jy die blare so oor jou arm. Dan graaf jy 'n gat in die grond en sit 'n vel daaroor. Nou hou jy die blare so dat die sap op die vel tap. As die vel vol is, gooi ek dit in 'n blik.

Sodra ek 'n vol blik het, word dit gekook oor 'n vuur, sommer daar in die veld. Later word die sap in die as gegooi om goed uit te brand. Ek gooi dit dan terug in 'n blik. Mens noem dit 'n vaste blik, want die sap is dik en vas. Dit word dan so aan die boer verkoop.

**Ons Leer Mekaar: Waarvoor gebruik mens die alwyn-sap?**

**Jan Lodewyk:** Hulle sê vir die medisyne. My oorle Pa het altyd gesê dit word Engeland toe gestuur. Maar hy is mos vir alles goed. Sny hom af en lek hom - hy's bitter. Vir bosluse afhaal is

hy baie goed.


**Ons Leer Mekaar: Hoeveel geld kry jy vir alwyn-tap?**

**Jan Lodewyk:** Die alwyn betaal nou R6 'n kilo. In die verlede het ek 2 blikke getap om een harde blik te maak. Mens het altyd R100 vir 'n harde blik gekry, maar wanneer het ek hom? Die alwyne is nou maar.

Ek werk vier weke vir een harde blik. Omdat die alwyn op Buisplaas almal dood is, tap ek op Gert se plaas. Maar ek tap nou om die vierde. Gert betaal my 'n vierde van die prys, omdat die alwyne op sy plaas is.

**Ons Leer Mekaar: Is die Gert 'n wit boer?**

**Jan Lodewyk:** Ja, ek is sy jong. Ek kyk na sy vee, en hy laat my toe om sy alwyne te tap. Hy is 'n goeie man, want hy worry nie as ek alwyn tap nie, so lank ek kennis neem van sy vee, kan ek maar in die veld ook sit met my pik. Solank ek altyd terug is vir melktyd, kry ek my R8 aan die einde van die dag.



*Namaquanuus* se opskrifte en nuusdekking sien anders daaruit. Vergelyk: "Bergsig omgekrap oor dominee se aanstelling" [November/Desember 1991], "Klein Kodesa kry koers" [Oktober/November 1992], "Carolusberg myn ramp eis vier" [Desember 1992], "Concordia hou eie matriekafskeid na onmin by skool" [Desember 1992], "Kerkleiers veroordeel oproer" [April/Mei 1993], ensovoorts. Daar is baie meer nuus van 'n plaaslike aard oor verskeie klein dorpies wat andersins selde in die hoofstroompers in die kollig sou kom.

Die opskrifte en berigte skep ook dadelik 'n meer gematigde en gedepolitiseerde indruk in vergelyking met dié van *Alternatief* en *Ons leer mekaar*. Daar word dekking gegee aan kwessies soos afdankings, stakings, uitsettings, plakkars, werkloosheid en vakbondnuus en emosionele beroepe word soms deur lezers gedoen om by gemeenskapsorganisasies of die ANC aan te sluit (vgl. September/Oktober 1992: 6 en Oktober/November 1992: 6). Die inslag is egter nie so opruiend en propagandisties nie en daar is nie spesifieke partypolitieke of mobiliserende "tags" as wat die geval met die ander twee blaarie is nie.

Hierdie styl strook met die redaksie se standpunt: "Namaquanuus behoort nie aan enige maatskappy nie - die koerant behoort aan die mense van Namakwaland. Enige mens wat identifiseer met die stryd in Namakwaland word deel van die koerant" [Desember 1992]. Alhoewel die "strydgedagte" hier en elders in *Namaquanuus* ter sprake kom, is daar nie 'n duidelike botsing tussen inhoud en opskrif nie; die somtotaal van inhoud en opskrif bly gematigd, relatief tot dié van *Alternatief* en *Ons leer mekaar*. Interessant is die volgende stelling (uit 'n lezersbrief): "[D]aar moet 'n slag weer goed gekyk word na die begrip 'gemeenskap'. As ons aanvaar dat daar twee gemeenskappe is, dan moet ons ook besef dat daar in beide gemeenskappe mense is wat onderdruk word" [Desember

1992: 14]. Die (vroeëre, plattelandse) werklikheid van 'n bruin en wit gemeenskap word hier erken.

Te oordeel aan die temas, opskrifte en algemene nuusdekking, staan *Namaquanius* uit tussen die retoriek en slagspreuke wat *Alternatief* en *Ons leer mekaar* oorheers. Dit blyk werklik 'n koerant te wees wat die basiese grieve van bruin inwoners van die streek weergee, sonder om een spesifieke party buitensporig of propagandisties voor te trek: daar word byvoorbeeld ruimte afgestaan aan sienings van die NP, Arbeidersparty, die DP en die ANC.

#### **4.4.4.2 Strategiese diskopersvorming**

Volgens Menz (1989: 234 e.v.) kan onder meer die volgende strategieë op diskursiewe vlak onderskei word by strategiese of manipulatiewe diskopersvorming: "swart-en-wit-voorstelling" (hier nie in terme van velkleur nie, maar in terme van eenvoudige digotomieë - geen grys areas word op 'n spektrum opinies of standpunte onderskei nie); die beroep op "mitiese verwysingsgroepe" (vgl. in hierdie verband ook Edelman 1977: 30 en Van Dijk 1989 oor media-onderwerpe en tematiese strukture) en "strategieë van emosionalisering". By laasgenoemde kan ook gevoeg word die soekende na 'n "sondebok", strategieë van "verleiding" en stereotipering (vgl. Quasthoff 1989 oor die laasgenoemde aspek). Schjerve (1989: 65-67) sonder ook die skep van "'n beeld van die vyand", "toevlug tot mites" (vgl. ook hoofstuk 2 oor laasgenoemde aspek) en stereotipering uit wanneer tekste 'n manipulatiewe, propagandistiese doelwit het.

'n Blik oor die korpus, veral met betrekking tot *Alternatief* en *Ons leer mekaar*, bring 'n hele paar van die bogemelde strategieë na vore. Die leser het

in die tagtigerjare gewoond geraak aan die digtomieë wat veral deur die NP en die Afrikaanse media geskep is, byvoorbeeld swart/wit, beskaafd/onbeskaafd, ons/hulle, met ons/teen ons, Christen/kommunis, ensovoorts. In die gemeenskapspers kry die leser dieselfde tipe "swart-en-wit-voorstellings", 'n beroep op die mitiese verwysingsgroep, "die mense", emosionele beroepe teen "die vyand" en stereotipe voorstellings van "die base", "verraaiers", ensovoorts. Teenstellings tussen groepe soos die volgende word veral gevind: "die mense/die staat", "die gemeenskap/die owerhede", "die mense/die vyand", "helde, comrades/sellouts, verraaiers", "die werkers/die base", "die werklikheid (met die implikasie van "'ons' het die enigste waarheid in pag")/die leuens van die vyand, ensovoorts. Hierdie voorstellings word in bykans elke uitgawe van *Alternatief* en *Ons Leer mekaar* (in die geval van laasgenoemde tot ongeveer 1993) gevind. Een simplistiese paradigma of reeks minimale pare word bloot deur 'n volgende, eweneens simplistiese, vervang.

#### 4.4.4.3 Ideologeme

Die mitiese verwysingsgroep wat telkens hierbo opduik, is "die mense". Wie is "die mense"? Een van die duidelikste verwarrings wat doelbewus deur drukgroepe geskep word, is die verwarring van "die mense" met "die meerderheid". Enigets wat sogenaamd "demokraties" deurgevoer word, is volgens *Alternatief* en *Ons Leer mekaar* 'n refleksie van "die wil van die mense", terwyl dit natuurlik behoort te wees: "die wil van die meerderheid" (vgl. Caldwell 1992: 115).

Deur te kyk na die gebruik van veral die term **die mense** in die "alternatiewe" gemeenskapspers, kom 'n paar interessanthede na vore. (Dieselfde sou ook geld vir die term **die werkers**, waarvan voorbeeld in 4.4.4.1 gegee is.)

Vergelyk die volgende stukke: "ons mense is goed ingelig", "laat ons organisasies bou wat demokraties en verteenwoordigend van die mense is", "na volgehoue druk van die mense", "ons mense marsjeer voorwaarts na vrede en geregtigheid", "die mense van Suid-Afrika is op pad met hul opmars na vryheid", " 'n oorwinning vir die mense van ons land" (*Alternatif*; die militaristiese toon is duidelik); "mense ... moet begin om self te skryf oor gebeurtenisse in hul gemeenskappe", "die mense van Okiep staan reg" (*Ons leer mekaar*). *Namaquanuus* gebruik ook die term, maar met 'n baie kleiner frekwensie. Vergelyk ook die deurlopende gebruik van "die mense" in die "Beleidstuk" en "Riglyne van die Alternatiewe pers.

Die konstituent **die mense** funksioneer in hierdie tekste as "ideologeem". Ideologeme werk soos skakels in 'n semantiese ketting, wat 'n bepaalde semantiese veld vorm. Die geïsoleerde voorkoms van ideologeme in 'n teks gee nie 'n duidelike aanduiding op sigself van die ideologiese oriëntasie van 'n teks nie, maar in kombinasie met woorde wat dui op "dit waarteen 'ons' is", kan die ideologie duideliker word. Deur dus te let op dit waarteen 'n bepaalde ideologeem afgegrens word, word dit duidelik watter (ideologiese) inhoud aan die ideologeem gegee word - vgl. die digotomieë in 4.4.4.2. Dikwels word ideologeme soos "progressief" (vgl. die "Beleidstuk" en "Riglyne van die Alternatiewe pers"), "volk", "nasie", "die mense", "die werkers", "helde van die stryd", "kameraad", ensovoorts gebruik ter wille van groepsvorming en om 'n groep te mobiliseer vir of teen 'n saak.

Marling (1994) gee 'n historiese oorsig van die ideologeembegrip en die gebruik daarvan deur veral literêre teoretici soos Bakhtin en Kristeva. Jameson (1981) beskryf weer die ideologeem as die embleem van 'n "pseudo-idee" wat "a conceptual or belief system, an abstract value, an opinion or

"prejudice" is, "a kind of ultimate class fantasy about the 'collective characters' which are the classes in opposition". Sy duidelikste definisie van die begrip is: "[ideologemes are] the smallest intelligible unit of the essentially antagonistic collective discourses of social classes" (1981: 76, 87-88 en 115-119).

Ideologeme funksioneer dan veral op die vlak van spanning en stryd tussen sosiale klasse, klasse wat in die gemeenskapspers eenvoudig vergestalt word as "ons" (die werkers/verdruktes/mense) en "hulle" (die base/verdrukkers/staat).

Sauer skryf ook die volgende oor ideologie en ideologeme:

"The ideological is not so much an expression of the polarity of 'true' and 'false', or a static opposition of a 'factual' and 'ideological' description of social reality. Rather the ideological is the sphere in which the formal determination of social practices and their transformation are discussed and/or deliberated, and it operates through a conjunction and recombination of existing ideologemes. Ideologemes such as 'people', 'state', 'power', 'nation', 'culture' and others are part of the basic equipment for the development of political volition. They constitute the 'raw material' of ideological operations" (1989: 8-9).

'n Ander raamwerk waarbinne ideologeme geanalyseer kan word, sou wees om oënskynlik "neutrale" lekseme soos "die mense", "werkers", "base", ensovoorts in semantiese komponente te ontleed en by elkeen te kyk watter "polities-ideologiese merkers" ("tags") binne verskillende kontekste bygevoeg (kan) word.

Mey (1985: 249) skryf ook in hierdie verband:

"Ideology veils the contradictions of our society by appealing to abstract notions such as 'togetherness', 'the common interest', 'the people', etc. Language, as the expression of that ideology, is itself subject to the same mystifications: the 'common' language poses as the vehicle of communication for all people, while it in reality serves the interests of one particular class."

Die "versluiering" ("veiling") in taalgebruik waaroer Mey hier skryf, definieer hy as "... using a language that claims to deal with reality in an objective, correct, matter-of-fact way, while hiding reality from language's users" (1985: 63).

Mey se volgende kommentaar oor sekere geykte uitdrukings sluit ook direk aan by die voorafgaande bespreking van die gebruik van ideologeme:

"... expressions such as 'objectivity', 'equality', 'dialogue', 'equal rights', 'respect', 'confidence', 'openness', 'responsibility', etc., given the right context, may serve a manipulatory purpose through their deceptive packaging of the existing oppression as abstract, seemingly universal truths" (1985: 63).

Die vraag wat dadelik hier opduik, is: hoe skakel die gebruik van hierdie ideologeme, spesifiek "die mense", met die breër retoriiese doelstellings van die gemelde blaaie? Die gemelde ideologeme sluit duidelik aan by die "Beleidstuk" en "Riglyne van die Alternatiewe pers" - ideologeme soos "die mense" en "die gemeenskap" is reeds daarin aangetoon. Die funksie van die ideologeme is uiteraard mobilisering, maar, soos vermeld, word "die mense" by nadere ondersoek nie werklik "saambindend" of "oorkoepelend" gebruik nie. "Die mense" is slegs diegene wat met die beleid wat die blaaie (en die politieke magstrukture daaragter) saamstem.

#### 4.4.4.4 Aanspreekvorme

In *Alternatief* en *Ons Leer mekaar* word leiers aangespreek as "kameraad" - dit word reeds geïmpliseer en in die vooruitsig gestel deur die "Riglyne van die Alternatiewe pers" se beklemtoning van die **mense** en die **gemeenskap/gemeenskaplikheid**. Dié ideologeem hoef nie noodwendig te dui op 'n Maxistiese/sosialistiese invloedsfeer nie, dit kan bloot 'n aanspreekvorm ter

wille van solidariteitsvorming en groepskohesie wees (vgl. in dié verband "The pronouns of power and solidarity" van Brown en Gilman 1960 en die klem op "gemeenskaplikheid" in die "Beleidstuk" en "Riglyne").

Wanneer *Alternatief* egter enige "leier in die struggle" beskryf as "kameraad", dan as "kameraad-leier" of "kameraad-held", verander die prentjie. Dié tipe diskopers, of eerder jargon, was nog selde of ooit 'n aanduiding of weerspieëling van 'n tolerante politieke houding - dit slaan duidelik op 'n populistiese, massa-benadering. Hierdie word deels op intuïtiewe vlak, voorts op grond van emotiewe en konnotatiewe waardes van dié aanspreekvorme, reeds vermelde ideologeme en ervaring van soortgelyke politieke diskoperse wat merendeels 'n autoritêre politieke standpunt weerspieël, gestel.\*

Die doel van die voorafgaande argument is beslis nie om die gemeenskapspers op dieselfde vlak of binne dieselfde paradigma te plaas as tekste wat autoritêre denkrigtings weerspieël of om hulle bloot af te maak as fascisties of "kommunisties" nie. Sekere stereotipiese aanspreekvorme is wel uitgelig om die moontlikheid van kollektivistiese, autoritêre diskopers binne *Alternatief* en *Ons leer mekaar* te demonstreer.

\*Ter motivering van dié standpunt sou dit maklik wees om na Marx se *Das Kapital*, Hitler se *Mein Kampf* of Orwell se *1984* te verwys en te noem dat die werke deur middel van autoritêre taalgebruik sekere standpunte weergee, of dit nou Marxisties, fascisties of "nasionalisties" van aard is (vgl. onder meer Hodge en Fowler 1979: 6-25 se "Orwellian linguistics"). Hier word nie gepoog om 'n noukeurige analise van die gemelde tekste te gee nie, maar die standpunt oor "autoritêre taalgebruik" vra om nadere toelighting. Voorbeeld van dié tipe analyses is byvoorbeeld Schjerve (1989) se werk oor die publikasies van die Italiaanse "Futuriste". Sy wys onder meer op die mobiliserende gebruik van die voornaamwoord *ons*, die beroep op groepsvorming, beskrywings van "oorlog" (en uiteindelik "revolusie") as "higiënies" en as "wet van die lewe" (1989: 66-70). Sauer doen soortgelyke analyses van die Nazi-pers in die beleerde Nederland en toon aan, met behulp van die uitlig van sekere ideologeme, hoe 'n vergelyking soos "vrede = vryheid" manipulatief verander word tot "oorlog = vrede" (1989: 25).

*Namaquanus* gebruik wel soms beskrywings van byvoorbeeld die jeug as "die skoktroepe van die stryd" [November/Desember 1991: 50], maar die aanspreekvorme in dié koerant is baie meer gemeensaam: "oupa", "ouma", "oom" of "oompie". Dit is terme wat aansienlik minder polities gelaai is as byvoorbeeld "kameraad". Nelson Mandela word byvoorbeeld as "mnr. Mandela" beskryf. (*Ons Leer mekaar* het wel 'n rubriek, "Auntie Daisy gee raad".)

#### 4.4.4.5 Slotbeskouing

Met die opskrifte, ideologeme, beroep op mitiese verwysingsgroepes, retoriek en aanspreekvorme in gedagte, is dit duidelik dat veral *Alternatief* en *Ons Leer mekaar* binne die paradigma van 'n eenvoudige, kollektiewe, populistiese kultuurideologie werksaam is. Veral die gebruik van "die mense" is 'n bekende retoriiese truuk in Marxistiese jargon en deel van die bekende "war of position" (vgl. Sassoon 1980: 193-204). Dit vorm verder deel van die houding van "ons", "die bevryders", definieer wie "die mense" is - dit is hulle wat binne "ons" terme deel is van "ons" strewes. Soos vermeld, kan dié strategie beskou word as medium van solidariteits- en groepsvervorming, maar dit is uiteindelik 'n strategie wat net so uitsluitend is as enige ander politieke jargon. Die konteks wat sodende geskep word, is nie insluitend of verteenwoordigend van die hele gemeenskap nie, dit is 'n uitsluitende definisie met spesifieke grense: "ons" besluit wie die mense is, dié wat gemobiliseer moet word en "jy" is slegs deel van "die mense" as jy onkrities "ons" riglyne volg.

Selfs al word die beleidstuk van *Alternatief* in gedagte gehou, is die styl van *Alternatief* en die vroeëre uitgawes van *Ons Leer mekaar* militant, propagandisties en uiteindelik eksklusivisties, vol stereotipes,

veralgemengs en enkelvoudige voorstellings van groepe en gebeure. Slegs politieke bewusmaking staan voorop ter wille van die vermelde tipe ideologie.

Die voorafgaande kritiek sal uiteraard naïef klink vir 'n navorser wat in die geykte "struggle"-beginsels en -strategieë glo wat deur die gemeenskapspers uitgedra word. Vanuit 'n liberale perspektief, krities oor die invloed van politiek en mag (in hierdie geval met duidelike Marxistiese ondertone) in die siviele samelewing, is daar wel baie ruimte vir kritiek. Onder die apartheidse regime is daar 'n totale aanslag gemaak op die siviele samelewing; geen nuwe aanslag daarop behoort ter wille van politieke korrektheid aanvaar te word nie. Dat daar wel so 'n aanslag werkzaam was en is, verwoord Maphai soos volg:

"The P.W. Botha government's 'total' strategy, as it is well known, was the complement to what it perceived as the 'total onslaught' directed by the ANC and SACP. But the liberation movements too, developed their own version of a total strategy, in which every sector of civil society had to be mobilised, if not militarised. Individuals had to choose whether they were 'with us or against us', and organizations, schools, churches, cultural and social clubs [en ook die pers, natuurlik - HJP] were mobilised against the common enemy. There was little room for independence, let alone neutrality" (1993: 26).

Daar is min sprake van objektiwiteit in die gemelde blaaie; dit sou basies 'n oefening in futiliteit wees om "objektiewe, neutrale" beriggewing in die "alternatiewe" pers te gaan soek, maar dit is wel nie vreemd nie, ook nie ten opsigte van die "hoofstroompers" nie. Vergelyk in hierdie verband die opmerking van Gruber:

"While the basic ideology of journalism is that of 'objectivity' and 'reporting mere facts', most investigators of media discourse and journalist language stress the impossibility of these claims and describe the ways in which underlying ideologies bias news reports" (1993b: 469).

Die "alternatiewe gemeenskapspers" stel dit ook reguit dat hulle nie "objektief" is nie - vgl. hier veral die "Beleidstuk" en "Riglyne van die

Alternatiewe pers". Volgens Jackson

"... the alternative press practices a style of journalism dramatically opposed to that of the mainstream press. Ridiculing the established papers' claims that they practice an 'objective' approach to gathering and reporting news, the newer publications embrace a 'committed' or 'advocacy' journalism. Far from regarding themselves as neutral observers of the scene, these papers openly embrace a viewpoint. They say that journalistic neutrality or objectivity is a myth under any circumstances; to claim to practice such journalism in South Africa is naive self-deception at best and outright dishonesty at worst" (1993: 9).

Hy skryf ook verder:

"Quite simply, the alternative newspapers manifested a common organizational culture markedly different from that of the mainstream press. This culture included a high level of commitment to a common purpose, a sense of unity and camaraderie (in no small measure heightened by the forces of commercial competition, limited resources, or government opposition), and a pervasive *egalitarian ethos*. This culture, with its own vocabulary, norms, and expectations, resembled that of a religious movement. Utterly convinced of the rightness of their cause, those in the alternative press banded together to continue 'the struggle' regardless of the cost" (1993: 52, my kursivering).

Hoewel daar waardering is vir die eerlikheid waarmee die beleid van die "alternatiewe pers" gestel word en vir die kritiese bewussyn wat gekweek word, en daar tot 'n mate begrip is vir die radikale ideologiese teenreaksies binne die repressiewe konteks van die tagtigerjare, sluit dit steeds nie 'n kritiese perspektief uit nie. Die "werklikheid" wat deur hierdie segment van die pers uitgedra word, is uiteindelik maar slegs één siening, en nie noodwendig die ware nie, en vrees om nie "polities korrek" te wees nie, behoort in elk geval nie kritiek en kritiese analyses uit te sluit nie.

Ten slotte is dit interessant dat drie gemeenskapsblaie wat aangrensende streke in die Kaap bedien en basies oor dieselfde temas vir dieselfde soort gemeenskappe beriggewing doen, redelik verskil in hulle aanslag in styl. In die geval van *Alternatief* en *Ons Leer mekaar* is die stem van die ANC, met duidelike ouoritêre tone (die infiltrasie en mobilisering van álle fasette

van die siviele samelewing) duidelik te sien. *Namaquauus* het dieselfde uitgangspunt: om aan die verontregte bruin Afrikaanssprekende gemeenskap 'n stem te gee en die magteloses te bemagtig, maar die aanslag is baie meer gematig, sonder die clichés en stereotipes wat die manipulatiewe jargon van die ander twee blaaie kenmerk.

Met die "wysheid" van 'n (buitekontekstuele) agternaperspektief kan daar ook gevra word hoe effektief die gemeenskapspers met betrekking tot die bereiking van hulle doelstellings was. Een moontlike antwoord hierop is natuurlik die verkiesingsuitslae van April 1994: in die Wes-Kaap kon die ANC/SAKP nie 'n volstrekte meerderheid behaal nie, en in die Noord-Kaap was hulle meerderheid slegs 1%. Daar is natuurlik baie veranderlikes wat dié uitslag beïnvloed het, waarvan die "alternatiewe pers" maar een is; dus is kommentaar oor die politieke "geslaagdheid" van dié perssegment uiteraard relatief. Dit kan wel hier genoem word dat die aanslag van byvoorbeeld *Ons Leer mekaar* baie "gematigder" voorkom ná die verkiesing as daarvoor.

#### **4.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk word van die "produkte" van die "Alternatiewe Afrikaanse beweging" krities ondersoek. Daar word eerstens gekyk na twee handboekreeks wat as "alternatiewe" op "standaard" Afrikaanse skoolhandboeke kan dien en wat as gedeeltelike uitvloeisels van die denksfeer rondom "people's education" beskou kan word. Die "alternatief" in dié reekse is, soos vermeld, onder meer die omvattender werklikheidsbeeld, kritiese inslag en "bemagtigingskomponent" wat uitgedra word.

*Tree na vryheid*, die eerste selferkende publikasie in "Alternatiewe Afrikaans", word vervolgens krities beskou en daar word gewys op sekere eensydighede en leemtes in die werk, soos die vermyding van 'n omskrywing of definisie van die konsep "Alternatiewe Afrikaans".

Ten slotte word die "alternatiewe" Afrikaanse gemeenskapspers gekontekstualiseer en fasette daarvan geanalyseer met behulp van sekere metodes uit die "kritiese diskousanalise". Daar word aangetoon dat van die "alternatiewe" blaaie 'n uiters eensydige werklikheidsbeeld voorstel deur middel van emosionele beroepe op die massas en dat die toon en styl van die blaaie propagandisties oorkom, selfs al word hulle "beskerm" deur beleidstukke wat "demokratiese" berigging in die vooruitsig stel.

In die slothoofstuk word daar 'n aantal parallelle getrek tussen die taalpolitiek van Standaardafrikaans en dié van "Alternatiewe Afrikaans" en die vraag word onder meer gestel in welke mate Afrikaans gedepolitiseer en "gedemokratiseer" kan word.

## HOOFTUK 5

### SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN SLOTBESKOUINGS

#### 5.1 Inleiding: Voorlopige samevatting

Die hoofdoelstelling van hierdie proefskrif is soos volg gestel: om die taalpolitieke faktore rondom die opkoms van Standaardafrikaans te ondersoek, die geleidelike breuk in die Afrikaanse spraakgemeenskap te analyseer en die "Alternatiewe Afrikaanse" konsep en beweging binne taalpolitieke kontekste te omskryf. Daar is voorts gepoog om die tekstuele "produkte" van die "Alternatiewe beweging" krities te ondersoek.

In die eerste hoofstuk word 'n aantal invalshoeke tot die studie van taal en politiek, mag en ideologie - temas wat binne die kader van die taalpolitiek en taalsosiologie val - behandel en saamgevat. Die taalpolitiek van onderskeidelik Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans" word vervolgens in hoofstukke 2 en 3 geanalyseer binne die raamwerk van die hegemoniemodel van Gramsci, met die voortdurende onderliggende uitgangspunt dat taal of 'n variëteit van 'n taal dikwels verpolitiseer word gedurende periodes van politieke verandering.

In hoofstuk 4 word 'n aantal analitiese metodes uit die kritiese linguistiek en kritiese diskoursesanalise (waarvan sekere uitgangspunte in hoofstukke 1 en 4 bespreek word) gebruik om enkele ideologies-politieke temas en "agendas" in "mondstukke" van die "Alternatiewe beweging" uit te lig.

In die volgende afdelings van hierdie hoofstuk word enkele parallelle getrek tussen die taalpolitieke agendas en "mites" wat geassosieer word met die twee "variëteite" van Afrikaans wat ter sprake kom in hierdie studie, naamlik Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans". Die fokus val op die ooreenkomste en verskille tussen die "taalbewegings" wat met elke variëteit geassosieer word.

Daar word besin oor die waarde van die gebruik van die hegemoniemodel en die kritiese linguistiek binne taalpolitieke navorsing en binne hierdie studie. Leemtes in hierdie proefskrif en voorstelle vir verdere navorsing word deurentyd binne die onderskeie onderafdelings uitgelig.

Een tema wat implisiet deur onder meer Du Plessis (1986), Van den Heever (1987a en 1987b) en verskeie leiers in die "Alternatiewe beweging" (vgl. o.m. die uitsprake van Sonn 1988 en Gerwel 1988 in hoofstuk 3) aangesny word, is die "demokratisering" en "depolitisering" van Afrikaans. Aangesien hierdie aspekte aansluit by die basiese tema van hierdie studie, word enkele voorstelle in dié verband ten slotte kursories ondersoek, en vrae word gestel oor die haalbaarheid van sodanige voorstelle.

## **5.2 Die taalpolitiek van Standaardafrikaans vs die taalpolitiek van "Alternatiewe Afrikaans"**

In hoofstuk 2 word aangetoon dat Afrikanernasionalisme die belangrikste faktor in die opkoms, vestiging en "kanonisering" van Standaardafrikaans was. Verskeie politieke inbreuke op die siviele samelewing, tot in die laattewentigerjare, om Standaardafrikaans se status te bevestig en Afrikaans te mobiliseer vir veral partypolitieke doeleinades, word bespreek. Dit word gestel

dat dié tipe nasionalisme, gepaardgaande met die ideologie van apartheid, eksklusivisties was en meer as die helfte van die lede van die Afrikaanse taalgemeenskap, die kleurlinge, uitgesluit en grootliks vervreem het.

Taalpolitiese groeperinge rondom Afrikaans ná 1976 word behandel, en daar word aangetoon dat die sogenaamde "hervormingsgesindes" gaandeweg begin besef het dat die taalpolitiek wat vir dekades lank met Standaardafrikaans geassosieer is, uitgedien is en dat Afrikaans "oopgemaak" moet word vir al sy sprekers.

Dié de-ekskluvistiese gedagtes is baie verder gevoer deur die "progressiewe", "Kaapse" of "bevrydings-" beweging (sien hoofstuk 3), die beweging waarmee die konsep "Alternatiewe Afrikaans" geassosieer word. Die taalpolitiek van dié beweging word in 3.5.5 omskryf as inklusief, bevrydend en demokraties: die "Alternatiewe" beweging wou Afrikaans "bevry" van sy apartheidsetikette en -bagasie. "Alternatiewe Afrikaans" word sosiolinguisties getypeer as 'n "ideologiese variëteit" of "ideologiese metalek" van Afrikaans.

In hoofstuk 4 word egter geargumenteer, veral met betrekking tot die "alternatiewe gemeenskapspers", dat die ideale van "demokrasie" en "bevryding" dikwels na omgekeerde rassisme en 'n verdere eksklusivisme neig. Alhoewel 'n "breër" Suid-Afrikaanse nasionalisme en demokrasie deur die "progressiewe" beweging voorgestaan word (vgl. o.m. Du Plessis 1988e en 1989 in dié verband), word daar aangetoon dat die diskloers van dié beweging dikwels neig na die ouoritêre met die implisiële gedagte dat slegs diegene wat onkrities die "bevrydende" riglyne van die "beweging" volg, deel is van die "mense" wat deurenrentyd aangespreek word in publikasies en toesprake. Die nasionalisme en politiek wat deur die "Alternatiewe" beweging voorgestaan word, is egter nie van 'n "verowerende" aard soos wat Afrikanernasionalisme op sy hoogtepunt was nie.

Dat die "Alternatiewe beweging" duidelik binne 'n spesifieke ideologiese raamwerk werksaam is, word bevestig deur Pokpas en Van Gensen (1992) wanneer hulle skryf:

"Die inbedding van mag in taal is 'n realiteit, en versetstemme probeer daardie wanverspreiding van mag aftakel. *Dit maak hierdie opposisiebeskouing nie minder ideologies as dit waarteen in verset gekom word nie.* 'Afrikaans' is nie 'n leë betekenaar sonder ideologiese betekende nie. Dis 'n gevaaalike illusie om te verwag dat die betekende 'versettaal' opgehef moet word alvorens die repressiewe betekenis van die teken 'Afrikaans' aangespreek is" (1992: 174, my kursivering).

Pokpas en Van Gensen (1992) se bostaande argument draai om die wyse waarop die teken "Afrikaans" ideologies gemanipuleer is. Hulle beklemtoon dit dat die argument nie gaan om 'n aanval op sekere organisasies nie, maar dat dit introspeksie by eksponente van die onderskeie "standpunte-in-stryd" wil aanmoedig. Hieroor skryf hulle: "**Dit maak nie standpunte van bevrydingsorganisasies minder ideologies of semioties waardevry as dié van die establishment nie**" (1992: 176, my beklemtoning).

Die ooreenkoms tussen die taalpolitiek van "Establishment Afrikaans" (Standaardafrikaans soos gebruik deur die wit hegemoniese bedeling) en "Alternatiewe Afrikaans" word behandel in 3.5.5. Daar word aangetoon dat beide "variëteite" Standaardafrikaans as basis het en dat "Kaapse Afrikaans" nie bloot met "Alternatiewe Afrikaans" geassosieer kan word nie. Dit gaan dus nie hier om verskillende *taalvorme* nie. Daar word vermeld dat "Alternatiewe Afrikaans" as etiket vir 'n bepaalde bevrydingsideologie gebruik is en Afrikaans vanuit die staanspoor gebruik het as mobiliseringsmedium. 'n Duidelike raakpunt tussen die twee "variëteite" is die kwessie van mobilisering: Afrikanernasionalisme wou aanvanklik Standaardafrikaans gebruik om mense saam te snoer en later te mobiliseer ten einde voortgesette hervorming aanvaarbaar te maak. Die "bevrydingsbeweging" het weer die

beginsels van "Alternatiewe Afrikaans" gebruik ten einde 'n sterk politiese en kritiese bewussyn by die stemlose massas te kweek.

Vanuit hoofstuk 3 se omskrywings van "Alternatiewe Afrikaans" en die voorafgaande blyk dit baie duidelik dat die "Alternatief" in "Alternatiewe Afrikaans" 'n oorkoepelende term is vir 'n ideologie van bevryding en verandering ten opsigte van samelewingsstrukture soos die politiek, ekonomie, onderwys, godsdiens en kommunikasiemedia wat met die hegemonie van en om Standaardafrikaans geassosieer is en word.

Dit is duidelik dat daar deur middel van Standaardafrikaans en "Alternatiewe Afrikaans" **doelbewuste** politisering plaasgevind het deur segspersone vanuit die twee "kampe" (vgl. 1.3.2). Taal is ter wille van politieke diensbaarheid gemanipuleer en deel gemaak van politieke magstryde. Taalsentimente is veral deur kultuurleiers en Afrikanerpolitici uitgebuit om steun vir wit Afrikanerbemagtiging te verkry. Die leiers van die "Alternatiewe beweging" het nie soseer op taalsentimente gesteun in hul argumente om 'n "bevryde" Afrikaans nie; daar is eerder op die instrumentele waardes en funksies van Afrikaans, ter wille van politieke mobilisering, klem gelê. Hierdie verskille in politiseringsaksies, wat dikwels blote nuanseverskille is, word nie in besonderhede in hierdie studie behandel nie - daar kan verdere navorsing oor dié aspekte gedoen word.

Samevattend kan daar 'n paar duidelike ooreenkomste raakgesien word tussen die taalpolitiek van "Establishment Afrikaans" en dié van "Alternatiewe Afrikaans": die stukragte agter "Establishment Afrikaans" was duidelik polities van aard en was daarop gemik om (wit) groepsvorming te bewerkstellig en die groep te mobiliseer, wat onder meer - deur die standaardisering van die

taal - stigmatisering van ander variëteite behels het wat anderskleurige sprekers kon uitsluit. Die kragte werksaam agter die konsep "Alternatiewe Afrikaans" was ook duidelik polities van aard (vgl. die verskillende leiers van die "Alternatiewe" beweging en hulle uitsprake wat in hoofstuk 3 aan die bod kom) en die hooffunksie van dié beweging was mobilisering en politieke bewusmaking.

### **5.3 Mites**

In hoofstuk 2 word daar, na aanleiding van Roberge (1992), 'n aantal mites behandel wat met Standaardafrikaans geassosieer is; van die belangrikstes is die konsep van 'n "Afrikanervolk", 'n mitiese verwysingsgroep bestaande uit wit sprekers wat slegs Standaardafrikaans sou praat. Verdere mitologiseringsaspekte wat behandel word, is dié oor die ontstaan en "wonder" van Afrikaans en die Afrikaanse taalbewegings. Op dié temas word daar telkens "alternatiewe" sienings gegee. Die metonimiese en metaforiese gebruik van "Afrikaans" en "taal" ten opsigte van "volk" of "sprekers" kom ook in hoofstuk 2 ter sprake.

Alhoewel verskeie leiers in die "Alternatiewe beweging" van die bestaande wanvoorstellings ontmitologiseer (vgl. veral Du Plessis 1986 en 1987a, Van den Heever 1987a, 1987b en 1988a), word daar ook verskeie mites en miteskeppende aksies binne dié beweging of denkraamwerk gevind. Die belangrikste mitiese verwysingsgroep wat in die diskouers van die "Alternatiewe beweging" na vore kom, is dié van "die mense", 'n ideologeem wat bespreek word en waarvan die inperkende gebruik ook behandel word in hoofstuk 4. In hoofstuk 3 word aangetoon dat verskeie uitsprake oor "bevryde Afrikaans" en "die mense" op dieselfde vlak metonimies en metaforiese gebruik word as wat die geval was met

segspersone oor Standaardafrikaans.

Die mite van "die mense", wat deurentyd in die "progressiewe" kamp ter sprake kom, word ontleed as 'n idealistiese, soms utopiese, voorstelling wat gebruik word ter wille van solidariteitsvorming.

#### 5.4 Taalbewegings

Die Afrikaanse taalbewegings word in hoofstuk 2 eers binne "tradisionele" raamwerke bespreek en daarna word "alternatiewe" sienings van die bewegings gegee. Daar word aangetoon dat dié bewegings duidelike politieke agendas gehad het en nie slegs om die bevordering van Afrikaans, ter wille van die taal self, sekere handelinge uitgevoer het nie.

- In hoofstuk 3 word die vraag gestel in hoeverre die "Alternatiewe beweging" as "taalbeweging" beskou kan word en dit word gestel dat dié beweging in die eerste plek as 'n politieke beweging beskou kan word. Dit is nie 'n "etnies-nasionale" beweging nie; Afrikaans word uitgebreid gebruik, maar met duidelike politieke oogmerke, soos wat dit ook deur die vroeëre taalbewegings gebruik is om sekere politieke winste te verkry. Daar is dus op dié vlak duidelike ooreenkoms tussen die "bewegings".

Die belangrikste verskil tussen die vroeëre bewegings en die "Alternatiewe beweging" is die klem by laasgenoemde op die taalsosiologiese en taalpolitieke gevolge wat uit bewusmakingsaksies kan spruit. 'n Verdere verskil tussen die bewegings is die eksplisiete erkenning by leidende figure van die "Alternatiewe beweging" dat Afrikaans geskryf en gepraat behoort te word ter wille van politieke mobilisering - 'n erkenning wat nie so pertinent by die

vroeëre bewegings te vinde is nie (vgl. 3.5.6). Politiseringsaksies vanuit die polities-kulturele sfeer ten opsigte van Standaardafrikaans word kursories vermeld in hoofstuk 2. *Spesifieke* aksies en die agente en meganismes daaragter kan verder nagevors word in latere studies.

### 5.5 "People's Education" en die "gemeenskapspers"

In hoofstuk 3 word die beginsels van "People's Education" kortlik bespreek en verbande word gelê tussen hierdie denksfeer en die "Alternatiewe Afrikaanse beweging". Hierdie aspek vereis nog baie meer navorsing, veral vanuit 'n pedagogiese perspektief, en veral binne die huidige konteks van die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse skolebestel en die daarmee gepaardgaande kwessie van medium van onderrig. Navorsers soos Maartens (1994), Clarence (1994) en Anthonissen (1994) skenk wel aandag aan hierdie kwessies.

'n Verdere navorsingsprojek kan byvoorbeeld konsentreer op die ooreenkomste en verskille tussen die destydse "volksonderwys" en CNO-skole van die tydperk ná die Anglo-Boereoorlog (vgl. o.m. Steyn 1980 en Zietsman 1992) en die beginsels van "People's Education" of "alternatiewe onderwys" en die sillabusse wat deur instansies (byvoorbeeld die KPO) vanuit dié denkrigtig voorgestel word.

Dieselde voorstel geld vir die "gemeenskapspers": benewens verdere kritiese navorsing wat oor hierdie segment van die Afrikaanse pers - die belangrikste tekstuele "produk" van die "Alternatiewe beweging" - gedoen behoort te word (veral vanuit 'n kommunikasiekundige perspektief), behoort daar ook met vrug vergelykings getrek te kan word tussen die publikasies van die eerste en tweede taalbewegings (byvoorbeeld *Di Patriot* en *Ons Klyntji*) en dié van die

"Alternatiewe beweging". Daar kan byvoorbeeld navorsing gedoen word oor beroepe ten opsigte van taallojaliteit, politiek en nasiebou op die leserspubliek en die mobiliseringsfunksies van die verskillende blaaie van die bewegings.

Verdere navorsing, ten opsigte van temas soos bemagtiging en mobilisering, kan ook byvoorbeeld die "alternatiewe Afrikaanse gemeenskapspers" van Suid-Afrika vergelyk met Namibiese gemeenskapsblaaie (soos *Immanuel* en *Sari-aob*) van die sestiger- en sewentigerjare.

### **5.6 Die hegemoniemodel**

In die eerste hoofstuk word dit duidelik gestel dat die hegemoniemodel in die eerste plek gebruik is en word binne velde soos die staatsleer, staatsfilosofie en ekonomie en dat 'n transponering daarvan na 'n taalkundige studie die gevaar meebring dat die model reduksionisties toegepas kan word.

Dit blyk egter dat die model wel aangepas kan word om taalpolitieke kwessies veral vanuit 'n diachroniese perspektief te ontsluit en verder te beskryf (vgl. Salamini 1981: 35 en 1.6.2). Taalkwessies is gewoonlik simptomaties van 'n verandering in of herstrukturering van die heersende hegemonie, en die verskillende fases van die ontsluiting van 'n hegemonie of teenhegemonie omvat dan ook en verklaar verskeie taalpolitieke handelinge, soos onder meer standaardisering van 'n variëteit, korpus- en statusuitbouing en ook die politisering daarvan.

Die waarde van die model (met sy Marxisties-sosialistiese wortels) is dan veral daarin geleë dat dit min of meer kan voorspel in watter mate en op

watter wyses taal verpolitiseer kan (en sal) word, afhangende daarvan in watter fase van hegemonievorming 'n klas of groep hom bevind. Hierdie siening sluit natuurlik aan by die Marxistiese beskouing van die verloop van die geskiedenis, waarvolgens die heersende klas deur 'n revolusie verwyder word en die volgende heersende klas weer deur 'n volgende omwenteling omvergewerp word, totdat 'n sosialistiese orde gevestig is. Vergelyk in hierdie verband ook Mey (1985: 327-328) se kommentaar:

"Language is a product of a society forever turning into history. Given its continually changing societal base, language is always in the process of changing. Thus, not only is society reflected in language's constantly changing mirror: language is divided against itself. All use of language carries in it the germs of change."

In hoofstuk 2 word die fases van Afrikanerhegemonievorming in verband gebring met groeiende politiseringsaksies ten opsigte van Afrikaans, en in hoofstuk 3 word aangetoon hoe "Alternatiewe Afrikaans" - met sy eie politieke agendas - deel vorm van die derde fase van 'n alternatiewe of teenhegemonie.

'n Mens sou dus byvoorbeeld kan spekuleer (vgl. byvoorbeeld die kommentaar in hoofstuk 4 oor die gematigder voorkoms van *Ons leer mekaar* ná die verkiesing van 1994) dat, sodra 'n teenhegemonie op die huidige begin ontwikkel, taalpolitiese kwessies weer voorop sal begin staan. Tydens 'n volgende verkiesing of met die skryf van 'n nuwe grondwet, waartydens 'n hegemoniese orde bevestig, verander of teengestaan word, behoort aspekte soos taalregte, taalbeplanning en simboliese status- en korpusbeplanningsaksies vir Afrikaans weer (of steeds) ter sprake te kom.

### 5.7 Die kritiese linguistiek

Die beginsels van die kritiese linguistiek, veral die deurlopende

bevraagtekening van ideologieë, die klem op konteksbeskrywing en die blootlegging van verskuilde magspolitieke agendas agter taalkwessies, het uiters nuttig en funksioneel geblyk vir hierdie studie. In hoofstuk 2 word die historiese kontekste waarbinne sekere mitologiseringsaksies betreffende Standaardafrikaans plaasgevind het, beskryf. In hoofstukke 3 en 4 word die sosiaal-politieke konteks van die ontstaan en groei van "Alternatiewe Afrikaans" weer geskets en vrae word gestel oor die ideologie wat hierdie "variëteit" onderlê.

In hoofstuk 4 word van die beginsels van een van die jongere uitvloeisels van die kritiese linguistiek, naamlik die kritiese diskoversanalise, bespreek en sekere tegnieke (veral ten opsigte van makrovlaknavorsing) word daaruit geneem en toegepas op 'n korpus uit die "alternatiewe gemeenskapspers". Dit word duidelik gestel dat slegs 'n paar tegnieke gebruik word en dat die analises nie op volledigheid aanspraak maak nie. Baie meer navorsing - vanuit die kritiese diskoversanalise en ook die kommunikasiekunde - behoort nog oor hierdie perssegment gedoen te word, veral op 'n mikrovlak.

Verdere navorsing moet nog ook onderneem word om netelige kwessies soos die samevoeging van taalvariëteite en mag, politiek en ideologie binne afgebakende analitiese raamwerke op te klaar. Samevattings oor dié kwessies is in die eerste hoofstuk gegee, maar vgl. ook die kritiek van Gruber (1993a) en Thompson (1984) in hoofstuk 1.

In hoofstuk 4 word die *Ruimland-* en *Spore*-reekse beskryf as sinvolle manifestasies van die "Critical Language Awareness"- en "Critical Language Study"-beginsels wat deur onder meer Fairclough (1989), Anthonissen (1994), Clarence (1994) en Maartens (1994) voorgestaan word.

Anthonissen (1994: 256) trek byvoorbeeld 'n onderskeid tussen "taalbewustheid" ("language awareness") en "kritiese taalbewustheid" ("critical language awareness" - "CLA") op skoolvlak. Sy beskryf CLA as 'n veld wat voortbou op die beginsels van die kritiese linguistiek. Onder "taalbewustheid" lys sy temas soos sensitiwiteit ten opsigte van verskillende registers en die inagneming van kulturele en pragmatiese aspekte van taal by taalonderrig. Onder CLA lys sy onder meer die veranderinge wat in seksistiese taalgebruik aangebring is, die verwydering van taboes en die ontwikkeling van nuwe taboevorme (byvoorbeeld die "verbod" op die gebruik van rassistiese epiteta soos *kaffer*, *koelie*, ensovoorts). Volgens haar is van die kernidees van CLA om "bevrydende diskwersvaardighede" te ontwikkel en "ontmagting" ("disempowerment") te weerstaan (1994: 258).

Verdere navorsing oor die toepassing van hierdie beginsels ten opsigte van Afrikaanse taalonderrig op skool is 'n area wat, ook vanuit pedagogiese perspektiewe, deegliker aandag vereis as wat in hierdie proefskrif daaraan geskenk is. Dié beginsels sluit voorts aan by die konsep van "bevryde" en "gedepolitiseerde" taalgebruik, wat in die volgende afdeling behandel word.

### **5.8 Die depolitisering en demokratisering van Afrikaans?**

In 5.1 word dit gestel dat verskeie uitsprake oor die depolitisering van Afrikaans by leidende figure in die "Alternatiewe" beweging gevind word. Du Plessis (1986: 86) skryf byvoorbeeld:

"'n Moontlike vertrekpunt vir die oplossing van die verpolitiseringsprobleem sou ... 'n ernstige ontmilitarising van die geskiedenis van Afrikaans kon wees ... dit is nie net die Afrikanervakkundiges wat kan mee help met die ontmilitarising en dus uiteindelik depolitisering van Afrikaans nie, ook taal- en kultuurleiers kan." [My kursivering.]

Daar word in hoofstuk 3 vermeld dat, nieteenstaande talle uitsprake oor die "bevryding" en "demokratisering" van Afrikaans en die ontmitologiseringsaksies wat wel plaasgevind het (byvoorbeeld dié van Du Plessis 1986 ten opsigte van die taalbewegings), daar nie voorstelle oor byvoorbeeld leksikale "suiweringaksies" vanuit die geledere van die "Alternatiewe beweging" gekom het nie. Esterhuyse (1987) bespreek wel die pejoratiewe semantiese waardes wat by die lemma *Kleurling* in die *HAT* gevind word en, daarteenoor, die skepping van die beeld van 'n groep wat hul kultuur en taal tot norm verhef het onder die lemmas *Boer/boer*. Spesifieke voorstelle oor veranderinge aan die Afrikaanse leksikon word egter eerder vanuit "establishment"-kringe gehoor in die negentigerjare, nádat die "Alternatiewe beweging" reeds begin taan het.

Daar kan eerstens egter 'n paar vrae oor die "depolitisering" van 'n taal gestel word; byvoorbeeld: Hoe word 'n taal gedepolitiseer? Kan enige taal heeltemal gedepolitiseer word? Moet lekseme wat vir sekere groepe kwetsend was en steeds mag wees, uit woordeboeke en die spreektaal verwijder word en historiese werklikhede, hoe onaangenaam hulle ook al mag wees, daarmee ontken word? Vergelyk in hierdie verband Mey (1985: 358) se idealistiese uitspraak wat ook verband hou met (dikwels polities uiters korrekte) leksikale suiwing:

"For our language to be a tool of social emancipation, the first condition is that we actively distance ourselves from all expressions belonging to oppressive contexts, since such contexts veil, or even reinforce, the oppression that created them in the first place. The second condition is that we make a point of only using (if necessary, creating) such language as will reveal the overt or hidden oppression in our society."

Hierdie vrae het natuurlik belangrike implikasies vir onder meer leksikograwe. 'n Paar uitgangspunte van die Buro van die *WAT* in hierdie verband word kortliks vermeld as voorbeeld van "regstellende" of "suiwerende" aksies (vgl. Buro van die *WAT* 1994): Daar word spesifieke riglyne gevolg ten opsigte van

die opname of lys van "rassismes", "seksismes", "sensitiewe leksikale items wat afwykings, gebreke of sekere gestigmatiseerde siektes by die mens aandui" en "sensitiewe leksikale items binne 'n sosiale en politieke struktuur". Volledig rassistiese simplekse word byvoorbeeld gelemmatiseer, maar nie verklaar nie, as *rassisties* geëtiketteer en komposita met rassistiese komponente word nie gelemmatiseer nie. Alle seksistiese leksikale items word gelemmatiseer, as seksisties geëtiketteer en metatalig sensitief gehanteer. "Sensitiewe leksikale items" (byvoorbeeld *tering*, *kanker*, *vigs*, ens.) word eweneens met groot omsigtigheid in die metataal gebruik en "sosiaal en polities sensitiewe leksikale items" (byvoorbeeld *plakker*, *regime*, *demand*, ens.) word wel gelemmatiseer, maar sover moontlik nie in die metataal gebruik nie.

Alhoewel hierdie riglyne sensitiwiteit toon vir die veranderende sosio-politieke klimaat, kan die vraag natuurlik gevra word in watter mate die norm van politieke korrektheid hier voorrang gegee word bo die norm van die getroue weergawe van taalgebruik - dit is weer 'n studie op sigself. Vergelyk in dié verband Alter *et al.* se simposium oor "The politics of political correctness" (1993).

Van die belangrikste voorstelle ten opsigte van strukturele grammatikale veranderinge aan Afrikaans, is dié van Van Rensburg (1992). In 1989 noem hy reeds dat, wanneer beskuldigings gelewer word oor die geopolitiseerdheid van 'n taal, die indruk gewek word dat die taal die keuse uitoefen wanneer bepaalde politiese verbande gelê word (vgl. Van Rensburg 1989a: 43-44). Hy beklemtoon dit egter dat Afrikaans, soos enige ander taal, nie los kan staan van die verskillende uitingsvorme van die gemeenskap waarin hy hom bevind nie. Een van hierdie "uitingsvorme" is natuurlik die politiek.

Van Rensburg (1992: 184) argumenteer dat Standaardafrikaans in die huidige veranderende omstandighede in Suid-Afrika in verskeie opsigte daarin te kort skiet om aan die behoeftes van twee groot groepe Afrikaanssprekendes (wit en bruin/swart, die taalgemeenskap wat in hoofstuk 2 behandel word) te voldoen. Hierdie twee groepe moedertaalsprekers identifiseer hy soos volg: sprekers wat herkenbaar Kaapse Afrikaans praat (maar ook Standaardafrikaans kan praat) en sprekers wat herkenbaar byna Standaardafrikaans praat sonder enige, of veel, begrip en kennis van die ander variëteite van Afrikaans (wat onder andere toegeskryf kan word aan skoolleerplanne) (1992: 185).

Hy skryf dat 'n nuwe norm bedink sal kan word wat nie die (politiserings)gebreke van Standaardafrikaans vertoon nie, en tog nie te ingrypend van die huidige Standaardafrikaans hoef te verskil nie (1992: 184). Hy bepleit dus 'n nuwe *beeld* wat van Afrikaans gebou moet word, 'n beeld wat 'n saambindende funksie vir sy sprekers kan vervul, omdat Standaardafrikaans in sy huidige vorm nie 'n simbool van eenheid is nie en dit nie al sy sprekers, waaronder ook die sprekers van sy verskillende variëteite, se taalideale en taalbehoeftes vervul nie. Die taal self toon nie gebreke nie, maar eienskappe van die taalgebruikers word metafories en/of metonimies op die taal oorgedra.

Van Rensburg bepleit dan die uitbou van 'n saambindende kultuur via die verskillende variëteite van Afrikaans, die "Afrikanisering" van Afrikaans en die skep van nuwe simbole wat nasiebou kan vergemaklik (1992: 188, 189 en 193). Hy stel voor dat die verskille tussen die gestandaardiseerde vorm van Afrikaans met sy duidelik herkenbare Europese wortels, en sy aanleerdersvorme, die Afrikavariëteite, verklein behoort te word. Voorts skryf hy dat 'n nuwe norm geskep kan word waardeur die bestaande gereglementeerde

Standaardafrikaans aangevul kan word met elemente uit sy variëteite sodat 'n Afrikaans tot stand kan kom wat oor 'n baie breër basis "korrek" aangewend kan word, en waarin moedertaalsprekers nie so maklik foute kan maak en ontuis voel in hulle eie taal nie (1992: 190; vgl. ook die problematiek rondom die gebruik van byvoorbeeld Kaapse Afrikaans as voertaal in laerskole in Pretorius 1992a en 1992b).

Aanpassings wat dan, volgens Van Rensburg, geakkommodeer kan word "in 'n Afrikaans met 'n breed opgesette basis" (1992: 192), is die volgende:

- (i) adjektiefvariante sonder -e aan die einde, byvoorbeeld " 'n vinnig motor" naas " 'n vinnige motor";
- (ii) die gebruik van *het* naas die standaardvorm *hē*, byvoorbeeld in "ons wil die kind terug*het*";
- (iii) die gebruik van *is* naas die standaardvorm *wees*;
- (iv) variasie ten opsigte van infinitiekonstruksies ("om te werk soek") en
- (v) die hoëfrekwensiegebruik van "swak" verlede deelwoorde soos *gehet* naas *gehad*, *gedwingde* naas *gedwonge*, ensovoorts.

Hierdie strukturele aanpassings kan vergelyk word met pogings in Noorweë om die verskille tussen 'n dialek met 'n "mindere" status, Landsmal, en 'n dialek met 'n "hoëre" status, Riksmal, in 'n nuwe gestandaardiseerde norm gelyk te stel (vgl. Haugen 1966 en Mey 1985: 35).

Op 'n teoretiese vlak lyk die voorstelle van Van Rensburg sinvol ten opsigte van die buigsaamheid van wat as die standaardvorm van Afrikaans voorgehou moet word, en die tyd sal leer of dié en ander voorstelle byvoorbeeld in die AWS gereglementeer sal word. Die kwessie van taalnormering kom dadelik ook hier

ter sprake en dit is weer eens 'n studieveld op sigself (vgl. o.m. Bartsch 1987) en 'n aspek wat in verdere navorsing aandag kan kry. Mey (1985) noem egter in hierdie verband (byvoorbeeld ten opsigte van taalsuiweringsaksies in Rusland ná 1917 en die kulturele rewolusie in China in die sestigerjare) dat daar nog nie 'n historiese voorbeeld van suksesvolle "vervanging" (lees: "suiwering") van taal deur wetgewing of dekreet gevind kon word nie (vgl. Mey 1985: 180, 361 e.v.).

Van Rensburg se voorstelle sluit dan op strukturele en simboliese vlakke aan by die konsepte "bevryde Afrikaans" en "Alternatiewe Afrikaans", maar die belangrikste faktore wat uiteindelik 'n rol gaan speel in die voortbestaan van die verskillende variëteite van Afrikaans en hulle onderlinge relasies as standaard en niestandaard, is houdings wat geperpetueer of verander kan word deur ekonomiese en sosio-politieke faktore en die ekonomiese en sosio-politieke status van die onderskeie sprekers van die variëteite van Afrikaans.

Strukturele veranderings soos dié wat Van Rensburg (1992) voorstel, kan voorts natuurlik as 'n verdere "alternatief" beskou word ten opsigte van die norme en simboliese waardes wat met Standaardafrikaans geassosieer word. "Alternatiewe" word gegee teenoor die huidige "standaard"-spelreëls.

Van Rensburg se voorstelle kan egter ook as 'n "kitsoplossing" beskou word. Mey (1985) bevraagteken byvoorbeeld deurentyd die konsep van 'n "neutrale taal" en toon aan dat taal altyd 'n verdrukkende of bevrydende karakter deur middel van sy sprekers het (vgl. Mey 1985: 16, 249 en 363). Van Rensburg (1992) neem egter wel sosiaal-politieke veranderlikes deeglik in ag wanneer hy sy voorstelle maak.

Die belangrikste vraag hier is watter doel dit sal dien om Afrikaans "ikonoklasties" te "suiwer" en struktureel te verander (vgl. in dié verband Mey 1985: 180). Dit is 'n vraag waaraan daar nog baie aandag in die toekoms geskenk sal moet word, asook aan die vraag wat die "verdrukkende" gebruik van taal determineer.

Mey (1985: 354) se stellings en waarskuwings is in hierdie verband hoogs relevant:

"Linguistic oppression is society's business. Linguistics, by itself, is powerless against the forces that dominate society; linguistic oppression cannot be abolished by linguistic means only. Linguistic emancipation is unthinkable without societal change. ..."

"Neither use of language nor the language sciences, on their own, will end social injustice. Attributing a revolutionary potential to scientific research as such is to indulge in futuristic fetishism. To end linguistic slavery, we must abandon societal bondage. That is, we have to change the current economic and social structures."

Mey stel eintlik hier weer die voor die hand liggende, naamlik dat taalprobleme, in hierdie geval "repressiewe taalgebruik", simptomaties is van onderliggende sosiaal-politieke wanbalanse, probleme en veranderings. Om hierdie veranderings ten opsigte van taal en samelewing binne 'n teoretiese raamwerk te wil bring, is 'n verdere uitdaging vir die toekoms, soos bespreek in hoofstuk 1. Voordat daar nie 'n voldoende teorie oor sosiale verandering ontwikkel word nie, sal sosiale taalkwessies soos taalpolitiek, die depolitisering van tale en taalbeplanning steeds in terme van modelle wat uit ander velde geleen is, beskryf moet word.

### **5.9 Slot**

Aan die einde van hierdie studie bestaan daar steeds meer vrae as antwoorde. Modelle word gebruik om politiseringsfases van Standaardafrikaans en

"Alternatiewe Afrikaans" mee te beskryf en daar word aangetoon dat laasgenoemde, alhoewel dit wil voorgee om 'n "bevryde" of "neutrale" variëteit te wees, ook met duidelike magspolitieke agendas werk en uiteindelik 'n etiket vir 'n ideologie van "bevryding" ten opsigte van die heersende hegemoniese strukture is.

Daar is nie by bevredigende antwoorde uitgekom oor die spesifieke meganismes wat taal en politiek, mag en ideologieë met mekaar verbind nie; daar word merendeels bloot beskryf en verbande gelê. Hopelik sal verdere navorsing dié ontwykende "skakels" bevredigender kan verduidelik.

Een van die grootste vrae of probleme wat natuurlik nie aangespreek word nie, weens die afbakening van die studieveld, is die toekomstige status van Afrikaans, sy standaardvariëteit of "bevryde" variëteit(e). Vergelyk in dié verband veral Alexander (1989: 55) se kommentaar oor die toekoms van "Alternatiewe Afrikaans" as "linking language". Die beantwoording van hierdie vrae lê op die gebied van taalbeplanning vir Afrikaans, waaroor daar talle studies die afgelope dekade die lig gesien het (vgl. o.m. Prinsloo en Van Rensburg 1984, Prinsloo 1985 en 1986, Schuring 1990, Combrink 1991, Du Plessis 1991 en Verhoef 1991, om maar enkeles te noem).

Eers wanneer navorsing oor sosiaal-politieke verandering, taalbeplanning, taalhoudings en taalpolitiek genoegsaam met mekaar verbind en deur middel van oorkoepelende teorieë gekoördineer kan word, sal sinvolle verklarings vir die talle vrae rondom die voortdurende politisering van tale verkry word.

## BIBLIOGRAFIE

- Adorno, T.W. 1976. *Studium zum autoritären Charakter*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Adorno, T.W. 1978. *Stichworte. Kritische Modelle 2*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Adorno, T.W. 1981. *Gesellschaftstheorie und Kulturkritik*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa/Azania*. Cape Town: Buchu Books.
- Alter, R. et al. 1993. The politics of political correctness. *Partisan Review* LX(4).
- Alternatief*. 1987-1990. 1(1)-3(1).
- Althusser, L. 1979. *For Marx*. (Translated by B. Brewster.) London: Verso.
- Anthonissen, C. 1994. Distinguishing between Critical Linguistics and Critical Language Awareness: Implications for first language teaching in secondary schools. *Spil Plus* 26: 249-264.
- Appel, R. & P. Muysken. 1987. *Language contact and bilingualism*. London: Edward Arnold.
- Appies, L. 1992. Brief aan H.J. Pieterse oor *Alternatief*. 2 November.
- Barthes, R. 1977. Inaugural lecture, Collège de France. In Sontag, S. (ed.) 1982: 457-478.
- Bartsch, R. 1987. *Sprachnormen: Theorie und Praxis*. Tübingen: Niemeyer.
- Belcher, R. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 17-34.
- Bernstein, B. 1971. *Class, codes and control*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Beukes, S.M. 1993. Vertaling in Suid-Afrika: 'n kritiese perspektief. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefschrift, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Bien, J. (ed.) 1978. *Phenomenology and the social sciences: a dialogue*. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Blakar, R.M. 1979. Language as a means of social power: Theoretical-empirical explorations of language and language use as embedded in a social matrix. In Mey, J.L. (ed.): 131-169.
- Bolívar, A. 1992. The analysis of political discourse, with particular reference to the Venezuelan political dialogue. *English for specific purposes* 11(2): 159-175.
- Bosman, D.B. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

- Botha, K., J. Esterhuyse, R. Gouws, T. Links, J. Pienaar en G. Weideman. 1989. *Gids tot Ruimland 6*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Botha, K., A. Barnard, T. Links en L. Pokpas. 1991. *Spore 2. Afrikaans eerste taal*. Pietermaritzburg: Centaur-Publikasies.
- Botha, K., A. Barnard, T. Links en L. Pokpas. 1992. *Spore 3. Afrikaans eerste taal*. Pietermaritzburg: Centaur-Publikasies.
- Botha, K., A. Barnard, T. Links en L. Pokpas. 1993a. *Spore 4. Afrikaans eerste taal*. Pietermaritzburg: Centaur-Publikasies.
- Botha, K., A. Barnard, T. Links en L. Pokpas. 1993b. "Onderwysersgids" tot *Spore 4*. Pietermaritzburg: Centaur-Publikasies.
- Botha, K. 1990. Afrikaans en empowerment. *Karring* 1: 5-9.
- Botha, K.L. 1992. Textbook development for curriculum change. *Journal for Language Teaching* 26(4): 25-30.
- Brink, A.P. 1988. Afrikaans en bevryding. In Van den Heever, R. (red.) 1988a: 23-39.
- Brown, R. and A. Gilman. 1960. The pronouns of power and solidarity. In Sebeok, T. (ed.): 253-276.
- Buci-Glucksmann, C. 1980. *Gramsci and the state*. London: Lawrence and Wishart.
- Buro van die WAT. 1994. Beleid vir die hantering van beleidende en sensitiewe leksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT).
- Caldwell, D. 1992. *No more martyrs now*. Craighall: Conrad Business Books.
- Cameron, T. en S.B. Spies (reds.) 1991. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Human & Rousseau; Johannesburg: Southern Boekuitgewers. Tweede, hersiene uitgawe.
- Carstens, W.A.M. en H. Waher (reds.) 1988. Afrikaanse taalbewegings - 'n gesprek in beweging. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Geleenheidsuitgawe nr. 7.
- Carstens, W.A.M en H. Waher (reds.) 1990. Standaard, alternatief of geen? Radiogesprekke oor Afrikaans in die toekoms. *LVSA: Byblad*, Nuwe reeks 9(1).
- Casagrande, J. (ed.) 1983. *The linguistic connection*. Lanham: University Press of America.
- Chomsky, N. 1987. *On power and ideology*. Boston: South End Press.
- Chomsky, N. 1988. *Language and problems of knowledge*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.) 1983. *Taalverskeidenheid*. Pretoria: Academica.

- Clarence, J. 1994. "Tensed" and "bumpered" in a university context: the case for the integration of critical linguistics into language programmes. *Spil Plus* 26: 281- 297.
- Cluver, A.D. de V. 1990. Die rol van politieke faktore in die ontstaan en instandhouding van standaardtaal. Ongepubliseerde ms., UNISA.
- Coetzee, A. 1980. Nationalism's link with a language. *Rand Daily Mail*, 4 December.
- Combrink, J. 1991. Die toekomstige status en funksies van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 31(2): 101-112.
- Compton, L. 1990. Bespreking van *Ruimland*-reeks. *Fasette* 9(1): 56-57.
- Conradie, C.J. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Cooper, R.L. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Coulmas, F. 1985. *Sprache und Staat*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Crawhall, N.T. 1993. *Negotiations and language policy options in South Africa*. Salt River: National Language Project.
- Crick, B. 1962. *In defence of politics*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Dallmayr, F.R. 1984. *Language and politics. Why does language matter to political philosophy?* Notre Dame: University of Notre Dame Press.
- Davenport, T.R.H. 1991. Die debakel van apartheid, 1961-1990. In Cameron, T. en S.B. Spies (reds.): 307-322.
- Davids, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 37-59.
- Davids, A. 1990. Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study. *South African Journal of Linguistics* 8(1): 1-24.
- De Jong, M. 1989. 'n Ander Afrikaanse letterkunde. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattinge in Afrikaans. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (EKUS-reeks: 2).
- De Klerk, P.F. et al. 1981. *Afrikaans my taal. Standerds 9 en 10. Afrikaans eerste taal hoër graad*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Dieckmann, W. 1981. *Politische Sprache, politische Kommunikation: Vorträge, Aufsätze, Entwürfe*. Heidelberg: Winter.
- Du Buisson, M.S. (samest.) 1959. *Die wonder van Afrikaans. Bydraes oor die ontstaan en groei van Afrikaans tot volwaardige wêreldtaal*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Dunjwa-Blajberg, J. 1980. *Sprache und Politik in Südafrika. Stellung und Funktion der Sprachen unter dem Apartheidsystem*. Bonn: Informationsstelle Südliches Afrika e.V.

- Du Plessis, H. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.
- Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.) 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Du Plessis, L.T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Du Plessis, L.T. 1987a. Alternatiewe siening van die ontstaan van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 5(2): 33-45.
- Du Plessis, T. (L.T.). 1987b. Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans: 3 gevallenstudies. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 99-121.
- Du Plessis, L.T. 1987c. Die politiek van Standaard-Afrikaans: twee gevalle. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 5(4): 1-19.
- Du Plessis, L.T. 1988a. Die vermyding van taalapartheid by die onderrig van Afrikaans. In Van den Heever, R. (red.) 1988a: 43-51.
- Du Plessis, L.T. 1988b. Afrikaans uit 'n ander hoek gesien. *Insig*, April, 41-42.
- Du Plessis, L.T. 1988c. Politiek en die ontwikkeling van Afrikaans. *Tydskrif vir Letterkunde* XXVI(2): 75-80.
- Du Plessis, L.T. 1988d. Waar is die stem van die 'people'? *Die Suid-Afrikaan* 15: 24-25.
- Du Plessis, L.T. 1988e. Nasionalisme, nasanism en Afrikaans. *Spits* 4(2): 36-42.
- Du Plessis, L.T. 1989. Azanië en Afrikaans na Afrikanernasionalisme. *Spits* 5(1): 49-55.
- Du Plessis, L.T. 1991. Die evaluering van taalbeplanningsprosesse en aanbevelings vir die oplossing van taalbeplanningsprobleme in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Du Plessis, L.T. 1992. Veranderende opvattinge rondom Afrikaans sedert die sewentigerjare. In Webb, V.N. (red.): 91-115.
- Du Plessis, L.T en M.C.J. van Rensburg (samestellers). 1986. *Die gesprek oor Afrikaans. Deel 1*. Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (INEG Publikasiereeks: C-reeks dokumentepublikasies.)
- Du Pré, R.H. 1994. *Separate but unequal: the 'Coloured' People of South Africa - a political history*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Du Toit, A. 1987. Taal, religie en nasionaliteit, 1824-1886. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 61-70.
- Du Toit, S.J. 1909. *Geskidenis fan di Afrikaanse Taalbeweging*. Paarl: Paarl Drukpers Maatschappy Beperk.

- Eagleton, T. 1980. Text, ideology, realism. In Said, E.W. (ed.): 149-173.
- Edelman, M. 1971. *Politics as symbolic action. Mass arousal and quiescence*. New York: Academic Press.
- Edelman, M. 1977. *Political language. Words that succeed and policies that fail*. New York: Academic Press.
- Edelman, M. 1988. *Constructing the political spectacle*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Esterhuyse, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.
- Esterhuyse, J. 1987. Die politieke taal van 'n Afrikaanse woordeboek. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 123-130.
- Esterhuyse, J., J. Pienaar, R. Gouws, K. Botha, T. Links en G. Weideman. 1989. *Ruimland 6. Afrikaans eerste taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Esterhuyse, J., J. Pienaar, R. Gouws, K. Botha en T. Links. 1990. *Ruimland 9&10. Afrikaans eerste taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Fairclough, N. 1989. *Language and power*. London: Longman.
- February, V. 1976. The Afrikaans language: Afrikanerizing instrument. *African Perspectives* 1: 11-23.
- February, V. 1986. Bevryde Afrikaans. *Standpunte* 183: 4-20.
- Femia, J.V. 1981. *Gramsci's political thought*. Oxford: Clarendon Press.
- Fishman, J. (ed.) 1972a. *Readings in the sociology of language*. The Hague: Mouton. Third printing.
- Fishman, J. 1972b. *Language in sociocultural change*. (Selected and introduced by Anwar S. Dil.) Stanford: Stanford University Press.
- Fishman, J.A. (ed.) 1976a. *Advances in the sociology of language*. The Hague: Mouton.
- Fishman, J.A. 1976b. Foreword. In O'Barr, W.M. & J.F. O'Barr (eds.) 1976: v-vi.
- Fishman, J.A. 1980. Theoretical issues and problems in the sociolinguistic enterprise. In Kaplan, R.B. (ed.): 161-167.
- Foucault, M. 1972. *The archaeology of knowledge*. (Translated by A. Sheridan.) New York: Harper Torchbooks.
- Foucault, M. 1980. *Power-Knowledge: selected interviews and other writings, 1972-77*. (Edited by C. Gordon. Translated by C. Gordon, L. Marshall, J. Mepham and K. Soper.) New York: Pantheon.
- Fowler, R., B. Hodge, G. Kress & T. Trew. 1979. *Language and control*. London: Routledge & Kegan Paul.

- Fowler, R. and G. Kress. 1979. Critical linguistics. In Fowler, R. et al.: 185-213.
- Fowler, R. 1985. Power. In Van Dijk, T.A. (ed.): 61-83.
- Fowler, R. 1991. *Language in the news: discourse and ideology in the press*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Franken, J.L.M. 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Amsterdam: Balkema.
- Freire, P. 1972. *Pedagogy of the oppressed*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Freire, P. 1985. *The politics of education: culture, power, and liberation*. Massachusetts: Bergin and Garvey Publishers.
- Frühwald, W. 1976. *Ruhe und Ordnung*. München: Carl Hanser Verlag.
- Gadamer, H.-G. 1960. *Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*. Tübingen: J.C.B. Mohr.
- "Gawie". 1986. *Die Afrikaner*, 13 Augustus.
- Gazette. 1993. 27 Julie - 16 Augustus.
- Gerwel, J. 1982. Afrikaans - 'n toekomsperspektief. *Standpunte* 165: 40-44.
- Gerwel, J. 1985. Afrikaner, Afrikaans, Afrika. In Malan, C. en B. Smit (eds.): 40-51.
- Gerwel, J. 1988. 'n Besinning oor die vestiging van Alternatiewe Afrikaans op hoërskool. In Van den Heever, R. (red.) 1988a: 7-17.
- Grillo, R.D. 1989. *Dominant languages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gruber, H. 1993a. Review of Wilson, J. 1990. *Journal of Pragmatics* 19(4): 371-388.
- Gruber, H. 1993b. Evaluation devices in newspaper reports. *Journal of Pragmatics* 19(5): 469-486.
- Gutuza, C. 1988. Die mense "rally" rondom Saamstaan. *Die Suid-Afrikaan* 14: 22-23.
- Haarhoff, T.J. and C.M. van den Heever. 1934. *The achievement of Afrikaans*. Johannesburg: Central News Agency.
- Habermas, J. 1967. *Zur Logik der Sozialwissenschaften. (Philosophische Rundschau, Beiheft 5.)* Tübingen: J.C.B. Mohr.
- Habermas, J. 1968. *Technik und Wissenschaft als Ideologie*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Habermas, J. 1971. *Erkenntnis und Interesse*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Habermas, J. 1981. *Theorie des kommunikativen Handelns*. Frankfurt: Suhrkamp.

- Halliday, M.A.K. 1985. *An introduction to functional grammar*. London: Edward Arnold.
- Haugen, E. 1966. *Language conflict and language planning: the case of modern Norwegian*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Hawking, S. 1988. *A brief history of time*. London: Bantam Press.
- Heller, M. 1984. Sociolinguistics: theory. *Annual Review of Applied Linguistics* 5: 46-57.
- Hesseling, D.C. 1923. *Het Afrikaans*. Leiden: Brill.
- Heugh, K. 1987. Trends in language medium policy for a post-apartheid South Africa. In Young, D. (ed.): 206-218.
- Hirson, B. 1979. *Year of fire, year of ash: the Soweto revolt, roots of a revolution?* London: Zed.
- Hirson, B. 1981. Language in control and resistance in South Africa. *African Affairs* 80(319): 219-237.
- Hodge, B. 1979. Newspapers and communities. In Fowler, R. et al.: 157-174.
- Hodge, B. & R. Fowler. 1979. Orwellian linguistics. In Fowler, R. et al.: 6-25.
- Holly, W. 1989. Credibility and political language. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 115-135.
- Horkheimer, M. 1937. *Kritische Theorie*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Huspek, M. 1988. Language analysis and power. *Semiotica* 72(3/4): 341-359.
- Jackson, G.S. 1993. *Breaking story. The South African press*. Boulder: Westview Press.
- Jameson, F. 1981. *The political unconscious*. Ithaca: Cornell University Press.
- Januschek, F. (Hrsg.) 1985. *Politische Sprachwissenschaft*. Opladen: Westdeutscher Verlag.
- Javanaud, P. 1987. What's language all about? *Journal of Pragmatics*, 11(6), 799-815.
- Joubert, D. 1985. Ons politieke werklikhede. In Malan, C. en B. Smit (eds.): 84-94.
- Kachru, B.B. 1986. The power and politics of English. *World Englishes* 5(2/3): 121-140.
- Kannemeyer, J.C. 1974. *Die Afrikaanse bewegings*. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Band 1*. Kaapstad: Academica.

- Kaplan, R.B. (ed.) 1980. *Annual Review of Applied Linguistics 1*. Rowley, MA: Newbury House.
- Kinne, M. (Hg.) s.j. *Nationalsozialismus und deutsche Sprache*. Frankfurt: Verlag Moritz Diesterweg.
- Kirchmeir, E. 1987. Politiker-Sprache. *Wiener Linguistische Gazette* 38-39: 21-37.
- Kloeke, G.G. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden: Universitaire Pers.
- Kok, B. et al. (reds.) 1974. *Afrikaans: ons pêrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Kotzé, E.F. 1987. A Black perspective on Afrikaans. In Young, D. (ed.): 169-183.
- Kramarae, C., M. Schulz and W.M. O'Barr (eds.) 1984a. *Language and power*. Beverly Hills: Sage Publications.
- Kramarae, C., M. Schulz and W.M. O'Barr. 1984b. Introduction. Toward an understanding of language and power. In Kramarae, C. et al. (eds.): 9-22.
- Kress, G. 1985a. *Linguistic processes in sociocultural practice*. Oxford: Oxford University Press.
- Kress, G. 1985b. Ideological structures in discourse. In Van Dijk, T.A. (ed.) 1985a: 27-42.
- Kress, G. and R. Hodge. 1979. *Language as ideology*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Kress, G. (ed.) 1988. *Communication and culture*. Kensington, NSW: University of New South Wales Press.
- Labov, W. 1972. *Sociolinguistic patterns*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
- Leatt, J., T. Kneifel and K. Nürnberger (eds.) 1986. *Contending ideologies in South Africa*. Cape Town: David Philip.
- Lele, J.K. and R. Singh. 1991. And never the twain shall meet or language and politics *chez Chomsky*: A review of Noam Chomsky's *Language and problems of knowledge* and *On power and ideology*. *Journal of Pragmatics* 15(2): 175-194.
- Le Roux, T.H. 1959. Die wonder van Afrikaans. *Hertzog-Annale* 6: 1-4.
- Levinson, S.G. 1983. *Pragmatics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Liebenberg, I. 1990. *Ideologie in konflik*. Bramley: Taurus.
- Links, T. en J. Combrink. 1988. Gesprek oor "Alternatiewe Afrikaans" met K. Dowry. (Transkripsie van "Perspektief"-radioprogram.)
- Louw, C. 1988a. Kakamas ommekeer vir KPO. *Die Suid-Afrikaan* 15: 14-16.

- Louw, C. 1988b. 'Alternatiewe Afrikaans': Woeling rondom lastige kwessie. *Die Suid-Afrikaan* 15: 19-25.
- Louw, S.A. 1948. *Dialekvermenging en taalontwikkeling*. Kaapstad: Balkema.
- Lyman, S.M. and M.B. Scott. 1989. *A sociology of the absurd*. New York: General Hall, Inc. Second edition.
- Maartens, J. 1994. Teaching Afrikaans as emancipatory discourse. *Spil Plus* 26: 298-308.
- Mackey, W.F. 1990. A terminology for sociolinguistics. *Sociolinguistics* 19(1/2): 99-124.
- Maier, H. 1973. *Aktuelle Tendenzen der politischen Sprache*. München: Verlag Georg D.W. Callwey.
- Makhudu, D.P. 1985. Is Afrikaans a creole language? Unpublished M.A. thesis, Southern Illinois University at Carbondale.
- Malan, C. en B. Smit (eds.) 1985. *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Maphai, V. 1993. Democracy and intolerance. *Die Suid-Afrikaan* 43: 25-27.
- Marling, W. 1994. The formal ideologeme. *Semiotica* 98(3/4): 277-299.
- Markey, T.L. 1982. Afrikaans: creole or non-creole? *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik* 49(2): 169-207.
- Maske, J.T. 1986. Die omskrywingskonstruksie in Afrikaanse politieke beriggewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- McGregor, R. and A. McGregor. 1992. *Education alternatives*. Kenwyn: Juta.
- McKay, V. and N. Romm. 1992. *People's education in theoretical perspective*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Menz, F. 1989. Manipulation strategies in newspapers: a program for critical linguistics. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 227-249.
- Mey, J.L. (ed.) 1979. *Pragmalinguistics*. The Hague: Mouton.
- Mey, J. 1985. *Whose language? A study in linguistic pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins.
- Meyer, P.S. et al. 1979. *Ons Moedertaal. Afrikaans eerste taal. Hoër graad. Standerds 9 en 10*. Kaapstad: Nasou.
- Moodie, T.D. 1975. *The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and the Afrikaner civil religion*. Berkeley, LA: University of California Press.
- Moosmüller, S. 1989. Phonological variation in parliamentary discussions. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 165-180.

- Morris, R. 1985. Lexical development and language planning in South Africa. *South African Journal of Linguistics*, Occasional papers no. 2: 71-89.
- Namaquauus*. November/Desember 1991 - April/Mei 1993.
- Nel, M. 1993. Brief aan P.H. Swanepoel oor *Ruimland*. 23 November.
- Nichols, P. 1984. Networks and hierarchies: language and social stratification. In Kramarae, C. et al (eds.): 23-42.
- Nienaber, G.S. 1934. *Oor die Afrikaanse taal*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- Nienaber, G.S., P.J. Nienaber en C.J.M. Nienaber. 1962. *Dit was ons erns: die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, letterkunde, boek en tydskrif*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1950. *Die Genootskap van Regte Afrikaners herdenk*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Nienaber, P.J. 1959. *Die wonder van Afrikaans*. Johannesburg: SAUK.
- Nienaber, P.J. 1964. *Ons taalhelde*. Kaapstad: Nasou.
- O'Barr, W.M. 1976. The study of language and politics. In O'Barr, W.M. and J.F. O'Barr (eds.): 1-27.
- O'Barr, W.M. and J.F. O'Barr (eds.) 1976. *Language and politics*. The Hague: Mouton.
- O'Barr, W.M. 1984. Asking the right questions about language and power. In Kramarae, C. et al. (eds.) 1984a: 260-280.
- Odendaal, W. 1993. Brief aan H.J. Pieterse oor *Namaquauus*. 4 Februarie.
- Ons leer mekaar*. 1991-1993. 4(1)-6(4).
- Oosthuizen, L.M. 1989. *Communicamus 5: Media policy and ethics*. Johannesburg: Juta.
- Palmer, J. 1991. Review of Kress, G. (ed.) 1988. *Journal of Pragmatics* 15(4): 395-397.
- Paulston, C.B. 1985. Ethnic and national mobilization: linguistic outcomes. *AILA Review* 2: 50-61.
- Pêcheux, M. 1982. *Language, semantics and ideology. Stating the obvious*. (Translated by H. Nagpal.) London: Macmillan.
- Pheiffer, F. 1992. A new Afrikaans school textbook suitable for teaching university students of Afrikaans. *Southern African Journal of Applied Language Studies* 1(1): 82-88.
- Pienaar, D. 1993. Steek New Age by ons skole kop uit? *Die Kerkbode*, 6 Augustus.

- Pokpas, L. 1985. Afrikaans en gemeenskapspublikasies. In Smith, J.F. et al. (eds.): 40-51.
- Pokpas, L. en A. van Gensen. 1992. Afrikaans en ideologie in taalbeplanning: 'n stryd van standpunte. In Webb, V.N. (red.): 165-178.
- Ponelis, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (eds.): 3-15.
- Ponelis, F. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt: Verlag Peter Lang. Duisburger Arbeiten zur Sprach- und Kulturwissenschaft 18.
- Postma, W. 1912. Die Afrikaanse taal. Die ontstaan daarvan. *Die Brandwag*, 15 Februarie: 593-596; *Die Brandwag*, 1 Maart: 623-627.
- Pretorius, W. 1992a. Standaardafrikaans se toekoms bekyk. *Beeld*, 29 Mei.
- Pretorius, W. 1992b. Kinders sukkel meer met Oranjerivierafrkaans. *Beeld*, 31 Mei.
- Prinsloo, K.P. en M.C.J. van Rensburg (eds.) 1984. *Afrikaans: stand, taak en toekoms*. Pretoria: HAUM.
- Prinsloo, K.P. 1985. The status and future of Afrikaans in multi-lingual South Africa. *South African Journal of Linguistics* 3(3): 67-86.
- Prinsloo, K.P. 1986. Taalbeplanning vir Afrikaans: voorstelle op die makrovlak. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 26(4): 266-274.
- Pröpper, I.M.A.M. 1988. Argumentatie en machtsuitoefening in discussies. *Tijdschrift voor Taalbeheersing* 10(4): 286-299.
- Quasthoff, U.M. 1989. Social prejudice as a resource of power: toward the functional ambivalence of stereotypes. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 181-196.
- Raidt, E.H. 1976. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E.H. 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Darmstadt Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Ricoeur, P. 1978. Can there be a scientific concept of ideology? In Bien, J. (ed.): 44-59.
- Roberge, P.T. 1992. Afrikaans and the ontogenetic myth. *Language & Communication* 12(1): 31-52.
- Roelofse, J.J. 1994. *Communicamus 11: The SA press in context - an evaluation*. Johannesburg: Juta.
- Romain, L. und G. Schwartz (Hg.) 1970. *Abschied von der autoritären Demokratie. Die Bundesrepublik im Übergang*. München.
- Roodt, D. 1981. Meer gees as wetenskap in dr. Steyn se 'ensiklopedie'. *Rapport*, 11 Januarie.

- Said, E.W. (ed.) 1980. *Literature and society*. Baltimore: John Hopkins University Press.
- Salamini, L. 1981. Gramsci and Marxist sociology of language. *International Journal of the Sociology of Language* 32: 27-44.
- Sassoon, A.S. 1980. *Gramsci's politics*. London: Croom Helm.
- Sauer, C. 1989. Structures of consensus-making and intervention : the concept of Nazi language policy in occupied Holland ("Deutsche Zeitung in den Niederlanden" 1940 to 1945). In Wodak, R. (ed.) 1989a: 3-37.
- Scheffer, P. 1983. *Afrikaans en Engels onder die Kleurlinge in die Kaapprovincie, in besonder die Skiereiland*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Schjerve, R.R. 1989. The political language of Futurism and its relation to Italian Fascism. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 58-79.
- Scholtz, J. du P. 1959. The rise and development of Afrikaans. Ongepubliseerde lesing. (J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, Spesiale versamelings, nr. 165.)
- Scholtz, J. du P. 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Schumann, H.G. 1970. Die ideologische Handhabung der Sprache. Technokratischer und revolutionärer Jargon in der Bundesrepublik. In Romain, L. & G. Schwartz (Hg.): 168-192.
- Schuring, G.K. 1990. Taalbeplanning vir 'n nuwe Suid-Afrika. Navorsingsrede gelewer op 9 Augustus 1990. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Sebeok, T. (ed.) 1960. *Style in language*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Simon, T.W. 1983. Political do's and don'ts for linguists. In Casagrande, J. (ed.): 239-260.
- Simon, R. 1991. *Gramsci's political thought*. London: Lawrence & Wishart Limited. Revised and reset edition.
- Skinner, Q. (ed.) 1990a. *The return of grand theory in the human sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Skinner, Q. 1990b. Introduction: the return of Grand Theory. In: Skinner, Q. (ed.) 1990a: 1-20.
- Small, A. 1994. Só is die tragedie uitgespeel. *Insig*, Oktober: B3.
- Smith, J.F. 1987. Kontemporêre swart Afrikaanse gemeenskapstoneelaktiwiteit in die Kaapse Skiereiland: 'n ideologies-kritiese beskouing. Ongepubliseerde D.Litt.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

- Smith, J.F., A. van Gensen en H. Willemse (reds.) 1985. *Swart Afrikaanse skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Sonn, F. 1987. Foreword. In Van den Heever, R. (ed.) 1987b, ii-iii.
- Sonn, F. 1988. Amptelike opening van KPO Alternatiewe Afrikaans Seminaar. In Van den Heever, R. (red.) 1988a: 3-5.
- Sonn, F.A. 1990. *Die toekoms van Afrikaans*. D.F. Malherbe-Gedenklesing 9. *Acta Varia* 1.
- Sontag, S. (ed.) 1982. *A Barthes reader*. New York: The Noonday Press.
- Sornig, K. Some remarks on linguistic strategies of persuasion. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 96-113.
- St. Clair, R.N. 1978. The politics of language. *Word* 29: 44-62.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1986a. *Nasionalisme en die politisering van taal en kultuur in die dertigerjare*. D.F. Malherbe-Gedenklesing no. 5. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Steyn, J.C. 1986b. Etnisiteit, nasionalisme en taal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 4(2): 63-86.
- Steyn, J.C. 1986c. Die politisering van taal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 4(3): 54-81.
- Steyn, J.C. 1986d. 'n Paar aantekeninge oor taalbewegings. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 4(4): 146-168.
- Steyn, J.C. 1987a. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1975-1938*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1987b. Afrikanernasionalisme en Afrikaans. In Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.): 73-96.
- Strassner, E. 1987. *Ideologie - Sprache - Politik*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Stubbs, M. 1983. *Discourse analysis*. Oxford: Basil Blackwell.
- Therborn, G. 1980. *The ideology of power and the power of ideology*. London: Verso.
- Thompson, J.B. 1984. *Studies in the theory of ideology*. Cambridge: Polity Press.
- Trew, T. 1979. 'What the papers say': linguistic variation and ideological difference. In Fowler, R. et al.: 117-156.
- Trudgill, P. 1983. *On dialect: social and geographical perspectives*. Oxford: Basil Blackwell.

- Valkhoff, M.F. 1966. *Studies in Portuguese and Creole, with special reference to South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, M.F. 1967. Afrikaans, Portugees en Kreools. (Repliek aan H.J.J.M. van der Merwe.) *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 7(3): 583-604.
- Van Aardt, M. 1989. Afrikaans en taalpolitic. Referaat gelewer voor die Afrika-Studieforum, UNISA, 12 Mei.
- Van de Rheede, I. 1983. Kommentaar oor enkele aspekte van "Kleurling-Afrikaans". *Standpunte* 168: 30-37.
- Van den Heever, R. 1987a. *Tree na vryheid*. Kasselsvlei: KPO.
- Van den Heever, R. (ed.) 1987b. *Alternative education*. Cape Town: UTASA.
- Van den Heever, R. (red.) 1988a. *Afrikaans en bevryding*. Kasselsvlei: KPO.
- Van den Heever, R. 1988b. Afrikaans en bevryding. In *CTPA Alternative Education: the road to a democratic future*: 76-86. Bellville: UWC.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1967a. Afrikaans 'n basterkind van Hollands-Kreools-Portugese fornikasie aan die Kaap?! *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 6(4): 377-394.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1967b. Enkele opmerkinge oor M. Valkhoff se repliek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 7(3): 605-606.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.) 1970. *Afrikaans - sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Plank, P.H. 1985. *Taalsociologie*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Van der Ross, R.E. 1986. *The rise and decline of apartheid: a study of political movements among the Coloured people of South Africa, 1880-1985*. Cape Town: Tafelberg.
- Van Dijk, T.A. (ed.) 1985a. *Handbook of discourse analysis, Vol. 4*. London: Academic Press.
- Van Dijk, T.A. 1985b. Introduction: the role of discourse analysis in society. In Van Dijk, T.A.(ed.): 1-8.
- Van Dijk, T.A. 1989. Mediating racism. The role of the media in the reproduction of racism. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 199-226.
- Van Dijk, T.A. 1994. Discourse analysis as social analysis. *Discourse & Society* 5(2): 163-164.
- Van Jaarsveld, F.A. 1964. *The Afrikaner's interpretation of South African history*. Cape Town: Simonium.
- Van Rensburg, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (eds.): 134-161.

- Van Rensburg, M.C.J. 1989a. Oor die depolitisering van Afrikaans: vertrekpunte vir 'n gesprek. *Tydskrif vir Letterkunde* XXVII(2): 42-47.
- Van Rensburg, M.C.J. (red.) 1989b. *'n Verkenning van Afrikaans: Gister*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Rensburg, M.C.J. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In Webb, V.N. (red.): 181-197.
- Van Zyl, A. 1990. Die taalpolitiek van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) met spesifieke verwysing na die tydperk 1976-1986. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal.
- Venter, H. 1959. Die taalhelde as draers van die wonder van Afrikaans. In Du Buisson, M.S. (samest.): 11-24.
- Verhoef, M.M. 1991. Taalbeplanning: Die stand en toekoms van taalbeplanning vir Afrikaans in 'n multitalige Suid-Afrika. Ongepubliseerde Ph.D.-proefschrift, PU vir CHO.
- Virtanen, T. 1990. On the definitions of text and discourse. *Folia Linguistica* XXIV(3-4): 447-455.
- Webb, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. In Claassen, G. en M.C.J. van Rensburg (reds.): 229-246.
- Webb, V.N. (red.) 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Webb, V., R. Dirven en E. Kock. 1992. Afrikaans: feite en interpretasies. In Webb, V.N. (red.): 25-67.
- Weinstein, B. 1983. *The civic tongue. Political consequences of Language choices*. New York: Longman.
- Willemse, H. 1987. The Black Afrikaans writer: a continuing dichotomy. *TriQuarterly* 69: 236-246.
- Williams, G. 1960. The concept of "egemonia" in the thought of Antonio Gramsci. *Journal of the History of Ideas* 21(4): 580-595.
- Wilson, J. 1990. *Politically speaking. The pragmatic analysis of political language*. Oxford: Basil Blackwell.
- Wodak, R. (ed.) 1989a. *Language, power and ideology*. Amsterdam: John Benjamins.
- Wodak, R. 1989b. Introduction. In Wodak, R. (ed.) 1989a: xiii-xx.
- Wodak, R. 1989c. 1968: The power of political jargon - a "Club-2" discussion. In Wodak, R. (ed.) 1989a: 137-163.
- Wrong, D.H. 1979. *Power: its forms, bases and uses*. Oxford: Basil Blackwell.
- Wybenga, D.M. 1988. *Diskoersanalise en stilistiek*. Pretoria: Serva.

Young, D. (ed.) 1987. Language: planning and medium in education: papers presented at the 5th Annual Conference of SAALA (Southern African Applied Linguistic Association), at the UCT, 6-11 October 1986. Cape Town: Language Education Unit, The Association.

Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.